1. *Algemeen.*

1.1 Tensy die toestemming van die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars in enige bepaalde geval soos beoog in artikel 7 (3) (b) vooraf verkry is, mag 'n bourekenaar nie gelde wat minder is as die gelde in hierdie Bylae uiteengesit, vir professionele dienste vorder nie.

1.2 Alle tabelle en geldeskale waarna in hierdie Bylae verwys word, word in die Aanhangsel hierby uiteengesit.

1.3 Die gelde wat gevorder moet word, is die totaal van die gelde wat in kolomme 2 en 3 van die toepaslike geldeskale aangegee word en wat, tensy anders vermeld, op die totale finale waarde van die werke by 'n kontrak bereken word. Sodanige waarde moet die volgende insluit:

1.3.1 Alle arbeid en materiaal, ongeag of dit gratis verskaf is of nie;

1.3.2 alle spesialisdienste en -installasies wat 'n integrerende deel van die werke vorm;

1.3.3 die som van alle gedeeltes van die werk in 'n veelvoudige blok- en/of 'n gefaseerde kontrak; en

1.3.4 alle verkoop- en ander belastings en verkoopreg, en enige aanpassingsbedrag wat bereken of nagegaan is ooreenkomstig toepaslike kontrakprysaanpassingsbepalings;

maar sodanige waarde sluit nie werk in nie, wat gewoonweg buite die bestek val van die werk wat deur die aannemer uitgevoer word en van die kontrak uitgesluit is, met betrekking waartoe daar nie van die bourekenaar vereis word om 'n diens te lewer nie.

1.4 Vir geldeberekeningsdoeleindes word die totale finale waarde van die werke oor die volgende kategorieë verdeel:

1.4.1 Die totale finale waarde min die finale waarde van enige meganiese en elektriese dienste soos in Tabel I getoon en van siviele werk bykomstig by dié bouwerk soos dié in Tabel II uiteengesit, met betrekking waartoe daar nie van die bourekenaar vereis word om dienste onder B en D in Tabelle III of IV te onderneem nie, en

1.4.2 die finale waarde van die meganiese en elektriese dienste en siviele werk waarna in 1.4.1 hiervan verwys word.

1.5 Die gelde vir elkeen van die kategorieë, omskryf in 1.4.1 en 1.4.2 van hierdie Bylae, word apart bereken; dié ten opsigte van 1.4.1 word volgens die toepaslike geldeskaal bereken en dié ten opsigte van 1.4.2 volgens Geldeskaal 6.

1.6 Waar al die werk ten opsigte van enige van die meganiese en elektriese dienste in Tabel 1 genoem of ten opsigte van siviele werk bykomstig by die bouwerk, soos dié in Tabel II genoem, kragtens 'n aparte kontrak uitgevoer word en daar nie van die bourekenaar vereis word om enige deel van dienste onder A tot D in Tabel III te onderneem of om die begrotingsvereistes te koördineer of om enige verantwoordelikheid in verband met sodanige werk te aanvaar nie, moet die waarde van sodanige werk vir geldeberekeningsdoeleindes van die totale finale waarde van die werke uitgesluit word.

2. *Bouwerk.*

2.1 Vir dienste ten opsigte van bouwerk, word die gelde bereken soos in Geldeskale 1 en 6 uiteengesit.

2.2 Die dienste waarna in 2.1 hiervan verwys word en die verdeling van gelde vir sodanige dienste word in Tabel III uiteengesit.

1. *General.*

1.1 A quantity surveyor shall, except with the prior consent of the South African Council for Quantity Surveyors in any particular case as contemplated in section 7 (3) (b), charge for professional services not less than the fees set out in the Schedule.

1.2 All tables and fee scales referred to in this Schedule are to be found in the Annexure hereto.

1.3 The fees to be charged shall be the sum of the fees stated in columns 2 and 3 of the appropriate fee scales and, unless otherwise stated, shall be calculated on the total final value of the works in a contract, which value shall include—

1.3.1 all labour and materials, whether supplied free of charge or not;

1.3.2 all specialist services and installations integral to the works;

1.3.3 the sum of all portions of the works in a multiblock and/or a phased contract; and

1.3.4 all sales and other taxes and duties and any amount of adjustment evaluated or verified under any applicable contract price adjustment provisions;

but which value shall exclude work, generally outside the scope of the work carried out by the contractor and excluded from the contract, in connection with which the quantity surveyor is not required to perform a service.

1.4 For fee calculation purposes the total final value of the works shall be apportioned to the following categories:

1.4.1 The total final value less the final value of any mechanical and electrical services listed in Table I and of any civil works ancillary to the building works such as those listed in Table II, in respect of which the quantity surveyor is not required to undertake service categories B and D in Tables III or IV, and

1.4.2 The final value of the mechanical and electrical services and civil works referred to in 1.4.1 hereof.

1.5 The fees for each of the categories defined in 1.4.1 and 1.4.2 hereof shall be separately calculated, those in respect of 1.4.1 being determined from the appropriate fee scale and those in respect of 1.4.2 from Fee Scale 6.

1.6 Where all the work in respect of any of the mechanical and electrical services listed in Table I or civil works ancillary to the building works such as those listed in Table II is carried out under separate contract and the quantity surveyor is not required to undertake any part of service categories A to D as set out in Table III, nor to co-ordinate budgetary requirements nor to assume any responsibility in connection with such work, the value of such work shall be excluded from the total final value of the works for fee calculation purposes.

2. *Building works.*

2.1 For services in respect of building works, the fees shall be as set out in Fee Scales 1 and 6.

2.2 The services referred to in 2.1 hereof and the apportionment of fees to such services are set out in Table III.

3. *Geïndustrialiseerde bouwerk.*

3.1 Vir dienste ten opsigte van werke wat ontwerp is om volgens geïndustrialiseerde- of ongewone boustelselmetodes uitgevoer te word en wat gedokumenteer is ooreenkomstig die toepaslike gedeelte van die Handleiding vir die Opstel van Tenderdokumente gebaseer op Prestasie-grondslag van September 1978, uitgereik deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars, word die gelde bereken soos in Geldeskale 2 en 6 uiteengesit.

3.2 Die dienste waarna in 3.1 van hierdie bylae verwys word en die verdeling van gelde vir sodanige dienste, is soos in Tabel III uiteengesit.

3.3 Waar 'n enkele kontrak insluit wat deur die bepalings van beide 2 en 3 hiervan gedek word, moet die toepaslike waarde van die werke vir aparte berekening van gelde verdeel word ooreenkomstig Geldeskale 1 en 2.

4. *Ingenieurswerk.*

4.1 Vir dienste ten opsigte van kontrakte bestaande uit struktuuringenieurswerk soos verkoelings-, water- en ander torings, reservoirs, caissons, duikers, brûe, kanale, waterleidings, opgaar- en behandelingstenk , graansuiers, silo's en strukture bestaande uit omhulsels en stutte vir swaar nywerheids- en openbarenutsinstallasies, -masjinerie en -toerusting, word die gelde bereken soos in Geldeskale 3 en 6 uiteengesit.

4.2 Vir dienste ten opsigte van kontrakte wat siviele ingenieurswerk behels soos kaaie, dokke, hawehoofde, damme, skagte, tonnels, lughawe-aanloopbane en -laaiblaaie, paaie, treinspore, riole, pyplyne, sportterreine en groot grondwerke, word die gelde bereken soos in Geldeskale 4 en 6 uiteengesit.

4.3 Die dienste waarna in 4.1 en 4.2 van hierdie Bylae verwys word en die verdeling van gelde vir sodanige dienste is soos in Tabel III uiteengesit.

4.4 Waar 'n enkele kontrak werke insluit wat deur die bepalings van beide 4.1 en 4.2 van hierdie Bylae gedek word, moet die toepaslike waarde van die werke vir aparte berekening van gelde verdeel word ooreenkomstig Geldeskale 3 en 4.

5. *Werk verbonde aan veranderings.*

5.1 Waar hoeveelheidslyste opgestel word vir werk wat veranderings en die opknapping van bestaande geboue behels, word 1 persent van die waarde van gemete werk by sodanige veranderings en opknapping, insluitende enige nuwe werk wat fragmentaries van aard is en bykomstig is by die veranderings, gevoeg by die gelde wat ooreenkomstig Geldeskaal 1 bereken word.

6. *Oormatige wysiging.*

6.1 Indien die werke, kragtens 'n kontrak wat hoeveelheidslyste behels, in so 'n mate gewysig word dat die waarde van gemete werk wat weggelaat is met die aanpassing van wysigings (uitgesonderd enige werk oorspronklik as voorlopig gemeet) meer is as 15 persent van die waarde van gemete werk by die totale finale waarde van die werke, word ekstra gelde op die bedrag van sodanige oorskot gevorder (uitgesonderd aanpassings wat die vervanging van materiaal sodanige weggelate werk gevorder, welke ekstra gelde bereken word teen 60 persent van die marginale koers in kolom 3 van die toepaslike geldeskaal.

3. *Industrialised building works.*

3.1 For services in respect of works designed to be carried out by industrialised or unorthodox system building methods and documented in accordance with the relevant portion of the Guide to the System of Measurement for Performance based Tender Enquiry Documentation dated September 1978, issued by the Association of South African Quantity Surveyors, the fees shall be as set out in Fee Scales 2 and 6.

3.2 The services referred to in 3.1 hereof and the apportionment of fees to such services are set out in Table III.

3.3 Where a single contract includes works covered by the provisions of both 2 and 3 hereof, the relevant value of the works shall be allocated for separate calculation of fees in accordance with Fee Scales 1 and 2.

4. *Engineering works.*

4.1 For services in respect of contracts comprising structural engineering works such as cooling, water and other towers, reservoirs, caissons, culverts, bridges, canals, aqueducts, storage and treatment tanks, grain elevators, silos and structures comprising encasements and supports for heavy industrial and public utility plant, machinery and equipment, the fees shall be as set out in Fee Scales 3 and 6.

4.2 For services in respect of contracts comprising civil engineering works such as quays, wharves, jetties, dams, shafts, tunnels, aerodrome runways and aprons, roads, railways, sewers, pipelines, sportfields and major earthworks, the fees shall be as set out in Fee Scales 4 and 6.

4.3 The services referred to in 4.1 and 4.2 hereof and the apportionment of fees for such services are set out in Table III.

4.4 Where a single contract includes works covered by the provisions of both 4.1 and 4.2 hereof, the relevant value of the works shall be allocated for separate calculation of fees in accordance with Fee Scales 3 and 4.

5. *Alteration work.*

5.1 Where bills of quantities are prepared for work comprising alterations and renovations to existing buildings, 1 per cent of the value of the measured work in such alterations and renovations, including any new work of a fragmentary nature and incidental to the alterations, shall be added to the fee calculated in accordance with Fee Scale 1.

6. *Excessive variation.*

6.1 Should the works under a contract incorporating bills of quantities be varied to an extent where the value of measured work omitted in the adjustment of variations (excluding any work originally measured as provisional exceeds 15 per cent of the value of measured work in the total final value of the works, then an additional fee shall be charged on the amount of such excess (excluding adjustments involving the substitution of materials without additional measurement) calculated at 60 per cent of the marginal rate in column 3 of the appropriate fee scale.

6.2 Indien die werke, kragtens 'n kontrak wat voorlopige hoeveelheidslyste behels, in so 'n mate gewysig word dat 'n afsonderlik uitkenbare gedeelte daarvan wat oorspronklik in die dokumentasie ingesluit is, later weggelaat word, word ekstra gelde op die waarde van sodanige weggelate werk gevorder, welke ekstra gelde bereken word teen 35 persent van die marginale koers in kolom 3 van die toepaslike geldeskaal.

7. *Herhaling van geboue en ander strukture.*

7.1 Waar 'n kontrak die herhaling van 'n hele kompleks of die herhaling van individuele afsonderlike geboue of strukture binne 'n enkele kontrak of van 'n vorige kontrak insluit, moet die waarde van die werke vir geldeberekeningsdoeleindes oor die volgende kategorieë verdeel word:

7.1.1 Prototipes en ander nie-herhalingswerk.

7.1.2 Herhalingswerk.

7.2 Die waarde van herhalingswerk sluit enige herhalingsgedeelte van fondamente in.

7.3 Die waarde van voorbereidsels en enige bedrag ten opsigte van kontrakprysaanpassings, moet oor die kategorieë in 7.1.1 en 7.1.2 hiervan omskryf, op 'n pro rata-basis verdeel word.

7.4 Die gelde word soos volg bereken:

7.4.1 Ten opsigte van die kategorie omskryf in 7.1.1 word die gelde, op die totale verdeelde waarde, ooreenkomstig die toepaslik geldeskaal bereken en op 'n pro rata-basis ten opsigte van elke prototipe en die ander nie-herhalingswerk toegedeel.

7.4.2 Ten opsigte van 7.1.2—

7.4.2.1 vir elk van die eerste nege herhalings—35 persent van die gelde vir die prototipe;

7.4.2.2 vir elk van die volgende 15 herhalings—25 persent van die gelde vir die prototipe;

7.4.2.3 vir elke herhaling daarna—15 persent van die gelde vir die prototipe.

7.4.3 Vir enige wysiging van die ontwerp binne 'n prototipe wat dienskategorieë A en B in Tabel III raak, word ekstra gelde op die waarde van sodanige wysiging gevorder, welke ekstra gelde bereken word teen 60 persent van die marginale koers in kolom 3 van die toepaslike geldeskaal.

7.5 Die verdeling van gelde vir herhalings oor die dienskategorieë soos in Tabel III uiteengesit, is soos volg:

A en B 20%; C 40%; D 40%.

8. *Herhaling van wooneenhede in skakelhuis- en soortgelyke behuisingskemas.*

8.1 Waar 'n kontrak herhaling van individuele afsonderlike selfstandige wooneenhede wat in horisontale rye verbind is, insluit (uitgesonderd multiverdiepingwoonstelontwikkeling), word die waarde van die werke vir geldeberekeningsdoeleindes oor die volgende kategorieë verdeel:

8.1.1 Prototipes en ander nie-herhalingswerk.

8.1.2 Herhalingswerk.

8.2 Die waarde van herhalingswerk sluit enige herhalingsgedeelte van fondamente en wysigings by aansluitings in.

8.3 Die waarde van voorbereidsels en enige bedrag ten opsigte van kontrakprysaanpassings, word oor die kategorieë soos in 8.1.1 en 8.1.2 hiervan omskryf, op 'n pro rata-basis verdeel.

6.2 Should the works under a contract incorporating bills of provisional quantities be varied to an extent where a separately identifiable portion thereof originally included in the documentation is subsequently omitted, then an additional fee shall be charged on the value of such omitted work calculated at 35 per cent of the marginal rate in column 3 of the appropriate fee scale.

7. *Replication of buildings and other structures.*

7.1 Where a contract includes the replication of an entire complex or the replication of individual distinct buildings or structures within a single contract or from a previous contract, the value of the works shall be apportioned to the following categories for fee calculation purposes:

7.1.1 Prototypes and other non-repetition work.

7.1.2 Replications.

7.2 The value of replications shall include any repetitive portion of foundations.

7.3 The value of preliminaries and any amount in respect of contract price adjustment shall be apportioned to the categories defined in 7.1.1 and 7.1.2 hereof on a pro rata basis.

7.4 The fees shall be calculated as follows:

7.4.1 In respect of the category defined in 7.1.1 the fee on the total value apportioned shall be calculated in accordance with the appropriate fee scale and allocated to each prototype and the other non-repetition work on a pro rata basis.

7.4.2 In respect of 7.1.2—

7.4.2.1 for each of the first nine replications—35 per cent of the fee for the prototype;

7.4.2.2 for each of the next 15 replications—25 per cent of the fee for the prototype;

7.4.2.3 for each replication thereafter—15 per cent of the fee for the prototype.

7.4.3 For any modification of the design within a prototype involving service categories A and B in Table III, an additional fee shall be charged on the value of such modification calculated at 60 per cent of the marginal rate in column 3 of the appropriate fee scale.

7.5 The apportionment of fees for replications to the service categories set out in Table III shall be as follows:

A and B 20%; C 40%; D 40%.

8. *Replication of dwelling units in semi-detached and similar housing developments.*

8.1 Where a contract includes the replication of individual distinct self-contained dwelling units connected in horizontal rows (excluding multi-storey flat developments), the value of the works shall be apportioned to the following categories for fee calculation purposes:

8.1.1 Prototypes and other non-repetition work.

8.1.2 Replications.

8.2 The value of replications shall include any repetitive portion of foundations and variations at connections.

8.3 The value of preliminaries and any amount in respect of contract price adjustment shall be apportioned to the categories defined in 8.1.1 and 8.1.2 hereof on a pro rata basis.

8.4 Die gelde word soos volg bereken:

8.4.1 Ten opsigte van 8.1.1 word die gelde, op die totale verdeelde waarde, ooreenkomstig die toepaslike geldeskaal bereken en op 'n pro rata-basis ten opsigte van elke prototipe en die ander nie-herhalingswerk toegedeel.

8.4.2 Ten opsigte van 8.1.2—

8.4.2.1 vir elk van die eerste nege herhalings—50 persent van die gelde vir die prototipe;

8.4.2.2 vir elk van die volgende 15 herhalings—35 persent van die gelde vir die prototipe;

8.4.2.3 vir elke herhaling daarna—20 persent van die gelde vir die prototipe.

8.4.3 Vir enige wysiging van die ontwerp binne 'n prototipe wat dienskategorieë A en B in Tabel III raak, word ekstra gelde op die waarde van sodanige wysiging gevorder, welke ekstra gelde bereken word teen 60 persent van die marginale koers in kolom 3 van die toepaslike geldeskaal.

8.5 Die verdeling van gelde vir herhalings oor die dienskategorieë soos in Tabel III uiteengesit, is soos volg:

A en B 40%; C 30%; D 30%.

9. *Kosteplusboukontrakte.*

9.1 Vir dienste ten opsigte van bouwerk uitgevoer kragtens 'n kostepluskontrak, word die gelde bereken soos in Geldeskale 5 en 6 uiteengesit: Met dien verstande dat die gelde vir enige gedeeltes waarvoor hoeveelheidslyste opgestel word, bereken word soos in Geldeskaal 1 uiteengesit.

9.2 Die dienste waarna in 9.1 van hierdie Bylae verwys word en die verdeling van gelde vir sodanige dienste, word in Tabel IV uiteengesit.

10. *Tussentydse gelde en gedeeltelike dienste.*

10.1 Tussentydse gelde wat gevorder word, word gebaseer op die verdeling soos in Tabel III of IV, na gelang van die geval, uiteengesit.

10.2 Indien 'n projek of deel daarvan gestaak of uitgestel word—

10.2.1 word die gelde ten opsigte van voltooide dienste bepaal ooreenkomstig die verdeling soos in Tabel III of IV, na gelang van die geval, uiteengesit; en

10.2.2 word die gelde ten opsigte van gedeeltelik voltooide dienste desgelyks op 'n *quantum meruit*-basis bepaal.

10.3 Indien daar op enige tydstip van die dienste van 'n bourekenaar afgesien word, word die gelde wat gevorder kan word ooreenkomstig 10.2 hiervan bepaal.

10.4 Waar die finale waarde van die werke waarvoor gelde gevorder kan word, onbekend is, word die gelde op 'n redelike beraming van die totale finale waarde van die werke teen huidige koste, uitgesonderd enige bedrae van onvoorsiene uitgawes, bereken.

10.5 Indien 'n opdrag wat beëindig of uitgestel is, binne drie jaar na sodanige beëindiging of uitstel sonder wesentlike verandering hervat word, word enige gelde wat ooreenkomstig 10.2 of 10.3 hiervan betaal is, beskou as gedeeltelike betaling op rekening van die totale gelde wat op die finale waarde bereken is: Met dien verstande dat geen aanpassing ten opsigte van skommelings in boukoste gemaak word aan gelde betaal vir dienste wat ten tyde van die uitstel of beëindiging daarvan reeds voltooi was nie.

8.4 The fees shall be calculated as follows:

8.4.1 In respect of 8.1.1 the fee on the total value apportioned shall be calculated in accordance with the appropriate fee scale and allocated to each prototype and the other non-repetition work on a pro rata basis.

8.4.2 In respect of 8.1.2—

8.4.2.1 for each of the first nine replications—50 per cent of the fee for the prototype;

8.4.2.2 for each of the next 15 replications—35 per cent of the fee for the prototype;

8.4.2.3 for each replication thereafter—20 per cent of the fee for the prototype.

8.4.3 For any modification of the design within a prototype involving service categories A and B in Table III, an additional fee shall be charged on the value of such modification calculated at 60 per cent of the marginal rate in column 3 of the appropriate fee scale.

8.5 The apportionment of fees for replications to the service categories set out in Table III shall be as follows:

A and B 40%; C 30%; D 30%.

9. *Cost-plus building contracts.*

9.1 For services in respect of building works carried out under a cost-plus contract, the fees shall be as set out in Fee Scales 5 and 6: Provided that the fees in respect of any portions for which bills of quantities are prepared shall be as set out in Fee Scale 1.

9.2 The services referred to in 9.1 hereof and the apportionment of fees to such services are set out in Table IV.

10. *Interim fees and partial services.*

10.1 Interim fees charged shall be based on the apportionment set out in Tabel III or IV as appropriate.

10.2 Should a project or part thereof be abandoned or deferred—

10.2.1 the fees for services completed shall be determined in accordance with the apportionment set out in Table III or IV as appropriate; and

10.2.2 the fees for services partially completed shall be similarly determined on a *quantum meruit* basis.

10.3 Should the services of a quantity surveyor be dispensed with at any stage the fees chargeable shall be determined in accordance with 10.2 hereof.

10.4 Where the final value of the works for which fees are chargeable is unknown the fee shall be calculated on a fair estimate of the total final value of the works at current costs excluding any contingency sums.

10.5 Should a commission which has been terminated or deferred be resumed without significant change within three years of such termination or deferment, any fee paid in accordance with 10.2 or 10.3 hereof shall be considered as payment on account towards the total fees calculated on the final value: Provided that no adjustment in respect of fluctuations in building costs shall be made in fees paid for services completed at the time of termination or deferment.

10.6 Indien 'n opdrag na 'n tydperk van drie jaar, of binne sodanige tydperk maar met wesenlike veranderings, hervat word, word sodanige opdrag geag 'n nuwe opdrag te wees en word die gelde gevorder wat in hierdie Bylae uiteengesit is: Met dien verstande dat sodanige opdrag op 'n ooreengekome basis hernieu kan word ten einde enige bykomende werk te dek.

10.7 Indien 'n opdrag onderneem word vir dienste ten opsigte van beperkte ambagte of ander omskrewe gedeeltes van 'n volledige kontrak, word die totale finale waarde van sodanige ambagte of gedeeltes met 20 persent verhoog en die gelde ooreenkomstig die toepaslike geldeskaal en die betrokke verdeling in Tabel III, bereken.

11. *Gangbaarheidstudies.*

Vir gangbaarheidstudies en enige ander studies voor die sketsplanstadium, wat 'n tegniese en/of ekonomiese ondersoek en waardasie van 'n projek behels sodat 'n kliënt kan besluit of hy en, indien wel, hoe hy moet voortgaan, is die gelde benewens enige ander wat gevorder kan word, 'n tydvordering soos in 20 van hierdie Bylae bepaal.

12. *Kostebeplanning.*

Waar die kliënt spesiale vereistes stel ten opsigte van kostebeplanning-, kosteontleding- en kostebeheerdienste bo en behalwe dié uiteengesit in Tabel III of IV, is die gelde 'n tydvordering soos in 20 van hierdie Bylae bepaal.

13. *Geannoteerde hoeveelheidslyste.*

Vir die opstel van geannoteerde hoeveelheidslyste wat spesifieke verwysing na item-posisies sonder skeiding van hoeveelhede behels, word ekstra gelde van 5 persent van die totale gelde, bereken ooreenkomstig die toepaslike geldeskaal, gevorder.

14. *Elementale en aktiwiteitsgeoriënteerde hoeveelheidslyste.*

Vir die opstel van elementale of aktiwiteitsgeoriënteerde hoeveelheidslyste, word ekstra gelde van 10 persent van die totale gelde, bereken ingevolge die toepaslike geldeskaal, gevorder.

15. *Lyste van materiale.*

Vir die opstel van lyste van materiale vir werke waarvoor die bourekenaar nie hoeveelheidslyste opgestel het nie, word die totale waarde van sodanige materiaal met 20 persent verhoog en die gelde ingevolge die toepaslike geldeskaal vir volle dienste bereken.

16. *Optrede as primêre agent.*

16.1 Vir optrede as die kliënt se primêre agent en die ontvangs van die kliënt se opdrag, advies aan die kliënt oor die wetlike, funksionele, tegniese en finansiële uitvoerbaarheid van die projek, en die koördinering van professionele dienste, is die gelde, bo en behalwe enige ander gelde wat gevorder kan word, 20 persent van die totale gelde, bereken ingevolge die toepaslike geldeskaal.

16.2 Vir optrede as die kliënt se primêre agent en die ontvangs van die kliënt se opdrag, advies aan die kliënt oor die wetlike, funksionele, tegniese en finansiële uitvoerbaarheid van die projek, die koördinering van professionele dienste, die programmering van die kontrak, toesig oor die werk, die uitreik van sertifikate, die in werking stel van diensinstallasies, die oorhandiging van die werke vir okkupasie aan die kliënt, toesig oor die herstel van defekte en die voltooiing van alle werk ooreenkomstig die kontrak is die gelde, bo en

10.6 Should a commission be reinstated after a period of three years or within such period but with significant change, the commission shall be deemed to be a new one and the fees charged as set out in this Schedule: Provided that such commission may be renewed on a negotiated basis to cover any additional work.

10.7 Should a commission be undertaken for services in respect of limited trades or other defined portions of the full contract works, the total final value of such trades or portions shall be increased by 20 per cent and the fees calculated in accordance with the appropriate fee scale and the relevant apportionment in Table III.

11. *Feasibility studies.*

For pre-design feasibility studies and the like involving a technical and/or economic investigation and appraisal of a project to enable a client to decide whether and in what form to proceed, the fee, in addition to any other fee chargeable, shall be a time charge as laid down in 20 hereof.

12. *Cost planning.*

Where a client lays down special requirements in regard to cost planning, cost analysis and cost monitoring services over and above those set out in Table III or IV, the fee shall be a time charge as laid down in 20 hereof.

13. *Annotated bills of quantities.*

For preparing annotated bills of quantities involving specific reference to item location without separation of quantities, an additional fee of 5 per cent of the total fee calculated in accordance with the appropriate fee scale shall be charged.

14. *Elemental and activity-orientated bills of quantities.*

For preparing elemental or activity-orientated bills of quantities, an additional fee of 10 per cent of the total fee calculated in accordance with the appropriate fee scale shall be charged.

15. *Schedules of materials.*

For preparing schedules of materials for works for which the quantity surveyor has not prepared bills of quantities, the total value of such materials shall be increased by 20 per cent and the fees calculated in accordance with the appropriate fee scale for full services.

16. *Acting as primary agent.*

16.1 For acting as the client's primary agent and for receiving the client's brief, advising the client on the legal, functional, technical and financial feasibility of the project, and co-ordinating professional services, the fee, in addition to any other fee chargeable, shall be 20 per cent of the total fee calculated in accordance with the appropriate fee scale.

16.2 For acting as the client's primary agent and for receiving the client's brief, advising the client on the legal, functional, technical and financial feasibility of the project, the co-ordination of professional services, programming of the contract, supervision of work, issuing certificates, commissioning of service installations, handing over the works to the client for occupation, supervision of remedial work to defects and completion of all work in accordance with the contract,

behalwe enige ander gelde wat gevorder kan word, 70 persent van die totale gelde, bereken ingevolge die toepaslike geldeskaal.

17. *Waardasie van geboue ens.*

17.1 Vir die opmeet van werke wat nog uitgevoer word en waarvoor die bourekenaar nie hoeveelheidslyste opgestel het nie, die verkryging van besonderhede en die opstel van waardasies vir die uitreiking van tussentydse betalingsertifikate, is die gelde 15 persent van die totale gelde, bereken ooreenkomstig die toepaslike geldeskaal.

17.2 Vir die opstel van waardasies van geboue vir belastingaanslagdoeleindes, brandversekering, onteiening, huurrendement en dergelike doeleindes, is die gelde soos volg:

17.2.1 Waar geskikte tekeninge vir die bepaling van afmetings beskikbaar is, 2,5 persent van die totale gelde bereken ooreenkomstig Geldeskaal 1;

17.2.2 waar sodanige tekeninge nie beskikbaar is nie en afmetings op die terrein bepaal word, 4 persent van die totale gelde bereken ooreenkomstig Geldeskaal 1;

17.2.3 waar die bourekenaar van mening is dat genoegsame akkuraatheid vir die spesifieke doel verkry kan word deur die gebruik van 'n tarief per vierkante meter ten opsigte van die totale oppervlakte op plan, 50 persent van die gelde in 17.2.1 en 17.2.2 van hierdie Bylae uiteengesit;

17.2.4 waar die gelde in 17.2.1, 17.2.2 en 17.2.3 hiervan uiteengesit, nie as toepaslik beskou word nie, 'n tydvordering soos in 20 van hierdie Bylae bepaal.

18. *Verstek.*

Vir bykomende dienste benodig as gevolg van verstek deur enigeen van die partye by die kontrak, is die gelde die toepaslike gelde ooreenkomstig die betrokke verdeling in Tabel III uiteengesit, of anders, 'n tydvordering soos in 20 hiervan bepaal.

19. *Geskille en gedingvoering.*

Vir hulp verleen by die beslegting van geskille, die bywoon van samesprekings met regskonsultante en die bywoning van hofsake, is die gelde 'n tydvordering soos in 20 van hierdie Bylae bepaal.

20. *Tydvordering.*

20.1 Waar die werk van so 'n aard is dat ander bepalings van hierdie Bylae nie van toepassing is nie, is die gelde wat gevra word 'n tydvordering teen die volgende tariewe per uur of deel daarvan:

20.1.1 Hoofde, vennote of direkteure: R35.

20.1.2 Gesalarieerde personeel: 15 sent vir elke R100 van die bruto jaarlikse vergoeding.

21. *Optrede as arbiter.*

21.1 Vir optrede as arbiter waar daar meer as net een is, is die gelde wat gevra word 'n tydvordering teen die tarief in 20 hiervan bepaal plus 25 persent, met 'n minimum van twee ure.

21.2 Vir optrede as die enigste arbiter of skeidsregter, is die gelde wat gevra word 'n tydvordering teen die tarief in 20 hiervan bepaal plus 75 present, met 'n minimum van twee ure.

21.3 Die gelde in 21.1 en 21.2 hiervan uiteengesit, is van toepassing op die tyd bestee aan die vasstelling van prosedures in oorleg met die partye, bywoning van die arbitrasiehof, die ondersoek van getuienis en die formulering van die uitspraak.

the fee, in addition to any other fee chargeable, shall be 70 per cent of the total fee calculated in accordance with the appropriate fee scale.

17. *Valuation of buildings etc.*

17.1 For surveying works in progress for which the quantity surveyor has not prepared bills of quantities, taking particulars and preparing valuations for the issue of interim payment certificates, the fee shall be 15 per cent of the total fee calculated in accordance with the appropriate fee scale.

17.2 For preparing valuations of buildings for the assessment of taxation, fire insurance, expropriation, rental return and similar purposes, the fee shall be as follows:

17.2.1 Where suitable drawings are available for the determination of measurements, 2,5 per cent of the total fee calculated in accordance with Fee Scale 1;

17.2.2 where such drawings are not available and measurements are determined on site, 4 per cent of the total fee calculated in accordance with Fee Scale 1;

17.2.3 where the quantity surveyor considers that sufficient accuracy for the particular purpose can be achieved by the application of a square metre rate to the overall area on plan, 50 per cent of the fees set out in 17.2.1 and 17.2.2 hereof;

17.2.4 where the fees set out in 17.2.1, 17.2.2 and 17.2.3 hereof are considered to be inappropriate, a time charge as laid down in 20 hereof.

18. *Default.*

For additional services required as a result of default by either party to a building contract, the fee shall be the appropriate fee in accordance with the relevant apportionment set out in Table III or, alternatively, a time charge as laid down in 20 hereof.

19. *Disputes and litigation.*

For assisting in the settlement of disputes, attending meetings with legal consultants and attending at court, the fee shall be a time charge as laid down in 20 hereof.

20. *Time charge.*

20.1 Where the work is of such a nature that other provisions herein are inapplicable, the fee shall be a time charge at the following rates per hour or part thereof:

20.1.1 Principals, partners or directors: R35.

20.1.2 Salaried staff: 15 cents for each R100 of gross annual remuneration.

21. *Acting as arbitrator.*

21.1 For acting as arbitrator where there is more than a single one, the fee shall be a time charge at the rate laid down in 20 hereof plus 25 per cent, with a minimum of two hours.

21.2 For acting as sole arbitrator or umpire, the fee shall be a time charge at the rate laid down in 20 hereof plus 75 per cent, with a minimum of two hours.

21.3 The fees set out in 21.1 and 21.2 hereof shall apply to the time spent in establishing procedural matters with the parties, attending the arbitration court, studying the evidence and framing the award.

22. *Uitgawes en reiskoste.*

22.1 Benewens die gelde vir professionele dienste word betaling geëis ten opsigte van uitgawes wat noodsaaklikerbewys aangegaan word vir afskrifte van dokumente en afdrukke van tekeninge en vir redelike reis- en verblyfkoste.

22.2 Waar die werke verder as 100 kilometer van die bourekenaar se praktyk geleë is, word gelde ten opsigte van reistyd tussen 06h00 en 20h00, tot 'n maksimum van agt ure per dag, teen 50 persent van die tydvordering soos in 20.1.1 en 20.1.2 van hierdie Bylae bepaal, gevorder.

TABEL I.—MEGANIESE EN ELEKTRIESE DIENSTE

Elektriese en elektroniese installasies.
Hysbakke, hysers en roltrappe.
Kommunikasie- en vervoerstelsels.
Lugreëling en meganiese ventilasie.
Pomptoerusting.
Spesialis-brandbestrydingsinstallasies.
Stoominstallasies.
Stoomketeltoerusting.
Verbrandings- en saamperseenhede.
Verkoelingsinstallasies.
X-straal- en sterilisasietoerusting.

TABEL II.—SIVIELE WERK BYKOMSTIG BY DIE BOUWERK

Hooftoevoerstelsels (stormwater, riool en water) buite die afgebakende gedeelte van die bouterrein.
Paaie.
Reservoirs.
Staalraam- en gepantserde strukture.
Watertorings.

22. *Disbursements and travelling expenses.*

22.1 Disbursements necessarily incurred, copies of documents and drawings, and reasonable travelling and subsistence expenses shall be charged in addition to fees for professional services.

22.2 Where the works are situated further than 100 kilometres from the quantity surveyor's place of practice, a fee shall be charged for travelling time between 06h00 and 20h00 up to a maximum of eight hours per day, at 50 per cent of the time charges laid down in 20 hereof.

TABLE I.—MECHANICAL AND ELECTRICAL SERVICES

Air conditioning and mechanical ventilation.
Boiler equipment.
Communication and conveyor systems.
Electrical and electronic installations.
Incinerators and compactor units.
Lifts, hoists and escalators.
Pumping equipment.
Refrigeration installations.
Specialist fire-prevention installations.
Steam installations.
X-ray and sterilisation equipment.

TABLE II.—CIVIL WORKS ANCILLARY TO BUILDINGS WORKS

Main reticulations (stormwater, sewer and water) outside the defined area of the building site.
Reservoirs.
Roads.
Steel framed and clad structures.
Water towers.

TABEL III.—VERDELING VAN GELDE VIR DIENSTE

Diens (kyk opmerking hieronder)	Persentasie van totale gelde vir volle dienste			Persentasie gelde op sekere meganiese en elektriese dienste en siviele werk waarvoor dienste B en D nie benodig word nie
	Hoeveelhedekontrak	Voorlopige hoeveelhedekontrak	Tarieflyskontrak	
A. Sketsplanstadium Opstel van kosteramings en verlening van sodanige ander kosteadvies soos by die sketsplanstadium benodig mag word.	5	5	5	20
B. Dokumentasiestadium Opstel van hoeveelheidslyste/voorlopige hoeveelheidslyste/tarieflyste en sodanige ander tenderdokumente as wat vir subkontrak of ander bykomende werk benodig mag word. Opstel van elementale of ander standaardvorm van kosteplan, ontwerpontwikkelingsramings en begrotings.	55	30	15	—
C. Kontrakadministrasiestadium Ondersoek en nagaan van prysing van hoeveelheidslyste en aanpassing waar nodig. Opstel van skedules van verwagte tussentydse betalings. Opstel van waardasies vir die uitreik van betalingsertifikate. Berekening of nagaan van skommelinge in koste kragtens die toepaslike kontrakprysaanpassingsbepalings. Raming van waarde van wysigings, op datum hou van 'n lopende finansiële staat en vergelyking met kosteplan.	20	25	25	80
D. Finale rekeningstadium Meet van wysigings/werk soos uitgevoer. Opstel en prysing van finale rekening kragtens die kontrak en onderhandeling met die aannemer.	20	40	55	—

TABLE III.— APPORTIONMENT OF FEES TO SERVICES

Service (see note below)	Percentage of total fee for full services			Percentage of fee on certain mechanical and electrical services and civil works for which services B and D not required
	Bills of quantities contract	Bills of provisional quantities contract	Schedule of rates contract	
A. Sketch design stage Preparing estimates of cost and providing such other cost advice as may be required for the sketch design.	5	5	5	20
B. Documentation stage Preparing bills of quantities/bills of provisional quantities/schedules of rates, and such other tender documents as may be required for subcontract or other subsidiary work. Preparing elemental or other standard form of cost plan, design development estimates and budgets.	55	30	15	—
C. Contract admnistration stage Examining and verifying pricing of bills of quantities and adjusting where necessary. Preparing schedules of predicted interim payments. Preparing valuations for the issue of payment certificates. Evaluating or verifying fluctuations in costs under any applicable contract price adjustment provisions. Estimating the value of variations and maintaining a running financial statement and monitoring against cost plan.	20	25	25	80
D. Final account stage Measuring variations/work as executed. Preparing and pricing final account in terms of the contract and negotiating with contractor.	20	40	55	—

Die dienste in A tot D van hierdie tabel word geag bykomstige dienste in te sluit wat deur die bourekenaar in die uitoefening van sy beroep verrig word, soos—

die ontvangs van opdragte en voorskrifte van die kliënt;

advies oor tenderprosedures, tenders en enige ander kontrak- of koste-aangeleentheid; en

die bywoning van sodanige vergaderings en die voorlegging van sodanige verslae as wat redelikerwys benodig mag word.

(Verduidelikende opmerking:

Die bedoeling met bogenoemde indeling is om in die breë die omvang van dienste waarvoor gelde gevra word aan te dui en is nie 'n lys van onveranderlike diensvereistes nie. Omdat diensvereistes noodwendig oor 'n wye spektrum van projekte kan varieer word dit as onvanpas beskou om waardes op individuele diensvereistes binne die dienskategorieë te plaas en is die persentasievordering van die totale gelde teenoor dienskategorieë A, B, C en D dus van toepassing.)

The services detailed in A to D of this table shall be deemed to include incidental services rendered by the quantity surveyor in practising his profession, such as—

receiving the commission and instructions from the client;

advising on tendering procedure, tenders and any other matter of contract or costs; and

attending such meetings and submitting such reports as may reasonably be required.

(Explanatory note:

The details given above are intended to indicate the extent of services covered by the fees and not to serve as a list of invariable service requirements. In a wide range of projects the service requirements within the service categories will vary but to evaluate individual service requirements is inappropriate and the percentage of total fee set against service categories A, B, C and D therefore applies.)

TABEL IV.—VERDELING VAN GELDE VIR DIENSTE: KOSTEPLUSBOUKONTRAKTE

Diens (kyk opmerking hieronder)	Persentasie van totale gelde
A. Sketsplanstadium Opstel van kosteramings en verlening van sodanige ander kosteadvies as wat by die sketsplanstadium benodig mag word.	5
B. Dokumentasiestadium Bedinging van kontrakvoorwaardes en die reël van voorwaardes ten opsigte van spesialis- en ander subkontrakte. Opstel van elementale of ander standaardvorm van kosteplan, ontwerpontwikkelingsramings en begrotings.	15
C. Kontrakadministrasiestadium Opstel van skedules van verwagte tussentydse betalings. Opstel van progressiewe rekeningstate vir die uitreik van betalingsertifikate. Opstel en op datum hou van 'n lopende finansiële staat en vergelyking met kosteplan.	30
D. Finale rekeningstadium Ouditering van tydstate, afleweringsnotas, fakture ens. Stawing van tariewe vir arbeid en materiaal. Toetsopmetings van die belangrikste materiale gebruik vir vergelyking met fakture. Opstel van finale rekening ingevolge die kontrak en onderhandeling met die aannemer.	50

TABLE IV.— APPORTIONMENT OF FEES TO SERVICES: COST-PLUS BUILDING CONTRACTS

Service (see note below)	Percentage of total fee
A. Sketch design stage	5
Preparing estimates of cost and providing such other cost advice as may be required for the sketch design.	
B. Documentation stage	15
Negotiating terms and conditions of contract and arranging the conditions for specialist and other sub-contracts.	
Preparing elemental or other standard form of cost plan, design development estimates and budgets.	
C. Contract administration stage	30
Preparing schedules of predicted interim payments. Preparing progressive statements of account for the issue of payment certificates.	
Maintaining a running financial statement and monitoring against cost plant.	
D. Final account stage	50
Auditing time sheets, delivery notes, invoices, etc.	
Verifying rates for labour and materials.	
Making check measurements of principal materials used for comparison with invoices.	
Preparing final account in terms of the contract and negotiating with contractor.	

Die dienste in A tot D van hierdie tabel word geag bykomstige dienste in te sluit wat deur die bourekenaar in die uitoefening van sy beroep verrig word, soos—

die ontvangs van opdragte en voorskrifte van die kliënt;

advies oor tenderprosedures, tenders en enige ander kontrak- of koste-aangeleentheid; en

die bywoning van sodanige vergaderings en die voorlegging van sodanige verslae as wat redelikerwys benodig mag word.

(Verduidelikende opmerking:

Die bedoeling met bogenoemde indeling is om in die breë die omvang van dienste waarvoor gelde gevra word aan te dui en is nie 'n lys van onveranderlike diensvereistes nie. Omdat diensvereistes noodwendig oor 'n wye spektrum van projekte kan varieer word dit as onvanpas beskou om waardes op individuele diensvereistes binne die dienskategorieë te plaas en is die persentasievordering van die totale gelde teenoor dienskategorieë A, B, C en D dus van toepassing.)

The services detailed in A to D of this table shall be deemed to include incidental services rendered by the quantity surveyor in practising his profession, such as—

receiving the commission and instructions from the client;

advising on tendering procedure, tenders and any other matter of contract or costs; and

attending such meetings and submitting such reports as may reasonable be required.

(Explanatory note:

The details given above are intended to indicate the extent of services covered by the fees and not to serve as a list of invariable service requirements. In a wide range of projects the service requirements within the service categories will vary but to evaluate individual service requirements is inappropriate and the percentage of total fee set against service categories A, B, C and D therefore applies.)

GELDESKAAL 1.—BOUWERK

KLOUSULES 2 EN 1.4.1 VAN DIE BYLAE

Waardekategorie	Gelde	
	Primêre vordering	Marginale koers
1	2	3
	R	
Tot R100 000	—	3,80%
R100 000–R500 000	3 800	3,60% op die balans bo R100 000
R500 000–R1 000 000	18 200	3,40% op die balans bo R500 000
R1 000 000–R2 000 000	35 200	3,20% op die balans bo R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	67 200	3,00% op die balans bo R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	127 200	2,80% op die balans bo R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	239 200	2,60% op die balans bo R8 000 000
Bo R16 000 000	447 200	2,40% op die balans bo R16 000 000

FEE SCALE 1: BUILDING WORKS
CLAUSES 2 AND 1.4 1 OF THE SCHEDULE

Value category	Fees	
	Primary	Marginal rate
1	2	3
	R	
Up to R100 000	—	3,80%
R100 000–R500 000	3 800	3,60% on balance over R100 000
R500 000–R1 000 000	18 200	3,40% on balance over R500 000
R1 000 000–R2 000 000	35 200	3,20% on balance over R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	67 200	3,00% on balance over R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	127 200	2,80% on balance over R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	239 200	2,60% on balance over R8 000 000
Over R16 000 000	447 200	2,40% on balance over R16 000 000

GELDESKAAL 2: INDUSTRIËLE BOUWERK
KLOUSULES 3 EN 1.4.1 VAN DIE BYLAE

Waardekategorie	Gelde	
	Primêre vordering	Marginale koers
1	2	3
	R	
Tot R100 000	—	1,90%
R100 000–R500 000	1 900	1,80% op die balans bo R100 000
R500 000–R1 000 000	9 100	1,70% op die balans bo R500 000
R1 000 000–R2 000 000	17 600	1,60% op die balans bo R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	33 600	1,50% op die balans bo R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	63 600	1,40% op die balans bo R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	119 600	1,30% op die balans bo R8 000 000
Bo R16 000 000	223 600	1,20% op die balans bo R16 000 000

University of Pretoria
Together in Excellence

FEE SCALE 2: INDUSTRIALISED BUILDING WORKS
CLAUSES 3 AND 1.4.1 OF THE SCHEDULE

Value category	Fees	
	Primary	Marginal rate
1	2	3
	R	
Up to R100 000	—	1,90%
R100 000–R500 000	1 900	1,80% on balance over R100 000
R500 000–R1 000 000	9 100	1,70% on balance over R500 000
R1 000 000–R2 000 000	17 600	1,60% on balance over R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	33 600	1,50% on balance over R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	63 600	1,40% on balance over R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	119 600	1,30% on balance over R8 000 000
Over R16 000 000	223 600	1,20% on balance over R16 000 000

GELDESKAAL 3: INGENIEURSWERK (STRUKTUREEL)
KLOUSULES 4.1 EN 1.4.1 VAN DIE BYLAE

Waardekategorie	Gelde	
	Primêre vordering	Marginale koers
1	2	3
	R	
Tot R100 000	—	2,30%
R100 000–R500 000	2 300	2,20% op die balans bo R100 000
R500 000–R1 000 000	11 100	2,10% op die balans bo R500 000
R1 000 000–R2 000 000	21 600	2,00% op die balans bo R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	41 600	1,90% op die balans bo R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	79 600	1,80% op die balans bo R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	151 600	1,70% op die balans bo R8 000 000
Bo R16 000 000	287 600	1,60% op die balans bo R16 000 000

FREE SCALE 3: ENGINEERING WORKS (STRUCTURAL)

CLAUSES 4.1 AND 1.4.1 OF THE SCHEDULE

Value category	Fees	
	Primary	Marginal rate
1	2	3
	R	
Up to R100 000	—	2,30%
R100 000–R500 000	2 300	2,20% on balance over R100 000
R500 000–R1 000 000	11 100	2,10% on balance over R500 000
R1 000 000–R2 000 000	21 600	2,00% on balance over R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	41 600	1,90% on balance over R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	79 600	1,80% on balance over R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	151 600	1,70% on balance over R8 000 000
Over R16 000 000	287 600	1,60% on balance over R16 000 000

GELDESKAAL 4: INGENIEURSWERK (SIVIEL)

KLOUSULES 4.2 EN 1.4.1 VAN DIE BYLAE

Waardekategorie	Gelde	
	Primêre vordering	Marginale koers
1	2	3
	R	
Tot R100 000	—	1,60%
R100 000–R500 000	1 600	1,50% op die balans bo R100 000
R500 000–1 000 000	7 600	1,40% op die balans bo R500 000
R1 000 000–R2 000 000	14 600	1,30% op die balans bo R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	27 600	1,20% op die balans bo R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	51 600	1,10% op die balans bo R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	95 600	1,00% op die balans bo R8 000 000
Bo R16 000 000	175 600	0,90% op die balans bo R16 000 000

University of Pretoria Together in Excellence

FEE SCALE 4: ENGINEERING WORKS (CIVIL)

CLAUSES 4.2 AND 1.4.1 OF THE SCHEDULE

Value category	Fees	
	Primary	Marginal rate
1	2	3
	R	
Up to R100 000	—	1,60%
R100 000–R500 000	1 600	1,50% on balance over R100 000
R500 000–R1 000 000	7 600	1,40% on balance over R500 000
R1 000 000–R2 000 000	14 600	1,30% on balance over R1 000 000
R2 000 000–R4 000 000	27 600	1,20% on balance over R2 000 000
R4 000 000–R8 000 000	51 600	1,10% on balance over R4 000 000
R8 000 000–R16 000 000	95 600	1,00% on balance over R8 000 000
Over R16 000 000	175 600	0,90% on balance over R16 000 000

GELDESKAAL 5: KOSTEPLUSBOUKONTRAKTE

KLOUSULES 9 EN 1.4.1 VAN DIE BYLAE

Waardekategorie	Gelde	
	Primêre vordering	Marginale koers
This publication is a continuation of the South African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11, 1958 1968 and deals with Agronomy, Ecology, Agrostology, Genetics, Agricultural Botany, Landscape Management, Herbicides, Plant Physiology, Plant Production and Technology, Pomology, Horticulture, Pasture Science and Viticulture. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at R1,50 per copy or R6 per annum, post free (Other countries R1,75 per copy or R7 per annum).

Sales tax must accompany inland orders.

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk gelyktydig gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat tien kleurplate. Intekengeld bedra R5 per deel (buitelands R5,25 per deel): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in linne gebind R30; in moroccoleer gebind R35. (Buitelands, linne gebind R31; moroccoleer R36).

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbouinligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates and costs R5 per part (other countries R5,25 per part). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Cloth binding, R30; morocco binding, R35 (other countries, cloth binding R31; morocco binding R36).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH

Die "Onderstepoort Journal of Veterinary Research" word deur die Staatsdrukker, Pretoria, gedruk en is verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Departement van Landbou-tegniese Dienste, Privaatsak X144, Pretoria, 0001, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die "Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal" wat terugdateer tot 1903 en waarvan 18 verskyn het tot 1932. Dit is gevolg deur 40 volumes van die "Onderstepoort Journal". Tans bestaan elke volume uit vier nommers wat teen R2 binnelands en R2,50 buitelands per nommer van bogenoemde adres verkrygbaar is.

Direkteure van laboratoriums ens. wat begerig is om publikasies om te ruil moet in verbinding tree met die Direkteur, Navorsings-instituut vir Veeartsenykunde, Pk. Onderstepoort, 0110, Republiek van Suid-Afrika.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH

The Onderstepoort Journal of Veterinary Research is printed by the Government Printer, Pretoria, and is obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Department of Agricultural Technical Services, Private Bag X144, Pretoria, 0001, to whom all communications should be addressed.

This publication is a continuation of the Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal which date back to 1903 and of which 18 have appeared up to 1932. These were followed by 40 volumes of the Onderstepoort Journal. At present each volume comprises four numbers which are obtainable at R2, other countries R2,50 per number from the above address.

Directors of laboratories etc. desiring to exchange publications are invited to communicate with the Director, Veterinary Research Institute, P.O. Onderstepoort, 0110, Republic of South Africa.

Sales tax must accompany inland orders.

University of Fort Hare
Together in Excellence

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
Nywerheidswese, Handel en Toerisme, Departement van			
Algemene Kennisgewing			
42	Maatskappywet (61/1973): Registrasie van maatskappye	1	7373

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
Industries, Commerce and Tourism, Department of			
General Notice			
42	Companies Act (61/1973): Registration of companies	1	7373

7374

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3128 PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST REGULATION GAZETTE No. 3128

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

Vol. 187] PRETORIA, 16 JANUARIE JANUARY 1981 [No. 7374

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R. 79 16 Januarie 1981

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

MEUBELNYWERHEID, GRENS.—MEDIESE HULP- EN SIEKTEBESOLDIGINGSFONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Meubelnywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 20 Maart 1982 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MEUBELNYWERHEID, GRENS

MEDISE HULP- EN SIEKTEBESOLDIGINGSFONDSOOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

East London, Border and Districts Furniture Manufacturers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa

en die

National Association of Furniture and Allied Workers of South Africa

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Grens.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet nagekom word in die landdrosdistrikte Aliwal-Noord, Oos-Londen en Queenstown deur alle lede van die werkgewersorganisasie wat by die Meubelnywerheid, Grens, betrokke is, asook deur alle lede van die vakverenigings wat in genoemde Nywerheid in diens is.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms slegs van toepassing ten opsigte van werknemers vir wie lone in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 79 16 January 1981

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BORDER FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY.—MEDICAL AID AND SICK PAY FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Furniture Manufacturing Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 20 March 1982, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

BORDER INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY

MEDICAL AID AND SICK PAY FUND AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

East London, Border and Districts Furniture Manufacturers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa

and the

National Association of Furniture and Allied Workers of South Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being parties to the Border Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry.

1. AREA AND SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial Districts of Aliwal North, East London and Queenstown by all members of the employers' organisation who are engaged in the Furniture Manufacturing Industry and by all members of the trade unions who are employed in the said Industry.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall only apply in respect of employees for whom wages are prescribed in the Main Agreement

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat die Minister van Mannekragbenutting kragtens artikel 48 (1) van die Wet vasstel en bly van krag vir die tydperk wat op 20 Maart 1982 eindig, of vir dié tydperk wat hy bepaal.

3. WOORDOMSKRYWING

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, waar daar van 'n wet melding gemaak word, word ook alle wysigings van sodanige wet bedoel, en tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, word daar met woorde wat die manlike geslag aandui, ook vroue bedoel, en omgekeerd; voorts, tensy onbestaanbaar met die samehang, beteken—

"Meubelnywerheid" of "Nywerheid", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking eniger wyse te beperk, die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die vervaardiging, òf in die geheel òf in dele, van alle soorte meubels, afgesien van die materiaal wat gebruik word, en sluit dit onder andere ook die volgende werksaamhede in:

(a) Heelmaak-, stoffeer-, herstoffeer-, beits-, spuit- of poleerwerk en/of herpoleerwerk, die maak van los oortreksels en/of stoelkussings en/of die maak en/of heelmaak van raamveermatrasse en/of rame vir stoffeerwerk, houtmasjienwerk, fineerwerk, houtdraaiwerk, houtsnywerk in verband met die vervaardiging en/of heelmaak van meubels, poleer- en/of herpoleerwerk van klaviere, of die vervaardiging van en/of beits-, spuit- en poleer- en/of herpoleerwerk aan meubels vir teekamers, kantore, kerke, skole, kroeë of teaters, en ook die vervaardiging van of die prosesse vir die vervaardiging van beddegoed, wat so omskryf en uitgelê moet word dat dit alle soorte of tipes matrasse, veermatrasse, bomatrasse, kopkussings, peule en stoelkussings insluit, en ook die werksaamhede wat uitgevoer word op alle persele waar houtmasjien-, houtdraai- en/of houtsnywerk uitgevoer word in verband met die vervaardiging van meubels; en ook nog heelmaak-, herstoffeer- of herpoleerwerk aan meubels in of in verband met bedryfsinrigtings waarin die vervaardiging van meubels of 'n werksaamheid wat in verband staan met die finale bereiding van 'n meubelstuk vir verkoop, òf in sy geheel òf in die dele, uitgevoer word, en die fineerwerk aan deure van gelamelleerde blokbord of laaghout wat vir meubels gebruik word, en alle gedeeltes van materiaal wat by die vervaardiging van meubels gebruik word;

(b) die vervaardiging, hetsy in die geheel of in dele, van kabinette vir musiekinstrumente en radio- of draadlooskabinette deur werkgewers wat betrokke is by enigeen of meer van die werksaamhede voorgeskryf in paragraaf (a); maar uitgesonderd die vervaardiging van meubels wat hoofsaaklik van biesies, gras en/of rottang gemaak word, en die vervaardiging van metaalmeubels, met inbegrip van die vervaardiging van metaalkatels; en voorts met uitgesondering van die belange soos omskryf in paragraaf (i), (ii) en (iii) hieronder:

(i) "Elektrotegniese Ingenieursnywerheid"—

(aa) die vervaardiging en/of montering, uit samestellende dele, van elektriese uitrusting, naamlik generators, motors, konvertors, skakel- en kontrole-uitrusting (met inbegrip van relês, kontaktors, elektriese instrumente en uitrusting wat daarmee in verband staan), elektriese verligtings-, verhittings-, kook-, bevriesings- en verkoelingsuitrusting, transformators, oonduitrusting, seinuitrusting, radio- of elektroniese uitrusting, en ander uitrusting wat die beginsels toepas wat gebruik word in die bediening van radio- en elektroniese uitrusting, gloeilampe en elektriese kabels en huishoudelike elektriese toestelle en omvat dit ook die vervaardiging van samestellende dele van bogenoemde uitrusting;

(ab) die installering, onderhoud en herstel van die uitrusting in paragraaf (a) hierbo bedoel, maar omvat dit nie ook die Elektrotegniese Aanmerkingsnywerheid nie;

(ii) "Plastieknywerheid" die vervaardiging van artikels of gedeeltes van artikels in hul geheel of hoofsaaklik uit plastiek, maar omvat dit nie ook die volgende artikels wat van plastiekdoekstof gemaak word nie, nl.: Klerasie, sakke en handsakke, stewels, skoene, oorskoene, stoffeeroortreksels en plastiekhortjiesblindings;

(iii) "plastiek" enigeen van die groep stowwe wat, as 'n essensiële bestandeel, 'n organiese stof met 'n groot molekulêre massa bevat of daaruit bestaan, en wat, terwyl dit in die afgewerkte vorm solied is, in die een of ander stadium van die vervaardiging daarvan geforseer is of geforseer kan word, d.w.s. deur vloei in verskillende vorms gegiet, gekalandeer, uitgestoot of gevorm kan word, gewoonlik deur die aanwending van slegs hitte en slegs druk of van albei saam;

"Hoofooreenkoms" die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2232 van 31 Oktober 1980 en sluit dit in enige wysiging of verlenging daarvan en enige daaropvolgende Ooreenkoms;

"Bestuurskomitee" die Bestuurkomitee wat aangestel word om die Fondse ingevolge die Reels daarvan te administreer;

"Reëls van die Fondse" die Reëls van die Fondse soos van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee goedgekeur, met inbegrip van die regulasies, aanhangsels en alle ander bepalings betreffende die bystand wat betaalbaar is ingevolge 'n besluit op 'n algemene vergadering of deur die Bestuurskomitee aangeneem

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

This Agreement shall come into operation on a date to be fixed by the Minister of Manpower Utilisation in terms of section 48 (1) of the Act and shall remain in operation for the period ending 20 March 1982 or such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meaning as in that Act, and any reference to an act shall include any amendments to such act, and unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall also include females, and vice versa; further, unless inconsistent with the context—

"Furniture Manufacturing Industry" or "Industry" means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the Industry in which employers and employees are associated for the manufacture, either in whole or in part, of all types of furniture, irrespective of the materials used, and shall include, *inter alia*, the following operations:

(a) Repairing, upholstering, re-upholstering, staining, spraying or polishing and/or repolishing, making of loose covers and/or cushions and/or the making and/or repairing of boxspring mattresses and/or frames for upholstering, wood-machining, veneering, wood-turning, carving in connection with the manufacture and/or repair of furniture, polishing and/or repolishing of pianos or the manufacture and/or staining, spraying and polishing and/or repolishing of tea-room, office, church, school, bar or theatre furniture and shall include the manufacture or processes in the manufacture of bedding, the definition and interpretation of which shall include all manner or types of mattresses, springmattresses, overlays, pillows, bolsters and cushions, and include the activities carried on in any premises where wood-machining, wood-turning and/or carving in connection with the production of furniture is carried on; and includes further, the repairing, re-upholstering or repolishing of furniture in or in connection with establishments in which the production of furniture or any operation associated with the final preparation of any article of furniture for sale either in whole or in part is carried on and the veneering of laminated blockboard or plywood doors used for furniture, and all parts of materials used in the construction of furniture;

(b) the manufacture either in whole or in part of cabinets for musical instruments and radio or wireless cabinets by employers engaged in any one or more of the activities specified in paragraph (a); but excludes the manufacture of articles made principally of wicker, grass and/or cane, and the manufacture of metal furniture, including the manufacture of metal bedsteads; and shall further exclude the interests as defined in (i), (ii) and (iii) hereunder:

(i) "Electrical Engineering Industry" means—

(aa) the manufacture and/or assembly from component parts of electrical equipment, namely generators, motors, converters, switch and control gear (including relays, contactors, electrical instruments and equipment associated therewith), electrical lighting, heating, cooking, refrigeration and cooling equipment, transformers, furnace equipment, signalling equipment, radio or electronic equipment and other equipment utilising the principles used in the operation of radio and electronic equipment, incandescent lamps and electric cables and domestic electrical appliances, and includes the manufacture of component parts of the aforementioned equipment;

(ab) the installation, maintenance, and repair of the equipment referred to in paragraph (a) above, but does not include the Electrical Contracting Industry;

(ii) "Plastics Industry" means the manufacture of articles or parts of articles wholly or mainly from plastics, but does not include the manufacture of the following articles made from plastic sheeting material, viz: Wearing apparel, bags and handbags, boots, shoes, overshoes, upholstery coverings and plastic Venetian blinds;

(iii) "plastics" means anyone of the group of materials which consists of or contains as an essential ingredient an organic substance of a large molecular mass and which, while solid in the finished state, at some stage in its manufacture has been or can be forced, i.e. cast, calendered, extruded or moulded into various shapes, by flow, usually through the application, singly or together, of heat and pressure;

"Main Agreement" means the Agreement published under Government Notice R. 2232 of 31 October 1980 and includes any amendment or extension thereof and any succeeding Agreement;

"Management Committee" means the Committee of Management appointed to administer the Funds in terms of the Rules of the Funds;

"Rules of the Funds" means the Rules of the Funds as adopted from time to time by the Management Committee and shall include the regulations, annexures and any other provisions relating to the benefits which may become payable in terms of a resolution adopted at a general meeting or by the Mangement Committee

4. MEDIESE HULP- EN SIEKTEBESOLDIGINGSFONDS

(1) Nademaal die Raad besluit het dat die werkgewers en werknemers in die Meubelnywerheid, Grens, moet deelneem in die M.C.G.- Mediese Hulp- en Siektebesoldigingsfondse wat deur die Midland Chamber of Industries ingestel is, hierna die "Fondse" genoem, magtig hy hierby die invordering van bydraes ooreenkomstig die prosedure wat hieronder uiteengesit word, ten einde uitvoering te gee aan die doelstellings in die Reëls van die Fondse vervat:

(a) Elke werkgewer moet elke week of maand, na gelang van die geval, van die loon van elkeen van sy werknemers die bedrag aftrek wat ingevolge die Reëls van die Fondse bereken is en soos in Aanhangsels A en C van hierdie Ooreenkoms uiteengesit is. By die bedrag aldus afgetrek, moet die werkgewer die bedrag byvoeg soos in Aanhangsels A en E van hierdie Ooreenkoms uiteengesit.

(b) Die werkgewer moet die totaal van die bedrae in paragraaf (a) bedoel aan die administrateurs van die Fondse stuur voor of op die 15de dag van die maand wat volg op die maand waarin die aftrekkings gedoen is.

(c) Elke werkgewer moet binne 15 dae vanaf die datum waarop hy daartoe versoek word aan die administrateurs van die Fondse dié inligting omtrent sy werknemers voorlê wat vir die doel van die Fondse nodig is.

(2) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken "administrateurs van die Fondse" die Bestuurskomitee wat ingevolge die Reëls van die Fondse aangestel is.

5. NAKOMING VAN DIE REËLS VAN DIE FONDSE

Elke werkgewer en werknemer moet te alle tye die Reëls van die Fondse nakom. Vir die toepassing van hierdie klousule sluit die benaming "Reëls" alle wysigings in van die reëls wat van tyd tot tyd goedgekeur word. 'n Eksemplaar van die Reëls van die Fondse en van alle wysigings daarvan moet aan die Direkteur-generaal van Mannekragbenutting gestuur word.

6. VRYSTELLINGS

(1) Behoudens die voorbehoudsbepaling van artikel 51 (3) van die Wet, kan die Raad weens die ouderdom of swakheid van 'n werknemer of om enige afdoende rede, vrystelling van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms aan of ten opsigte van enige persoon verleen.

(2) Die Raad moet ten opsigte van 'n persoon aan wie vrystelling ingevolge subklousule (1) verleen word, die voorwaardes waarop vrystelling verleen word en die tydperk waarvoor daardie vrystelling van krag is, vasstel: Met dien verstande dat die Raad na goedvinde en met een week skriftelike kennisgewing aan die betrokke persoon 'n vrystellingsertifikaat kan intrek.

(3) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon aan wie vrystelling ooreenkomstig hierdie klousule verleen word, 'n sertifikaat uitreik wat deur hom onderteken is, en waarop die volgende verskyn:

(a) Die volle naam van die betrokke persoon;

(b) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;

(c) die voorwaardes wat ooreenkomstig subklousule (2) vasgestel is en waarop dié vrystelling verleen word; en

(d) die tydperk wat die vrystelling van krag is.

(4) Die Sekretaris van die Raad moet—

(a) 'n kopie hou van elke sertifikaat wat uitgereik word; en

(b) as vrystelling aan 'n werknemer verleen word, 'n kopie van die vrystellingsertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

(5) Elke werkgewer en werknemer moet die bepalings nakom van 'n vrystellingsertifikaat wat kragtens hierdie klousule uitgereik is.

7. AGENTE

Die Raad moet een of meer aangewese persone as agente aanstel om te help om uitvoering aan hierdie Ooreenkoms te gee.

Dit is die plig van elke werkgewer en elke werknemer om sodanige agente toe te laat om dié navrae te doen, dié boeke en/of dokumente te ondersoek en om dié persone te ondervra wat vir hierdie doel nodig mag wees.

8. VERTONING VAN OOREENKOMS

Elke werkgewer moet 'n leesbare kopie van hierdie Ooreenkoms in albei amptelike tale en in die vorm wat voorgeskryf word in die regulasies wat kragtens die Wet opgestel is, in sy bedryfsinrigting vertoon hou op 'n plek wat vir sy werknemers maklik toeganklik is. Desgelyks moet hy ook 'n kopie van die Reëls van die Fondse vertoon.

9. BYSTAND

Die bystand waarop 'n lid geregtig is, word uiteengesit in Aanhangsels B en D van hierdie Ooreenkoms.

Namens die partye op hede die 29ste dag van Julie 1980, te Oos-Londen onderteken

P. W MACKIE, Voorsitter van die Raad.

M LALARAM, Ondervoorsitter van die Raad.

C. G POTGIETER Sekretaris van die Raad

4. MEDICAL AID AND SICK PAY FUNDS

(1) The Council having resolved that employers and employees in the Furniture Manufacturing Industry, Border, should participate in the M.C.G. Medical Aid and Sick Pay Funds inaugurated by the Midland Chamber of Industries, hereinafter referred to as the "Funds", hereby authorises, for the purpose of implementing the objects set forth in the Rules of the Funds, the collection of contributions in accordance with the procedure detailed hereunder:

(a) Every employer shall each week or month, as the case may be, deduct from the wage of each of his employees the amount calculated in terms of the Rules of the Funds and as set out in Annexures A and C to this Agreement. To the amount so deducted, the employer shall add the amount as set out in Annexures A and C to this Agreement.

(b) The total of the amounts referred to in paragraph (a) shall be forwarded by the employer to the administrators of the Funds not later than the 15th day of the month following the month during which the deductions were made.

(c) Every employer shall, within 15 days from the date on which he is requested to do so, submit to the administrators of the Funds such information concerning his employees as may be required for the purposes of the Fund.

(2) For the purposes of this clause, "administrators of the Funds" shall mean the Management Committee appointed in terms of the Rules of the Funds.

5. COMPLIANCE WITH THE RULES OF THE FUNDS

Every employer and employee shall comply at all times with the Rules of the Funds. For the purposes of this clause, the term "Rules" shall include any amendments to the rules adopted from time to time. A copy of the Rules of the Funds and any amendments thereto shall be transmitted to the Director-General: Manpower Utilisation.

6. EXEMPTIONS

(1) Subject to the proviso to section 51 (3) of the Act, the Council may, on account of old age or infirmity or for any other good or sufficient reason, grant to or in respect of any person exemption from any of the provisions of this Agreement.

(2) The Council shall fix in respect of any person granted exemption under the provisions of subclause (1) the conditions subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate: Provided that the Council may, if it deems fit, after one week's notice in writing has been given to the person concerned, withdraw any licence of exemption.

(3) The Secretary of the Council shall issue to every person granted exemption in accordance with the provisions of this clause a licence signed by him setting out—

(a) the full name of the person concerned;

(b) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;

(c) the condition fixed in accordance with the provisions of subclause (2) subject to which such exemption is granted; and

(d) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary of the Council shall—

(a) retain a copy of each licence issued; and

(b) where an exemption is granted to an employee, forward a copy of the licence of exemption to the employer concerned.

(5) Every employer and employee shall observe the provisions of any licence of exemption in terms of this clause.

7. AGENTS

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement.

It shall be the duty of every employer and every employee to permit such agents to institute such enquiries and to examine such books and/or documents and to interrogate such persons as may be necessary for this purpose.

8. EXHIBITION OF AGREEMENT

Every employer shall keep a legible copy of this Agreement in both official languages, in the form prescribed in the regulations under the Act, exhibited in his establishment in a place readily accessible to his employees. He shall similarly exhibit a copy of the Rules of the Funds.

9. BENEFITS

The benefits to which a member is entitled shall be as set out in Annexures B and D to this Agreement.

Signed at East London on behalf of the parties this 29th day of July 1980.

P. W. MACKIE, Chairman of the Council.

M. LALARAM, Vice-Chairman of the Council.

C. G POTGIETER, Secretary of the Council

AANHANGSEL A

M.C.G.-MEDIESE FONDS

BYLAE VAN LEDE SE BYDRAES GEBASEER OP WERKNEMERS SE VERDIENSTES

By die bedrae deur lede bygedra ingevolge hierdie Bylae moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg en die groottotaal voor of op die 15de dag van die onmiddellik daaropvolgende maand aan die Fonds stuur.

Tot	Groep 1		Groep 2	
	Maandeliks R104	Weekliks R24	Maandeliks R130	Weekliks R30
M	1,21	0,28	1,42	0,33
M1	2,41	0,56	2,84	0,66
M2	3,62	0,84	4,26	0,99
M3	4,00	0,93	4,73	1,10
M4	4,39	1,02	5,21	1,21

Tot	Groep 3		Groep 4	
	Maandeliks R173	Weekliks R40	Maandeliks R217	Weekliks R50
M	1,68	0,39	1,90	0,45
M1	3,35	0,78	3,87	0,90
M2	5,03	1,17	5,81	1,35
M3	5,59	1,30	6,45	1,50
M4	6,15	1,43	7,10	1,65

Tot	Groep 5		Groep 6	
	Maandeliks R260	Weekliks R60	Maandeliks R303	Weekliks R70
M	2,32	0,54	2,95	0,64
M1	4,64	1,08	5,50	1,28
M2	6,97	1,62	8,26	1,92
M3	7,70	1,79	9,16	2,13
M4	8,43	1,96	10,06	2,34

Tot	Groep 7		Groep 8	
	Maandeliks R347	Weekliks R80	Maandeliks R390	Weekliks R90
M	3,46	0,80	4,30	1,00
M1	6,92	1,60	8,60	2,00
M2	10,39	2,40	12,90	3,00
M3	11,49	2,67	14,32	3,33
M4	12,65	2,94	15,74	3,66

Tot	Groep 9		Groep 10	
	Maandeliks R450	Weekliks R105	Maandeliks R520	Weekliks R120
M	5,59	1,30	7,10	1,65
M1	11,18	2,60	14,19	3,30
M2	15,48	3,60	17,63	4,10
M3	17,33	4,03	19,57	4,55
M4	19,18	4,46	21,50	5,00

Tot	Groep 11		Groep 12	
	Maandeliks R650	Weekliks R150	Maandeliks R650+	Weekliks R150+
M	8,60	2,00	10,75	2,50
M1	17,20	4,00	21,50	5,00
M2	20,21	4,70	24,51	5,70
M3	21,93	5,10	25,80	6,00
M4	23,65	5,50	27,09	6,30

Bydraes is op 'n maandelikse grondslag betaalbaar en die weeklikse aftrekkings word hierbo slegs gerieflikheidshalwe aangetoon.

Sleutel:

"M" beteken lid sonder afhanklikes;
"M1" beteken lid met een afhanklike;
"M2" beteken lid met twee afhanklikes;
"M3" beteken lid met drie afhanklikes;
"M4" beteken lid met vier of meer afhanklikes.

ANNEXURE A

M.C.G. MEDICAL FUND

SCHEDULE OF MEMBERS' CONTRIBUTIONS BASED ON THE EMPLOYEES' EARNINGS

To the amounts contributed by members in terms of this Schedule the employer shall add a like amount and forward the resultant total to the Fund by not later than the 15th day of the month immediately following.

Up to	Group 1		Group 2	
	Monthly R104	Weekly R24	Monthly R130	Weekly R30
M	1,21	0,28	1,42	0,33
M1	2,41	0,56	2,84	0,66
M2	3,62	0,84	4,26	0,99
M3	4,00	0,93	4,73	1,10
M4	4,39	1,02	5,21	1,21

Up to	Group 3		Group 4	
	Monthly R173	Weekly R40	Monthly R217	Weekly R50
M	1,68	0,39	1,94	0,45
M1	3,35	0,78	3,87	0,90
M2	5,03	1,17	5,81	1,35
M3	5,59	1,30	6,45	1,50
M4	6,15	1,43	7,10	1,65

Up to	Group 5		Group 6	
	Monthly R260	Weekly R60	Monthly R303	Weekly R70
M	2,32	0,54	2,75	0,64
M1	4,64	1,08	5,50	1,28
M2	6,97	1,62	8,26	1,92
M3	7,70	1,79	9,16	2,13
M4	8,43	1,96	10,06	2,34

Up to	Group 7		Group 8	
	Monthly R347	Weekly R80	Monthly R390	Weekly R90
M	3,46	0,80	4,30	1,00
M1	6,92	1,60	8,60	2,00
M2	10,39	2,40	12,90	3,00
M3	11,49	2,67	14,32	3,33
M4	12,65	2,94	15,74	3,66

Up to	Group 9		Group 10	
	Monthly R450	Weekly R105	Monthly R520	Weekly R120
M	5,59	1,30	7,10	1,65
M1	11,18	2,60	14,19	3,30
M2	15,48	3,60	17,63	4,10
M3	17,33	4,03	19,57	4,55
M4	19,18	4,46	21,50	5,00

Up to	Group 11		Group 12	
	Monthly R650	Weekly R150	Monthly R650+	Weekly R150+
M	8,60	2,00	10,75	2,50
M1	17,20	4,00	21,50	5,00
M2	20,21	4,70	24,51	5,70
M3	21,93	5,10	25,80	6,00
M4	23,65	5,50	27,09	6,30

Contributions are payable on a monthly basis and the weekly deductions are shown above for convenience only.

Key:

"M" means member having no dependants;
"M1" means member having one dependant;
"M2" means member having two dependants;
"M3" means member having three dependants;
"M4" means member having four or more dependants.

AANHANGSEL B

M.C.G.-MEDIESE FONDS

BYLAE VAN BYSTAND

Lede is geregtig op onderstaande bystand ten opsigte van hulself en hul afhanklikes:

1. ALGEMENE PRAKTISYN

1.1 100 persent van die tarief vir konsultasies, besoeke, diagnostiese ondersoeke, behandelings, chirurgiese operasies en prosedures.

1.2 100 persent van die koste van materiaal vir inspuitings en medisyne deur die dokter verskaf: Met dien verstande dat van die lid vereis word om 25c tot die koste van inspuitingsmateriaal by te dra.

2. SPESIALISTE

2.1 100 persent van die tarief vir konsultasies, besoeke, diagnotiese ondersoeke, behandelings, chirurgiese operasies en prosedures: Met dien verstande dat die konsultasie of besoek aanbeveel is deur die dokter wat hom behandel.

2.2 100 persent van die koste van materiaal vir inspuitings en medisyne deur die dokter verskaf.

2.3 100 persent van die tarief vir chirurgiese prosedures en operasies.

3. HOSPITALISASIE

3.1 Akkommodasie, teater en herstelsaal: 100 persent van die tarief vir die algemene saal van 'n hospitaal of private verpleeginrigting: Met dien verstande dat dié tarief hoogstens 80 persent is van die ooreengekome tarief vir private hospitale.

3.2 100 persent van die koste van ontsmettingsmiddels, medisyne, verbande en materiaal vir inspuitings verskaf terwyl in 'n hospitaal opgeneem.

3.3 Intensiewesorg-eenheid: 100 persent van die goedgekeurde tarief van private hospitale vir 'n onbeperkte aantal dae—indien deur 'n mediese praktisyn gesertifiseer as noodsaaklik vir die pasiënt se herstel.

4. MEDISYNE

4.1 100 persent van die koste van medisyne en materiaal vir inspuiting of inenting deur 'n mediese praktisyn of tandarts voorgeskryf, uitgesonderd dié toegedien of verskaf terwyl in 'n hospitaal opgeneem, nadat 25c afgetrek is vir elke item in 'n voorskrif, tot 'n maksimum van R1 ten opsigte van een voorskrif, wat die lid self moet betaal.

4.2 Daar is geen beperking ten opsigte van die totale mediese bystand nie.

5. TANDHEELKUNDIGE DIENSTE

5.1 100 persent van die tarief vir konserwatiewe tandheelkundige behandeling, d.w.s. stopsels, trek van tande, X-strale en profilakse.

5.2 100 persent van die tarief vir kunstande, tandkroning en brugwerk, ortodontiese en preprostetiese chirurgie, maar die Fonds se aanspreeklikheid is beperk tot R100 vir 'n enkele lid en tot R160 vir 'n lid met afhanklikes.

6. HULPDIENSTE

6.1 *Bloedoortapping*.

100 persent van die koste (d.w.s. die koste van die bloed, die apparaat en die bedienersgeld).

6.2 *Fisioterapie*.

100 persent van die toepaslike tarief indien deur 'n dokter voorgeskryf: Met dien verstande dat hierdie bystand hoogstens 20 handelings behels.

6.3 *Voetheelkunde*.

100 persent van die koste indien deur 'n algemene praktisyn voorgeskryf, met 'n maksimum van R50 per jaar.

6.4 *Kliniese sielkunde*.

100 persent van die tarief vir psigiatrie ten opsigte van dienste deur 'n geregistreerde kliniese sielkundige gelewer indien hierdie dienste deur 'n mediese praktisyn aanbeveel is. Die maksimum bystand is 20 behandelings.

6.5 *Chiropraktisyns*.

100 persent van die tarief vir fisioterapie, met 'n maksimum van 20 behandelings.

6.6 *Private verpleging*.

100 persent van die koste van private verpleegdienste, behoudens die goedkeuring van die Bestuurskomitee: Met dien verstande dat 'n mediese praktisyn die verpleegdienste van 'n geregistreerde verpleegster in 'n lid se huis in plaas van verblyf in 'n hospitaal voorgeskryf het en toesig oor die geval bly hou. Die maksimum tarief is 80 persent van die tarief vir 'n algemene saal in 'n provinsiale hospitaal vir hoogstens 60 dae. Spesiale verpleegdienste terwyl 'n lid in die hospitaal is, kom nie in aanmerking vir bystand nie.

ANNEXURE B

M.C.G. MEDICAL FUND

SCHEDULE OF BENEFITS

Members shall be entitled to the following benefits in respect of themselves and their dependants:

1. GENERAL PRACTITIONER

1.1 100 per cent of the tariff of fees for consultations, visits, diagnostic examinations, treatments, surgical operations and procedures.

1.2 100 per cent of the cost of materials for injections and medicines provided by the doctor: Provided that the member is required to pay 25c towards the cost of injection materials.

2. SPECIALISTS

2.1 100 per cent of the tariff of fees for consultations, visits, diagnostic examinations, treatments, surgical operations and procedures: Provided that the consultation or visit is recommended by the attending practitioner.

2.2 100 per cent of the cost of material for injections and medicines provided by the doctor.

2.3 100 per cent of the tariff of fees for surgical procedures and operations.

3. HOSPITALISATION

3.1 Accommodation, theatre and recovery ward, 100 per cent of the fee for general ward of a hospital or private nursing home: Provided that such fee does not exceed 80 per cent of the fee listed in the private hospital agreed tariff.

3.2 100 per cent of the cost of disinfectants, medicine, bandages and material for injections supplied whilst accommodated in a hospital.

3.3 Intensive Care Unit (I.C.U.): 100 per cent of approved tariff of private hospitals with no limit on the number of days—when certified by a medical practitioner as necessary for the recovery of the patient.

4. MEDICINES

4.1 100 per cent of the cost of medicine and materials for injection or vaccination prescribed by a medical practitioner or dentist, excluding those administered or supplied whilst accommodated in a hospital, after 25c for each item in any prescription, to a maximum of R1 in respect of any one prescription payable by the member himself, has been deducted.

4.2 No limits are applied to total medicine benefits.

5. DENTAL SERVICES

5.1 100 per cent of the tariff of fees for conservative dental treatment, i.e. fillings, extractions, X-rays and prophylaxis.

5.2 100 per cent of the tariff of fees for denture, crown and bridge work, orthodontics and pre-prosthetic surgery, but the liability of the Fund shall be restricted to R100 for a single member and R160 for a member with dependants.

6. AUXILIARY SERVICES

6.1 *Blood transfusions*

100 per cent of the cost (i.e. the cost of blood, apparatus and the operator's fees).

6.2 *Physiotherapy*.

100 per cent of the tariff applicable, when prescribed by a doctor: Provided that this benefit shall not exceed 20 treatments.

6.3 *Chiropody*.

100 per cent of the cost, if prescribed by a general practitioner, with a maximum of R50 per annum.

6.4 *Clinical psychology*.

100 per cent of the tariff of fees for psychiatry in respect of services rendered by a registered clinical psychologist, if these services have been recommended by a medical practitioner. The maximum benefit is 20 treatments.

6.5 *Chiropractors*.

100 per cent of the tariff of fees for physiotherapy, with a maximum of 20 treatments.

6.6 *Private nursing*.

100 per cent of the cost of private nursing services, subject to the approval of the Management Committee: Provided that a medical practitioner prescribed the nursing services of a registered nurse in the home of a mumber instead of a stay in hospital and remains in supervision of the case. Maximum fee being 80 per cent of a general ward rate of a provincial hospital subject to 60 days. Special nursing services during a member's stay in hospital do not qualify for benefits.

6.7 *Optometriese dienste.*

Die koste van gesigsondersoek deur 'n optometris en vir die verskaffing van lense en rame, uitgesonderd kontaklense, tot 'n bedrag van hoogstens R25 per lid per jaar.

6.8 *Ambulans.*

100 persent van die koste vir ambulansdienste na die naaste provinsiale hospitaal of vir die vervoer vanaf een hospitaal na 'n ander of vir die vervoer vanaf 'n hospitaal na die pasiënt se vaste woning indien 'n dokter gesertifiseer het dat dié vervoer noodsaaklik is in belang van die pasiënt. 'n Maksimum van R20 is vir die duur van elke geval betaalbaar.

6.9 In die geval van totale bystand is daar geen perke nie.

L.W.—Ten einde vir bystand in aanmerking te kom, word die volgende bydraes vereis:

Medies en farmaseuties: Vier weke.

Tandheelkundig: Chirurgie en stopwerk: Vier weke.

Kunstande: 52 weke.

Bevallings: Nege maande: Met dien verstande dat die vrou nege maande lank as 'n afhanklike geregistreer was.

BYLAE C

M.C.G. SIEKTEBESOLDIGINGSFONDS

BYLAE VAN LEDE SE BYDRAES GEBASEER OP WERKNEMERS SE VERDIENSTES

By die bedrae deur lede bygedra ingevolge hierdie Bylae moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg en die groottotaal voor of op die 15de dag van die onmiddellik daaropvolgende maand aan die Fonds stuur.

Groep	Maandelikse salaris hoogstens	Weeklikse loon hoogstens	Bydraes per week
	R	R	sent
1	104	24	14
2	130	30	16
3	173	40	20
4	217	50	24
5	260	60	28
6	303	70	32
7	347	80	39
8	390	90	47
9	450	105	57
10	520	120	67
11	650	150	82
12	Meer as 650	Meer as 150	97

BYLAE D

M.C.G. SIEKEBESOLDIGINGSFONDS

BYLAE VAN BYSTAND

Onderhewig aan die reëls van die Fonds moet ondergenoemde bystand aan bydraers betaal word gedurende tydperke waarin hulle weens siekte van hulle werk afwesig is:

Groep	Maandelikse salaris hoogstens	Weeklikse loon hoogstens	Siektebystand per week 1ste–34ste week
	R	R	R
1	104	24	10,50
2	130	30	13,50
3	173	40	17,50
4	217	50	22,50
5	260	60	27,50
6	303	70	32,50
7	347	80	37,50
8	390	90	42,50
9	450	105	48,75
10	520	120	56,25
11	650	150	67,50
12	Meer as 650	Meer as 150	82,50

6.7 *Optometric services.*

The cost of visual examination by an optometrist and for the supply of lenses and frames, excluding contact lenses, to an amount not exceeding R25 per member per annum.

6.8 *Ambulance.*

100 per cent of the cost of ambulance services to the nearest provincial hospital or for transport from one hospital to another or for transport from a hospital to the regular abode of the patient when such transport has been certified by a doctor as being essential to the patient's interest. A maximum of R20 is payable for the duration of each case.

6.9 No limits are applied to total benefits.

N.B.—To qualify for benefits the following contributions are required:

Medical and pharmaceutical: Four weeks.

Dental: Surgery and fillings: Four weeks.

Dentures: 52 weeks.

Confinement benefits: Nine months: Provided that the wife is registered as a dependant for nine months.

ANNEXURE C

M.C.G. SICK PAY FUND

SCHEDULE OF MEMBERS' CONTRIBUTIONS BASED ON THE EMPLOYEES' EARNINGS

To the amounts contributed by members in terms of this Schedule the employer shall add a like amount and forward the resultant total to the Fund by not later than the 15th day of the month immediately following.

Group	Monthly salary not more than	Weekly wage not more than	Contributions per week
	R	R	R
1	104	24	0,14
2	130	30	0,16
3	173	40	0,20
4	217	50	0,24
5	260	60	0,28
6	303	70	0,32
7	347	80	0,39
8	390	90	0,47
9	450	105	0,57
10	520	120	0,67
11	650	150	0,82
12	More than 650	More than 150	0,97

ANNEXURE D

M.C.G. SICK PAY FUND

SCHEDULE OF BENEFITS

Subject to the rules of the Fund the following benefits shall be paid to contributors during periods of absence from work owing to sickness:

Group	Monthly salary not more than	Weekly wage not more than	Sick pay per week 1st to 34th week
	R	R	R
1	104	24	10,50
2	130	30	13,50
3	173	40	17,50
4	217	50	22,50
5	260	60	27,50
6	303	70	32,50
7	347	80	37,50
8	390	90	42,50
9	450	105	48,75
10	520	120	56,25
11	650	150	67,50
12	More than 650	More than 150	82,50

No. R. 80 16 Januarie 1981

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

MEUBELNYWERHEID, GRENS.—VRYSTELLING VAN SIEKTEVERLOFBEPALINGS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, stel hierby, kragtens artikel 54 (1) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, en met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir sodanige tydperk of tydperke as wat die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 79 van 16 Januarie 1981, kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, bindend mag wees, alle werkgewers wat onderworpe is aan die bepalings van genoemde Ooreenkoms, vry van die vereistes van artikel 21A van eersgenoemde Wet, ten opsigte van werknemers wat ingevolge genoemde Ooreenkoms op siektebystand geregtig is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 80 16 January 1981

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

BORDER FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY.—EXEMPTION FROM SICK LEAVE PROVISIONS

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 54 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for such period or periods as the Agreement published under Government Notice R. 79 of 16 January 1971, may be binding in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, exempt all employers who are subject to the provisions of the said Agreement from the requirements of section 21A of the first-mentioned Act, in respect of employees who are entitled to sick pay in terms of the said Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

University of Fort Hare
Together in Excellence

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
Mannekragbenutting, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 79	Wet op Nywerheidsversoening (28/1956): Meubelnywerheid, Grens: Mediese Hulp- en Siektebesoldigingsfondsooreenkoms.....	1	7374
R 80	Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk (22/1941): Meubelnywerheid, Grens: Vrystelling van siekteverlofbepalings.....	7	7374

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
Manpower Utilisation, Department of			
Government Notices			
R. 79	Industrial Conciliation Act (28/1956): Furniture Manufacturing Industry, Border: Medical Aid and Sick Pay Fund Agreement.....	1	7374
R. 80	Factories, Machinery and Building Work Act (22/1941): Furniture Manufacturing Industry, Border: Exemption from sick leave provisions.....	7	7374

7375

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD Registered at the Post Office as a Newspaper
POSVRY · POST FREE

Vol. 187] PRETORIA, 16 JANUARIE JANUARY 1981 [No. 7375

ALGEMENEKENNISGEWING

KENNISGEWING 43 VAN 1981

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

LOONWET, 1957

WYSIGING VAN LOONVASSTELLING 358.—DRANKVERVAARDIGINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE

In opdrag van die Minister van Mannekragbenutting word hierby, kragtens artikel 15 (2) gelees met artikels 15 (6) en 13 (1) (a) van die Loonwet, 1957, bekendgemaak dat die Minister voornemens is om bovermelde Loonvasstelling te wysig ooreenkomstig die Loonraad se aanbeveling wat in die Bylae hiervan verskyn.

Alle persone wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak mag word, word hierby die geleentheid gebied om, as hulle besware teen die wysiging van genoemde Vasstelling het, sodanige besware skriftelik, in negevoud, tesame met nege afskrifte van alle ondersteunende dokumente, binne 30 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting, Privaatsak X117, Pretoria, 0001, in te dien.

Opmerking.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantore van die Afdelingsinspekteurs, Departement van Mannekragbenutting, Bloemfontein, Durban, George, Johannesburg, Kaapstad, Kimberley, Oos-Londen, Port Elizabeth en Pretoria.

BYLAE

AANBEVELING AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN MANNEKRAGBENUTTING DEUR AFDELING B (III) VAN DIE LOONRAAD

DRANKVERVAARDIGINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.—WYSIGING VAN LOONVASSTELLING 358

Loonvasstelling 358, Drankvervaardigingsnywerheid, Sekere Gebiede, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 354 van 8 Maart 1978, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 370 van 3 Maart 1978, word hierby verder gewysig ooreenkomstig die Bylae hiervan

BYLAE

1. Vervang klousule 3 (1) (a) deur die volgende:

"(a) Ander werknemers as dié in (b) en (c) bedoel:

GENERAL NOTICE

NOTICE 43 OF 1981

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

WAGE ACT, 1957

AMENDMENT OF WAGE DETERMINATION 358.—LIQUOR MANUFACTURING INDUSTRY, CERTAIN AREAS

By direction of the Minister of Manpower Utilisation, it is hereby notified, in terms of section 15 (2) read with sections 15 (6) and 13 (1) (a) of the Wage Act, 1957, that the Minister proposes to amend the above Wage Determination in accordance with the recommendation of the Wage Board which appears in the Schedule hereto.

All persons whose interests may be affected directly or indirectly are hereby invited, should they have any objections to the amendment of the said Determination, to lodge such objections in writing, in ninefold, together with nine copies of all supporting documents, with the Director-General: Manpower Utilisation, Private Bag X117, Pretoria, 0001, within 30 days from the date of publication of this notice.

Note.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for perusal at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Manpower Utilisation, Bloemfontein, Cape Town, Durban, East London, George, Johannesburg, Kimberley, Port Elizabeth and Pretoria.

SCHEDULE

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF MANPOWER UTILISATION BY DIVISION B (III) OF THE WAGE BOARD

LIQUOR MANUFACTURING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.—AMENDMENT OF WAGE DETERMINATION 358

(4) Indien sodanige bouloodse nie tot tevredenheid van die plaaslike owerheid gebou en geleë is of ten opsigte van toestand en voorkoms in orde gehou word nie, kan die plaaslike owerheid kennis gee aan die persoon wat die werk uitvoer of aan die eienaar van die terrein waarop die werk uitgevoer word of uitgevoer gaan word, om binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer moet wees, sodanige bouloodse te verskuif, te herbou of te herstel of die voorkoms daarvan te verbeter of, indien dit vir 'n ander doel gebruik word as dié wat ingevolge hierdie regulasie toegelaat word, om op te hou om dit te gebruik vir 'n doel wat strydig is met die gebruik wat aldus toegelaat word.

(5) By voltooiing of staking van die werk in subregulasie (1) genoem, of indien sodanige bouloodse na die mening van die plaaslike owerheid nie meer nodig is vir die doel waarvoor hulle opgerig is nie, moet hulle gesloop word indien nodig en verwyder word deur die eienaar van die terrein of die persoon aan wie hulle behoort of wat hulle laat oprig het.

(6) 'n Opsigter of nagwag wat in diens is in verband met 'n gebou wat

(b) No person shall permit or cause such plan to show any false or misleading information in respect of the building to which it relates.

(5) Any person contravening the requirements of subregulation (3) or (4) shall be guilty of an offence.

A11. Copies of Plans and Drawings to be Kept on Site

(1) The owner of any building being erected shall ensure that one true set of plans, documents and information (other than a fire protection plan) as required in terms of these regulations, and such additional copies thereof as may be required by the local authority, shall at all times be kept on the site until the erection work is completed.

(2) Such true set and additional copies, if any, shall at all times be maintained in a clean and legible condition and shall at all times be available for inspection by the local authority or any other person authorized thereto by law.

A12. Pointing Out of Boundary Beacons

If required by the local authority the applicant shall and at his own cost engage a land surveyor to establish and point out the boundary pegs or beacons of the site to the local authority before commencing with any erection work.

A13. Notice of Intention to Commence Building or Demolition and Notices of Inspection

(1) *(a)* No person shall commence the erection or demolition of any building unless notice, on a form to be supplied by the local authority, shall have been given to such authority stating the date on which such commencement will take place.

(b) Such notice shall be given at least 4 days, exclusive of a Saturday, Sunday or public holiday, before such commencement.

(2) Notice on a form, to be supplied by the local authority, shall be given to such authority of a date which shall be at least four days, exclusive of a Saturday, Sunday or public holiday, from the date of receipt by it of such notice, on which, as the case may be—

(a) soil treatment where prescribed by the local authority, in terms of regulation B4 (1),

(b) excavations for foundations, stormwater and drainage purposes,

(c) foundations,

(d) construction work up to the height of the dampproof course,

(e) construction work on the roof structure, before enclosure thereof, ceiling fixture and fire stoppings in service ducts, or

(f) drainage work will be ready for such inspection and testing as the local authority may consider necessary.

(3) No person shall enclose or backfill any work to be inspected or tested in terms of subregulation (2) until the local authority has authorised him to do so.

(4) Any authorisation granted in terms of subregulation (3) may be made subject to a condition that any work which in the opinion of the local authority has been carried out in an unsatisfactory or unworkmanlike manner, shall be rectified to its satisfaction.

A14. Builders' Sheds

(1) Any person carrying out or performing any work in connection with the erection of any building or the demolition of any building, may erect such builders' sheds or other temporary structures (herein referred to as builders' sheds) as may in the opinion of the local authority be necessary.

(2) Such builders' sheds shall be constructed, located and maintained in good order and appearance to the satisfaction of the local authority.

(3) Subject to the provisions of subregulation (6) such builders' sheds shall not be used for any purpose not connected with the carrying out or performance of the work referred to in subregulation (1).

(4) If such builders' sheds are not constructed, located or maintained in good order and appearance to the satisfaction of the local authority, it may serve a notice on the person carrying out the work or on the owner of the site on which the work is being or is to be carried out, requiring him within a time to be specified in such notice, to move, reconstruct or repair or improve the appearance of such sheds or if use thereof is being made other than that permitted in terms of this regulation to cease making use thereof contrary to the use so permitted.

(5) On completion or cessation of the work referred to in subregulation (1) or when such builders' sheds are in the opinion of the local authority no longer necessary for the purpose for which they were constructed they shall be demolished if necessary, and removed by the owner of the site or the person who owns them or who caused the erection thereof.

(6) A caretaker or night-watchman employed in connection with a

opgerig word of opgerig gaan word of 'n gebou wat gesloop word of gesloop gaan word, kan in 'n goedgekeurde bouloods gehuisves word, en die goedkeuring kan verleen word onderworpe aan dié vereistes en voorwaardes wat nodig is ter beveiliging van die openbare gesondheid en die gesondheid van die opsigter of nagwag en ter vermyding van oorlas of ongerief vir persone in die omgewing.

(7) Niemand mag sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid—

(a) veroorsaak of toelaat dat iemand (met inbegrip van 'n opsigter of nagwag wat in verband met die betrokke werk in diens is) gehuisves word in 'n gebou wat opgerig of gesloop word nie, of

(b) tussen 20h00 op een dag en 06h00 op die volgende dag 'n terrein of enige bouloods binnegaan of daar bly of veroorsaak of toelaat dat iemand daar ingaan of bly nie, behalwe vir doeleindes wat betrekking het op die oprigting of sloping van die betrokke gebou.

(8) Die bepalings van subregulasie 7 *(a)* geld nie ten opsigte van 'n eienaar in die geval van 'n gebou wat verbou, verander, vergroot, herstel of onderverdeel word of waaraan daar aangebou word nie.

(9) Iemand wat versuim om 'n vereiste of voorwaarde opgelê ingevolge subregulasie (6) te voldoen of wat die bepalings van subregulasie (7) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

A15. Sanitêre Geriewe

(1) Niemand mag met werk begin of voortgaan wat die oprigting of sloping van 'n gebou behels of dit voorafgaan nie, tensy goedgekeurde sanitêre geriewe vir alle personeel wat werk aan of in verband met sodanige werk tot tevredenheid van die plaaslike owerheid voorsien is of op die terrein of op 'n ander goedgekeurde plek beskikbaar is.

(2) Sodanige sanitêre geriewe moet so geleë wees dat hulle nie aanstoot kan gee nie, moet te alle tye tot tevredenheid van die plaaslike owerheid skoon en higiënies gehou word en moet, tensy hulle van 'n permanente aard is, onmiddellik na voltooiing van sodanige bouwerk verwyder word van die plek waar hulle geleë is deur die persoon wat sodanige sanitêre geriewe in die eerste instansie voorsien het of, by ontstentenis van sodanige persoon, deur die eienaar.

(3) Die sanitêre geriewe wat ingevolge hierdie regulasie voorsien word, moet sodanig wees dat daar minstens een kloset vir elke 15 werkers (of deel van dié getal) is.

(4) Iemand wat die bepalings van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

A16. Opberging op die Terrein

(1) Niemand mag werktuie, masjinerie, uitrusting of materiaal wat nie regstreeks of redelikerwys verband hou met die werk wat op die terrein uitgevoer word of uitgevoer gaan word, op die terrein opberg of hou of toelaat dat dit daarop opgeberg of gehou word nie.

(2) Die plaaslike owerheid kan, indien hy van mening is dat die werktuie, masjinerie, uitrusting of materiaal meer is as wat redelikerwyse vir die uitvoering van die werk op die terrein nodig is, deur skriftelike kennisgewing die eienaar daarvan gelas om sodanige oormaat te verwyder binne die tydperk wat in die kennisgewing gespesifiseer word.

(3) Indien die plaaslike owerheid van mening is dat daar toegelaat word dat oormatige puin of afval voor of tydens bouwerk op 'n terrein ophoop, kan hy deur skriftelike kennisgewing die eienaar van die terrein gelas om dit te verwyder binne die tydperk wat in die kennisgewing gespesifiseer word.

(4) Iemand wat die bepalings van hierdie regulasie oortree of wat versuim om gehoor te gee aan 'n kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, is aan 'n misdryf skuldig.

A17. Beskadiging van Eiendom van die Plaaslike Owerheid

(1) *(a)* Iemand wat van voorneme is om enigiets in verband met die oprigting of sloping van 'n gebou oor 'n sypaadjie of looppad wat deel van 'n openbare straat of openbare plek uitmaak of oor 'n openbare hoofwaterleiding, riool of ander eiendom van die plaaslike owerheid te vervoer of te verskuif, moet hom, voordat hy met sodanige vervoerwerk of verskuiwing begin, vergewis van die maksimim toelaatbare massa, indien daar is (wat deur 'n beampte deur die plaaslike owerheid vir dié doel aangewys, bepaal word) wat oor die eiendom vervoer of verskuif kan word.

(b) Indien die maksimum toelaatbare massa in paragraaf *(a)* bedoel oorskry sal word, moet die persoon, voordat hy met die vervoerwerk of verskuiwing begin, sodanige deposito aan die plaaslike owerheid betaal of sodanige sekuriteit gee as wat die plaaslike owerheid vereis om die koste te dek van enige skade wat moontlik deur sodanige vervoerwerk of verskuiwing aan die eiendom van die plaaslike owerheid veroorsaak kan word.

(c) Ingeval daar skade aan die plaaslike owerheid se eiendom veroorsaak word deur die vervoerwerk of verskuiwing in paragraaf *(b)* bedoel, is die plaaslike owerheid geregtig om die bedrag van die deposito of sekuriteit aan die koste van die herstel van sodanige skade toe te wys: Met dien verstande dat indien die bedrag van die deposito of sekuriteit sodanige koste oorskry, die

building which is being or which is to be erected or any building which is being or which is to be demolished, may be accommodated in any approved builders' sheds and the approval may be given subject to such requirements and conditions as may be necessary for safeguarding public health and the health of the caretaker or night-watchman and for avoiding any nuisance or inconvenience to persons in the vicinity.

(7) No person shall without the prior consent in writing of the local authority—

(a) cause or permit any person (including any caretaker or night-watchman employed in connection with the work concerned) to be accommodated in any building which is in the course of erection or dmolition, or

(b) between 20h00 on any day and 06h00 on the following day enter or remain on or cause or permit any person to enter on or remain on any site or in any builders' shed except for purposes connected with the erection or demolition of the building in question.

(8) The provisions of subregulation (7) *(a)* shall not apply in respect of an owner in the case of a building in the course of alteration, conversion, extension, repair or subdivision thereof or addition thereto.

(9) Any person who fails to comply with a requirement or condition imposed in terms of subregulation (6) or who contravenes the provisions of subregulation (7) shall be guilty of an offence.

A15. Sanitary Facilities

(1) No person shall commence or continue any work which involves or is preparatory to the erection or demolition of any building unless approved sanitary facilities for all personnel employed on or in connection with such work have to the satisfaction of the local authority been provided or are available on the site or at some other approved place.

(2) Such sanitary facilities shall be so sited as not to cause offence, shall at all times be maintained in a clean and hygienic condition to the satisfaction of the local authority and shall, unless they are of a permanent nature, be removed by the person who provided such sanitary facilities in the first place or, failing such person, the owner, from the place where they are situated immediately such building work is completed.

(3) The sanitary facilities to be provided in terms of this regulation shall be at the rate of not less than one closet for every 15 members (or part of that number) of the personnel.

(4) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of this regulation shall be guilty of an offence.

A16. Storage on Site

(1) No person shall store, keep or permit to be stored or kept any plant, machinery, equipment or material on the site which is not directly or reasonably incidental to the work being performed or to be performed thereon.

(2) The local authority may, if in its opinion any plant, machinery, equipment or materials are in excess of the amount reasonably required for the performance of the work on the site, by notice in writing call upon the owner thereof to remove such excess within such period as may be specified in such notice.

(3) If in the opinion of the local authority excessive rubble, rubbish or other debris is allowed to accumulate on a site before or during building operations, it may by notice in writing call upon the owner of such site to have it removed within such period as may be specified in such notice.

(4) Any person contravening the provisions of this regulation or who fails to comply with a notice issued in terms thereof shall be guilty of an offence.

A17. Damage to Local Authority's Property

(1) *(a)* Any person intending to convey or move anything in connection with the erection or demolition of any building across any sidewalk or footway forming part of a public street or public place, or across any public water mains, sewer or any other property of the local authority shall, before commencing so to convey or move, apprise himself of the maximum permissible mass, if any, (such maximum to be determined by an officer designated by the local authority for that purpose) which may be conveyed or moved over such property.

(b) Where the maximum permissible mass contemplated in paragraph *(a)* will be exceeded such person shall before so conveying or moving pay to the local authority such deposit or give such security as it may require to cover the costs of any damage which may be caused to the local authority's property by such conveyance or moving.

(c) In the event of damage to the local authority's property being caused by the conveyance or moving contemplated in paragraph *(b)* the local authority shall be entitled to appropriate the amount of the deposit or security towards the costs of repairing such damage: Provided that if the amount of the deposit or security exceeds such costs, the balance shall be refunded to such

balans aan sodanige persoon terugbetaal moet word: Met dien verstande voorts dat indien sodanige koste die bedrag van die deposito of sekuriteit oorskry, sodanige persoon vir die tekort teenoor die plaaslike owerheid aanspreeklik is tensy hy bewys lewer dat sodanige skade nie die gevolg van sy nalatigheid was nie.

(d) Behoudens die bepalings van paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* is 'n persoon wat deur die vervoerwerk of verskuiwing in daardie paragrawe bedoel, skade aan die plaaslike owerheid se eiendom veroorsaak, aanspreeklik vir die koste van alle herstelwerk wat as gevolg van sodanige beskadiging nodig is, tensy hy bewys lewer dat sodanige skade nie die gevolg van sy nalatigheid is nie.

(2) Iemand wat die bepalings van hierdie regulasie oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

A18. Straathoogtes

(1) Indien die plaaslike owerheid dit nodig ag dat 'n beoogde gebou moet saamval met die werklike of beoogde hoogtes van 'n openbare straat waaraan die terrein grens, moet hy by indiening van die betrokke aansoek of by ontvangs van die plan bedoel in paragraaf *(e)* van regulasie A4 (1), besonderhede betreffende sodanige hoogtes verstrek aan die aansoeker of die persoon wat beoog om sodanige gebou op te rig.

(2) Die aansoeker moet toesien dat die hoogtes van alle gedeeltes van sodanige gebou en van alle strukture en dienste wat daarby hoort, met inbegrip van die hoogtes van die fondamente, vloere, perseelriole, oppervlakkanale, paadjies, in- en uitritte, ingange en enige ander faktore wat deur die aldus verstrekte hoogtes geraak kan word, tot tevredenheid van die plaaslike owerheid met sodanige hoogtes bestaanbaar is.

A19. Insnyding in en Blootstelling en Sloping van Sekere Werk

(1) Indien die plaaslike owerheid op redelike gronde van mening is dat werk wat in verband met die oprigting van 'n gebou uitgevoer is, nie in ooreenstemming is met die bepalings van hierdie regulasies of met 'n goedkeuring of magtiging ingevolge daarvan verleen nie, en indien sodanige werk so ver gevorder het dat hy nie kan bepaal of die werk aldus voldoen of nie, kan hy deur skriftelike kennisgewing gelas dat die eienaar van sodanige gebou—

(a) in sodanige werk laat insny, dit laat blootlê of sloop; of

(b) 'n volskaalse toets laat uitvoer binne sodanige tydperk en in dié mate en deur sodanige persoon as wat in die kennisgewing gespesifiseer word.

(2) *(a)* Indien die plaaslike owerheid van 'n eienaar vereis dat hy 'n volskaalse toets ingevolge subregulasie (1) *(b)* laat uitvoer, moet 'n skriftelike verslag met betrekking tot sodanige toets aan die plaaslike owerheid voorgelê word; sodanige verslag moet onderteken wees deur die persoon wat die toets uitgevoer het en moet besonderhede bevat van die toetsapparaat, metodes en materiaal wat in die toets gebruik is, die toestande waaronder die toets uitgevoer is en die resultate wat tydens die uitvoer en na voltooiing daarvan verkry is.

(b) Indien die plaaslike owerheid ten gevolge van die verslag in paragraaf *(a)* genoem, nie oortuig is dat die betrokke werk in ooreenstemming met die vereistes genoem in subregulasie (1) is nie, kan hy deur skriftelike kennisgewing gelas dat die eienaar binne die tydperk in sodanige kennisgewing gespesifiseer, dié stappe doen wat die plaaslike owerheid nodig ag om te verseker dat die werk aldus voldoen, of kan hy in sodanige kennisgewing van hom vereis dat hy in sodanige werk laat insny, dit laat blootlê of sloop soos in subregulasie (1) *(a)* bedoel.

(3) Waar daar ingevolge hierdie regulasie in werk ingesny is of dit blootgelê of gesloop is, kan die plaaslike owerheid enige toets wat hy nodig ag op sodanige werk of 'n deel daarvan uitvoer.

(4) Niemand wat gelas is om ingevolge hierdie regulasie in werk te laat insny, dit te laat blootlê, sloop of toets, mag met sodanige werk of met die oprigting van die betrokke gebou voortgaan tensy die plaaslike owerheid hom skriftelik daartoe gemagtig het nie.

(5) Iemand wat die bepalings van hierdie regulasie oortree of wat versuim om te voldoen aan die bepalings van 'n kennisgewing wat ingevolge daarvan aan hom beteken is, is skuldig aan 'n misdryf.

A20. Bouwerk op Bestaande Werk

Niemand mag 'n gebou oprig wat deur 'n bestaande gebou gesteun moet word nie, tensy sodanige bestaande gebou struktureel sterk is en die bykomende las sal kan dra en andersins aan die bepalings van hierdie regulasie voldoen.

A21. Bouwerk Sonder Goedkeuring

(1) Indien 'n gebou onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Wet in aanbou of gebruik was in stryd met die bepalings van 'n wet wat onmiddellik voor sodanige datum van krag was en sodanige oprigting of gebruik op of na sodanige datum in stryd met sodanige bepalings en met die bepalings van die Wet voortgesit word, kan die plaaslike owerheid—

person: Provided further that if such costs exceed the amount of the deposit or security such person shall be liable to the local authority for the deficit unless he proves that such damage was not due to his negligence.

(d) Subject to the provisions of paragraphs *(a)*, and *(b)* and *(c)* any person who by conveying or moving as contemplated in those paragraphs causes damage to the local authority's property shall be liable for the costs of any repairs that may be necessary as a result of such damage, unless he proves that such damage was not due to his negligence.

(2) Any person who contravenes the provisions of this regulation shall be guilty of an offence.

A18. Street Levels

(1) If the local authority considers it necessary that any proposed building should conform with the actual or proposed levels of any public street on which the site abuts, it shall on the submission of the application concerned or on receipt of the plan referred to in paragraph *(e)* of regulation A4 (1) supply particulars relating to such levels to the applicant or the person intending to erect such building.

(2) The applicant shall ensure that the levels of all portions of such building and of all structures and services appurtenant thereto, including the levels of the foundations, floors, drains, surface channels, paths, driveways, entrances and any other factors which might be affected by the levels so supplied shall be compatible with such levels to the satisfaction of the local authority.

A19. Cutting Into, Laying Open and Demolishing Certain Work

(1) If the local authority on reasonable grounds believes that any work carried out in connection with the erection of any building is not in compliance with the provisions of these regulations or any approval or authority granted thereunder and where such work has reached such stage of advancement that it is unable to establish whether such work does so comply or not, it may by notice in writing require the owner of such building—

(a) to cause such work to be cut into, laid open or demolished, or

(b) to cause a full scale test of such work to be carried out within such time and to such extent and by such person as is specified in such notice.

(2) *(a)* In the event of the local authority requiring the owner to cause a full scale test to be carried out in terms of subregulation (1) *(b)*, a report in regard to such test shall be submitted to it in writing and shall be signed by the person who carried out the test; such report shall contain details in regard to the testing apparatus, methods and materials used in the test, the conditions under which the test was carried out and the results obtained during the course and at the conclusion thereof.

(b) If as a result of the report referred to in paragraph *(a)* the local authority is not satisfied that the work concerned is in compliance with the requirements referred to in subregulation (1) it may by notice served on him order the owner to take such steps as it deems necessary and within such period as is stated in such notice to ensure that there is such compliance or it may in such notice require him to cause such work to be cut into, laid open or demolished as contemplated in subregulation (1) *(a)*.

(3) Where any work has been cut into, laid open or demolished in terms of this regulation, the local authority shall be entitled to carry out any test on such work or part thereof as it may deem necessary.

(4) No person having been required to cause any work to be cut into, laid open, demolished or tested in terms of this regulation shall continue with such work or with the erection of the building concerned unless the local authority has authorized him in writing to so do.

(5) Any person who contravenes the provisions of this regulation or fails to comply with the terms of any notice served on him in terms thereof shall be guilty of an offence.

A20. Building on Existing Work

No person shall erect any building which is to be supported by an existing building unless such existing building is structurally sound and will be adequate to carry the additional load and otherwise complies with the provisions of these regulations.

A21. Building Without Approval

(1) If immediately before the date of commencement of the Act a building was being erected or used in contravention of the provisions of any law in force immediately before such date and such erection or use is continued on or after such date in contravention of such provisions and of the provisions of the Act, the local authority may—

(a) deur 'n skriftelike kennisgewing beteken aan die eienaar of die persoon wat by sodanige oprigting of gebruik betrokke is, van hom vereis dat hy onmiddellik sodanige oprigting of gebruik staak;

(b) in die kennisgewing in paragraaf *(a)* genoem of in 'n daaropvolgende kennisgewing gelas dat die eienaar of persoon die gebou sloop of verwyder en alle materiaal en puin van die terrein verwyder binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing gemeld word, by gebreke waarvan die plaaslike owerheid by 'n bevoegde hof aansoek kan doen om magtiging om die gebou te sloop of, ingeval die gebruik nie gestaak is nie, om 'n bevel waarvolgens die gebruik verbied word;

(c) in plaas daarvan om die staking, sloping, of verwydering in paragrawe *(a)* en *(b)* genoem, te gelas, die eienaar deur 'n skriftelike kennisgewing wat aan hom beteken word, toelaat om 'n aansoek om goedkeuring of 'n aansoek om magtiging ingevolge artikel 13 van die Wet in te dien binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer word, behoudens die voorwaardes wat die plaaslike owerheid nodig ag, met inbegrip van voorwaardes met betrekking tot die staking al dan nie van sodanige oprigting of gebruik, in afwagting van die toestaan of weiering van die aansoek, na gelang van die geval.

(2) Iemand wat versuim om te voldoen aan die vereistes van 'n kennisgewing wat ingevolge subregulasie (1) aan hom beteken is of wat sodanige oprigting of gebruik ingevolge 'n kennisgewing te dien effekte gestaak het en daarna sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid sodanige oprigting of gebruik hervat of daarmee voortgaan, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Iemand wat hetsy as eienaar of in 'n ander hoedanigheid—

(a) sonder goedkeuring met die oprigting van 'n gebou voortgaan, moet onmiddellik nadat 'n skriftelike kennisgewing te dien effekte deur die plaaslike owerheid aan hom beteken is, die oprigting daarvan staak; of

(b) goedkeuring vir die oprigting van 'n gebou verkry het, maar in enige opsig van enige wesenlike besonderheid waarop die goedkeuring betrekking het of van enigeen van die bepalings van die goedkeuring afwyk, moet onmiddellik nadat 'n skriftelike kennisgewing te dien effekte deur die plaaslike owerheid aan hom beteken is, ophou om aldus af te wyk.

(4) Die plaaslike owerheid kan in 'n kennisgewing in subregulasie (3) *(a)* of *(b)* vermeld, van die persoon in sodanige kennisgewing genoem, vereis dat hy die gebou sloop of, in die geval van paragraaf *(b)* van genoemde subregulasie, die betrokke afwyking regstel teen 'n datum wat in die kennisgewing gespesifiseer word.

(5) Iemand wat versuim om te voldoen aan die vereistes van 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie regulasie aan hom beteken is, is aan 'n misdryf skuldig.

A22. Skoonmaak van Terrein

(1) Die persoon wat 'n gebou oprig of sloop, moet na voltooiing van sodanige oprigting of sloping alle oortollige materiaal en voorwerpe verwyder van die terrein, en van enige ander grond of openbare straat of openbare plek wat deur sodanige materiaal of voorwerpe geraak word, by gebreke waarvan die plaaslike owerheid deur skriftelike kennisgewing die eienaar van sodanige gebou kan gelas om sodanige oortollige materiaal en voorwerpe tot tevredenheid van die plaaslike owerheid te verwyder binne 'n tydperk wat in die kennisgewing gespesifiseer word.

(2) Indien sodanige persoon versuim om te voldoen aan die bepalings van subregulasie (1) of indien sodanige eienaar versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing wat ingevolge daarvan aan hom beteken is, is hy aan 'n misdryf skuldig.

A23. Plan van Voltooide Gebou Moet Voorgelê Word

(1) Die plaaslike owerheid kan binne 'n tydperk van 60 dae na die datum van uitreiking van 'n sertifikaat van okkupasie, soos in artikel 14 van die Wet bedoel, van die aansoeker (of, indien hy nie die eienaar is nie, die eienaar) vereis dat hy 'n plan by die plaaslike owerheid indien waarop elke afwyking van die oorspronklik goedgekeurde aansoek tot tevredenheid van die plaaslike owerheid aangetoon word, ongeag of goedkeuring ten opsigte van sodanige afwyking verleen is, al dan nie.

(2) Die aansoeker of eienaar, na gelang van die geval, wat versuim om aan die vereistes van hierdie regulasie te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

A24. Brandbeveiligingsplanne ten Opsigte van Sekere Bestaande Geboue Moet Voorgelê Word

(1) *(a)* Die eienaar van 'n gebou wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies bestaan en wat 'n totale vloeroppervlakte van meer as 250 m^2 het of waarvan die hoogte 6 m of twee verdiepings oorskry of wat op of na sodanige datum vergroot word sodat die vloeroppervlakte 250 m^2 of the hoogte 6 m of twee verdiepings oorskry, moet 'n brandbeveiligingsplan ten opsigte van sodanige gebou aan die plaaslike owerheid voorlê

(a) by written notice served on the owner or person engaged in such erection or use require him forthwith to discontinue such erection or use;

(b) in the notice referred to in paragraph *(a)* or in any subsequent notice require such owner or person to demolish or remove such building and to remove all material and rubble from the site within such period stated in such notice, failing which the local authority may apply to a competent court for authority to demolish such building or in the event of such use not having been discontinued, for an order prohibiting such use;

(c) in lieu of requiring the discontinuance, demolition or removal referred to in paragraphs *(a)* and *(b)*, by written notice served on him permit such owner or person submit an application for approval or an application for authorisation in terms of section 13 of the Act within such period as is specified in such notice and subject to such conditions as the local authority deems necessary including conditions relating to the discontinuance or not of such erection or use pending the granting or refusal of the application as the case may be.

(2) Any person who fails to comply with the requirements of a notice served on him in terms of subregulation (1) or who, having discontinued such erection or use in terms of a notice to that effect thereafter without the written authority of the local authority, resumes or continues such erection or use, shall be guilty of an offence.

(3) Any person who as owner or otherwise—

(a) without approval proceeds with the erection of any building shall forthwith after service upon him of a notice in writing by the local authority to that effect, discontinue the erection thereof; or

(b) while having obtained approval for the erection of any building in any way deviates from any material detail to which such approval relates or any of the terms or conditions thereof, shall forthwith after service on him of a notice in writing by the local authority to that effect discontinue such deviation.

(4) The local authority may in any notice referred to in subregulation (3) *(a)* or *(b)* require the person referred to in such notice to demolish the building or in the case of paragraph *(b)* of the said subregulation to rectify the deviation concerned by a date specified in such notice.

(5) Any person who fails to comply with the requirements of any notice served on him in terms of this regulation shall be guilty of an offence.

A22. Cleaning of Site

(1) The person erecting or demolishing a building shall remove all surplus material and matter from the site and from any other land or any public street or public place affected by such material or matter after the completion of such erection or demolition, failing which the local authority may by notice in writing call upon the owner of such building to have such surplus material and matter removed to its satisfaction within a period specified in such notice.

(2) If such person fails to comply with the provisions of subregulation (1) or if such owner fails to comply with the provision of any notice served on him in terms thereof he shall be guilty of an offence.

A23. Plan of Completed Building to be Submitted

(1) The local authority may within a period of 60 days from the date of the issue of a certificate of occupancy as contemplated in section 14 of the Act require the applicant (or, if he is not the owner, the owner) to lodge with it a plan indicating to its satisfaction every deviation from the application as originally approved irrespective of whether approval in respect of such deviation was granted or not.

(2) The applicant or owner, as the case may be, who fails to comply with the requirements of this regulation shall be guilty of an offence.

A24. Fire Protection Plans to be Submitted in Respect of Certain Existing Buildings

(1) *(a)* The owner of any building in existence at the date of commencement of these regulations which has a total floor area exceeding 250 m^2 or which exceeds 6 m or two storeys in height or which on or after such date is extended so as to exceed 250 m^2 in floor area or 6 m or two storeys in height, shall submit a fire protection plan in respect of

indien die plaaslike owerheid dit deur die betekening van 'n kennisgewing aan sodanige eienaar vereis.

(b) Sodanige plan moet binne 3 maande na die datum van sodanige kennisgewing deur die eienaar voorgelê word, of binne sodanige verlengde tydperk as wat die plaaslike owerheid op aansoek van die eienaar toestaan.

(c) Die plaaslike owerheid kan deur 'n kennisgewing aan hom beteken, die eienaar gelas om sodanige plan binne die tydperk wat in die kennisgewing gespesifiseer word en op dié plek of plekke wat die plaaslike owerheid goedkeur, te vertoon, of hy kan die eienaar gelas om die plan as sodanig te wysig of dié stappe met betrekking tot beveiliging teen brand te doen wat die plaaslike owerheid nodig ag en die plan in ooreenstemming met sodanige stappe te wysig en die gewysigde plan voor te lê en te vertoon binne die tydperk wat in die kennisgewing gespesifiseer word.

(d) Elke sodanige plan moet dié toepaslike besonderhede bevat wat in regulasie A10 (2) genoem word.

(e) Niemand mag verkeerde of misleidende inligting op sodanige plan verstrek of toelaat of veroorsaak dat sodanige inligting daarop verstrek word nie.

(2) Die bepalings van hierdie regulasie geld nie ten opsigte van 'n woonhuis nie.

(3) Iemand wat die bepalings van hierdie regulasie of die bepalings van 'n kennisgewing wat ingevolge daarvan aan hom beteken is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

A25. KWALIFIKASIES VAN 'N BOUBEHEERBEAMPTE

(1) Die minimum kwalifikasie wat geld vir 'n boubeheerbeampte wat ingevolge artikel 5 van die Wet aangestel word, is—

(a) 'n nasionale diploma in een van die volgende dissiplines:
(i) Siviele ingenieurswese?
(ii) argitektuur;
(iii) boubestuur;
(iv) bouwetenskap;
(v) bourekene; of

(b) enige ander kwalifikasie in enigeen van die dissiplines in subparagraaf *(a)* genoem, waaraan die Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing na oorweging 'n akademiese evaluering van minstens senior sertifikaat plus drie jaar tersiêre opleiding in sodanige dissipline toegeken het.

(2) Niks in subregulasie (1) word so uitgelê dat dit 'n plaaslike owerheid belet om 'n kwalifikasie in 'n dissipline te vereis wat 'n hoër akademiese evaluering het as dié wat ingevolge daardie subregulasie vereis word nie.

A26. AANSTELLINGSERTIFIKAAT

(1) Elke boubeheerbeampte moet op versoek sy aanstellingsertifikaat toon, wat in die volgende vorm en behoorlik ingevul moet wees.

ART 5 WET/ACT 103/1977 SEC 5

Foto / Photo

Plaaslike Bestuur / Local Authority .....

Boubeheerbeampte / Building Control Officer

Naam / Name .....

Handtekening / Signature .....

Handtekening / Signature .....

Datum / Date .....

Stadsklerk / Town Clerk
Sekretaris / Secretary

(2) Sodanige sertifikaat is slegs geldig vir die typerk waartydens die boubeheerbeampte hierdie pos beklee en kan te eniger tyd deur die plaaslike owerheid ingetrek word.

(3) Die aanstellingsertifikaat moet in 'n duursame deursigte materiaal omhul wees.

(4) Enige persoon wat 'n aanstellingsertifikaat toon wat nie wettiglik aan hom uitgereik is nie of wat in enige opsig nie aan die bepalings van hierdie regulasie voldoen nie, is aan 'n misdryf skuldig.

A27. MISDRYWE

Waar die oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n bepaling van hierdie regulasies of die vereistes van 'n kennisgewing wat ingevolge

such building to the local authority if so required by it by notice served upon such owner.

(b) Such plan shall be submitted by the owner within 3 months of the date of such notice or within such extended period as the local authority may, on the application of the owner, permit.

(c) The local authority may by notice served on him direct the owner to display such plan within such period as is specified in the notice and in such place or places as are approved by it or it may direct the owner to amend the plan as such or take such steps in regard to protection against fire as it deems necessary and amend the plan in accordance with such steps and submit and display such amended plan within such period as is specified in such notice.

(d) Every such plan shall contain such applicable particulars as are referred to in regulation A10 (2).

(e) No person shall furnish any false or misleading information or cause or permit any such information to be furnished on such plan.

(2) The provisions of this regulation shall not apply in respect of a dwelling house.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of this regulation or the provisions of any notice served on him in terms thereof shall be guilty of an offence.

A25. QUALIFICATIONS OF A BUILDING CONTROL OFFICER

(1) The minimum qualification of a building control officer appointed in terms of section 5 of the Act shall be—

(a) a national diploma in one of the following building disciplines:
(i) Civil engineering;
(ii) architecture;
(iii) building management;
(iv) building science; or
(v) quantity surveying; or

(b) any other qualification in any of the disciplines referred to in paragraph *(a)* which has, after having been considered by the South African Human Sciences Research Council, been given by such Council an academic evaluation of not less than senior certificate plus three years tertiary education in such discipline.

(2) Nothing in subregulation (1) contained shall be construed as precluding a local authority from requiring a qualification in a discipline which has a higher academic evaluation than that required in terms of that subregulation.

A26. CERTIFICATE OF APPOINTMENT

(1) Every building control officer shall when requested thereto produce his certificate of appointment which shall be in the following form and duly completed.

ART 5 WET/ACT 103/1977 SEC 5

Foto / Photo

Plaaslike Bestuur / Local Authority .....

Boubeheerbeampte / Building Control Officer

Naam / Name .....

Handtekening / Signature .....

Handtekening / Signature .....

Datum / Date .....

Stadsklerk / Town Clerk
Sekretaris / Secretary

(2) Such certificate shall be valid only during the period that the building control officer occupies his post as such and it may at any time be withdrawn by the local authority.

(3) The certificate of appointment shall be encased in a durable transparent material.

(4) Any person who produces a certificate of appointment which has not been lawfully issued to him or which in any respect does not comply with the provisions of this regulation shall be guilty of an offence.

A27. OFFENCES

Where the contravention or failure to comply with any provision of these regulations or the requirements of any notice served or conditions

daarvan beteken is of voorwaardes wat ingevolge daarvan opgelê is, nie uitdruklik in hierdie regulasies as 'n misdryf aangedui word nie, maak sodanige oortreding of versuim wel 'n misdryf uit.

DEEL A

BYLAE

STANDAARDE OF VOORWAARDES WAT INGEVOLGE REGULASIE A4 (1) *(g)* GESTEL KAN WORD

Die betrokke plaaslike owerheid kan een of meer van die bepalings in hierdie Bylae stel as voorwaardes of vereistes waaraan die eienaar van 'n gebou waarop die aansoek betrekking het, moet voldoen:

1. PARKERING

(1) Waar voorsiening gemaak gaan word of gemaak is vir 'n gebied wat as openbare parkeerplek vir meer as 20 motorvoertuie gebruik gaan word, moet twee parkeerruimtes vir gestremdes voorsien word en sodanige parkeerruimtes moet so naby as moontlik aan die ingang van die gebou geleë wees.

(2) Die roete van dié ruimtes af na die ingang moet sodanig wees dat gestremdes nie deur die gebied hoef te gaan nie.

(3) Die parkeerruimtes moet 'n goedgekeurde lengte hê, moet 3,5 m breed wees en moet op 'n gelyk oppervlak wees.

(4) Die parkeerruimtes moet duidelik as gereserveer vir gestremdes afgebaken wees.

2. INGANG, DEURE EN GANGE

(1) Die bepaalde ingang na die gebou wat in paragraaf (1) genoem word en die toegang tot sodanige ingang vanaf die bepaalde parkeergebied of vanaf 'n straat moet deur die plaaslike owerheid goedgekeur word.

(2) Indien 'n deur wat die ingang na die gebou is of wat op 'n roete bedoel vir gebruik deur gestremdes in die gebou geleë is 'n eenbladdeur is, moet dit 'n deurgang van minstens 800 mm bied wanneer dit heeltemal oop is en indien die deur 'n tweebladdeur is, moet die een blad 'n deurgang van minstens 800 mm bied, tensy albei blaaie met één aksie oopgemaak kan word.

(3) Handvatsels aan sodanige deur moet op 'n hoogte van hoogstens 1,2 m bo vloervlak aangebring wees.

(4) Die drumpel van sodanige ingang mag nie hoer as 25 mm wees nie, tensy 'n oprit oor die ingang voorsien word.

(5) Deursluiters moet van die tipe met vertraagde werking wees wat behoortlik gestel is en in stand gehou word sodat die deure met die minimum inspanning oopgemaak kan word en stadig toegaan, sodat 'n persoon in 'n rystoel ongehinderd daardeur kan beweeg.

(6) 'n Portaal by sodanige ingang of op sodanige roete moet dit moontlik maak dat 'n rolstoel tussen stelle deure wat in die portaal aangebring is, kan beweeg.

(7) Die vloeroppervlak aan die binnekant van 'n ingang wat ingevolge subparagraaf (1) vereis word, moet oor 'n afstand van minstens 2,5 m vanaf sodanige ingang gelyk wees.

(8) Die breedte van 'n gang wat vir gebruik deur gestremdes bedoel is, moet minstens 1,2 m wees.

3. OPRITTE

Indien 'n oprit vir die gerief van gestremdes voorsien word—

(a) mag sodanige oprit nie 'n helling van meer as 1 op 8 hê nie en moet die minimum vry vloerbreedte van 'n oprit wat vir persone in rystoele voorsien word, minstens 1,2 m wees;

(b) moet die vloeroppervlak van elke sodanige oprit van glyvaste materiaal gemaak wees;

(c) moet elke sodanige oprit wat steiler as 1 op 20 is, op afstande van 9 m in die lengte van die oprit 'n bordes hê en moet sodanige bordes minstens 1,5 m lank wees en dieselfde breedte as die oprit hê;

(d) moet 'n gelyk bordes met 'n minimum lengte van 1,5 m en van dieselfde breedte as die oprit aan die bokant van die oprit voorsien wees, en indien 'n deur oor die oppervlak van sodanige bordes swaai, moet die bordes minstens 2 m lank en minstens 1,5 m breed wees;

(e) moet die onderent van elke sodanige oprit uitloop op 'n deurlopende horisontale oppervlak wat minstens 1,5 m lank is en minstens dieselfde breedte as die oprit het;

(f) indien sodanige oprit van rigting verander, moet 'n gelyk bordes met 'n lengte van minstens 1,5 m en van dieselfde breedte as die oprit voorsien word op die plek waar daar van rigting verander word;

(g) moet elke sodanige oprit met 'n helling van minder as 1 op 12 van minstens een handreling voorsien wees;

(h) moet elke sodanige oprit met 'n helling van meer as 1 op 12 aan weerskante van die oprit van 'n handreling voorsien wees;

imposed in terms thereof has not expressly by these regulations been made to constitute an offence, such contravention or failure shall constitute an offence.

PART A

SCHEDULE

STANDARDS OR CONDITIONS WHICH MAY BE IMPOSED IN TERMS OF REGULATION A4 (1) *(g)*

The local authority concerned may impose any one or more of the provisions contained in this Schedule, as conditions or requirements to be complied with by the owner of any building to which the application relates.

1. PARKING

(1) Where provision is to be or has been made for an area to be used for the public parking of more than 20 motor vehicles two parking spaces for use by disabled persons shall be provided and such spaces shall be located as near as possible to the entrance to such building.

(2) The route from any such space to such entrance shall be such that disabled persons will not have to pass through such area.

(3) Such parking spaces shall be of an approved length, shall be 3,5 m wide and shall be situated on a level surface.

(4) Such parking spaces shall be clearly demarcated as being reserved for disabled persons.

2. ENTRY, DOORS AND CORRIDORS

(1) The particular entrance to the building referred to in paragraph 1 and the access to such entrance from the particular parking area or from any street shall be approved by the local authority.

(2) Where any door being the entrance to the building or along any route intended for use by disabled persons within the building is a one-leaf door such door shall be not less than 800 mm wide in the fully open position and where such door is a two-leaf door one such leaf shall be at least 800 mm wide unless both leaves can be opened by a single effort.

(3) Any handles fitted to such door shall be installed at a height of not more than 1,2 m above floor level.

(4) The threshold of such entrance shall not exceed a height of 25 mm unless a ramp across such entrance is provided.

(5) Door closers shall be delayed action type closers, properly adjusted and maintained so that such doors may be opened with a minimum of effort and be slow closing to allow the uninterrupted movement of a person occupying a wheelchair.

(6) Any vestibule at such entrance or along any such route shall allow movement of a wheelchair between any sets of doors installed in such vestibule.

(7) The floor surface on the inside of any entrance required in terms of subparagraph (1) shall be level for a distance of not less than 2,5 m from such entrance.

(8) The width of any passage or corridor intended to be used by disabled persons shall not be less than 1,2 m.

3. RAMPS

Where a ramp is provided for the convenience of disabled persons—

(a) such ramp shall not have a gradient steeper than 1 in 8 and the minimum clear floor width of any ramp provided for persons in wheelchairs shall be not less than 1,2 m;

(b) the floor surface of every such ramp shall be constructed of a non-slip material;

(c) every such ramp steeper than 1 in 20 shall be provided with a landing at 9 m intervals along the course of such ramp and such landing shall be not less than 1,5 m in length and be of the same width as the ramp;

(d) a level landing with a minimum length of 1,5 m and of the same width as the ramp shall be provided at the top of such ramp and if a door swings over the surface of such landing the landing shall be not less than 2 m long and not less than 1,5 m wide;

(e) the lower end of every such ramp shall terminate on a continuous horizontal surface of not less than 1,5 m in length and of at least the same width as such ramp;

(f) where such ramp changes direction a level landing of at least 1,5 m long and of the same width as the ramp shall be provided at the point of direction of such change;

(g) every such ramp having a gradient less than 1 in 12 shall be provided with at least one handrail;

(h) every such ramp which has a gradient steeper than 1 in 12 shall be provided with a handrail on both sides of such ramp;

(i) moet die horisontale afstand tussen sodanige handreling en 'n muur teenoor die handreling of die horisontale afstand tussen die handrelings wat ingevolge paragraaf *(h)* voorsien moet word, minstens 1 m en hoogstens 1,1 m wees;

(j) moet handrelings aldus voorsien, 850 mm hoog wees, vertikaal gemeet vanaf die oppervlak van die oprit wat deur die handrelings bedien word, en moet minstens een handreling minstens 450 mm verby die bo-ent en onderent van die oprit strek en by albei ente na die steunstruktuur daarvan teruggebruig wees of op 'n ander wyse afgewerk wees sodat dit nie gevaar inhou vir 'n persoon wat die oprit gebruik nie;

(k) indien sodanige oprit 'n oop kant het, moet dié kant voorsien wees van 'n handreling wat minstens 850 mm hoog is, vertikaal vanaf die vloer van die oprit gemeet, en van 'n verhewe rand wat minstens 200 mm hoog is, vertikaal vanaf die vloer gemeet;

(l) moet die oppervlak van sodanige oprit, indien dit 'n buiteoprit is, tussen sononder en sonop tot 'n minimum peil van 50 lux verlig wees;

(m) mag sodanige oprit nie gebruik word vir die vervoer van enige ander goedere as pakkies wat met die hand gedra kan word nie.

4. TRAPPE EN TRAPHYSERS

(b) Waar 'n brandbare dakbedekking aan weerskante van 'n gemeenskaplike muur gebruik gaan word, moet sodanige muur boontoe verleng word tot 'n hoogte van minstens 300 mm, haaks op die dakhelling gemeet, bo sodanige dak of bo die hoogste deel van sodanige muur waar daar verskillende vlakke by so 'n muur is: Met dien verstande dat—

(i) sodanige verlenging nie vereis word waar die vlakverskil 1 m op alle plekke langs die muur oorskry nie; en

(ii) waar sodanige muur onder 'n kiel tussen twee skuins dakke geleë is, die hoogte van sodanige verlenging deur die plaaslike owerheid bepaal moet word.

(c) Waar 'n brandbare dakbedekking gebruik gaan word, moet enige gemeenskaplike muur oor die hele uitsteeksel van die dakrand van korbele voorsien wees en moet dit tot 'n hoogte van minstens 300 mm, haaks op die dakhelling gemeet, strek.

(3) Geen opening, behalwe 'n opening vir 'n ventilasieleigang bedoel in regulasie F51, mag in 'n gemeenskaplike muur gemaak word of daarin gelaat word nie, tensy sodanige opening van 'n selfsluitdeur ooreenkomstig regulasie F35 voorsien word.

(4) Geen inlating mag in 'n gemeenskaplike muur gemaak word of daarin gelaat word nie, tensy die muurwerk wat sodanige inlating omring en vorm, 'n nominale dikte van minstens 190 mm het.

(5) 'n Houtbalk mag 'n gemeenskaplike muur penetreer, mits die ongepenetreerde nominale dikte van sodanige muur by dié punt minstens 190 mm is.

B17. Vrystaande Mure

(1) 'n Muur wat van messelwerkeenhede, beton- of voorafgegiete betonpanele gebou word en nie aan een ent of bo van toereikende systeun voorsien word nie, moet, indien dit nie in ooreenstemming met die bepalings van Deel C ontwerp is nie, aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Die minimum nominale dikte van 'n messeleenheidmuur moet een van die twee minimum diktes genoem in Tabel 11 wees.

face tiled, or is or will be provided with an approved surface;

(b) every masonry grille erected along the outer edge of any gallery, balcony or external passage or external stairway shall—

(i) be reinforced at vertical intervals of not more than 1,8 m with not less than two strands of wire referred to in subregulation (3) *(c)*;

(ii) have a nominal thickness not less than 90 mm;

(iii) be tied to return walls or to reinforced concrete piers or columns or reinforced masonry piers or other structural members which shall be not further apart than 3 m;

(iv) have expansion joints at distances apart not exceeding 9 m and any such joint shall be so positioned as to bisect a pier contemplated in subparagraph (iii);

(v) not be restrained in any way against vertical movement along the top; and

(vi) be protected on its inner face by a masonry balustrade or parapet wall which complies with the provisions of paragraph *(c)*; and

(c) every solid masonry balustrade wall or parapet wall erected along the edge of a balcony, gallery or external passage shall—

(i) have a height of not less than 1 m;

(ii) have a thickness of not less than 90 mm;

(iii) be reinforced in each of the highest four bed joints with two strands of galvanized steel wire of not less than 3,55 mm in diameter or two galvanized steel strips of equivalent cross-sectional area (such wires or strips having a Class C galvanized coating as specified in standard specification SABS 934 at least 0,08 mm thick), be anchored to concrete piers or columns or reinforced masonry piers which shall be at intervals not exceeding 3 m, and be anchored at each extremity and such reinforcement shall overlap to the extent of not less than 150 mm at each supporting pier or column which pier or column shall project from such wall by at least half the nominal thickness of the wall; and

(iv) be provided with expansion joints at distances not exceeding 9 m and where such joints occur they shall bisect a pier.

B16. Party Walls

(1) *(a)* Every party wall, if constructed of brickwork, shall have a minimum nominal thickness of not less than 190 mm if plastered with plaster of a minimum thickness of 12 mm on both sides or such wall shall have a minimum nominal thickness of 225 mm if not so plastered.

(b) If such wall is to be constructed of any other material, the finished wall shal have a fire resistance rating in accordance with the provisions contained in Part F.

(2) *(a)* Where a non-combustible roof covering is used every party wall shall be erected up to the underside of such covering and such covering shall be bedded in mortar onto the top of the party wall.

(b) Where a combustible roof covering is to be used on both sides of any party wall, such wall shall be extended upwards to a height of at least 300 mm, measured at right angles to the slope of the roof, above such roof or above the higher part of such roof where there are different levels at such wall: Provided that—

(i) such extension shall not be required where the difference in levels exceeds 1 m at all points along the wall; and

(ii) where such wall is situated under a valley between two sloping roofs the height of such extension shall be determined by the local authority.

(c) Where a combustible roof covering is to be used any party wall shall be corbelled out to the full extent of the projection of the eaves of the roof and shall be carried up above the eaves to a height of at least 300 mm measured at right angles to the slope of the roof.

(3) No opening, except an opening provided for a ventilation duct contemplated in regulation F51, shall be made or allowed to remain in any party wall unless such opening is provided with a self closing door in terms of regulation F35.

(4) No recess shall be created in or allowed to remain in a party wall unless the walling surrounding and forming such recess has a nominal thickness of not less than 190 mm.

(5) Any timber beam or joist may penetrate into a party wall if the unpenetrated nominal thickness of such wall at that point is not less than 190 mm.

B17. Free Standing Walls

(1) Any wall erected of masonry units, concrete, or precast concrete panels and which is not provided with adequate lateral support at either end or along the top shall, if not designed in accordance with the provisions contained in Part C, comply with the following requirements:

(a) The minimum nominal thickness of a masonry unit wall shall be either of the minimum thicknesses referred to in Table 11.

(b) Die minimum nominale dikte van 'n betonmuur moet minstens 90 mm wees;

(c) Die minimum nominale dikte van 'n voorafgegiete betonpaneel moet minstens 38 mm wees.

(2) Pylers en fondamente as steun vir 'n muur genoem in subregulasie (1) *(a)* of *(b)* moet ooreenkomstig die vereistes in Tabel 11 voorsien word.

(3) *(a)* In die geval van 'n muur van voorafgegiete betonpanele mag die afstand tussen betonsteunpale nie 1,5 m oorskry nie en sodanige muur mag nie hoër as 2 m wees nie; en

(b) elke sodanige paal moet in 'n gat met 'n plattegrondoppervlakte van 300 mm × 300 mm in die natuurlike grond geplaas word tot 'n minimum diepte van 500 mm en tot by die onderkant van die onderste paneel in beton vasgesit word.

(b) The minimum nominal thickness of a concrete wall shall be 90 mm.

(c) The minimum nominal thickness of a precast concrete panel wall shall be 38 mm.

(2) Piers and foundations to support a wall referred to in subregulation (1) *(a)* or *(b)* shall be in accordance with the requirements contained in Table 11.

(3) *(a)* In the case of a precast concrete panel wall the distance between supporting concrete posts shall not exceed 1,5 m and such wall shall not exceed 2 m in height, and

(b) every such post shall be placed in a hole of plan area 300 mm × 300 mm in the natural ground to a minimum depth of 500 mm and concreted in to the underside of the bottom panel.

TABEL 11

1	2	3	4	5
Minimum nominale dikte van muur mm	Maksimum hoogte van muur bo grondvlak, m	Maksimum hart-afstand tussen pylers, m	Minimum afmetings van pyler, met inbegrip van muurdikte, mm	Minimum afmetings van fondamente, breedte × diepte, mm
90	1,0	Pylers nie vereis nie	Pylers nie vereis nie	450 × 250
90	1,4	2,1	190 × 190	550 × 250
190	1,8	Pylers nie vereis nie	Pylers nie vereis nie	600 × 250
190	2,0	4,2	280 × 280	700 × 250

TABLE 11

1	2	3	4	5
Minimum nominal thickness of wall, mm	Maximum height of wall above ground elvel, m	Maximum spacing of piers centre to centre, m	Minimum dimensions of pier including wall thickness, mm	Minimum dimensions of foundations, width × depth, mm
90	1,0	Piers not required	Piers not required	450 × 250
90	1,4	2,1	190 × 190	550 × 250
190	1,8	Piers not required	Piers not required	600 × 250
190	2,0	4.2	280 × 280	700 × 250

B18. Openinge of Inlatings in Mure

(1) Die afstand tussen die dagwang van enige opening of inlating in 'n muur en enige vertikale stut van sodanige muur moet minstens $\frac{H}{8}$ wees, waar H gelyk is aan die verdiepinghoogte van sodanig muur: Met dien verstande dat sodanige afstand minstens 350 mm moet wees.

(2) Die afstand tussen die dagwang van 'n aangrensende opening of inlating in 'n muur moet minstens vyf keer die nominale dikte van sodanige muur wees.

(3) Die nominale dikte van die muur agter 'n inlating in 'n buitemuur of gemeenskaplike muur moet minstens 190 mm wees in die geval van 'n soliede muur van messeleenhede en minstens 90 mm in die geval van 'n spoumuur van messeleenhede.

(4) 'n Latei van gewapende messelwerk of gewapende beton moet oor so 'n opening of inlating gebou word.

(5) Die totale elevasie-oppervlakte van inlatings in 'n muur mag op geen verdieping die helfte van die oppervlakte van sodanige muur oorskry nie.

B19. Muurgleuwe in Buitemure of Gemeenskaplike Mure

(1) Elke muurgleuf wat in 'n gemesselde buitemuur of 'n gemesselde gemeenskaplike muur gemaak word—

(a) moet minstens 2 m van elke ander muurgleuf af wees wat in dieselfde rigting loop en aan dieselfde kant van sodanige muur is;

(b) moet minstens 350 mm van enige muurgleuf aan die teenoorgestelde kant van sodanige muur of van enige vleuelmuur af wees;

(c) mag hoogstens 350 mm breed wees en mag nie dieper wees as een derde van die muurdikte in die geval van 'n soliede muur of een derde van die wanddikte in die geval van 'n spoumuur nie, gemeet van die voorvlak van so 'n muur of wand.

(2) Elke muurgleuf in 'n gemeenskaplike muur moet so wees dat die dikte van sodanige muur agter sodanige muurgleuf minstens 190 mm is in die geval van 'n soliede muur of 90 mm in die geval van 'n spoumuurwand.

B18. Openings or Recesses in Walls

(1) The distance between the reveal of any opening or recess in a wall and any vertical support of such wall shall not be less than $\frac{H}{8}$ where H is equal to the storey height of such wall: Provided that such distance shall not be less than 350 mm.

(2) The distance between the reveal of any adjacent opening or recess in a wall shall not be less than five times the nominal thickness of such wall.

(3) The nominal thickness of the wall at the back of a recess in an external or party wall shall in the case of a solid wall of masonry units not be less than 190 mm and in the case of a cavity wall of masonry units not be less than 90 mm.

(4) A reinforced masonry or reinforced concrete lintel shall be built over any such opening or recess.

(5) In any storey the total elevation area of recesses in any wall shall not exceed one half of the superficial area of such wall.

B19. Chases in External and Party Walls

(1) Every chase made in an external or party masonry wall shall not be—

(a) less than 2 m from every other chase running in the same direction which is on the same side of such wall;

(b) less than 350 mm from any chase on the opposite face of such wall or from any return wall;

(c) more than 350 mm wide nor deeper than one third of the wall thickness in the case of a solid wall or one third of the leaf thickness in the case of a cavity wall measured from the face of such wall or leaf.

(2) Every chase made in a party wall shall be so made that the thickness of such wall at the back of such chase is not less than 190 mm in the case of a solid wall or 90 mm in the case of a leaf of a cavity wall.

(3) Ruimtes om pype en leidings wat in muurgleuwe geleë is, moet aan die vereistes van regulasie F49 voldoen.

(4) Indien enige muurgleuf minder as 40 mm breed of diep is en na voltooiing van die werk met dagha opgevul word, is die vereistes van subregulasies (1), (2) en (3) nie van toepassing nie.

B20. KAMERGROOTTES

(1) *(a)* Tensy daar anders gespesifiseer word, moet die oppervlakte en lineêre afmetings van 'n kamer of ruimte tussen afgewerkte muuroppervlakke en tussen afgewerkte vloer- en plafonoppervlakke gemeet word; en

(b) indien daar geen plafon is nie, moet die meting tot by die onderkant van die laagste gedeelte van die laagste deel van die dakkonstruksie gedoen word.

(2) 'n Minimum vloeroppervlakte wat in hierdie regulasie gespesifiseer word, sluit nie die oppervlakte in wat deur ingeboude kabinette en kaste in beslag geneem word nie.

(3) Twee of meer ruimtes word as een vertrek beskou indien die skeimuur of afskorting minder as 60% van die skeivlak beslaan.

(4) Daar word geag dat 'n minimum afmeting wat vir 'n vertrek of ruimte in kombinasie met 'n ander vertrek of ruimte voorgeskryf word, die minimum afmeting van so 'n gekombineerde ruimte voorskryf.

(5) 'n Vertrek of ruimte in 'n woonhuis, wooneenheid of opbenbare gebou bedoel in kolom 1 van Tabel 12 moet die minimum hoogte hê wat in kolom 2 teenoor sodanige vertrek of ruimte aangegee word.

TABEL 12— MINIMUM KAMERHOOGTES

1	2
Vertrek of ruimte	Minimum hoogte
Slaapkamer of slaapkamerruimte.	2,4 m oor 'n vloeroppervlakte van minstens 5 m^2, met 'n vry hoogte van 1,5 m by enige punt oor die res van die vloeroppervlakte.
Badkamer, spoelklosetkamer of wasruimte.	2,1 m op enige plek waar 'n persoon normaalweg wal staan.
Gang, portaal of hofingangsportaal.	2,1 m
Enige ander vertrek.	2,4 m
Tussenvloer wat nie een derde van die oppervlakte van die vloer direk daaronder oorskry nie.	2,1 m bo en onder die tussenvloer.
Tussenvloer wat een derde van die oppervlakte van die vloer direk daaronder oorskry.	2,4 m bo en onder die tussenvloer.
Garage.	2,1 m

(6) *(a)* In elke woonhuis of wooneenheid moet daar minstens een bewoonbare vertrek wees wat 'n vloeroppervlakte van minstens 14 m^2 het en wat geen horisontale afmeting binne die vereiste minimum oppervlakte het wat kleiner as 3 m is nie.

(b) 'n Kombuisruimte binne 'n woonhuis of wooneenheid wat van 'n ander ruimte geskei word deur 'n skeimuur of afskorting wat meer as 60% van die skeivlak beslaan, word geag 'n afsonderlike ruimte te wees en, moet 'n vloeroppervlakte van minstens 5 m^2 hê.

(c) Elke slaapkamer moet 'n vloeroppervlakte van minstens 5 m^2 hê en die minimum horisontale afmeting binne sodanige oppervlakte moet minstens 1,5 m wees.

B21. VENSTERS EN ANDER BEGLAASDE OPPERVLAKKE

(1) Elke vertrek moet voorsien wees van 'n venster of ander beglaasde oppervlak wat deursigtige glas of deursigtige plastiekmateriaal bevat wat in 'n buitemuur van die gebou aangebring is, en sodanige venster of ander beglaasde oppervlak moet direk uitkyk op 'n oop ruimte binne die werf van die terrein of op 'n straat of rivier wat aan sodanige gebou of terrein grens: Met dien verstande dat sodanige oop ruimte nie verby die hartlyn van sodanige straat of rivier mag strek nie.

(2) Vir die doel van natuurlike verligting moet die minimum totale grootte van sodanige venster of ander beglaasde oppervlak, sonder die

(3) Spaces around pipes and conduits which are located within chases shall comply with the requirements contained in regulation F49.

(4) Where any chase is less than 40 mm wide or deep the requirements of subregulations (1), (2), and (3) shall not apply where such chase is filled with mortar on completion of the work.

B20. ROOM SIZES

(1) *(a)* Unless otherwise provided, the area and linear dimensions of any room or space shall be measured between finished wall surfaces and between finished floor and ceiling surfaces; and

(b) where there is no ceiling, the measurement shall be to the underside of the lowest portion of the lowest member of the roof construction.

(2) Any minimum floor area specified in this regulation shall not include the areas occupied by built-in cabinets or cupboards.

(3) Two or more spaces shall be deemed to be one room if the dividing wall or partition occupies less than 60% of the separating plane.

(4) Any minimum dimension prescribed for any room or space in combination with any other room or space shall be deemed to prescribe the minimum dimension of such combined space.

(5) A room or space in a dwelling house, dwelling unit or public building contemplated in column 1 of Table 12 shall have the minimum height which is relative to such room as set out in column 2 of the table.

TABLE 12—MINIMUM ROOM HEIGHTS

1	2
Room or space	Minimum heights
Bedroom or bedroom space.	2,4 m over a floor area of at least 5 m^2 with a clear height of 1,5 m at any point over the remainder of the floor area.
Bathroom, water-closet room or laundry space.	2,1 m over any area where a person would normally be in a standing position.
Passage, hall or main entrance vestibule.	2,1 m
Any other room.	2,4 m
Mezzanine floor not exceeding $\frac{1}{3}$ of the floor immediately below it.	2,1 m above and below the mezzanine floor.
Mezzanine floor exceeding $\frac{1}{3}$ of the floor immediately below it.	2,4 m above and below the mezzanine floor.
Garage.	2,1 m

(6) *(a)* Within every dwelling house or dwelling unit, there shall be at least one habitable room having a floor area of not less than 14 m^2 and having no horizontal dimension less than 3 m within the required minimum area.

(b) Any kitchen space within a dwelling house or dwelling unit separated from any other space by a dividing wall or partition occupying more than 60% of the separating plane shall be deemed to be a separate space and shall have a floor area of not less than 5 m^2.

(c) Every bedroom shall have a floor area of not less than 5 m^2 and the minimum horizontal dimension within such area shall not be less than 1,5 m.

B21. WINDOWS AND OTHER GLAZED AREAS

(1) Every room shall be provided with a window or other glazed area containing transparent glass or transparent plastics material which shall be situated in an external wall of the building and such window or other glazed area shall front directly onto a zone of open space within the curtilage of the site or on to a street or river adjacent to such building or its site: Provided that such zone may not extend beyond the centre line of such street or river.

(2) For the purpose of providing natural lighting the minimum total size of such window or other glazed area, measured clear of the frames,

University of Fort Hare

rame gemeet, minstens 10% van die vloeroppervlakte van sodanige vertrek wees, behoudens aan 'n minimum oppervlakte van 0,2 m^2.

(3) *(a)* Die oop ruimte ingevolge subregulasie (1) vereis, moet na die buitelug oop wees en moet heeltemal onbelemmer wees, behalwe soos in subregulasie (5) toegelaat.

(b) Sodanige ruimte moet oor 'n minimum horisontale afstand van 2 m strek, haaks op die muur met die vnester gemeet, of, waar daar 'n uitsteeksel bokant die venster na die ruimte is, moet die afstand van 2 m van die buiterand van sodanige projeksie gemeet word en sodanige projeksie mag nie 2,4 m oorskry nie.

(c) Die minimum breedte van sodanige ruimte moet 2 m wees of gelyk wees aan die breedte van die venster, wat ook al die grootste is, en sodanige breedte moet simmetries om die vertikale hartlyn van die venster wees.

(4) Geen heining, muur of soortgelyke struktuur wat sal keer dat natuurlike lig deur die venster binnekom, mag binne sodanige ruimte geleë wees indien dit binne 'n denkbeeldige lyn val wat onder 'n hoek van 30° met die horisontaal vanaf die vensterbank van so 'n venster na bo en buite getrek word nie.

(5) Vir die doel van natuurlike ventilasie—

(a) moet minstens 45% van sodanige venster of ander beglaasde oppervlak so gemaak wees dat dit oopgemaak kan word, behoudens 'n minimum oopmaakbare oppervlakte van 0,09 m^2

(b) word daar geag dat 'n venster wat op 'n oordakte balkon, galery of veranda oopmaak, direk na die buitelug oopmaak indien—

(i) die breedte van die balkon, galery of varanda, haaks op die venstermuur gemeet, hoogstens 2,4 m is;

(ii) enige borswering van die balkon, galery of varanda hoogstens 1,2 m hoog is; en

(iii) die ruimte bokant sodanige borswering heeltemal oop is of waar enige omslote ruimte bokant sodanige borswering uit 'n beglaasde raam bestaan, minstens 75% daarvan vensters is wat oopgemaak kan word of waar die oppervlak bokant sodanige borswering gedeeltelik omsluit is, sodanige omslote oppervlak hoogstens 25% van die oppervlak bo sodanige borswering uitmaak: Met dien verstande dat niks in hierdie paragraaf vertolk moet word dat 'n opening nie in die vorm van permanent oop vaste hortjies mag wees nie.

(6) Nieteenstaande die bepalings van subregulasies (1), (2) en (3) kan 'n venster van 'n badkamer, stortkamer of spoelkloset op 'n binnehof of ander oop ruimte wat 'n plattegrondoppervlakte van minstens 3,5 m^2 het en waarvan die kleinste afmeting 0,9 m is, oopmaak.

(7) Alle vensters en vensterrame moet so ontwerp, gebou en aangebring wees dat daar verseker word dat geen reën die binnekant van die gebou binnedring as die vensters toe is nie.

(8) Daar kan in die geheel of afsonderlik van die vereistes van subregulaise (1), (2) en (5) afgesien word mits daar aan die toepaslike bepalings van Deel E voldoen word.

B22. BEGLASING

Enige installasie van beglasingmateriaal moet aan die regulasies in Deel G voldoen.

B23. DAKKE

(1) *(a)* Alle dakke en dakuitsteeksels van gebou moet waterdig wees en so bevestig wees dat dit kragte wat deur winddruk, positief sowel as negatief, en temperatuurveranderings veroorsaak word, kan weestaan.

(b) 'n Toestel wat gebruik word om 'n dakbedekking op 'n dak te bevestig, moet korrosiebestand wees en mag geen elektrolitiese werking tussen ongelyksoortige metale veroorsaak nie.

(2) Dakhout moet aan die vereistes van standaardspesifikasies SABS 563, SABS 876, SABS 1089 of SABS 1245 voldoen en moet 'n nominale dikte van minstens 38 mm hê of minstens 33 mm as dit geskaaf is: Met dien verstande dat—

(a) hout wat in traliekonstruksie gebruik word, 'n nominale dikte van minstens 25 mm moet hê; en

(b) kaplatte wat dakbedekking in plaatvorm dra, 'n minimum nominale dikte van 50 mm moet hê.

(3) *(a)* Alle lasse van dakkappe van hout en dakraamwerk moet akkuraat gesny wees en so gepas word dat samestellende dele styf teen mekaar getrek word.

(b) Daksparre en raveelbalke moet om alle solderkamervensters en ander dakopeninge verdubbel word.

(c) Kaplatte moet oor minstens twee spanne aaneenloop, tensy die dak slegs oor een span strek.

(d) Alle lasse in aangrensende daksparre moet verspring wees.

(e) Indien kaplatte 'n diepte-tot-breedteverhouding van meer as twee het, moet hulle teen draaiing ingeklem word.

(f) Afgesien daarvan dat alle kaplatte met spykers aan daksparre bevestig moet wees, moet dit stewig met stroppe of binte aan entdaksparre en ook aan al om die onder dakspar van die dakraamwerk bevestig wees.

(4) In die geval van die bevestiging van 'n dakstruktuur aan 'n steun-

shall not be less than 10% of the floor area of such room, subject to a minimum area of 0,2 m^2.

(3) *(a)* The open space required in terms of subregulation (1) shall be open to the sky and shall be wholly unobstructed except as may be permitted in terms of subregulation (5).

(b) Such space shall extend for a minimum horizontal distance of 2 m measured at right angles to the wall containing the window or, where there is a projection above the window into the space, the distance of 2 m shall be measured from the external edge of such projection which projection shall not exceed 2,4 m.

(c) The minimum width of such space shall be 2 m or equal to the width of the window whichever is the greater and such width shall be located symmetrically about the vertical centre line of the window.

(4) No fence, wall or other structure which would impede the entry of natural light to the window shall be situated within such space if it would encroach upon an assumed line projecting and rising outwards at 30 °C to the horizontal from the sill of such window.

(5) For the purpose of providing natural ventilation—

(a) not less than 45% of such window or other glazed area shall be so constructed that it is capable of being opened, subject to a minimum openable area of 0,09 m^2;

(b) a window that opens onto a roofed balcony, gallery or verandah shall be deemed to open directly into the external air if—

(i) the balcony, gallery or verandah is not wider than 2,4 m measured at right angles to the wall containing the window; and

(ii) any parapet of the balcony, gallery or verandah is not more than 1,2 m in height; and

(iii) the area above the top of such parapet is completely open or where any enclosure above such parapet consists of glazed framing, at least 75% thereof is in the form of openable windows or where the area above such parapet is partially enclosed such enclosed area does not exceed 25% of the area above such parapet: Provided that nothing in this paragraph shall be contrued as preventing any opening from being in the form of permanently open fixed louvres.

(6) Notwithstanding the provisions of subregulations (1), (2) and (3), a window to a bathroom, shower-room or water-closet may open onto a court or other open space which has a plan area of not less than 3,5 m^2, and of which the smallest dimension is 0,9 m.

(7) All windows and window frames shall be so designed, constructed and installed as to ensure that when the windows are in the closed position no rain is able to penetrate to the inside of the building.

(8) The requirements contained in subregulations (1), (2) and (5) may be collectively or individually dispensed with subject to the appropriate provisions contained in Part E being complied with.

B22. GLAZING

Any installation of glazing material shall comply with the regulations contained in Part G.

B23. ROOFS

(1) *(a)* All roofs and roof projections from buildings shall be weatherproof and shall be so secured as to enable them to withstand the forces created by wind pressure, both positive and negative, and changes in temperature.

(b) Any device used for the fastening of any roof covering on a roof shall be resistant to corrosion and shall not cause any electrolytic action in the case of dissimilar metals.

(2) Roof timbers shall comply with the requirements of standard specifications SABS 563, SABS 876, SABS 1089 or SABS 1245, and shall not be less than 38 mm in nominal thickness or 33 mm when planed: Provided that—

(a) timber used in lattice construction shall not be less than 25 mm in nominal thickness; and

(b) purlins carrying roof covering in sheet form shall have a minimum nominal thickness of 50 mm.

(3) *(a)* Timber roof trusses and roof framing shall have all joints accurately cut and so fitted that the component parts are drawn tightly together.

(b) Rafters and trimmers shall be doubled around all dormers and other roof openings.

(c) Purlins shall be continuous over at least two spans unless the roof extends for only one span.

(d) All joints in adjacent purlins shall be staggered.

(e) Where purlins have a ratio of depth to width exceeding two, they shall be restrained from twisting.

(f) In addition to being nailed to rafters, all purlins shall be securely strapped or tied to the end rafters and also to alternate rafters of the framework of the roof.

(4) In the case of the fastening down of any roof structure to a sup-

CONT

muur van messelwerkeenhede, moet daar aan die volgende bepalings voldoen word:

(a) (i) Elke muurplaat moet met versinktestaalbande wat minstens 30 mm breed en 1,2 mm dik is of met versinktestaaldrade met 'n diameter van minstens 3 mm aan sodanige muur bevestig word.

(ii) Sodanige bande of drade moet egalig oor die lengte van sodanige plaat op hartafstande van hoogstens 1,4 m versprei word en minstens 600 mm onder die vlak van sodanige plaat stewig in sodanige muur ingebed word.

(b) Elke dakkap, -spar of -balk moet met versinktestaalband of versinktestaaldraad van die afmetings genoem in paragraaf *(a)* (i) aan sodanige plaat bevestig word.

(c) Die bepalings van paragrawe *(a)* en *(b)* sluit nie die gelyktydige bevestiging, volgens 'n enkele bevestigingsmetode van 'n muurplaat sowel as 'n dakkap, dakspar of balk aan sodanige muur uit nie: Met dien verstande dat—

(i) waar die spasiëring van die dakkappe, daksparre of balke hoogstens 1,4 m is, sodanige enkele bevestigingsmetode deur middel van versinktestaalband of versinktestaaldraad van 'n grootte bedoel in paragraaf *(a)* (i) moet wees en soos in paragraaf *(a)* (ii) bedoel in die muur ingebed moet wees; en

(ii) waar die spasiëring van die dakkappe, daksparre of balke 1,4 m oorskry, sodanige enkele bevestigingsmetode moet wees deur middel van versinktestaalband of versinktestaaldraad met 'n dwarsdeursneeoppervlakte wat die dwarsdeursneeoppervlakte van die band of draad bedoel in paragraaf *(a)* (i) oorskry in dieselfde verhouding as wat die spasiëring van die dakkappe, daksparre of balke 1,4 m oorskry en wat soos in paragraaf *(a)* (ii) bedoel in die muur ingebed moet wees.

(d) In die geval van 'n houtraamgebou moet enige dakkap, dakspar of balk in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van gebruikskode SABS 082 stewig aan die muurkonstruksie bevestig word.

(5) Sonder om af te doen van die vereistes van subregulasie (9) moet 'n dak waarvoor die materiaal genoem in Tabel 13 gebruik gaan word, volgens die daksparhellings en entoorslae (indien toepaslik) wat daarin aangegee word, gebou word: Met dien verstande dat indien ander materiaal gebruik gaan word, die materiaal, daksparhellings en entoorslae (indien toepaslik) goedgekeur moet word.

TABEL 13

1	2	3
Tipe dakbedekking	Minimum entoorslag van plate	Minimum hoek van daksparhelling
Versinkte golfstaal	230 mm	12°
Veselversterkte golfsement	300 mm	12°
Langspanplaat, met inbegrip van staal, aluminium, veselversterkte sement		
Geen entoorslag nie		3°
Entoorslag verseël	230 mm	5°
Entoorslag nie verseël nie	230 mm	12°
Beton- of klei-inhaakpanne met enkeloorslag		
Met onderlaag		17°
Sonder onderlaag		22°
Leie/gewone teëls/dakspane van beton, klei of asbes		
Met onderlaag		17°
Sonder onderlaag		22°
Natuurlike leiklip op oop latte		
Met onderlaag		17°
Sonder onderlaag		22°
Metaalpanne		
Met onderlaag		10°
Sonder onderlaag		15°
Dekgras		
2 lae met 'n totale dikte van 150 mm		45°
4 lae met 'n totale dikte van 300 mm		35°

porting wall erected in masonry units the following provisions shall be complied with:

(a) (i) Every wall plate shall be fastened to such wall by either galvanized steel straps not less than 30 mm wide and 1,2 mm thick or by galvanized steel wires not less than 3 mm in diameter.

(ii) Such straps or wires shall be evenly distributed along the length of such plate and at centres not exceeding 1,4 m and shall be securely bedded in such wall not less than 600 mm below the level of such plate.

(b) Every roof truss, rafter or beam shall be fastened to such plate by a galvanized steel strap or a galvanized steel wire of the dimensions referred to in paragraph *(a)* (i).

(c) The provisions of paragraphs *(a)* and *(b)* shall not preclude the simultaneous fastening of both a wall plate and a roof truss, rafter or beam to such wall by a single means of fastening: Provided that—

(i) where the spacing of the trusses, rafters or beams does not exceed 1,4 m such single means of fastening shall be by means of a galvanized steel strap or galvanized steel wire of a size contemplated in paragraph *(a)* (i) and embedded in the wall as contemplated in paragraph *(a)* (ii) and

(ii) where the spacing of the trusses, rafters or beams exceeds 1,4 m such single means of fastening shall be by means of a galvanized steel strap or galvanized steel wire having a cross-sectional area which exceeds the cross-sectional area of the strap or wire contemplated in paragraph *(a)* (i) by the same proportion as the spacing of the trusses, rafters or beams exceeds 1,4 m and which is embedded in the wall as contemplated in paragraph *(a)* (ii).

(d) In the case of a timber frame building any roof truss, rafter or beam shall be securely fastened to the wall construction in accordance with the requirements contained in SABS 082.

(5) Without prejudice to the requirements contained in subregulation (9) any roof on which materials referred to in Table 13 are to be used, shall be constructed to the rafter slopes and end laps (where applicable) there given: Provided that where other materials are to be used, the materials, rafter slopes and end laps (where applicable) shall be approved.

University of Fort Hare
Together in Excellence

TABLE 13

1	2	3
Type of roof covering	Minimum end lap of sheets	Minimum angle of rafter slope
Corrugated galvanized steel	230 mm	12°
Corrugated fibre reinforced cement	300 mm	12°
Long span sheet including steel, aluminium, fibre reinforced cement		
No end lap		3°
End lap sealed	230 mm	5°
End lap not sealed	230 mm	12°
Single lap concrete or clay interlocking tiles		
With underlay		17°
Without underlay		22°
Concrete, clay or asbestos slate/plain tiles/shingles		
With underlay		17°
Without underlay		22°
Natural slate on open battens		
With underlay		17°
Without underlay		22°
Metal tiles		
With underlay		10°
Without underlay		15°
Thatching		
2 layers having total thickness of 150 mm		45°
4 layers having total thickness of 300 mm		35°

(6) 'n Voegskort van korrosiebestande materiaal moet voorsien word waar enige dak teen 'n muur stoot, by enige uitsteeksel deur 'n dakbedekking en op enige ander plek waar die plaaslike owerheid dit nodig ag.

(7) Waar voegskortmetaal met 'n ongelyksoortige metaal in aanraking kom, moet voorsiening gemaak word vir die voorkoming van korrosie wat deur elektrolitiese werking veroorsaak kan word.

(8) Indien 'n gebou van 'n grasdak voorsien gaan word, moet elke kiel, wolfhoek en nok van 'n ondeurlatende drenker voorsien word.

(9) *(a)* Indien 'n nominale platdak van plank- of betonkonstruksie gebruik word, moet sodanige dak—

(i) met 'n val van minstens 1 op 50 gelê word; en

(ii) 'n oppervlak hê wat so afgewerk is dat damming van reënwater voorkom word; en

(iii) voorsien wees van uitlate van die getal en grootte wat sal verseker dat stormwater behoorlik daarvan sal afloop.

(b) (i) Sodanige dak moet deur middel van 'n bedekking van mastiekasfalt, bitumineuse vilt, polimeermateriaal of ander ondeurlatende materiaal waterdig gemaak word.

(ii) Indien sodanige dak aan voetgangerverkeer blootgestel gaan word, moet sodanige bedekking deur middel van teëls, plaveiblokke of ander geskikte middele beskerm word: Met dien verstande dat indien, in die geval van 'n betondak, sodanige dak aan voertuigverkeer blootgestel gaan word, sodanige bedekking deur 'n laag beton met 'n dikte van minstens 75 mm of baksteenplaveisel met 'n dikte van minstens 75 mm beskerm moet word en sodanige plaveisel in sementdagha of fondamentmengsel gelê moet word.

B24. Beheer van Reënwater

(1) Die eienaar van 'n gebou is verantwoordelik vir die voorsiening en instandhouding van geute en 'n goedgekeurde aantal geutpype wat so groot en so gerangskik is dat dit alle stormwater op enig dakoppervlakte van sodanige gebou sal versamel: Met dien verstande dat hierdie vereiste nie geld in gevalle waar 'n geplaveide oppervlak met 'n breedte van minstens 1 m en 'n val weg van die buitemure van die gebou rondom sodanige gebou voorsien word nie: Met dien verstande voorts dat die geplaveide oppervlak bedoel in die voorafgaande voorbehoudsbepaling nie enige geplaveide oppervlak insluit wat aan die plaaslike bestuur behoort of by hom berus nie.

(2) Elke geut moet op afstande van hoogstens 1,25 m oor sy lengte gesteun word.

(3) Geutpype moet stewig aan die gebou bevestig wees en dit moet so afvoer dat stormwater van die gebou weggevoer word.

(4) Die plaaslike owerheid kan vereis dat voorsiening gemaak word dat stormwater van 'n geutpyp of geplaveide oppervlak na 'n mangat, inspeksiekamer, grondgeut, stormwaterriool, natuurlike waterloop of syferput weggevoer word wat deur hom goedgekeur is, op sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag, met inbegrip van voorwaardes met betrekking tot die wyse waarop die water aldus weggevoer word: Met dien verstande dat—

(a) alle geute, geutpype, trogpype, kiele, grondgeute of rioolputte vir die wegvoer van stormwater en oppervlakwater dié hoeveelhied stormwater wat meegebring word deur reën wat teen 'n tempo gelyk aan 100 mm/h val, kan afvoer sonder om oor te loop: Met dien verstande dat daar in die geval van geute en geutpype geag word dat daar aan die vereistes van hierdie paragraaf voldoen is indien—

(i) die grootte van 'n geutbereken word op die grondslag van 140 mm^2 dwarsdeursneeoppervlakte vir elke 1 m^2 dakoppervlakte wat deur sodanige geut bedien word; en

(ii) die grootte van 'n geutpyp bereken word op die grondslag van 100 mm^2 dwarsdeursneeoppervlakte vir elke 1 m^2 dakoppervlakte wat deur sodanige geutpyp bedien word;

(b) die grootte van enige sodanige grondgeut of stormwaterriool nie kleiner mag wees as dié van 'n pyp met 'n nominale binnediameter van 100 mm nie;

(c) (i) geen sodanige syferput nader as 4 m aan 'n gebou of 'n grens van die terrein of 'n serwituut waaraan die terrein onderworpe is, is nie; en

(ii) die inhoudsvermoë van sodanige put nie minder as 1 m^3 is vir elke 40 m^2 oppervlakte van die dak waarvandaan die stormwater daarheen afgevoer moet word nie; en

(d) tensy die plaaslike oweheid anders voorskryf, fasiliteite vir die doeltreffende skoonmaak van die stormwaterafvoerstelsel oor die hele loop daarvan op afstande van hoogstens 25 m voorsien moet word: Met dien verstande dat 'n mangat of inspeksiekamer of steekoog goedgekeur deur die plaaslike owerheid by elke aansluiting, verandering in rigting of verandering in helling geïnstalleer moet word.

(5) Geen muur of heining mag op so 'n wyse opgerig word dat dit sal lei tot die versameling van stormwater wat skade of ongerief aan 'n aangrensende eiendom, straat of ander openbare plek kan veroorsaak nie.

(6) A flashing of corrosion resistant material shall be provided where any of abuts a wall, at any projection through a roof covering and at any other place where it is deemed necessary by the local authority.

(7) Where a flashing metal comes into contact with any other metal which is dissimilar to such flashing metal, provision shall be made for the prevention of corrosion which may be caused by way of electrolytic action.

(8) Where a building is to be provided with a thatched roof every valley, hip and ridge of such roof shall be provided with an impervious soaker.

(9) *(a)* Where any nominally flat roof of boarded or concrete construction is used such roof shall—

(i) be laid to a fall of not less than 1 in 50;

(ii) have a surface so finished to prevent ponding of rainwater; and

(iii) be provided with outlets of such number and size as to ensure adequate drainage of storm water therefrom.

(b) (i) Such roof shall be waterproofed by means of a covering of mastic asphalt, bituminous felt, polymeric material or other impervious material.

(ii) Where such roof is to be subjected to pedestrian traffic such covering shall be protected by tiles, paving slabs or other approved means: Provided that where in the case of a concrete roof such roof is to be subjected to vehicular traffic such covering shall be protected by a layer of concrete not less than 75 mm thick or brick paving not less than 75 mm thick and such paving shall be bedded in cement mortar or bedding compound.

B24. Control of Rainwater

(1) The owner of any building shall provide and maintain in good order gutters and an approved number of downpipes of such size and so arranged as to collect all stormwater upon any roofed area of such building: Provided that this requirement shall not apply where a paved area not less than 1 m wide is provided to surround such building which paved area shall be graded away from the external walls of such building: Provided further that the paved area contemplated in the aforegoing proviso shall not include any paved area owned by or vested in the local authority.

(2) Every gutter shall be supported at a distance not exceeding 1,25 m along its length.

(3) Downpipes shall be securely fixed to the building and they shall discharge in such manner that stormwater is conveyed away from the building.

(4) The local authority may require provision to be made for stormwater from a downpipe or paved area to be conveyed to a manhole, inspection chamber, surface channel, stormwater drain, natural water course or soak pit approved by it and subject to such conditions as it may deem necessary including conditions relating to the means by which such water is to be so conveyed: Provided that—

(a) all gutters, downpipes, troughs, valleys, surface channels or gullies for the disposal of stormwater and surface water shall be capable of carrying, without overflowing, a quantity of stormwater resulting from rain falling at a rate equivalent to 100 mm/h: Provided that in respect of gutters and downpipes the requirements of this paragraph shall be deemed to be satisfied if—

(i) the size of a gutter is calculated on the basis of 140 mm^2 of cross-sectional area for every 1 m^2 of roof area served by such gutter and

(ii) the size of a downpipe is calculated on the basis of 100 mm^2 of cross-sectional area for every 1 m^2 of roof area served by such downpipe;

(b) the size of any such surface channel or stormwater drain shall not be less than that of a pipe which has a nominal internal diameter of 100 mm;

(c) (i) no such soak pit shall be closer than 4 m from any building or any boundary of the site or any servitude to which the site is subject; and

(ii) the capacity of such pit shall not be less than 1 m^3 for every 40 m^2 of the area of the roof from which stormwater is intended to be conveyed thereto; and

(d) unless the local authority otherwise directs there shall be provided along the entire course of every stormwater disposal system and at distances not exceeding 25 m, facilities for the effective cleaning of such system: Provided that at every junction, change in direction or change in gradient there shall be installed a manhole or inspection chamber or cleaning eye approved by the local authority.

(5) No wall or fence shall be erected in such manner that it will cause the accumulation of any stormwater which may cause damage or inconvenience to an adjoining property, street or other public place.

B25. TRAPPE

(1) Vir die doel van hierdie regulasie beteken „steeklyn" 'n denkbeeldige lyn wat van die vloer of bordes onder 'n traparm getrek word en wat die neusrande van al die loopstukke in sodanige traparm verbind.

(2) Behalwe in die geval van 'n trap wat strek van die grondverdieping tot by die eerste verdieping van 'n woonhuis of -eenheid wat nie hoër as twee verdiepings is nie, moet elke trap wat deel uitmaak van 'n noodroete bedoel in Deel F, deur 'n nie-brandbare konstruksie gesteun word en van gewapende beton gebou wees: Met dien verstande dat brandbare materiaal vir die afwerking van die stygstukke en loopstukke van so 'n trap gebruik mag word, behalwe waar sodanige trap in 'n kelder is.

(3) Die kopruimte van 'n trap, vertikaal op die steeklyn gemeet, moet op alle plekke minstens 2,1 m wees en die breedte van 'n trap wat nie 'n trap is wat deel uitmaak van 'n noodroete, genoem in subregulasie (2) nie, moet minstens 750 mm wees.

(4) *(a)* (i) Behalwe soos in paragraaf *(b)* anders toegelaat, moet die traparms van elke trap reguit wees tussen bordesse en die lengte en breedte van 'n bordes moet minstens gelyk aan die breedte van die trap wees: Met dien verstande dat 'n bordes tussen twee traparms in dieselfde reguit lyn minstens 900 mm lank moet wees.

(ii) Geen traparm mag 'n groter vertikale styging tussen bordesse hê as 2,4 m in die geval van openbare vergaderokkupasie of 3 m in die geval van enige ander okkupasieklas nie en sodanige traparm mag nie minder as drie trappe bevat nie.

(b) 'n Trap wat nie 'n trap bedoel in regulasie F19 (1) *(b)* is nie, kan geboë wees.

(5) Die styging van 'n trappie mag hoogstens 150 mm wees in die geval van 'n openbare gebou en 200 mm in die geval van enige ander gebou.

(6) Die diepte van 'n loopstuk moet minstens 280 mm wees in die geval van 'n openbare gebou en 225 mm in die geval van enige ander gebou: Met dien verstande dat—

(i) waar die diepte van so 'n loopstuk 'n neusrand insluit, sodanige neusrand minstens 25 mm en hoogstens 40 mm by die voorvlak van die stygstuk daaronder verbysteek.

(ii) waar skuins stygstukke voorsien word 'n loopstuk nie die volgende loopstuk daaronder met minder as 25 mm of meer as 40 mm oorvleuel nie; en

(iii) waar die trap nie soliede stygstukke het nie, elke loopstuk die volgende loopstuk daaronder met minstens 25 mm oorvleuel, en die mate van sodanige oorvleueling word nie in aanmerking geneem by die bepaling van die minimum diepte daarvan nie.

(7) Die hoogte van 'n stygstuk en die diepte van 'n loopstuk mag met hoogstens 5 mm in dieselfde traparm of reeks trappies wissel.

(8) Spits toelopende trappies kan toegelaat word met dien verstande dat—

(a) daar aan die toepaslike vereistes van subregulasies (6) voldoen word ten opsigte van dié deel van elke loopstuk wat meer as 350 mm van die uiterste daarvan is by die binneboog van die trap; en

(b) die horisontale hoek tussen die vlakke van enige twee opeenvolgende stygstukke hoogstens 15° is en sodanige hoek tussen alle opeenvolgende stygstukke konstant bly.

(9) *(a)* (i) Elke trap moet aan elke kant beskerm word deur 'n stewige muur, skerm, reling of balustrade wat minstens 1 m hoog strek, vertikaal vanaf die steeklyn gemeet: Met dien verstande dat die onderrand van sodanige skerm, reling of balustrade hoogstens 50 mm bokant die steeklyn mag wees.

(ii) Elke kant van 'n bordes wat deel van 'n trap uitmaak of op 'n traphuis uitkyk, moet beskerm word deur 'n stewige muur, skerm, reling of balustrade wat minstens 1 m hoog bokant die vloer van sodanige bordes of ruimte strek.

(b) Geen opening in 'n muur, skerm, reling of balustrade in subregulasie (9) *(a)* genoem, mag sodanige wees dat 'n sfeer met 'n diameter van 125 mm daardeur kan gaan nie.

(c) (i) Elke traparm in 'n trap met 'n totale styging van meer as 750 mm moet minstens een aaneenlopende handreling hê wat oor die volle lengte van sodanige traparm strek.

(ii) Sodanige handreling moet stewig bevestig wees op 'n hoogte van minstens 1 m, vertikaal van die steeklyn tot by die bovlak van die handreling gemeet.

(iii) Sodanige handreling moet so ontwerp wees en so bevestig wees dat daar geen obstruksies aan, bo of naby die handreling is wat die beweging van 'n hand daarlangs kan verhinder nie.

(iv) Sodanige handreling en sy stutte mag nie meer as 90 mm in die trapruimte insteek nie.

(10) Enige muur, skerm, reling of balustrade wat in 'n openbare gebou voorsien word sowel as enige struktuurdeel wat sodanige muur, skerm, reling of balustrade steun, moet ooreenkomstig die vereistes van Deel C ontwerp wees.

B26. SANITÊRE AKKOMMODASIE

(1) Indien die plaaslike owerheid ag dat die watertoevoer toereikend is en dit beskikbaar is by enige gebou waar rioolvuil voortgebring word,

B25. STAIRWAYS

(1) For the purpose of this regulation "pitch line" shall mean an imaginary line drawn from the floor or landing below a flight of stairs to connect the nosings of all the treads in such flight.

(2) Except in the case of a stairway which extends from the ground storey to the first storey of a dwelling house or unit which does not exceed two storeys in height every stairway forming a component of an emergency route contemplated in Part F shall be supported by a non-combustible construction and be constructed of reinforced concrete: Provided that combustible material may be used for the finish to the risers and treads of any such stairway, except where such stairway is in a basement.

(3) The headroom at every point of any stairway shall not be less than 2,1 m measured vertically from the pitch line and the width of any stairway not being a stairway forming part of an emergency route referred to in subregulation (2) shall not be less than 750 mm.

(4) *(a)* (i) Every stairway, except as otherwise permitted in paragraph *(b)*, shall be in a straight flight between landings and the length and width of any landing shall not be less than the width of such stairway: Provided that any landing serving two flights in the same straight line shall have a length of not less than 900 mm.

(ii) No flight of stairs shall have a greater vertical rise between landings than 2,4 m in the case of a public assembly occupancy or 3 m in the case of any other occupancy class and such flight shall not contain less than three steps.

(b) A stairway may be curved where it is not a stairway contemplated in regulation F19 (1) *(b)*.

(5) The rise of any step shall not exceed 150 mm in the case of a public building and 200 mm in the case of any other building.

(6) The depth of any tread shall not be less than 280 mm in the case of a public building and 225 mm in the case of any other building: Provided that—

(i) where the depth of such tread includes any nosing such nosing shall project not less than 25 mm and not more than 40 mm beyond the face of the riser below;

(ii) where raked risers are provided, a tread shall not overlap the next lower tread by less than 25 mm or more than 40 mm; and

(iii) where the stairway does not have solid risers each tread shall overlap the next lower tread by not less than 25 mm and the extent of such overlap shall not be taken into account in determining its minimum depth.

(1) Where during the erection of a building to which the drawings contemplated in this Part relate, it is found that the conditions assumed in the design and allowed for in such drawings, differ or have altered—

(a) the owner of such building shall cause such design to be reassessed and the local authority concerned shall forthwith be furnished with such amended drawings as it may deem necessary; and

(b) mag daar nie sonder goedkeuring met die oprigting van die betrokke gebou voortgegaan word nie.

(2) Indien die eienaar versuim om die bepalings van hierdie regulasie na te kom, is hy aan 'n misdryf skuldig.

C11. VOORSORGMAATREËLS TYDENS KONSTRUKSIE

(1) Voorsorgmaatreëls moet tydens al die stadiums van konstruksie getref word om te verseker dat die struktuur nie as gevolg van belastingstoestande wat tydens die konstruksiewerk ontstaan, beskadig of vervorm raak nie.

(2) Tydens die konstruksiewerk moet alle permanente en tydelike struktuurdele, met inbegrip van bekisting en stutwerk, beskerm word teen laste wat dié oorskry waarvoor hulle ontwerp is.

DEEL D

PERSEELRIOLERING

D1. WOORDBEPALING EN VERTOLKING

(1) In hierdie Deel, tensy dit onbestaanbaar met die sinsverband is, beteken—

„afvoerpyp" 'n pyp wat die afvoer van sanitêre toebehore na 'n perseelriool voer en sluit 'n vuilriool, 'n vuilwaterpyp of 'n stampyp in;

„drekwater" vloeistof wat ekskreta bevat;

„eenpypstelsel" 'n pypstelsel tussen vaste sanitêre toebehore en 'n perseelriool waarin vuil- sowel as drekwater in 'n gemeenskaplike stampyp afloop en waarin die sperders deur middel van afsonderlike ontlugpype verbind is met 'n gemeenskaplike ontlugpyp wat langs die stampyp afloop en onderkant die onderste takverbinding met die stampyp of regstreeks met die perseelriool verbind is;

„elektriese sanitêre toebehore" toestelle wat met 'n elektriese toevoer en 'n watertoevoer verbind is om funksies soos die was van klere of skottelgoed of die geskikmaking van afval vir storting in 'n afvoerpyp te verrig, en sluit 'n kosafvalkerwer en 'n sanitêredoekiewegdoener in;

„enkelstampypstelsel" 'n pypstelsel tussen vaste sanitêre toebehore en 'n perseelriool waarin vuil- sowel as drekwater in 'n gemeenskaplike stampyp afloop en waarin die stampyp en afvoerpype ook as ontlugpype dien aangesien afsonderlike sperderontlugpype nie voorsien word nie;

„enkelstampypstelsel (gemodifiseer)" 'n enkelstampypstelsel waarin 'n ontlaslugpyp vir die afvoerstampyp voorsien word wat onderkant die onderste takverbinding en minstens op al om die ander verdieping deur middel van 'n dwarsontlugpyp met die afvoerstampyp verbind is;

„gekombineerde perseelriool" dié deel van 'n perseelriool wat bo en behalwe die rioolvuil van die terrein waardeur die riool loop, ook ander rioolvuil afvoer;

„huishoudelike uitvloeisel" rioolvuil wat uitsluitlik uit drekwater of vuilwater bestaan;

„inspeksiekamer" 'n kamer wat hoogstens 750 mm diep is en waarvan die afmetings sodanig is dat dit toegang tot 'n perseelriool verleen sonder dat 'n persoon die kamer vir inspeksiedoeleindes moet binnegaan;

„maangat" 'n kamer wat dieper as 750 mm is en wat toegang tot 'n perseelriool verleen;

„nywerheidsuitvloeisel" afvalvloeistof wat deur 'n industriële, fabrieks-, mynbou- of nywerheidsproses ontstaan en wat vuilwater of drekwater kan bevat;

„ontlaslugpyp" 'n ontlugpyp of ventilasiepyp wat onderkant die aansluitpunt van die laagste takverbinding daarmee van die stampyp aftak;

„ontlugpyp" of „ventilasiepyp" 'n pyp (uitgesonderd 'n perseelriool) wat by die hoogste punt daarvan in die buitelug uitmond, wat met 'n perseelriool of 'n afvoerpyp verbind is om 'n perseelrioleringstelsel te ontlug en wat heweling van waterslotte uit sperders voorkom;

„opgaartenk" 'n toe tenk, sonder 'n oorloop, wat vir die opvang en tydelike opgaar van rioolvuil (uitgesonderd nywerheidsuitvloeisel) gebruik word en wat van tyd tot tyd leeggemaak moet word;

„passtuk" dié deel van 'n pyplyn wat twee pype met mekaar verbind wat van verskillende soorte materiaal gemaak is of waarvan die diameter verskil, en is gewoonlik van een van die twee sodanige soorte materiaal gemaak;

„perseelriool" dié deel van 'n perseelrioleringstelsel wat gewoonlik onder die grond gelê word en wat rioolvuil van 'n gebou na 'n verbindingsriool of na 'n gekombineerde perseelriool of na enige ander rioolvuilontvanger op die betrokke terrein voer, maar sluit nie—

(a) 'n afvoerpyp;

(b) the erection of the building concerned shall not be proceeded with without approval.

(2) If the owner fails to observe the provisions of this regulation he shall be guilty of an offence.

C11. PRECAUTIONS DURING CONSTRUCTION

(1) Precautions shall be taken during all stages of construction to ensure that the structure is not damaged or distorted due to loading conditions arising during the course of such construction.

(2) During the course of construction all permanent and temporary structural members, including formwork and false work shall be protected against loads exceeding those for which they were designed.

PART D

DRAINAGE

D1. DEFINITIONS AND INTERPRETATION

(1) In this Part unless inconsistent with the context—

"access eye" means an opening fitted with a removable cover to permit the inspection, testing or cleaning of the interior of a drain, pipe or trap;

"adaptor" means that portion of a pipline which connects together two pipes made of different materials or of different diameters and which is normally made of one of the two such materials;

"combined drain" means that portion of a drain which conveys sewage other than or in addition to that sewage which emanates from the site through which such drain runs;

"connecting piece" means that portion of a pipline which connects together two pipes made of the same material but which need not necessarily be made of the same material as the pipes;

"connecting sewer" means a pipe vested in the local authority which connects a drain to a sewer;

"discharge pipe" means a pipe which conveys the discharge from a sanitary fixture to a drain and includes a soil pipe, a waste pipe or a stack;

"domestic effluent" means sewage consisting solely of soil water or waste water;

"drain" means that part of a drainage systems normally laid below ground which conveys sewage from a building to a connecting sewer or to a combined drain or to any other means of sewage disposal on the site concerned but shall not include—

(a) any discharge pipe;

(b) that portion of a vertical stack which is below ground level; or

(c) the bend at the foot of a stack, whether such bend is exposed or not.

"drainage system" means a system vested in the owner of the site which is situated on such site and which is intended for the reception, conveyance, storage or treatment of sewage and includes drains, discharge pipes, ventilating pipes, sanitary fixtures, septic tanks, stacks, storage tanks, private sewage treatment works, or mechanical appliances associated therewith;

"electrical sanitary fixture" means a device which is connected to an electricity supply and to a water supply to perform a function such as the washing of clothes or dishes, or rendering waste matter suitable for disposal into a discharge pipe and includes a food-waste diposer, and a sanitary-towel disposer;

"fixture unit" means a unit of measure expressing the hydraulic loading imposed by any sanitary fixture on the system of pipe-work to which it is connected.

"fixture unit rating" means the value in fixture units assigned to a fixture from a consideration of the duration of its discharge, the interval between discharges and its mean discharge rate;

"inspection chamber" means a chamber not deeper than 750 mm and of such dimensions that access may be obtained to a drain without causing a person to enter into such chamber for the purpose of inspection;

"manhole" means a chamber of a depth greater than 750 mm which allows access to a drain;

"one-pipe system" means a systems of piping between sanitary fixtures and a drain in which both waste and soil water are permitted to flow down a common stack and in which traps are separately vented to a common vent which is extended down and connected to the stack below the lowest branch connection or directly to the drain;

"percolation trench" (or "french drain") means a trench filled with graded aggregate and used for the dispersal of waste water or liquid effluent from a septic tank;

"pipe fitting" means any fitting associated with any pipe forming part of a drainage system and includes any access pipe, bend, channel, grease trap, gully head, gully trap, interceptor, junction,

(b) dié deel van 'n vertikale stampyp wat onder grondvlak is; of

(c) die buiging aan die voet van 'n stampyp, of so 'n buiging ontbloot is of nie,

in nie.

„perseelrioleringstelsel" 'n stelsel onder die beheer van die eienaar van die terrein wat op sodanige terrein geleë is en vir die opvang, afvoer, opgaar of suiwering van rioolvuil bedoel is, en sluit perseelriole, afvoerpype, ventilasiepype, vaste sanitêre toebehore, septiese tenks, stampype, opgaartenks, private perseelrioolvuilsuiweringswerke of bybehorende meganiese toestelle in;

„pyptoebehore" bybehorende toebehore van 'n pyp wat deel van 'n perseelrioleringstelsel uitmaak, en sluit alle toegangspype, buigings, kanale, vetvangers, rioolputkoppe, rioolputsperders, onderskeppers, aansluitingspanverbinders, stalrioolputte, verlooppype of ander soortgelyke toebehore in;

„rioleringstelsel" die hele stelsel van riole, uitrusting en bybehorende masjinerie wat die eiendom van 'n plaaslike owerheid is of onder die beheer van 'n plaaslike owerheid staan en wat gebruik word vir die afvoer en suiwering van rioolvuil, die herwinning van water en die wegdoening van uitvloeisel of neweprodukte wat by die suiwering van rioolvuil ontstaan;

„riool" 'n pyp of leipyp wat die eiendom van die plaaslike owerheid is of onder die beheer van die plaaslike owerheid staan en wat vir die afsonderlike afvoer van rioolvuil of stormwater gebruik word of bedoel is om daarvoor gebruik te word;

„rioolput met sperder" perseelriooltoebehore wat 'n sperder bevat en waarin vuilwater gestort word;

„ rioolvuil" vuilwater, drekwater of, behoudens regulasie D10 (3), nywerheidsuitvloeisel en ander vloeibare afval afsonderlik of tesame, maar sluit nie stormwater in nie;

„septiese tenk" 'n tenk wat ontwerp is om rioolvuil op te vang en dit so lank en op so 'n wyse te behou dat toereikende ontbinding van vaste organiese stowwe deur bakteriese werking kan plaasvind;

„sperder" pyptoebehore of 'n deel van vaste sanitêre toebehore wat ontwerp is om water of vloeistof in te hou ten einde die vrylating van bedorwe lug of gas uit 'n perseelrioleringstelsel te voorkom;

„stampyp" die hoof- vertikale afvoerpyp of ventilasiepyp wat met 'n perseelrioleringstelsel verbind is;

„stampypontlugter" die verlenging van 'n afvoerstampyp bo die hoogste afvoerpyp wat daarmee verbind is;

„steekoog" 'n opening wat van 'n afhaalbare deksel voorsien is om die ondersoek, toets of skoonmaak van die binnekant van 'n perseelriool, pyp of sperder skoon te maak;

„stormwater" water wat die gevolg is van 'n natuurlike neerslag of akkumulasie en sluit reënwater, oppervlakwater, ondergrondse water en fonteinwater in;

„stormwaterperseelriool" 'n pyp of oppervlakvoor wat op 'n perseel geleë is en gebruik word om stormwater na 'n riool of afvoerpunt wat vir die plaaslike owerheid aanneemlik is, af te voer;

„stormwaterriool" 'n pyp of leipyp wat die eiendom van die plaaslike owerheid is of onder die beheer van die plaaslike owerheid staan en wat vir die afvoer van stormwater gebruik word of bedoel is om daarvoor gebruik te word;

„syfersloot" (of „stapelriool") 'n sloot wat met gegradeerde aggregaat gevul is en wat vir die verspreiding van vuilwater of die uitvloeisel van 'n septiese tenk gebruik word;

„toesteleenheid" 'n meeteenheid wat die waterbelasting van vaste sanitêre toebehore op die pypstelsel waarmee dit verbind is, uitdruk;

„toesteleenheidsaanslag" die waarde in toesteleenhede wat aan vaste toebehore toegewys word met inagneming van die duur van die afvoer, die tydperk tussen afvoere en die gemiddelde afvoertempo van die toebehore;

„tweepypstelsel" 'n pypstelsel tussen vaste sanitêre toebehore en 'n perseelriool, waarin afsonderlike stampype vir vuil- en drekwater gebruik word en waarin elke stampyp en alle sperders van ontlugpype voorsien is;

„vaste drekwatertoebehore" 'n houer wat vir die opvang en afvoer van drekwater gebruik word en wat 'n bedpanopwasbak, bedpanwasapparaat, plastiekjasspoelbak, vuilwatertregter, hurkkloset, urinaal, urienbottelwasser en 'n spoelklosetpan insluit;

„vaste sanitêre toebehore" dié deel van 'n perseelrioleringstelsel wat blywend met 'n watertoevoer verbind is en vir die opvang en afvoer van vuilwater of drekwater gebruik word;

„vaste vuilwatertoebehore" vaste sanitêre toebehore wat vir die opvang en afvoer van vuilwater gebruik word en wat baddens, bidets, drinkspuite, stortbaddens, opwasbakke (in hospitale, kombuise of laboratoriums), wasbakke, of wasgoedbakke insluit;

„verbindingsriool" 'n pyp wat onder die beheer van die plaaslike bestuur staan en wat 'n perseelriool met 'n riool verbind;

„verbindstuk" dié deel van 'n pyplyn wat twee pype met mekaar verbind wat van dieselfde materiaal gemaak is, maar is nie noodwendig van dieselfde materiaal as die pype gemaak nie;

pan connector, stable gully, taper pipe, or any other fitting of a similar nature;

"relief vent" means a vent or ventilating pipe branching from a stack below the point of connection thereto of the lowest branch connection;

"sanitary fixture" means that part of a drainage system which is permanently connected to a water supply, and which is used for the reception and discharge of waste water or soil water;

"septic tank" means a tank designed to receive sewage and to retain it for such a time and in such a manner as to secure adequate decomposition of organic solids by bacterial action;

"sewage" means waste water, soil water or, subject to regulation D10(3), trade effluent and other liquid waste either separately or in combination but shall not include stormwater;

"sewer" means a pipe or conduit which is the property of or is vested in the local authority and which is used or intended to be used for the separate conveyance of sewage or stormwater;

"sewerage system" means the entire system of sewers, plant and associated machinery which is owned by or vested in a local authority and used for conveyance and treatment of sewage, the reclamation of water and the disposal of effluent or by-products resulting from the treatment of sewage;

"single-stack system" means a system of piping between sanitary fixtures and a drain, in which both waste and soil water are permitted to flow down a common stack and in which the stack and discharge pipes serve also as vent pipes, (separate trap vents being omitted);

"single-stack system (modified)" means a single-stack system in which a relief vent is provided appurtenant to the discharge stack and connected therewith below the lowest branch connection and at least at every alternate floor by a crossvent;

"soil fixture" means a receptacle used for receiving and discharging soil water and includes a bedpan sink, bedpan washer, mackintosh sluice, slophopper, squatting pan, urinal, urinebottle washer or water-closet pan;

"soil pipe" means a pipe conveying soil water from the trap or outlet of a soil fixture to a stack or drain;

"soil water" means any liquid containing excreta;

"stack" means the main vertical discharge pipe or ventilating pipe connected to a drainage system;

"stack vent" means the extension of a discharge stack above the highest connected discharge pipe;

"storage tank" means a covered tank, without an overflow, used for the reception and temporary retention of sewage (not being a trade effluent and which requires emptying at intervals;

"stormwater" means any water resulting from a natural precipitation or accumulation and includes rainwater, surface water, subsoil water and spring water;

"stormwater drain" means a pipe or surface channel, which is situated on a site and is used to convey stormwater to a sewer or a point of discharge acceptable to the local authority;

"stormwater sewer" means a pipe or conduit which is owned by or vested in a local authority and which is used or intended to be used for the conveyance of stormwater;

"trade effluent" means any waste liquid, which is produced by an industrial, manufacturing, mining or trade process and may contain waste water or soil water;

"trap" means a pipe fitting or a part of a sanitary fixture which is designed to retain water or fluid so as to prevent the emission of foul air or gas from a drainage system;

"trapped gully" means a drain fitting, incorporating a trap, into which waste water is discharged;

"two-pipe system" means a system of piping between sanitary fixtures and a drain, in which separate stacks are used for waste water and soil water and each stack is vented and all traps are vented;

"vent" or "ventilating pipe" means a pipe (not being a drain) which is open to the external air at its highest point and which ventilates a drainage system either by connection to a drain or to a discharge pipe and prevents syphonage of water seals from traps.

"vertical" in reference to a discharge pipe means any such pipe inclined at 45 degrees or more to the horizontal;

University of Fort Hare
Together in Excellence

„vertikaal" met betrekking tot 'n afvoerpyp enige sodanige pyp wat onder 'n hoek van 45° of meer skuins op die horisontaal is;
„vuilpyp" 'n pyp wat drekwater van die sperder of uitlaat van vaste drekwatertoebehore na 'n stampyp of perseelriool afvoer;
„vuilwater" gebruikte water wat nie deur drekwater of nywerheidsuitvloeisel besoedel is nie en sluit nie stormwater in nie;
„vuilwaterpyp" 'n afvoerpyp (uitgesonderd 'n perseelriool of 'n oorlooppyp) wat vuilwater van die sperder van vaste vuilwatertoebehore of vaste elektromeganiese sanitêre toebehore na 'n rioolpunt met sperder afvoer;
„waterslot" die water in 'n sperder wat as 'n versperring dien sodat bedorwe lug of gas nie deur die sperder kan ontsnap nie.

(2) Waar 'n pyp in hierdie Deel genoem word, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, sluit dit 'n aantal pype en toebehore in wat met mekaar verbind is om 'n aaneenlopende pyplyn te vorm

D2. Verpligte Riolering van Persele

(1) Indien die plaaslike owerheid 'n watertoevoer toereikend ag en dit beskikbaar is by 'n gebou waar rioolvuil opgelewer sal word, moet sodanige gebou van 'n perseelrioleringstelsel voorsien word

(2) Indien 'n riool vir die riolering van sodanige gebou beskikbaar is, moet die eienaar van die gebou, op eie koste en binne drie maande na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die plaaslike owerheid wat vereis dat hy dit doen, 'n perseelriool bou of verleng wat eindig by 'n afvoerpunt wat deur die plaaslike owerheid voorgeskryf word.

(3) 'n Eienaar wat versuim om aan die vereistes van die kennisgewing in subregulasie (2) genoem, te voldoen of daaraan te laat voldoen, maak hom aan 'n misdryf skuldig.

D3. Reg van die Plaaslike Owerheid om te Installeer

Indien 'n plaaslike owerheid dit nodig ag om 'n perseelriool te voorsien of indien die eienaar van die betrokke gebou versuim het om 'n perseelriool ingevolge regulasie D2 (2) te bou of te verleng, kan die plaaslike owerheid op koste van sodanige eienaar 'n perseelriool, soos in daardie regulasie beoog, bou of verleng en sodanige riool met enige rioolvuilontvanger verbind.

D4. Ongemagtigde Rioleringswerk

(1) Niemand mag by 'n verbindingsriool of riool inbreek, dit binnegaan, verander, daaraan toevoeg of op enige ander wyse daarmee peuter nie tensy hy skriftelike magtiging daartoe van die plaaslike owerheid verkry het.

(2) Niemand mag vir enige ander doel as herstelwerk of instandhouding by enige deel van 'n perseelrioleringstelsel inbreek of daarmee peuter nie, tensy hy skriftelike magtiging daartoe van die plaaslike owerheid verkry het.

(3) 'n Eienaar wat—

(a) ongemagtigde werk soos in hierdie regulasie beskryf; of
(b) perseelrioleringswerk

laat uitvoer of toelaat dat dit uitgevoer word deur of onder die toesig van 'n persoon wat nie ingevolge regulasie D45 geregistreer is nie, is aan 'n misdryf skuldig.

D5. Verbinding van Perseelriole met Verbindingsriole

(1) 'n Perseelriool moet op koste van die eienaar met 'n verbindingsriool verbind word indien sodanige verbindingsriool deur die plaaslike owerheid voorsien is.

(2) Die plaaslike owerheid moet voorskryf by watter punt van die verbindingsriool en op watter vlak 'n perseelriool met sodanige riool verbind moet word en kan ook die roete voorskryf wat sodanige perseelriool tot by sodanige punt moet volg.

(3) Geen perseelriool mag verder strek as die grens van die terrein wat daardeur bedien word nie, tensy sodanige verlenging skriftelik deur die plaaslike owerheid goedgekeur word.

(4) Voordat 'n riool gelê word, moet die plaaslike owerheid die eienaar van elke terrein wat met sodanige riool verbind sal word, skriftelik daarvan in kennis stel en besonderhede verskaf in verband met die posisie en diepte van die voorgestelde verbindingsriole vir sodanige terrein en die tyd waarbinne sodanige eienaar 'n skriftelike aansoek kan rig om 'n ander posisie en diepte as dié wat deur die plaaslike owerheid voorgestel is.

(5) Indien die eienaar van sodanige terrein nie binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing aangegee word, aansoek om 'n alternatiewe posisie en diepte vir 'n verbindingsriool nie, kan die plaaslike owerheid die verbindingsriool in die posisie en op die diepte lê wat in die kennisgewing aangegee word.

D6. Gekombineerde Perseelriole

(1) Indien dit deur die plaaslike owerheid goedgekeur word, kan die perseelriool of -riole wat 'n terrein bedien met 'n gekombineerde perseelriool verbind word wat op sy beurt met 'n verbindingsriool of 'n ander rioolvuilontvanger op die betrokke terrein verbind is.

(2) Die eienaar van elke sodanige terrein is aanspreeklik vir die koste verbonde aan die lê van enige deel van die gekombineerde perseelriool

"waste fixture" means any sanitary fixture which is used for the reception and discharge of waste water and includes baths, bidets, drinking fountains, showerbaths, sinks (hospital, kitchen or laboratory) wash basins, or wash tubs;
"waste pipe" means a discharge pipe (not being a drain or overflow pipe) which conveys waste water from the trap associated with a waste fixture or an electromechanically operated sanitary fixture to a trapped gully;
"waste water" means used water not contaminated by soil water or trade effluent and shall not include stormwater;
"water seal" means the water in a trap which acts as a barrier to the passage of foul air or gas through the trap.

(2) Any reference in this Part to a pipe shall, unless the context otherwise requires, include a reference to a number of pipes and fittings joined together to form a continuous line of pipes.

D2. Compulsory Drainage of Premises

(1) Where a water supply is deemed to be adequate by the local authority and is available to any building where sewage is to be produced, such building shall be provided with a drainage system.

(2) Where a sewer is available for the drainage of such building, the owner of such building shall, at his own cost and within three months of receiving written notice from the local authority requiring him to do so, construct or extend a drain terminating at a point of discharge prescribed by such local authority.

(3) Any owner who fails or causes failure to comply with the terms of the notice referred to in subregulation (2) shall be guilty of an offence.

D3. Local Authority's Right to Install

Where a local authority deems it necessary to provide a drain or where the owner of the building concerned has failed to construct or extend any drain in terms of regulation D2 (2) the local authority may, at the cost of such owner construct or extend any drain as contemplated in that regulation and it may connect such drain to any means of sewage disposal.

D4. Unauthorized Drainage Work

(1) No person shall break into, enter, alter, add to or in any other manner interfere with any connecting sewer or sewer, unless he has been authorized in writing by the local authority to do so.

(2) No person shall unless he has been authorized in writing by the local authority to do so break into or interfere with any part of a drainage system other than for the purpose of repair or maintenance.

(3) Any owner who causes or permits to be caused—

(a) the carrying out of any unauthorized work referred to in this regulation; or
(b) any drainage work to be carried out by or under the supervision of any person who is not registered in terms of regulation D45

shall be guilty of an offence.

D5. Connections of Drains to Connecting Sewers

(1) Every drain shall be connected at the cost of the owner to a connecting sewer where such connecting sewer has been provided by the local authority.

(2) The local authority shall prescribe at what point of its connecting sewer and at what level any drain is to be connected to such sewer and may prescribe the route to be followed by such drain to such point.

(3) No drain shall extend beyond the boundary of the site served by such drain unless such extension is permitted in writing by the local authority.

(4) Before a sewer is laid the local authority shall serve upon the owner of each site, which will be connected to such sewer, a notice giving details of the position and depth of any proposed connecting sewers to such site and stating a time within which such owner may submit an application in writing for any alternative position and depth to that proposed by the local authority.

(5) Where an application for an alternative position and depth of a connecting sewer is not made by the owner of such site within the time stated in such notice, the local authority may lay the connecting sewer in the position and at the depth given in the notice.

D6. Combined Drains

(1) Where permitted by the local authority the drain or drains serving any site may be connected to a combined drain which in turn is connected to a connecting sewer or other means of sewage disposal on the site concerned.

(2) The owner of each such site shall be responsible for the cost of the laying of any portion of the combined drain which serves only his

wat slegs sy terrein bedien en die koste verbonde aan die lê van dié deel van die gekombineerde perseelriool wat meer as een terrein bedien, moet in die verhouding wat deur die plaaslike owerheid bepaal word, gesamentlik gedra word deur die eienaars van die terreine wat deur sodanige gekombineerde perseelriool bedien word.

(3) Die koste verbonde aan sodanige ander riool- vuilontvanger waarin rioolvuil van meer as een terrein gestort word, moet in die verhouding wat deur die plaaslike owerheid bepaal word, gesamentlik gedra word deur die eienaars van die terreine wat deur sodanige ander ontvanger bedien word.

(4) Die plaaslike owerheid kan 'n gekombineerde perseelriool lê en indien sodanige gekombineerde perseelriool met sodanige ander rioolvuilontvanger verbind moet word, kan sodanige ander ontvanger ook deur die plaaslike owerheid gebou word.

(5) Die instandhouding van 'n gekombineerde perseelriool of die instandhouding van die ander rioolvuilontvanger wat in subregulasies (1) en (4) genoem word, is die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid.

D7. Rioolvuilligters

Indien 'n gebou op so 'n hoogte in verhouding tot die naaste riool geleë is dat die inhoud van die perseelriool wat sodanige gebou bedien nie na die riool kan afloop nie, kan die plaaslike owerheid toelaat of vereis dat 'n goedgekeurde toestel op koste van die eienaar geïnstalleer word met die doel om rioolvuil van sodanige gebou te lig na 'n vlak of plek wat deur die plaaslike owerheid bepaal word.

D8. Afsluitings

(1) Geen drekwatertoebehore, vuilpyp of perseelriool mag sonder toestemming van die plaaslike owerheid afgesluit word nie: Met dien verstande dat dié vereiste nie in die geval van instandhouding of herstelwerk geld nie.

(2) Indien drekwatertoebehore permanent van 'n vuilpyp afgesluit word of 'n vuilpyp permanent van 'n perseelriool afgesluit word, moet die opening wat in sodanige pyp of perseelriool veroorsaak word tot tevredenheid van die plaaslike owerheid doeltreffend verseël word.

(3) Indien 'n deel van 'n perseelriool permanent afgesluit word, moet sodanige deel vernietig of heeltemal verwyder word: Met dien verstande dat die plaaslike owerheid, met inagneming van die onuitvoerbaarheid van sodanige vernietiging of verwydering, kan vereis dat alle openinge wat deur sodanige afsluiting veroorsaak is, tot tevredenheid van die plaaslike bestuur doeltreffend verseël word.

(4) Wanneer 'n perseelrioleringstelsel van 'n verbindingsriool afgesluit word, moet die plaaslike owerheid elke opening wat deur sodanige afsluiting in die verbindingsriool veroorsaak word, op koste van die eienaar verseël en sodanige afdigting mag nie sonder skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid gebreek of verwyder word nie.

(5) 'n Persoon wat die vereistes van hierdie regulasie oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

D9. Werk Moet Geïnspekteer Word

(1) Voordat 'n deel van 'n perseelrioleringstelsel permanent bedek of andersins permanent ontoeganklik gemaak word, moet dit deur die plaaslike owerheid geïnspekteer en goedgekeur word.

(2) Alle uitrusting, materiaal en arbeid wat vir die ondersoek en toets soos deur hierdie regulasies vereis, nodig is, moet deur die persoon wat vir die uitvoering van die perseelrioleringswerk verantwoordelik is, beskikbaar gestel word.

(3) Indien 'n persoon 'n deel van 'n perseelrioleringstelsel bedek of laat bedek en sodoende sodanige deel ontoeganklik maak voordat dit ondersoek en goedgekeur is, geld die vereistes van regulasie A19, *mutatis mutandis*.

(4) Niemand mag 'n perseelrioleringstelsel in gebruik stel voordat sodanige stelsel deur die plaaslike owerheid goedgekeur is nie.

(5) 'n Persoon wat die vereistes van subregulasie (4) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

D10. Verbode Toevoer

(1) Niemand mag, behalwe met toestemming van die plaaslike owerheid en behoudens die voorwaardes wat hy mag stel—

(a) stormwater;
(b) gas of stoom;
(c) vloeistof (uitgesonderd vuilwater) met 'n temperatuur van meer as 45° celsius;
(d) vloeibare afval van 'n slagplaas;
(e) petrol of olie of enige stof wat petrol of olie bevat;
(f) afval of vullis wat as gevolg van 'n industriële, nywerheids-, fabrieks- of chemiese proses ontstaan;
(g) vloeistof met 'n pH-waarde van minder as 5,5 of meer as 12;
(h) stof wat 'n oop ontbrandingspunt van minder as 93° celsius het;
(i) vlugtige vlambare oplosmiddel of organiese oplosmiddel wat met water onvermengbaar is;

site and the cost of the laying of that portion of the combined drain which serves more than one site shall be borne jointly by the owners of the sites served by such combined drain in proportions to be determined by the local authority.

(3) The cost of any such other means of disposal into or to which sewage is discharged from more than one site shall be borne jointly by the owners of the sites served by such other means in proportions to be determined by the local authority.

(4) The local authority may lay a combined drain and where such combined drain is to be connected to such other means of sewage disposal such other means may also be constructed by the local authority.

(5) The maintenance of a combined drain or the maintenance of the other means of sewage disposal referred to in subregulations (1) and (4) shall be the responsibility of the local authority.

D7. Sewage Lifts

Where any building is at such a level in relation to the nearest sewer that the contents of a drain serving such building cannot gravitate into such sewer, the local authority may at the cost of the owner permit or require the installation of an approved appliance for the purpose of raising sewage from such building to a level and place determined by it.

D8. Disconnections

(1) No soil fixture, soil pipe or drain shall be disconnected without the permission of the local authority: Provided that this requirement shall not apply in the case of maintenance or repair.

(2) Where any soil fixture is permanently disconnected from a soil pipe or where any soil pipe is permanently disconnected from a drain, the opening caused to such pipe or drain shall be effectively sealed to the satisfaction of the local authority.

(3) Where any part of a drain is permanently disconnected such part shall be destroyed or entirely removed: Provided that the local authority may, having regard to the impracticability of such destruction or removal, require that all openings created by any such disconnection be effectively sealed to its satisfaction.

(4) When a drainage system is disconnected from a connecting sewer the local authority shall, at the cost of the owner, seal any opening to such sewer caused by such disconnection, and such seal shall not be broken or removed without the written permission of the local authority.

(5) Any person contravening the provisions of this regulation shall be guilty of an offence.

D9. Work to be Inspected

(1) Before any part of a drainage system is permanently covered or otherwise rendered permanently inaccessible it shall be inspected and approved by the local authority.

(2) All equipment, materials and labour necessary for inspection and testing in terms of these regulations shall be made available by the person responsible for carrying out the drainage work.

(3) Where any person covers or causes the covering of any part of a drainage system so rendering such part inaccessible before it has been inspected and approved the provisions of regulation A19 shall apply *mutatis mutandis*.

(4) No person shall put into use any drainage system before such system has been approved by the local authority.

(5) Any person contravening the provisions of subregulation (4) shall be guilty of an offence.

D10. Prohibited Inflow

(1) No person shall without the permission of the local authority and subject to such conditions as it may impose cause or permit to cause the flow into any drain of—

(a) any stormwater;
(b) any gas or steam;
(c) any liquid (not being waste water) of a temperature higher than 45 degrees celsius;
(d) any liquid refuse from an abattoir;
(e) any petrol or oil or any substance containing petrol or oil;
(f) any refuse or waste resulting from any industrial, trade, manufacturing or chemical process;
(g) any liquid which has a pH value of less than 5,5 or greater than 12;
(h) any substance which has an open flash point less than 93 degrees celsius;
(i) any volatile flammable solvent or organic solvent immiscible with water;

(j) stof, behalwe ekskreta, wat plofbare, vlambare, giftige of ander gevaarlike of skadelike gasse of dampe afgee of waarskynlik sal afgee of veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak; of

(k) 'n stof of ding wat op sy eie of saam met enige ander stof—

(i) die onbelemmerde vloei van rioolvuil kan steur of 'n perseelriool, riool of grond of 'n diensinstallasie van 'n plaaslike owerheid wat vir of in verband met die suiwering of wegdoening van rioolvuil gebruik word, kan beskadig; of

(ii) die hergebruik van gesuiwerde rioolvuil of enige van die prosesse waardeur rioolvuil behandel word, kan beïnvloed

in 'n perseelriool laat inloop of toelaat dat dit daar inloop nie.

(2) 'n Rioolput moet, indien dit nodig is om die binnekoms van stormwater of water behalwe rioolvuil te voorkom, 'n omringende rand hê wat minstens 100 mm hoër as die afgewerkte grondvlak of geplaveide vlak langs sodanige rioolput is.

(3) 'n Persoon wat die vereistes van subregulasie (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

D11. Afvoer uit Swembaddens

(1) Niemand mag water uit 'n private swembad, 'n private swempoel, 'n fontein of reservoir regstreeks of onregstreeks afvoer of laat afvoer na 'n openbare straat of openbare plek of na 'n ander terrein as die terrein waarop sodanige bad, poel, fontein of reservoir geleë is nie.

(2) *(a)* Niemand mag sonder vooraf verkreë skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid water uit 'n private swembad, swempoel, fontein of reservoir in 'n perseelrioleringstelsel wat met 'n stormwaterriool verbind is, afvoer of laat afvoer nie.

(b) Sodanige afvoer, indien aldus toegestaan, is onderworpe aan die voorwaardes betreffende die tyd wanneer die afvoer mag plaasvind, die afvoertempo en die totale afvoer wat die plaaslike owerheid voorskryf.

D12. Afvoer uit Wasplekke

'n Gebou wat gebruik word as 'n stal, garage, koeistal, melkery, hondehok, slagtery, slagplaas of 'n voertuigwasplek of ander sodanige terrein wat gereelde skoonmaak vereis en vuilwater oplewer, moet verbind wees met 'n perseelriool wat sodanige gebou of gebied bedien en sodanige gebied moet met goedgekeurde syferdigte materiaal geplavei wees en 'n val hê na 'n rioolput wat van 'n afhaalbare rooster voorsien is en met 'n sliksperder, vetvanger, petrol- of olie-onderskepper verbind is, na gelang van wat die plaaslike owerheid vereis.

D13. Tekeninge en Besonderhede

(1) Die rioleringstelseltekeninge in regulasie A2 *(d)* en A5 (4) *(c)* bedoel, moet soveel planne, deursneë en aansigte insluit as wat nodig is om—

(a) die posisie, grootte en helling van 'n perseelriool en die relatiewe hoogte van die grond;

(b) die posisie van 'n verandering in die rigting of helling van 'n perseelriool en die bodemhoogte daarvan;

(c) die posisie van 'n toegangspunt tot die binnekant van 'n perseelriool;

(d) die posisie van 'n rioolput met sperder;

(e) die punt waar 'n perseelriool in 'n verbindingsriool, septiese tenk, opgaartenk of perseelrioolvuilsuiweringswerke afvoer en die bodemhoogte van sodanige punt;

(f) die posisie van 'n deursyferingstoets wat op die perseel uitgevoer is en van 'n syfersloot;

(g) die posisie en rangskikking van vaste sanitêre toebehore wat deur die perseelrioleringstelsel bedien word;

(h) die posisie, grootte en helling van vuilpype, vuilwaterpype en ventilasiepype;

(i) die posisie van alle openinge in die gebou, byvoorbeeld skoorstene, dakvensters, deure, vensters, ventilasie-openinge en luginlate, waardeur bedorwe lug of gas uit 'n ventilasiepyp moontlik sodanige gebou kan binnedring;

(j) die hoogtes van die vloere in die gebou en van binneplase langs die gebou;

(k) die ligging en grootte van geplaveide gebiede langs die gebou;

(l) die posisie van 'n put, boorgat, of waterloop op die terrein wat moontlik deur 'n voorgestelde septiese tenk of syfersloot beïnvloed kan word;

(m) die kontoere van die terrein en aangrensende rande van paaie;

(n) stormwaterperseelriolering, indien dit deur die plaaslike owerheid vereis word,

duidelik aan te dui.

(2) Indien alfabetiese simbole gebruik word om besonderhede op tekeninge aan te dui, moet hulle wees soos in die volgende Tabel aangegee word: Met dien verstande dat die beskrywing voluit geskryf moet word indien verwarring moontlik kan ontstaan.

(j) any substance, other than excreta, which gives off or is likely to give off or produces or is likely to produce any explosive, flammable, poisonous or other dangerous or noxious gas or vapour;

(k) any substance or thing which alone or in combination with any other matter may—

(i) interfere with the free flow of sewage or damage any drain, sewer or any land or service works of a local authority used for or in connection with the treatment of disposal of sewage; or

(ii) affect the re-use of treated sewage or any process whereby sewage is treated.

(2) Any gully shall, where necessary to prevent the ingress of stormwater or water not being sewage, be surrounded by a curb which shall be not less than 100 m high above the finished ground or paved level adjacent to such gully.

(3) Any person who contravenes the provisions of subregulation (1) shall be guilty of an offence.

D11. Discharges from Swimming Pools

(1) No person shall discharge or cause the discharge of water from a private swimming bath, private swimming pool, fountain or reservoir, either directly or indirectly on to any public street or public place, or on to any site other than on to the site upon which such bath, pool, fountain or reservoir is situated.

(2) *(a)* No person shall without the prior permission in writing of the local authority discharge or cause to be discharged any water from a private swimming bath, swimming pool, fountain or reservoir into any drainage system connected to a stormwater sewer.

(b) Such discharge if so permitted shall be subject to such conditions as to the time when such discharge may take place, the rate of discharge and the total discharge as the local authority may prescribe.

D12. Discharges from Washing Areas

Any building used as a stable, garage, cowshed, dairy, kennel, butchery, abattoir or any vehicle washing area or other such area which requires regular cleansing and produces waste water, shall be connected to a drain which shall serve such building or area and such area shall be paved with approved impervious materials and graded to a gully which shall be fitted with a removable grating and connected to a silt trap, grease trap, petrol or oil interceptor as may be required by the local authority.

D13. Drawings and Details

(1) The drainage system drawings contemplated in regulations A2 *(d)* and A5 (4) *(c)* shall show as many plans, sections and elevations as may be necessary to show clearly—

(a) the position, size and gradient of any drain, and the level of the ground relative thereto;

(b) the position of any change in direction or gradient of any drain and the invert level thereof;

(c) the position of any point of access to the interior of any drain;

(d) the position of any trapped gully;

(e) the point of discharge of any drain into any connecting sewer, septic tank, storage tank or private sewage treatment plant and the invert level of such point;

(f) the position of any percolation test carried out on the site and any percolation trench;

(g) the position and arrangement of any sanitary fixture served by the drainage system;

(h) the position, size and gradient of any soil pipe, waste pipe and ventilating pipe;

(i) the positions of all openings in the building such as chimneys, skylights, doors, windows, ventilation openings and air intakes which could permit the entry of foul air or gases into such building from any ventilating pipe;

(j) the levels of the floors in the building, and of any yards adjacent to the building;

(k) the location and size of any paved areas adjacent to the building;

(l) the position of any well, borehole or watercourse on the site which may be affected by any proposed septic tank or percolation trench;

(m) contours of the site and any adjoining verge of any roadway;

(n) stormwater drainage where required by the local authority.

(2) Where alphabetical symbols are used to signify details on drawings they shall be as indicated in the following Table: Provided that where there may be a possibility of misunderstanding, the description shall be written in full:

TABEL BY REGULASIE D13 (2)

Item	Simbool
Steekoog	AE
Inspeksiekamer	IC
Bodemhoogte	IL
Mangat	MH
Vuilpyp	SP
Ontlugpyp of ventilasiepyp	VP
Vuilwaterpyp	WP
Spoelklosetpan	WC
Asbessement	ac
Gietyster	ci
Beton	conc
Gegalvaniseerde staal	galv s
Pikgeïmpregneerde vesel	pf
Gewapende beton	rc
Vlekvrystaal	ss
Ongeplastiseerde polivinielchloried	upvc
Verglaasde klei	vc

(3) Indien grafiese simbole gebruik word om besonderhede op tekeninge aan te dui, moet hulle wees soos in die volgende Tabel aangegee word:

TABEL BY REGULASIE D13 (3)



















Item Vertikale aansig	Aansig op plan	
Bad		
Bidet		
Wasmasjien of skottelgoedwasser *(vaste toebehore)*		
Vetvanger		
Rioolput		
Hoogtes: bestaande		
Hoogtes: vereistes		
Geplaveide gebied		

TABLE TO REGULATION D13 (2)

Item	Symbol
Access eye	AE
Inspection chamber	IC
Invert level	IL
Manhole	MH
Soil pipe	SP
Vent or ventilating pipe	VP
Waste pipe	WP
Water closet pan	WC
Asbestos cement	ac
Cast iron	ci
Concrete	conc
Galvanized steel	galv s
Pitch impregnated fibre	pf
Reinforced concrete	rc
Stainless steel	ss
Unplasticized polyvinyl chloride	upvc
Vitrified clay	vc

(3) Where graphic symbols are used to signify details on drawings they shall be as indicated in the following Table:

TABLE TO REGULATION D13 (3)

Item	View in Plan	View in Elevation
Bath		
Bidet		
Clothes-washing machine or dish-washing machine *(permanent fixtures)*		
Grease trap		
Gully		
Levels: existing		
Levels: required		
Paved area		

University of Fort Hare
Together in Excellence

TABEL BY REGULASIE D13 (3) (Vervolg)

















Item Vertikale aansig	Aansig op plan	
Stortbad		
Opwasbakeenheid—enkel		
Opwasbakeenheid—dubbel		
Urinaal—Blad of vaktipe		
Urinaal—muur-gemonteerde tipe		
Wasbak		
Wasgoedbak		
Spoelklosetpan		

TABLE TO REGULATION D13 (3) (Continued)

Item	View in Plan	View in Elevation
Shower bath		
Sink unit — single		
Sink unit — double		
Urinal — slab or stall type		
Urinal — wall mounted type		
Wash basin		
Wash tub		
Water-closet pan		

University of Fort Hare
Together in Excellence

(4) Indien kleure gebruik word om besonderhede op perseelrioleringstekeninge te onderskei, moet sodanige kleure wees soos in die volgende Tabel aangedui word:

TABEL BY REGULASIE D13 (4)

Item	Kleur
Perseelriole en vuilpype	Bruin
Vuilwaterpype	Groen
Ontlug- of ventilasiepype	Rooi
Pype vir die afvoer van nywerheidsuitvloeisel	Oranje
Bestaande perseelriole	Swart
Stormwaterperseelriole	Blou

D14. Afwykings van Tekeninge

Niemand mag afwyk van enige perseelrioolteken inge of besonderhede wat ingesluit is by 'n aansoek wat ingevolge artikel 4 van die Wet ingedien is en waartoe goedkeuring verleen is nie, tensy hy skriftelik by die plaaslike owerheid aansoek gedoen het om goedkeuring vir die bepaalde veranderings wat hy wil maak en hersiene tekeninge of besonderhede ingedien het wat dié dele van die oorspronklik voorgestelde werk wat aan sodanige veranderings onderworpe sal wees, duidelik aantoon, met duidelike verwysing na die tekeninge of besonderhede wat aanvanklik by sodanige aansoek ingesluit is.

D15. Materiaal

Wanneer 'n item wat in die Tabel by hierdie regulasie verskyn, gebruik gaan word in 'n perseelrioleringstelsel wat in hierdie regulasies bedoel word, moet sodanige item voldoen aan die vereistes vervat in die betrokke standaardspesifikasie wat teenoor sodanige item aangegee word.

TABEL BY REGULASIE D15

Item	SABS-Standaard-Spesifikasie
Asbessementpype en -pyptoebehore vir bogrondse gebruik in rioleringsinstallasies (vuil-, vuilwater- en ontlugpype)	721
Asbessementdrukpype (tipe met konstante buitediameter)	286
Asbessementrioollpype	819
Asbessementdrukpype (tipe met konstante buitediameter)	946
Gietystertoebehore vir asbessementdrukpype	546
Betonpype — nie-drukpype	677
— drukpype (gewapende beton)	676
— voorgespanne beton	975
Ongeplastiseerde polivinielchloried (OPVC) riool- en perseelrioolpype en -pyptoebehore	791
Verglaasde kleiperseelrioolpype en -toebehore	559
Swart poliëtileenpype (koue water)	533
Gietysterpype en -pyptoebehore vir bogrondse gebruik	746
Koper- en koperlegeringpype	460
Pikgeïmpregneerde veselpype en -koppelstukke	921
Dun gesweiste staalpype	1182
Staalpype en -pyptoebehore met 'n nominale boring van tot 150 mm wat geskik is vir die aanskroef van ISO R7-pypskroefdrade	62
Komponente van ongeplastiseerde polivinielchloried (OPVC) drukpypstelsels vir drinkwater	966
Ongeplastiseerde polivinielchloried (OPVC) pype en pyptoebehore vir bogrondse gebruik	967
Gietystergrondkaste en mangat- en inspeksiedeksels en -rame	558
Spoelbakke	821
Vlotterkleppe (Deel I en II)	752
Plastiekbolvlotters vir bolkleppe	1006
Vlekvrystaalwasbakke en wasgoedbakke	906
Sanitêre ware (geglasuurde keramiek)	497
Vlekvrystaalopwasbakke met droogblaaie (vir huishoudelike gebruik)	242
Vlekvrystaalopwasbakke vir gebruik in inrigtings	907
Vakurinale (vlekvrystaal)	924
Waterkrane (metaal)	226
Waterkrane (poliasetaal)	1021
Rujbervoegringe (nie-sellulêr)	974

(4) Where colours are used to distinguish details on drainage drawings such colours shall be as indicated in the following Table:

TABLE TO REGULATION D13 (4)

Item	Colour
Drains and soil pipes	Brown
Waste pipes	Green
Vents or ventilating pipes	Red
Pipes for the conveyance of trade effluent	Orange
Existing drains	Black
Stormwater drains	Blue

D14. Deviation from Drawings

No person shall deviate from any drainage drawings or details which have accompanied an application submitted in terms of Section 4 of the Act and in respect of which approval has been granted unless he has made written application to the local authority for approval of the particular alterations he desires to make, and has submitted revised drawings or details which clearly indicate those portions of the original proposed work which are to be subject to such alterations together with clear reference to the drawings or details which originally accompanied such application.

D15. Materials

Where any item contained in the Table to this regulation is to be used in any drainage system contemplated in these regulations such item shall comply with the requirements contained in the relevant standard specification set out opposite such item.

University of Fort Hare
Together in Excellence

TABLE TO REGULATION D15

Item	SABS Standard Specification
Asbestos cement pipes and pipe fittings for use above ground in drainage installations (soil, waste and vent)	721
Asbestos cement pressure pipes (constant outside diameter type)	286
Asbestos cement sewer pipes	819
Asbestos cement pressure pipes (constant internal diameter type)	946
Cast iron fittings for asbestos cement pressure pipes	546
Concrete pipes — non pressure	677
— pressure (reinforced)	676
— prestressed	975
Unplasticized polyvinyl (UPVC) sewer and drain pipes and pipe fittings	791
Vitrified clay sewer pipes and fittings	559
Black polyethylene pipes (cold water)	533
Cast iron pipes and pipe fittings for use above ground	746
Copper and copper alloy tubing	460
Pitch-impregnated fibre pipes and couplings	921
Light gauge welded steel pipes	1182
Steel pipes and pipe fittings up to 150 mm nominal bore suitable for screwing to ISO R7 pipe threads	62
Components of unplasticized polyvinyl chloride (UPVC) pressure pipe systems for potable water	966
Unplasticized polyvinyl chloride (UPVC) pipes and pipe fittings for use above ground	967
Cast iron surface boxes and manhole and inspection covers and frames	558
W.C. flushing cisterns	821
Float valves (Parts I and II)	752
Plastic ball floats for ball valves	1006
Stainless steel wash-hand basins and wash troughs	906
Sanitaryware (glazed ceramic)	497
Stainless steel sinks with draining boards (for domestic use)	242
Stainless steel sinks for institutional use	907
Urinal stalls (stainless steel)	924
Water taps (metallic)	226
Water taps (polyacetal)	1021
Rubber joint rings (non-cellular)	974

D16. Vaste Sanitêre Toebehore wat Voorsien Moet Word

(1) *(a)* Die minimum getal vaste sanitêre toebehore wat voorsien moet word, word in Tabel 1 van Bylae 1 aangegee.

(b) Sodanige toebehore mag vertikaal nie verder weg geleë wees as die verdieping net bo of net onder die verdieping wat deur sodanige vaste toebehore bedien word nie en die totale horisontale loopafstand van enige punt op sodanige verdieping na sodanige vaste toebehore mag nie 100 m oorskry nie.

(2) Indien die getal vaste sanitêre toebehore wat voorsien moet word in verhouding staan tot—

(a) 'n getal persone, moet sodanige getal die getal persone wees waarvoor die gebou ontwerp is; of

(b) 'n vloeroppervlakte, moet sodanige vloeroppervlakte volgens die totale buiteafmetings van die betrokke gebou sonder enige aftrekkings vir binnemure of afskortings bereken word.

(3) In die geval van 'n bepaalde okkupasie waar afsonderlike sanitêre fasiliteite vir elke geslag voorsien word, moet die getal vaste sanitêre toebehore wat vir gebruik deur elke geslag voorsien word, gebaseer word op die getal persone van daardie geslag waarvoor voorsiening gemaak moet word, en indien die presiese getal persone van elke geslag nie bepaal kan word nie, moet aangeneem word dat hulle ewe veel is.

(4) By die berekening van die getal vaste toebehore wat vereis word, moet elke breuk tot die volgende hoër getal afgerond word.

(5) Indien enige verandering, uitgesonderd 'n ondergeskikte bouwerk, aan 'n gebou aangebring word, of 'n verandering in die tipe okkupasie van die gebou gemaak word, moet die getal vaste sanitêre toebehore wat voorsien word minstens die minimum getal soos in Tabel 1 van Bylae 1 aangegee, wees.

(6) Vir die doel van Tabel 1 beteken die term urinaal 'n vakurinaal of 'n muurgemonteerde urinaal of 'n 600-mm-lengte bladurinaal.

D17. Toelaatbare Interne Stelsels

Slegs die volgende afvoerstelsels word aan 'n gebou toegelaat—

(a) 'n eenpypstelsel;

(b) 'n enkelstampypstelsel;

(c) 'n enkelstampypstelsel (gemodifiseer); en

(d) 'n tweepypstelsel.

D18. Groottes en Hellings van Afvoerpype

(1) Vir die doel van hierdie regulasie geld Tabelle 1, 2 en 3 wat onmiddellik op die regulasie volg.

(2) Die grootte van 'n afvoerpyp wat rioolvuil van meer as een stuk vaste sanitêre toebehore afvoer, moet bepaal word deur die totaal te bereken van die toesteleenheidsaanslae van al sodanige vaste sanitêre toebehore, soos in kolom 2 van Tabel 1 aangegee, en die grootte te kies wat op sodanige totaal en op die voorgestelde pyphelling van toepassing is, soos in Tabel 2 aangegee: Met dien verstande dat die minimum helling van enige afvoerpyp nie minder mag wees as die helling wat vir die nominale grootte daarvan in Tabel 3 aangegee word nie.

TABEL 1 BY REGULASIE D18
TOESTELEENHEIDSAANSLAE VAN VASTE TOEBEHORE

1	2
Vaste toebehore	Toestel-eenheids-aanslag
Wastrog	3
Lykskouingstafel	3
Bain marie	1
Kroegopwasbak (huishoudelik)	1
Kroegopwasbak (kommersieel)	3
Wasbak	1
Bad	4
Bedpansteriliseerder-en-wasser (spoelbak)	4
Bedpansteriliseerder-en-wasser (spoelklep)	6
Bidet	1
Skoonmakersopwasbak	1
Wasmasjien (huishoudelik)	5
Gekombineerde pankameropwasbak en spoelbak	6
Tandheelkundige eenheid	1
Skottelgoedwasser (huishoudelik)	3
Drinkspuit	1
Glaswasser	3
Kombuisopwasbak (enkel of dubbel) (met of sonder kosafvalkerwer)	3
Kombuisopwasbak (kommersieel)	5
Laboratoriumopwasbak	1
Wasgoedbak (enkel of dubbel)	5
Ertappelskiller	3
Koelkabinet	1

D16. Sanitary Fixtures to be Provided

(1) *(a)* The minimum number of sanitary fixtures to be provided shall be as contained in Table 1 of Schedule 1.

(b) The maximum distance from any point to a sanitary fixture serving such point shall not exceed 100 m horizontally and one storey vertically.

(2) Where the number of sanitary fixtures to be provided is proportionate to—

(a) a number of persons, such number shall be the population for which the building was designed to accommodate; or

(b) a floor area, such floor area shall be calculated from the overall outside dimensions of the building concerned with no deduction being made for internal walls or partitions.

(3) In any particular occupancy where separate sanitary facilities are provided for each sex, the number of sanitary fixtures installed for use by each sex shall be based on the population of that sex to be accommodated, and if the exact number of persons of each sex in such population cannot be determined, it shall be assumed that they are in equal proportions.

(4) In the calculation of the number of fixtures required, any fraction of a whole number shall be taken to the next higher number.

(5) Where any alteration not being a minor building work is made to a building, or where a change is made in the type of occupancy of a building, the number of sanitary fixtures provided shall be at least the minimum number as set out in Table 1 of Schedule 1.

(6) The term urinal shall, for the purpose of Table 1, mean a stall urinal or a wall-mounted urinal or a 600 mm length of slab urinal.

D17. Permitted Systems

Only the following pipe systems shall discharge to a drain:

(a) A one pipe system.

(b) A single stack system.

(c) A single stack system (modified).

(d) A two pipe system.

University of Fort Hare
Together in Excellence

D18. Sizes and Gradients of Discharge Pipes

(1) For the purposes of this regulation, the Tables 1, 2 and 3 immediately following the regulation shall apply.

(2) The size of any discharge pipe shall for the conveying of discharge from more than one sanitary fixture be determined by totalling the sanitary fixture unit ratings as given in column 2 of Table 1 for such fixtures and selecting the size appropriate both to such total and to the proposed pipe gradient as given in Table 2: Provided that the minimum gradient of any discharge pipe shall for its nominal size be not less than that given in Table 3.

TABLE 1 TO REGULATION D18
FIXTURE UNIT RATINGS OF FIXTURES

1	2
Fixture	Fixture unit rating
Ablution trough	3
Autopsy table	3
Bain marie	1
Bar sink (domestic)	1
Bar sink (commercial)	3
Wash basin	1
Bath	4
Bed pan sterilizer and washer (cistern)	4
Bed pan sterilizer and washer (flush valve)	6
Bidet	1
Cleaner's sink	1
Clothes washing machine (domestic)	5
Combination pan room sink and flushing bowl	6
Dental unit	1
Dishwasher (domestic)	3
Drinking fountain	1
Glass washing machine	3
Kitchen sink (single or double) (with or without food waste disposal unit)	3
Kitchen sink (commercial)	5
Laboratory sink	1
Laundry trough (single or double)	5
Potato peeler	3
Refrigerated cabinet	1

TABEL 1 BY REGULASIE D18
TOESTELEENHEIDSAANSLAE VAN VASTE TOEBEHORE
(Vervolg)

1	2
Vaste toebehore	Toestel-eenheids-aanslag
Sanitêredoekiewegdoener	3
Stort	2
Stortbad	3
Vuilwatertregter (spoelbak)	4
Vuilwatertregter (spoelklep)	6
Steriliseerder	1
Urinale (1,8-m-muurlengte of 3 vakke)	3
Spoelklosetpan (spoelbak)	4
Spoelklosetpan (spoelklep)	6
Groep vaste toebehore in een kamer (bad, wasbak, stort, spoelklosetpan)	6

TABLE 1 TO REGULATION D18 (Continued)
FIXTURE UNIT RATINGS OF FIXTURES

1	2
Fixture	Fixture unit rating
Sanitary napkin disposal unit	3
Shower	2
Shower bath	3
Slop-hopper (cistern)	4
Slop-hopper (flush valve)	6
Sterilizer	1
Urinals (1,8 m of wall length or 3 stalls)	3
Water-closet pan (cistern)	4
Water-closet pan (flush valve)	6
Group of fixtures in one room (bath, basin, shower, water-closet pan)	6

TABEL 2 BY REGULASIE D18
MAKSIMUM TOELAATBARE PYPBELASTING

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
	Maksimum belasting (toesteleenhede)								
Nominale pyp-grootte, mm	Pyphelling							Stampype	
	1 op 100	1 op 80	1 op 60	1 op 50	1 op 40	1 op 30	1 op 20	Tot en met 3 ver-diepings	Meer as 3 ver-diepings
32	nt	nt	nt	nt	1	1	1	2	2
40	nt	nt	nt	nt	4	5	6	8	16†
50	nt	*nt	nt	nt	8	10	15	18	36†
65	nt	nt	nt	nt	20	25	35	25	56†
75	nt	nt	*15	*27	*40	*55	*65	50	80†
100	nt	nt	100	150	200	250	325	250	500†
125	nt	250	400	450	550	600	700	600	1 000†
150	nt	625	775	875	975	1 075	1 250	1 000	2 400†
175	900	1 050	1 250	1 350	1 500	1 650	1 900	1 600	3 700†
200	1 350	1 600	2 000	2 200	2 500	2 750	3 150	2 500	5 100†
225	1 800	2 300	2 900	3 300	3 700	4 100	4 500	3 800	7 000†

nt = nie toelaatbaar nie
* = hoogstens 2 klosetpanne of soortgelyke drekwatertoebehore mag met 'n 75-mm-pyp met 'n helling verbind word.
† = die belasting mag by geen verdieping met meer as 'n kwart van die inhoudsvermoë van die stampyp toeneem nie.

TABLE 2—TO REGULATION D18
MAXIMUM PERMISSIBLE PIPE LOADINGS

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
	Maximum loading (fixture units)								
Nominal pipe size, mm	Pipes on grade							Stacks	
	1 in 100	1 in 80	1 in 60	1 in 50	1 in 40	1 in 30	1 in 20	Up to 3 storeys	More than 3 storeys
32	np	np	np	np	1	1	1	2	2
40	np	np	np	np	4	5	6	8	16†
50	np	np	np	np	8	10	15	18	36†
65	np	np	np	np	20	25	35	25	56†
75	np	np	*15	*27	*40	*55	*65	50	80†
100	np	np	100	150	200	250	325	250	500†
125	np	250	400	450	550	600	700	600	1 000†
150	np	625	775	875	975	1 075	1 250	1 000	2 400†
175	900	1 050	1 250	1 350	1 500	1 650	1 900	1 600	3 700†
200	1 350	1 600	2 000	2 200	2 500	2 750	3 150	2 500	5 100†
225	1 800	2 300	2 900	3 300	3 700	4 100	4 500	3 800	7 000†

np = not permitted
* = no more than 2 closet pans or similar soil fixtures to be connected to any 75 mm graded pipe.
† = load increment at any floor-interval not to exceed one quarter of stack capacity.

University of Fort Hare
Together in Excellence

TABEL 3 BY REGULASIE D18

MINIMUM HELLINGS VAN AFVOERPYPE

1	2	3	4
Pypgrootte (nominaal) binne-diameter, mm	Minimum helling	Pypgrootte (nominaal) binne-diameter, mm	Minimum helling
32	1 op 40	100	1 op 60
40	1 op 40	125	1 op 80
50	1 op 40	150	1 op 80
		175	1 op 100
65	1 op 40	200	1 op 100
75	1 op 60	225	1 op 100

D19. BESKERMING VAN WATERSLOTTE IN SPERDERS

(1) Waterslotte in sperders in die perseelrioleringstelsel van alle geboue moet toereikend teen vernietiging tydens werktoestande beskerm word.

(2) *(a)* Vir die doel van die vereiste vervat in subregulasie (1) moet die grootte van ontlugpype wat vir sodanige doel verskaf word in ooreenstemming met die aangegewe grootte in Tabel 1 by hierdie regulasie wees, met inagneming van die grootte van die afvoerstampyp, die totaal van al die eenheidsaanslae van vaste toebehore wat deur sodanige pyp geventileer word en die ontwikkelde lengte van die ventilasiepype, gemeet vanaf die beginpunt van sodanige pype tot by die eindpunt wat in die buitelug uitmond.

(b) (i) Daar word geag dat 'n ontlaslugpyp by sy laagste verbinding met 'n afvoerstampyp begin.

(ii) Waar 'n ontlaslugpyp met 'n vertikale stampyp verbind is, word geag dat die ontlugstampyp bo sodanige verbinding 'n verlenging van die ontlaslugpyp is en die grootte van die ontlugstampyp moet dienooreenkomstig bepaal word.

(3) *(a)* Elke afvoerstampyp moet òf bo die hoogste vaste toebehore wat daarin afvoer verleng wees as 'n ontlugstampyp na die buitelug of met sy eie of ander ontlaslugpype verbind wees.

(b) Indien die stampyp afsonderlik na die buitelug verleng word, moet die ontwikkelde lengte vir groottebepalingsdoeleindes van die basis van sodanige stampyp tot by die bopunt van die ontlugpyp gemeet word.

(c) Indien die stampyp met sy eie ontlaslugpyp verbind word, moet die grootte van die ontlaslugpypoorslag soos in paragraaf *(b)* bepaal word en vir dié doel moet die ontwikkelde lengte van die basis van die afvoerstampyp tot by die bokant van die ontlaslugpyp gemeet word.

(d) Indien ontlaslugpype en ontlugstampype met mekaar verbind word, moet die eindontlugpyp net so groot soos die grootste van die twee ontlugpype wees.

(4) *(a)* Niks in hierdie regulasie mag vertolk word as 'n verbod op die verbinding van 'n aantal ontlugpype met 'n gemeenskaplike skuins aftakontlugpyp wat verbind is met 'n ontlugstampyp wat aan sy bopunt in die oop lug uitmond nie, mits die binnediameter van sodanige aftakpyp by elke las met sodanige ontlugpype in die rigting van die ventilasievloei toeneem.

(b) Om sodanige toename te bepaal, moet die vereiste diameter bepaal word deur—

(i) die gelykwaardige getal in kolom 2 van Tabel 2 by hierdie regulasie teenoor die bepaalde ontlugpypgrootte in kolom 1 van die Tabel te neem;

(ii) die totaal van sodanige gelykwaardige getalle vir die ontlugpype aan die stroomopkant van elke voorgestelde toename in sodanige diameter te bereken;

(iii) die totaal van die gelykwaardige getalle in kolom 2 van die Tabel aangegee in verband te bring met die enkele gelykwaardige ontlugpyp in kolom 1.

(5) Die bepalings van die voorafgaande subregulasies vir die beskerming van waterslotte kan met toestemming van die plaaslike owerheid verslap word in die geval van 'n enkelstampypstelsel waar 'n vuilwaterpyp wat 'n bidet of wasbak met sodanige stampyp verbind hoogstens 1,7 m lank is, 'n vuilwaterpyp wat 'n bad, stort of opwasbak met sodanige stampyp verbind hoogstens 2,3 m lank is of 'n vuilpyp wat 'n spoelklosetpan met sodanige stampyp verbind hoogstens 6 m lank is.

TABLE 3 TO REGULATION D18

MINIMUM GRADIENTS OF DISCHARGE PIPES

1	2	3	4
Pipe size (nominal) internal, mm	Minimum gradient	Pipe size (nominal) internal, mm	Minimum gradient
32	1 in 40	100	1 in 60
40	1 in 40	125	1 in 80
50	1 in 40	150	1 in 80
		175	1 in 100
65	1 in 40	200	1 in 100
75	1 in 60	225	1 in 100

D19. PROTECTION OF WATER SEALS IN TRAPS

(1) Water seals in traps in the drainage system of every building shall be adequately protected against destruction, under working conditions.

(2) *(a)* For the purpose of the requirement contained in subregulation (1) the size of any vent provided for such purpose shall be in accordance with that given in Table 1 to this regulation, having regard to the size of the discharge stack, the sum of all fixture unit ratings ventilated by such pipe and the devloped length of the vent pipework measured along such pipework from its origin to its terminal point to the external air.

(b) (i) A relief vent shall be deemed to originate at its lowest connection to a discharge stack.

(ii) Where a relief vent is connected to a vertical stack the stack vent above such function shall be deemed to be a continuation of the relief vent and shall be sized accordingly.

(3) *(a)* Every discharge stack shall either be continued upwards, above the highest fixture discharging thereto, as a stack vent to the external air, or be interconnected with its own or with other relief vents.

(b) When such stack is extended separately to the open air, the developed length, for sizing purposes shall be measured from the base of such stack to the vent top.

(c) When such stack is interconnected with its own relief vent the size of the stack vent offset shall be determined as in paragraph *(b)*, and, for the purpose, the developed length shall be measured from the base of the discharge stack to the relief vent top.

(d) When relief vents and stack vents are interconnected, the size of the terminal vent shall be the same as the larger of the two vents.

(4) *(a)* Nothing in this regulation shall be construed as precluding a number of vent pipes being joined to an inclined common vent header pipe which shall be connected to a stack vent which terminates at its highest point in the external air provided that such header pipe shall increase in internal diameter at every join of such vent pipes in the direction of ventilation flow.

(b) For the purpose of determining such increase the required diameter shall be determined by—

(i) taking from column 2 of Table 2 to this regulation the equivalent number related to the individual vent pipe size as given in column 1 of the Table;

(ii) adding together such equivalent numbers related to the vent pipes on the upstream side of every intended increase in such diameter;

(iii) relating the total equivalent number indicated in column 2, of the Table, to the single equivalent vent pipe given in column 1.

(5) The provisions contained in the aforegoing subregulations for the protection of water seals may be relaxed with the consent of the local authority in the case of a single stack system where a waste pipe connecting any bidet or wash basin to such stack does not exceed 1,7 m in length, a waste pipe connecting any bath, shower or sink to such stack does not exceed 2,3 m in length or a soil pipe connecting a water closet pan to such stack does not exceed 6 m in length.

TABEL 1 BY REGULASIE D19
GROOTTE VAN ONTLUGSTAMPYPE EN ONTLUGPYPE

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12
Grootte van afvoer-stam-pyp (milli-meter)	Maksimum toestel-eenhede verbind	Vereiste grootte van ontlugpyp (millimeter)									
		30	40	50	65	80	100	125	150	175	200
		Ontwikkelde lengte van ontlugpype (meter)									
32	2	9	..	..	..	..	..	..	..	..	..
40	16	6	15	..	..	..	..	..	..	..	..
50	20	8	15	46	..	..	..	..	..	..	..
50	36	6	10	30	..	..	..	..	..	..	..
65	20	..	12	40	110	..	..	..	..	..	..
65	56	..	7	24	80	..	..	..	..	..	..
75	20	..	8	27	70	170	..	..	..	..	..
75	80	..	..	12	20	110	..	..	..	..	..
100	150	..	..	9	25	70	280	..	..	..	..
100	300	..	..	8	22	60	216	..	..	..	..
100	500	..	..	6	19	50	197	..	..	..	..
125	300	..	..	..	9	22	95	280	..	..	..
125	750	..	..	..	7	19	72	230	..	..	..
125	1 100	..	..	..	6	14	62	190	..	..	..
150	700	..	..	..	4	9	37	155	300	..	..
150	1 300	..	..	..	..	7	30	130	250	..	..
150	2 400	..	..	..	..	6	24	100	200	..	..
175	1 000	..	..	..	..	23	70	190	..	..	..
175	2 000	..	..	..	..	..	19	40	160	..	..
175	3 700	..	..	..	..	..	14	35	130	..	..
200	1 500	..	..	..	..	..	12	30	110	220	350
200	3 500	..	..	..	..	..	8	23	60	134	220
200	5 100	..	..	..	..	..	6	19	50	115	190
225	1 700	..	..	..	..	..	..	16	62	150	245
225	4 000	..	..	..	..	..	..	14	43	81	120
225	7 000	..	..	..	..	..	..	6	31	53	75

TABEL 2 BY REGULASIE D19

1	2
Grootte van ontlugstam-pyp, mm	Gelyk-waardige getal
50	1
65	2
75	3
100	6
125	11
150	18
175	28
200	40
250	72
300	117

D20. VUILPYP- EN VUILWATERPYPGROOTTES

(1) Die binnediameter van 'n vuilpyp of vuilwaterpyp mag nie minder wees as die binnediameter van enige pyp of die uitlaat van enige vaste sanitêre toebehore wat daarin afvoer nie.

(2) Die binnediameter van 'n vuilpyp, uitgesonderd 'n vuilpyp van 'n urinaal, moet minstens 100 mm wees.

(3) Die binnediameter van 'n vuilwaterpyp moet minstens 32 mm wees indien dit met 'n wasbak, bidet of drinkspuit verbind is en minstens 40 mm indien dit met enige ander vuilwatertoebehore verbind is.

TABLE 1—TO REGULATION D19
SIZE OF STACK VENTS AND VENTS

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12
Size of discharge stack (milli-metres)	Maximum fixture units connected	Required size of vent (millimetres)									
		30	40	50	65	80	100	125	150	175	200
		Developed length of vents (metres)									
32	2	9	..	..	..	..	..	..	..	..	..
40	16	6	15	..	..	..	..	..	..	..	..
50	20	8	15	46	..	..	..	..	..	..	..
50	36	6	10	30	..	..	..	..	..	..	..
65	20	..	12	40	110	..	..	..	..	..	..
65	56	..	7	24	80	..	..	..	..	..	..
75	20	..	8	27	70	170	..	..	..	..	..
75	80	..	..	1	20	110	..	..	..	..	..
100	150	..	..	..	25	70	280	..	..	..	..
100	300	..	..	8	22	60	216	..	..	..	..
100	500	..	..	6	19	50	197	..	..	..	..
125	300	..	..	..	9	22	95	280	..	..	..
125	750	..	..	..	7	19	72	230	..	..	..
125	1 100	..	..	..	6	14	62	190	..	..	..
150	700	..	..	..	4	9	37	155	300	..	..
150	1 300	..	..	..	..	7	30	130	250	..	..
150	2 400	..	..	..	..	6	24	100	200	..	..
175	1 000	..	..	..	..	..	23	70	190	..	..
175	2 000	..	..	..	..	..	19	40	160	..	..
175	3 700	..	..	..	..	..	14	35	130	..	..
200	1 500	..	..	..	..	..	12	30	110	220	350
200	3 500	..	..	..	..	..	8	23	60	134	220
200	5 100	..	..	..	..	..	6	19	50	115	190
225	1 700	..	..	..	..	..	..	16	62	150	245
225	4 000	..	..	..	..	..	..	14	43	81	120
225	7 000	..	..	..	..	..	..	6	31	53	75

TABLE 2—TO REGULATION D19

1	2
Size of stack vent, mm	Equivalent number
50	1
65	2
75	3
100	6
125	11
150	18
175	28
200	40
250	72
300	117

D20. SOIL AND WASTE PIPE SIZES

(1) The internal diameter of a soil pipe or waste pipe shall be not less than the internal diameter of any pipe or of the outlet of any sanitary fixture which discharges into it.

(2) The internal diameter of a soil pipe other than a soil pipe from a urinal shall be not less than 100 mm.

(3) The internal diameter of a waste pipe shall be not less than 32 mm if it serves a wash basin, bidet or drinking fountain and 40 mm if it serves any other waste fitting.

University of Fort Hare
Together in Excellence

D21. INSTALLERING VAN AFVOER- EN VENTILASIEPYPE

(1) Alle vuilpype, vuilwaterpype, ventilasiepype of -toebehore moet—

(a) gemaak wees van die materiaal wat in regulasie D15 genoem word of van ander goedgekeurde materiaal wat sterk en duursaam genoeg is;

(b) lasse hê wat sonder uitsondering so gemaak is dat dit geskik is vir die materiaal waaruit die pyp bestaan en—

(i) dat dit lugdig sal bly;

(ii) dat dit geen elektrolitiese korrosie weens die bymekaarbring van ongelyksoortige materiale sal veroorsaak nie; en

(iii) dat dit geen obstruksie in die pyp sal veroorsaak nie;

(c) so gemaak wees dat geen buiging 'n skerp hoek vorm nie maar die grootste moontlike krommingstraal het en dat daar in sodanige buiging deurgaans geen verandering in die dwarsdeursnee van die pyp is nie;

(d) sonder om termiese beweging te strem, op afstande oor die lengte daarvan gesteun word deur steuntoebehore wat stewig aan die gebou bevestig is;

(e) so gemaak wees dat dit bestand is teen die toepaslike toetse wat in Bylae 3 genoem word; en

(f) die nodige toegangsmiddele hê sodat die binnekant skoongemaak kan word.

(2) *(a)* Waar vuilwaterpype of vuilpype binne-in 'n gebou geleë is, en waar verlang word dat sodanige pype omhul moet wees, moet die pype deur 'n leigang omsluit word.

(b) Sodanige leigang moet óf sodanige grootte en vorm hê dat 'n persoon dit maklik kan binnegaan en daar kan werk óf voorsien wees van deksels wat maklik afgehaal kan word sodat toegang tot al die aansluitings, buigings en steekoë verkry kan word: Met dien verstande dat 'n deel van 'n pyp in baksteenwerk of beton ingebou kan word indien sodanige deel geen lasse, aansluitings, buigings of steekoë bevat nie.

(c) Sodanige leigang, met inbegrip van die bybehorende deksels, moet van beton, baksteenwerk, metaal of 'n ander syferdigte, duursame, rotdigte materiaal gemaak wees.

(d) 'n Vuilpyp of deel daarvan wat binne-in 'n gebou geleë is en wat deur enige deel van sodanige gebou loop wat vir menslike bewoning gebruik word, moet deur 'n leigang omhul wees wat aan die vereistes van paragrawe *(b)* en *(c)* voldoen: Met dien verstande dat elke sodanige vuilpyp en leigang oral waar dit moontlik is só gemaak moet wees dat dit vertikaal deur sodanige deel van die gebou loop: Met dien verstande voorts dat die bepalings van hierdie subregulasie nie geld vir enige deel van sodanige pyp wat in baksteenwerk of beton ingebou word soos in die voorbehoudsbepaling by paragraaf *(b)* beoog word nie.

(e) 'n Leigang wat in hierdie subregulasie genoem word, moet so gebou wees dat rotte nie in die leigang kan inkom nie.

(3) Vuilpype of vuilwaterpype moet naby die vaste toebehore waarmee dit verbind is, van 'n geskikte en maklik toeganklike sperder met 'n toereikende diameter en waterslot, soos in Tabelle 2 en 3 van Bylae 1 uiteengesit, en 'n toegangsmiddel vir interne skoonmaakdoeleindes, voorsien word: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie geld vir—

(a) 'n pyp wat met vaste drekwatertoebehore of vaste vuilwatertoebehore verbind is indien die vaste toebehore 'n ingeboude sperder het nie; en

(b) 'n vuilwaterpyp wat met 'n bad, wasbak of stortbad verbind is, indien sodanige vuilwaterpyp afvoer in 'n halfronde en toeganklik oop kanaal van verglaasde erdewerk of 'n ander ewe geskikte materiaal wat reg onderkant sodanige bad, wasbak of stortbad geleë is en wat op sy beurt oor of in 'n geskikte sperder afvoer nie; of

(c) 'n vuilwaterpyp wat met 'n bad, wasbak of stortbad verbind is nie, indien 'n aantal baddens, wasbakke of stortbaddens so in 'n reeks aangebring is dat elke sodanige vuilwaterpyp in 'n gemeenskaplike vuilwaterpyp afvoer wat—

(i) hoogstens 5 m lank is;

(ii) van 'n geskikte sperder voorsien is; en

(iii) geskikte en toereikende toegangsmiddels vir die interne skoonmaak van die sperder en die hele lengte van die pyp het.

(4) *(a)* Geen vuilpyp of vuilwaterpyp mag sigbaar wees aan die buitekant van die buitemure van enige gebou wat meer as drie verdiepings hoog is nie.

(b) 'n Vuilwaterpyp wat aan die buitekant van die buitemure van 'n gebou geleë is, mag nie vuil water in 'n geutbak of op enige ander wyse afvoer wat die water aan die buitelug sal blootstel nie.

(5) Ondanks die vereistes van subregulasie (4), mag 'n vuilwaterpyp wat verbind is met vaste toebehore in 'n deel van 'n gebou waarvan die vloer op of ongeveer op die vlak van die aangrensende grond is, in 'n buitesperder afvoer indien die sperder 'n geskikte rooster het wat só aangebring is dat die vuilwater bo die vlak van die water in die sperder maar onder die vlak van die rooster gestort word en die pyp nie op so 'n wyse afvoer dat dit klammigheid in die gebou veroorsaak nie.

D21. INSTALLATION OF DISCHARGE AND VENTILATION PIPES

(1) Any soil pipe, waste pipe, ventilating pipe or fitting shall—

(a) be made of materials contemplated in regulation D15 or of other approved materials of adequate strength and durability;

(b) have all joints formed in a manner appropriate to the materials of which the pipe is composed and in such a way that the joints shall—

(i) remain airtight;

(ii) not cause electrolytic corrosion due to the association of dissimilar materials; and

(iii) not form any obstruction in the interior of the pipe;

(c) be so constructed that any bend does not form an acute angle but has the largest practicable radius of curvature and that there is no change in the cross-section of the pipe throughout such bend;

(d) be adequately supported at intervals along its length without restraining thermal movement, any fitting giving such support being securely attached to the building;

(e) be so constructed as to be capable of withstanding the relevant tests referred to in Schedule 3; and

(f) have such means of access as will permit internal cleansing.

(2) *(a)* Where waste pipes or soil pipes are located within a building, and where it is desired that such pipes be enclosed, such pipes shall be enclosed within a duct.

(b) Any such duct shall either be of such size and shape that a person can readily enter it and work therein or it shall be provided with covers that can readily be removed to enable access to be gained to all junctions, bends and cleaning eyes: Provided that a portion of a pipe may be built into brickwork or concrete if such portion does not include any joints, junctions, bends or cleaning eyes.

(c) Any such duct, including any removable covers thereto shall be constructed of concrete, brickwork, or metal or other impermeable, durable, and rodentproof material.

(d) Any soil pipe or portion thereof which is located within a building and which passes through any part of such building which is used for human habitation shall be enclosed within a duct which shall comply with the provisions of paragraphs *(b)* and *(c)*: Provided that every such soil pipe and duct shall wherever possible be so constructed as to travel vertically through such portion of such building: Provided further that the provisions of this subregulation shall not apply to any portion of such pipe which is to be built into brickwork or concrete as contemplated in the proviso to paragraph *(b)*.

(e) Any duct referred to in this subregulation shall be so constructed as to prevent the ingress of vermin thereto.

(3) Any soil pipe or any waste pipe shall have fitted close to the fixture it serves a suitable and readily accessible trap of adequate diameter, having an adequate water seal, as set out in Tables 2 and 3 of Schedule 1, and means of access for internal cleansing: Provided that the provisions of this subregulation shall not apply to—

(a) any pipe serving a soil fixture or waste fixture if the fixture has an intergral trap; or

(b) any waste pipe serving a bath, wash basin or a shower tray where such waste pipe discharges into a semi-circular and accessible open channel of glazed stoneware, or other equally suitable material, immediately beneath such bath, wash basin or shower tray which in turn discharges over or into a suitable trap; or

(c) any waste pipe serving a bath, wash basin or shower tray if a number of baths, wash basins or shower trays are so fixed in a range that each such waste pipe discharges into a common waste pipe which—

(i) does not exceed 5 m in length;

(ii) is fitted with a suitable trap; and

(iii) has means of access suitable and adequate for the internal cleansing of the trap and of the whole length of the pipe.

(4) *(a)* No soil pipe or waste pipe shall be exposed on the outside of the external walls of any building exceeding three storeys in height.

(b) A waste pipe which is situated on the outside of the external walls of a building shall not discharge waste water into a hopper head or in any other manner which would expose the water to the external air.

(5) Notwithstanding the requirements of subregulation (4), any waste pipe which serves a fixture situated within any part of a building the floor of which part is at or about the level of the adjoining ground may discharge into an external trap if the trap has a suitable grating so fitted that the discharge of waste water is effected above the level of the water in the trap but below the level of the grating and the pipe discharges in such a way as not to cause dampness in the building.

(6) Elke ventilasiepyp moet—
(a) boontoe verleng word tot 'n hoogte minstens 1 m bo die dakrand of 1 m bo die kosynkop van enige venster wat op 'n horisontale afstand van 6 m of minder van sodanige pyp af is, of tot 'n hoogte van minstens 3 m bo grondvlak, wat ook al die hoogste is; en
(b) so geïnstalleer word dat daar 'n voortdurende styging na die uitlaat van sodanige pyp is; en
(c) by sy bopunt voorsien wees van 'n duursame draadkooi of ander bedekking wat nie die stroming van lug oormatig beperk nie.

D22. Oorlooppype

Indien vaste vuilwatertoebehore van 'n oorlooppyp voorsien word, moet sodanige pyp òf—
(a) so in 'n vuilwaterpyp afvoer dat dit van die perseelrioleringstelsel geskei word deur die sperder wat ooreenkomstig regulasie D21 (3) geïnstalleer is; òf
(b) só afvoer dat dit geen klammigheid in of skade aan enige deel van 'n gebou veroorsaak nie.

D23. Sloot vir Perseelriole

Indien 'n perseelriool langs, onder of deur 'n lasdraende deel van 'n gebou aangelê word, moet die nodige voorsorgmaatreëls getref word om te verseker dat die sloot waarin die perseelriool gelê word die stabiliteit van die gebou in geen opsig sal benadeel nie.

D24. Konstruksie van Perseelriole

(1) 'n Perseelriool moet—
(a) met inagneming van die wyse waarop dit gelê is en gesteun word en die maksimum belastings en kragte waaraan dit moontlik onderwerp kan word, sterk genoeg wees en teen beskadiging beskerm word indien dit nodig is;
(b) met inbegrip van die lasse en toebehore daarvan, van materiaal gemaak wees wat sterk genoeg is, met inagneming van die stowwe wat daardeur gaan en die grond en ondergrondse water waardeur die perseelriool loop indien dit ondergronds is;
(c) lasse hê wat sonder uitsondering so gemaak is—
(i) dat dit geskik is vir die materiaal waarvan sodanige perseelriool gemaak is;
(ii) dat die lasse waterdig bly in alle werktoestande, met inbegrip van alle differensiële bewegings tussen die perseelriool en die grond of 'n struktuur waardeur of waaronder dit loop; en
(iii) dat die lasse geen obstruksie in die pyp vorm nie;
(d) in 'n reguit lyn gelê word tussen punte waar 'n verandering van rigting of helling voorkom; en
(e) só ontwerp en gebou wees dat die grootte en minimum helling waarmee dit gelê word in ooreenstemming met Tabelle 1, 2 en 3 by regulasie D18 is.

(2) Die binnediameter van 'n perseelriool mag by geen punt minder wees as dié van die uitlaat van enige vaste toebehore, pyp of perseelriool waarvan die afvoer daardeur gaan nie: Met dien verstande dat die binnediameter minstens 100 mm moet wees.

(3) Valpype kan op geskikte tussenafstande in 'n perseelriool geïnstalleer word sodat die perseelriool teen die vereiste helling gelê kan word.

(4) Indien die val van die grond sodanig is dat die helling van die perseelriool die helling in kolom 8 van Tabel 2 by regulasie D18 sal oorskry, kan 'n groter helling aangebring word: Met dien verstande dat die maksimum belasting ten opsigte van die eenheidsaanslag van toebehore wat op sodanige perseelriool geplaas word nie die aanslag in sodanige kolom mag oorskry nie en voorts met dien verstande dat indien sodanige helling 1 op 1 oorskry, die maksimum belasting wat op so 'n perseelriool geplaas word, nie die belastings in kolom 9 van sodanige Tabel mag oorskry nie.

D25. Perseelriole wat Deur of Onderdeur Mure of Geboue Loop

(1) Indien 'n perseelriool onderdeur 'n muur uitgesonderd 'n vrystaande muur loop, moet sodanige perseelriool van gietysterpype gemaak wees en heeltemal omhul wees in beton wat minstens 100 mm dik is.

(2) Indien 'n perseelriool deur 'n gebou loop, moet dié deel wat binne-in die gebou is—
(a) sonder dat termiese beweging beperk word, oor die hele lengte daarvan toereikend gesteun word deur steuntoebehore wat stewig aan die gebou bevestig is; en
(b) só geplaas word dat alle aansluitings, buigings en steekoë maklik toeganklik is.

D26. Toegangsmiddels tot Perseelriool

(1) 'n Perseelriool moet die nodige toegangsmiddels vir inspeksie en skoonmaak hê en sonder om oor die algemeen aan die voorafgaande afbreuk te doen—
(a) moet daar 'n inspeksiekamer of mangat wees—

(6) Every ventilating pipe shall be—
(a) carried upwards to a height at least 1 m above the eaves or 1 m above the head of any window which has a horizontal distance of 6 m or less from such pipe or to a height of at least 3 m above the level of the ground whichever is the highest; and
(b) so installed as to have a continuous rise towards the outlet thereof; and
(c) fitted at its topmost end with a durable wire cage or other cover which does not unduly restrict the flow of air.

D22. Overflow Pipes

Where a waste fixture is provided with an overflow pipe such pipe shall either—
(a) discharge into a waste pipe in such a way as to be separated from the drainage system by the trap installed in accordance with regulation D21 (3); or
(b) so discharge as not to cause dampness in, or damage to, any part of any building.

D23. Trenches for Drains

Where any drain is constructed adjacent to, under or through a load-bearing part of a building, such precautions shall be taken as may be necessary to ensure that the trench in which the drain is laid in no way impairs the stability of the building.

D24. Construction of Drains

(1) Every drain shall—
(a) be of sufficient strength having regard to the manner in which it is bedded or supported and the maximum loads and forces to which it may be subjected, and where necessary be protected against damage;
(b) together with its joints and fittings be constructed of materials of sufficient durability having regard to the matter passing through it and if below ground the nature of the ground and subsoil water through which it passes;
(c) have all joints formed in such a manner—
(i) as is appropriate to the materials of which such drain is made;
(ii) that the joints remain watertight under all working conditions, including any differential movement between the drain and the ground or any structure through or under which it passes; and
(iii) that the joints do not form any obstruction in the interior of such drain;
(d) be laid in a straight line between points where changes of direction or gradient occur; and
(e) be so designed and constructed, that the size and minimum gradient at which it is laid shall be in accordance with Tables 1, 2 and 3 to regulation D18.

(2) The internal diameter of any drain shall at no point be less than that of the outlet of any fixture, pipe or drain the discharge from which passes through it: Provided that the internal diameter shall in no case be less than 100 mm.

(3) Backdrops may be installed at suitable intervals along the line of any drain to enable such drain to be laid at the required gradient.

(4) Where the slope of the ground along such line is such that the gradient of the drain will exceed the gradient given in column 8 of Table 2 to regulation D18 a greater gradient may be installed: Provided that the maximum loading in fixture unit ratings to be applied to such drain shall not exceed the ratings given in such column and provided further that where such gradient exceeds 1 in 1 the maximum loading to be applied to such drain shall not exceed the loadings given in column 9 of such Table.

D25. Drains Passing Through or Under Walls or Under Buildings

(1) Where any drain passes under any wall other than a freestanding wall such drain shall be of cast iron pipes and shall be completely encased in concrete not less than 100 mm thick.

(2) Where any drain passes through a building, that part which is within the building shall—
(a) be adequately supported throughout its length without restricting thermal movement, any fitting giving such support being securely attached to the building; and
(b) be so placed that all junctions, bends and access eyes are readily accessible.

D26. Means of Access to Drain

(1) Every drain shall have such means of access as may be necessary for inspection and cleansing and, without prejudice to the generality of the foregoing—
(a) there shall be an inspection chamber or manhole—

(i) by elke punt waar daar 'n verandering van rigting of helling is;
(ii) in sodanige perseelriool binne 12 m van 'n aansluiting tussen die perseelriool en 'n ander perseelriool, tensy daar 'n inspeksiekamer of mangat by sodanige aansluiting is;
(iii) binne 1,5 m van die verbindingspunt tussen 'n perseelriool en 'n verbindingsriool, tensy daar 'n inspeksiekamer of mangat by sodanige aansluiting is;
(iv) by die hoogste punt van 'n perseelriool, tensy daar 'n steekoog by dié punt is; en

(b) mag geen deel van 'n perseelriool meer as 25 m (langs die lyn van die perseelriool gemeet) van 'n inspeksiekamer, mangat of ander toegang wees wat aan dieselfde perseelriool geleë is nie.

(2) Elke inspeksiekamer of mangat moet—

(a) só ontwerp en van baksteenwerk, beton, vooraf gegiete betonprofiele of ander ewe geskikte en duursame materiaal gebou wees dat—
(i) dit die belastings kan dra wat daarop gelê sal word; en
(ii) dit waterdig is;

(b) so groot wees en so 'n vorm hê dat dit maklik vir inspeksie, skoonmaak en stangwissing toeganklik is;

(c) 'n afhaalbare nie-ventileerdeksel van toereikende sterkte hê wat van geskikte en duursame materiaal gemaak is;

(d) indien dit weens die diepte van die mangat nodig is, 'n goedgekeurde toegangsmiddel hê wat veilige toegang tot die vlak van die perseelriool verleen; en

(e) indien die deel van die perseelrioleringstelsel wat binne-in die inspeksiekamer of mangat is uit oop kanale bestaan, voorsien wees van vloeivulling wat 'n gladde syferdigte afwerking het en só gevorm is dat dit die vloeiing van rioolvuil lei na die pyp waarin de hoofkanaal afvoer en 'n veilige vastrapplek bied.

(3) Inspeksiekamers of mangate binne-in 'n gebou, uitgesonderd inspeksiekamers of mangate wat toegang verleen tot 'n deel van 'n perseelriool wat van inspeksietoebehore met waterdigte deksels voorsien is, moet—

(a) tesame met die raam en deksel daarvan, só gemaak wees dat dit waterdig is wanneer dit onderwerp word aan die maksimum inwendige druk wat moontlik deur 'n verstopping van die perseelrioleringstelsel by enige punt onder die inspeksiekamer of mangat veroorsaak kan word; en

(b) voorsien word van 'n afhaalbare nie-ventileerdeksel wat sterk genoeg is en van geskikte en duursame materiaal gemaak is, en wat—
(i) in 'n raam met lugdigte afdigting gemonteer is; en
(ii) met verwyderbare boute van korrosiebestande materiaal aan die raam bevestig is.

D27. Aansluitings

(1) 'n Verbinding by 'n aansluiting tussen—

(a) 'n takperseelriool en enige ander perseelriool; of

(b) 'n perseelriool en 'n verbindingsriool waar sodanige perseelriool en verbindingsriool nie in een lyn is nie

moet só gemaak word dat die aansluitende perseelriool sy inhoud skuins in die vloeirigting van die ander perseelriool of verbindingsriool in sodanige perseelriool of verbindingsriool stort.

(2) 'n Verbinding tussen 'n perseelriool en 'n verbindingsriool moet só gemaak word dat die verbinding in alle werktoestande waterdig en andersins bevredigend sal bly.

D28. Toetse vir Perseelriole

Elke perseelriool wat ooreenkomstig hierdie regulasies gelê word, moet volgens die toets in Bylae 3 getoets word en moet sodanige toets deurstaan voordat dit gebruik word.

D29. Opgaartenks, Septiese Tenks en Syferslote

(1) 'n Opgaartenk, septiese tenk of ander tenk moet, indien die plaaslike owerheid toelaat dat dit vir die ontvangs of wegdoening van rioolvuil op 'n terrein gebruik word—

(a) só gebou word dat dit ondeurlatend is vir vloeistof van die binnekant sowel as ondergrondse water van die buitekant; en

(b) só geleë wees dat—
(i) dit geen fontein, stroom, put, waterloop of ander bron van water wat vir drink-, huishoudelike of kombuisdoeleindes gebruik word of waarskynlik gebruik sal word, aan besoedeling blootstel nie;
(ii) daar 'n middel vir geredelike toegang vir die skoonmaak en verwydering van die inhoud daarvan is sonder dat dit deur enige gebou gedra moet word waarin 'n persoon woon of werksaam is in enige fabriek, nywerheid of besigheid waartoe die publiek toegang het nie; en
(iii) dit nie binne 3 m is van enige gebou waarin 'n persoon woon of werksaam is in enige fabriek, nywerheid of besigheid, waartoe die publiek toegang het nie en so in stand gehou kan word dat dit nie 'n bron van ergernis of 'n gevaar vir die gesondheid kan word nie.

(i) at each point where there is a change of direction or gradient;
(ii) on such drain within 12 m from any junction between such drain and any other drain unless there is an inspection chamber or manhole situated at such junction;
(iii) within 1,5 m of the point of junction between a drain and a connecting sewer unless there is an inspection chamber or manhole situated at such junction;
(iv) at the highest point of a drain unless there is an access eye at that point; and

(b) no part of a drain shall be at a distance of more than 25 m (measured along the line of the drain) from an inspection chamber, manhole or other access situated on the same drain.

(2) Every inspection chamber or manhole shall—

(a) be so designed and constructed of brickwork, concrete, precast concrete sections or other not less suitable and durable material as to—
(i) sustain the loads which may be imposed upon it; and
(ii) be watertight;

(b) be of such size and form as to permit ready access to the drain for inspection, cleansing and rodding;

(c) have a removable and non-ventilating cover of adequate strength, constructed of suitable and durable material;

(d) where the depth of a manhole so requires, have such approved means of access as will provide a safe approach to the level of the drain; and

(e) where the part of the drainage system within the inspection chamber or manhole is constructed of open channels, be provided with benching having a smooth impervious finish and so formed as to guide the flow of sewage towards the pipe into which the main channel discharges and provide a safe foothold.

(3) Any inspection chamber or manhole within a building, other than an inspection chamber or manhole giving access to part of a drain which is constructed with inspection fittings having watertight covers, shall be—

(a) so constructed, in conjunction with its frame and cover, as to be watertight when subjected to the maximum internal pressure which could be caused by blockage of the drainage system at any point below the inspection chamber or manhole; and

(b) fitted with a removable and non-ventilatng cover of adequate strength, constructed of suitable and durable material which is—
(i) fitted in a frame with an airtight seal; and
(ii) secured to the frame by removable bolts made of corrosion-resistant material.

D27. Junctions

(1) Any connection at a junction between—

(a) a branch drain and any other drain; or

(b) a drain and a connecting sewer where such drain and connecting sewer are not in line

shall be so made that the tributary drain discharges its contents into the other drain or connecting sewer obliquely in the direction of flow in that other drain or connection sewer.

(2) Any connection between a drain and a connecting sewer, shall be so made that the connection will remain watertight and otherwise satisfactory under all working conditions.

D28. Tests for Drains

Every drain laid in terms of these regulaions shall be tested in accordance with the test contained in Schedule 3 and shall sustain such test before being used.

D29. Storage Tanks, Septic Tanks and Percolation Trenches

(1) Any storage tank, septic tank or other tank where permitted by the local authority to be used on a site for the reception of or the disposal of sewage shall be—

(a) so constructed as to be impervious to both liquid from the inside and subsoil water from the outside; and

(b) so sited—
(i) as not to render liable to pollution any spring, stream, well, adit or other source of water which is used, or is likely to be used, for drinking, domestic or kitchen purposes;
(ii) that there is ready means of access for cleansing it and removing its contents without carrying them through any building in which any person resides or is employed in any manufacture, trade or business or to which the public has access; and
(iii) as not to be within 3 m of any building in which any person resides or is employed in any manufacture, trade or business or to which the public has access and to be maintained so as not to become a source of nuisance or a danger to health.

(2) Elke septiese tenk of opgaartenk moet—

(a) só gebou word dat die diepte in die geval van 'n septiese tenk minstens 1,2 m is en dat daar 'n lugruimte van minstens 400 mm tussen die oppervlak van die vloeistof in sodanige tenk en die onderkant van die top van sodanige tenk is;

(b) groot genoeg wees en onder geen omstandighede 'n inhoudsvermoë hê wat minder is as 2,5 m^3 in die geval van 'n septiese tenk of minder as dié wat deur die plaaslike owerheid voorgeskryf word in die geval van 'n opgaartenk nie;

(c) oordek wees; en

(d) met 'n toegangsmiddel vir inspeksie- (met inbegrip van inspeksie van die inlaat en uitlaat), leegmaak- en skoonmaakdoeleindes gebou wees.

(3) Enige ander tenk uitgesonderd 'n opgaartenk of 'n septiese tenk moet—

(a) die inhoudsvermoë hê wat deur die plaaslike owerheid voorgeskryf word;

(b) behoorlik oordek wees sodat dit ondeurlatend is vir oppervlakwater en reënwater;

(c) van 'n geskikte mangatdeksel vir inspeksie- (met inbegrip van inspeksie van die inlaat), leegmaak- en skoonmaakdoeleindes voorsien wees;

(d) toereikend geventileer wees; en

(e) geen oorloop- of afvoeruitlaat hê behalwe die uitlaat wat vir leegmaak- en skoonmaakdoeleindes voorsien word nie.

(4) Elke syfersloot wat uitvloeisel van 'n septiese tenk moet ontvang met die doel om sodanige uitvloeisel in die grond te laat insyfer, moet—

(a) so 'n inhoudsvermoë hê, so gebou wees en sodanige geskikte materiaal bevat dat dit toereikend is vir die opvang, suiwering en wegdoening van enige uitvloeisel wat uit sodanige tenk daarin invloei; en

(b) geleë wees soos deur die plaaslike owerheid voorgeskryf word maar minstens 5 m vanaf enige gebou of die grens van die terrein waarop dit geleë is.

(5) *(a)* Indien die plaaslike owerheid dit nodig ag, moet die grond waarin dit die voorneme is om die syfersloot uit te grawe volgens die metode in Bylae 4 vir deursyfering getoets word.

(b) Geen syfersloot mag in grond uitgegrawe word indien die absorpsietempo van sodanige grond 30 minute oorskry of uitvloeisel weens die kontoere of die samestellende lae van sodanige grond maklik uit sodanige grond kan vloei of die terrein wat deur sodanige uitvloeisel beïnvloed sal word na die mening van die plaaslike owerheid nie groot genoeg is om die wegsyfering van sodanige uitvloeisel te bevat nie.

D30. Standaarde vir Vaste Sanitêre Toebehore

(1) Alle vaste sanitêre toebehore moet van syferdigte korrosiebestande materiaal gemaak wees en 'n gladde nie-absorberende oppervlak hê wat maklik skoongemaak kan word, en moet só gemaak en aangebring wees dat dit regstreeks en sonder opgaring deur 'n doeltreffende sperder, wat aan die vereistes van regulasie D36 voldoen, na 'n vuilpyp of vuilwaterpyp afvoer, en geen deel van dié vaste toebehore mag regstreeks met enige pyp behalwe 'n vuilpyp, vuilwaterpyp, watertoevoer, nie-ingeboude sperder of ventilasiepyp verbind wees nie.

(6) Iemand wat die bepalings van hierdie regulasie oortree of toelaat dat iemand anders dit oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

H10. Opritte

(1) Indien 'n oprit gebruik word om 'n motorvoertuig van 'n verdieping van die gebou na die grondvloer in sodanige gebou te bestuur en sodanige oprit op die grondvlak of straatvlak teenoor 'n uitgang van die gebou uitloop, moet die afstand tussen die uitgang en die plek waar die oprit by sodanige vlak aansluit minstens 6 m wees.

(2) Die helling van 'n oprit in subregulasie (1) bedoel, mag nie steiler as 1 op 5 wees nie.

(3) 'n Oprit wat deur voetgangers in of in verband met 'n tydelike konstruksie gebruik word, moet 'n helling van hoogstens 1 op 8 hê, en toegang tot sodanige oprit moet sodanig wees dat dit nie die beweging van 'n persoon in 'n rystoel belemmer nie.

(4) Indien 'n oprit bedoel is vir gebruik deur voertuie, fisies gestremdes en voetgangers, moet dit—

(a) 'n helling van hoogstens 1 op 8 hê;

(b) 'n vry breedte vir voertuie van minstens 3,6 m hê;

(c) 'n verhewe loopvlak aan een kant hê wat minstens 150 mm hoog en minstens 1,2 m breed is, en sodanige loopvlak moet sodanig wees dat dit nie die beweging van persone in rystoele belemmer nie; en

(d) voorsien word van relings wat minstens 1 m hoog is, vertikaal gemeet van die oppervlak van die loopvlak langs die rand van die loopvlak aanliggend aan die deel van die oprit wat deur voertuie gebruik word.

(5) Die oppervlak van alle opritte wat vir openbare gebruik in 'n gebou aangebring word, moet op 'n goedgekeurde wyse glyvas gemaak word en moet te alle tye glyvas gehou word.

(6) Iemand wat die bepalings van hierdie regulasie oortree of toelaat dat iemand anders dit oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

H11. Verligting van Trappe en Gange

(1) Ondanks die vereistes wat in deel F vervat word, moet die eienaar van 'n gebou waartoe die publiek toegang het en wat 'n trap of gang bevat, in sodanige gebou 'n verligtingstelsel voorsien en te alle tye in stand hou wat 'n illuminansie van minstens 100 lux op die loopvlak van 'n trap of die vloeroppervlak van 'n gang kan gee.

(2) Wanneer daar mense in sodanige gebou is, moet die verligtingstelsel wat in subregulasie (1) genoem word, in werking tree gedurende tydperke wanneer die natuurlike verligting afneem tot onderkant die illuminansiewaarde wat ingevolge daardie subregulasie vereis word.

(3) Die vereistes van hierdie regulasie geld nie in die geval van 'n woorhuis nie.

H12. Oorhoofse Vervoer van Laste oor Openbare Plekke

(1) Indien daar gedurende bouwerk gebruik gemaak word van 'n hyskraan of ander masjinerie om 'n las oor of bo-oor 'n straat of openbare plek te vervoer, mag niemand, hetsy as eienaar of kontrakteur, sodanige las so vervoer of toelaat dat dit so vervoer word tensy hy skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid daartoe verkry het nie.

(2) Sodanige skriftelike toestemming moet 'n voorwaarde bevat—

(a) dat alle laste vervoer moet word oor 'n beskermde gebied waarvan die grense sodanig is dat vertikale lyne deur alle dele van die las te alle tye die grondvlak minstens 2 m binne sodanige grens sou raak indien dit deur skutting omsluit is of minstens 3 m binne die grens indien dit deur skutrelings omsluit is;

(b) dat die hoogte van 'n skutting minstens 1,8 m moet wees of dat die hoogte van 'n skutreling minstens 1,5 m moet wees; en

(c) dat toegang tot sodanige ingeslote gebied te alle toepaslike tye deur middel van 'n goedgekeurde kennisgewing of op 'n ander wyse vir die publiek verbode moet wees.

(3) Benewens die bepalinge en voorwaardes in subregulasie (2) genoem, kan die plaaslike owerheid, by verlening van die skriftelike toestemming wat in daardie subregulasie genoem word, enige verdere voorwaardes stel way hy nodig ag.

(4) Geen bouershyser mag vir bouwerk in 'n straat of openbare plek gebruik word tensy sodanige hyser binne 'n veilige gebied is wat tot bevrediging van die plaaslike owerheid afgebaken is nie en tensy die plaaslike owerheid aan die eienaar van die betrokke gebou skriftelike toestemming tot die gebruik van sodanige hyser gegee het nie.

(5) Indien daar ingevolge hierdie regulasie skriftelike toestemming tot werk vereis word, moet 'n ware afskrif van sodanige toestemming voor die aanvang van sodanige werk deur die eienaar aan die kontrakteur of persoon (indien daar is) wat in diens geneem is om sodanige

(3) No balusters, railings or other like parts shall have openings in, between or below them that permit the passage of a 125 mm diameter ball.

(4) No opening between any balusters or like parts of a parapet wall, railing or balustrade shall contain any component which may give a foothold for climbing purposes.

(5) No material which is not approved shall be installed in any railing or balustrade.

(6) Any person who contravenes or permits any other person to contravene the provisions contained in this regulation shall be guilty of an offence.

H10. Ramps

(1) Where a ramp is used for the driving of a motor vehicle from any storey of a building to the ground floor within such building and such ramp joins the ground level or street level opposite an exit from the building, the distance between the exit and where the ramp joins such level shall not be less than 6 m.

(2) The gradient of any ramp referred to in subregulation (1) shall not be steeper than 1 in 5.

(3) Any ramp used by pedestrians in or in connection with a temporary construction, shall have a gradient not exceeding 1 in 8 and access to such ramp shall be such as not to impede the mobility of a person in a wheelchair.

(4) Where a ramp is intended for use by vehicles, physically handicapped persons and pedestrians it shall—

(a) have a gradient not exceeding 1 in 8;

(b) have a clear width for vehicles of not less than 3,6 m;

(c) have a raised walkway not less than 150 mm high and not less than 1,2 m wide on one side and such walkway shall be such as not to impede the mobility of persons in wheelchairs; and

(d) be provided with railings not less than 1 m in height, measured vertically from the surface of the walkway, along the edge of the walkway adjacent to the part of the ramp used by vehicles.

(5) The surface of all ramps installed in a building for use by the public shall be rendered slip proof in an approved manner and shall at all times be kept in a slip proof condition.

(6) Any person who contravenes or permits any other person to contravene the provisions contained in this regulation shall be guilty of an offence.

University of Fort Hare
Together in Excellence

H11. Staircase and Passage Illumination

(1) Notwithstanding the provisions contained in Part F, in the case of every building to which the public has access and which contains a staircase or passage, the owner of such building shall provide and maintain at all times a system of illumination which shall be capable of producing a measure of illuminance of not less than 100 lux at the level of the tread surface of any staircase or the floor surface of any passage.

(2) The systems of illumination referred to in subregulation (1) shall, when such building is occupied, come into operation during any period when the natural illumination falls below the measure of illuminance required in terms of that subregulation.

(3) The requirements of this regulation shall not apply in the case of a dwelling house.

H12. Overhead Conveyance of Loads Over Public Places

(1) Where during the course of building work use is made of a crane or other machinery for conveying a load over or across any street or public place, no person whether as owner or contractor shall so convey such load or permit it to be so conveyed unless he has received written permission from the local authority to do so.

(2) Such written permission shall contain a condition—

(a) that the conveyance of all loads shall be over a protected area which shall be contained within a boundary so that vertical lines through all parts of the load would at all times meet the ground at least 2 m within such boundary if it is established by hoardings or at least 3 m within such boundary if it is established by guard rails;

(b) that the height of any hoarding shall not be less than 1,8 m or the height of any guard rail less than 1,5 m; and

(c) that members of the public shall at all material times by way of an approved notice or other means be prohibited from entering such enclosed area;

(3) In addition to the terms and conditions referred to in subregulation (2), the local authority may, in giving the written permission referred to in that subregulation, impose any further conditions which it deems necessary.

(4) No builder's hoist shall be operated for building work in a street or public place unless such hoist is within an area of safety demarcated to the satisfaction of the local authority and written permission for the use of such hoist has been given by it to the owner of the building concerned.

(5) Where any work requires written permission in terms of this regulation a true copy of such written permission shall be given by the owner to the contractor or person employed (if any) to do such work

werk te verrig, gegee word en moet sodanige toestemming op die terrein gehou word totdat die werk voltooi is.

(6) Iemand wat versuim om aan die vereistes van hierdie regulasie te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

H13. Voorsorgmaatreëls Teen Stof of Dampe

(1) Waar bouwerk of sloping aanleiding tot stof, rook, dampe of iets dergeliks kan gee, moet die kontrakteur tot bevrediging van die plaaslike owerheid voorsorgmaatreëls tref om ongerief, hindernis of gevaar vir die publiek te voorkom.

(2) Indien die plaaslike owerheid dit vereis, moet die kontrakteur alle sodanige werk staak totdat sodanige stof, rook, dampe of dergelike ding afgeneem het of die oorsaak daarvan verwyder is.

H14. Sitplekrangskikking in Ouditoriums en Sale

(1) In 'n ouditorium of saal wat as openbare bymekaarkomplek gebruik word—

(a) moet stoele en gange so gerangskik word dat daar volkome onbelemmerde beweging na die uitgange kan wees;

(b) mag geen stoel verder as 21 m van 'n uitgang af wees, gemeet langs die bewegingslyn van 'n persoon wat daarin sit nie;

(c) moet alle permanente sitplekke stewig aan die vloer bevestig wees: Met dien verstande dat hierdie vereiste nie geld in die geval van stoele wat in 'n loge voorsien word nie.

(2) In die geval van tydelike sitplekke wat nie stewig aan die vloer bevestig is nie, moet sodanige stoele in rye van hoogstens 10 stoele tussen die gange staan: Met dien verstande dat indien sodaige stoele in groepe van minstens 5 stoele stewig aan mekaar bevestig is, die aantal stoele tussen die gange tot 'n maksimum van 25 vermeerder kan word.

(3) Die aantal stoele wat in 'n ononderbroke, vaste ry staan, mag hoogstens 50 wees.

(4) *(a)* Elke ry stoele moet 'n onbelemmerde vry ruimte van 500 mm hê, wat die afstand is wat horisontaal gemeet word vanaf die voorste rand van 'n sitdeel van 'n stoel in die neergeslane stand tot by die kruispunt met 'n denkbeeldige vertikale lyn wat aan die middel van die top van die agterkant van die stoel reg voor en die naaste aan sodanige eersgenoemde stoel raak.

(b) Elke sitplekrangskikkingsplan wat ingevolge regulasie A7 (1) *(e)* 'n aansoek vergesel, moet 'n syaansig van minstens 2 agtereenvolgende rye stoele en die afstand van sodanige onbelemmerde vry ruimte toon.

(5) Met uitsondering van 'n bioskoop wat nie 'n verhoog of platform bevat nie, moet uitgange wat voorsien word vir persone wat 'n ouditorium of saal verlaat, so aangebring word dat dit nie vir 'n persoon wat sy stoel verlaat nodig is om in 'n gang in die rigting van die verhoog of platform te beweeg nie.

(6) 'n Gang in 'n ouditorium of saal waar stoele voorsien word, moet minstens 1,2 m breed wees en die oppervlak van die vloer van sodanige gang moet op 'n goedgekeurde wyse glyvas gemaak word en te alle tye glyvas gehou word.

(7) *(a)* Daar mag geen uitsteeksel of voorwerp in 'n gang wees wat die vry breedte van sodanige gang verminder nie, en die ente van alle rye stoele moet in een lyn wees sodat 'n eenvormige breedte oor die volle lengte van die gang wat sodanige rye bedien, gehandhaaf word.

(b) (i) Die helling van 'n skuins gang mag hoogstens 1 op 8 wees en 'n gang met trappe mag 'n helling van hoogstens 1 op 3 hê.

(ii) Trappe moet op die loopvlak verlig wees en moet eenvormige loopvlakbreedtes en stygstukke hê wat so ontwerp is dat die waarskynlikheid verminder word dat 'n persoon daarop sal struikel as die normale verligting verdof is.

(8) Indien 'n gang in 'n ouditorium of saal parallel met die rye stoele oorkruis en die vloervlak van sodanige gang hoër as 'n aanliggende vloervlak van 'n ry stoele is, moet die rand van sodanige gang wat hoër is, reg agter al sodanige stoele voorsien word van reilings wat minstens 900 mm hoog is, en waar die vloervlak van 'n ry stoele hoër as die vloervlak van 'n aanliggende dwarsgang is, moet die rand van die vloervlak van sodanige ry stoele op soortgelyke wyse van relings reg voor al sodanige stoele voorsien word.

(9) Die gebied buitekant 'n regstreekse uitgang uit 'n ouditorium of saal moet ontwerp wees dat die beweging van persone wat van sodanige uitgang gebruik maak, nie belemmer word nie, en die persoon wat onmiddellik in beheer van sodanige ouditorium of saal is, moet verseker dat sodanige gebied altyd vry is van obstruksies wat die beweging van persone uit sodanige uitgang kan belemmer.

(10) Indien 'n deur in 'n uitgang aangebring word, moet dit voorsien word van die tipe toemaakmeganisme wat oor die algemeen as 'n paniekgrendel bekend staan, en sodanige deur mag op geen tydstip terwyl die publiek in die ouditorium of saal is, so gesluit of toegemaak wees dat uitgang uit sodanige ouditorium of saal verhinder word nie.

(11) Indien sodanige deur so gesluit is, is die persoon in subregulasie (9) bedoel aan 'n misdryf skuldig.

(12) Benewens die algemene kunsmatige verligting wat in 'n ouditorium of saal voorsien word, moet 'n noodverligtingstelsel voorsien word wat genoeg lig verskaf sodat persone alle dele van sodanige ouditorium

before the commencement thereof and such written permission shall be kept on the site until the completion thereof.

(6) Any person who fails to comply with the requirements of this regulation shall be guilty of an offence.

H13. Precautions Against Dust or Fumes

(1) Where building or demolition work may give rise to dust, smoke, fumes or anything of a like nature the contractor shall take precautions to the satisfaction of the local authority to prevent inconvenience, annoyance or danger to the public thereby.

(2) If required by the local authority, the contractor shall stop all such work until such dust, smoke, fumes or other thing has abated or the cause thereof has been removed.

H14. Seating Arrangements in Auditoriums and Halls

(1) In any auditorium or hall used for public assembly—

(a) seating and aisles shall be so arranged as to allow completely unobstructed movement to the exits;

(b) no seat shall be more than 21 m from an exit measured along the line of movement of a person occupying such seat;

(c) all permanent seating shall be securely attached to the floor: Provided that this requirement shall not apply in the case of chairs provided in a box.

(2) In the case of temporary seating where chairs are not securely attached to the floor such chairs shall be in rows of not more than 10 chairs between aisles: Provided that where such chairs are securely fixed together in groups of not less than 5 chairs the number of chairs between aisles may be increased to a maximum of 25.

(3) The number of chairs in any continuous fixed row shall not exceed 50.

(4) *(a)* Every row of chairs shall be provided with an unobstructed clearance of 500 mm being the horizontal distance from the front edge of a seat of a chair in the down position to the point of intersection with an imaginary vertical line touching the centre of the top of the back of the chair in front of and nearest to such first-mentioned chair.

(b) Every plan of a seating arrangement which accompanies an application in terms of regulation A7 (1) *(e)* shall show a side elevation of at least 2 consecutive rows of chairs and the distance of such unobstructed clearance.

(5) Except in a cinema which does not contain a stage or platform, exits provided for persons leaving any auditorium or hall shall be so arranged that it is not necessary for any person leaving his chair to move in any aisle towards such stage or platform.

(6) Any aisle in an auditorium or hall where chairs are provided shall not be less than 1,2 m wide and the surface of the floor of such aisle shall be rendered slip proof in an approved manner and shall at all times be maintained in such slip proof condition.

(7) *(a)* There shall be no projection into, or any object positioned in any aisle which will reduce the clear width of such aisle and the ends of all rows of chairs shall be so aligned that a uniform width is maintained throughout the whole length of any aisle serving such rows.

(b) (i) The gradient of any sloping aisle shall not exceed 1 in 8 and any stepped aisle shall not exceed a gradient of 1 in 3.

(ii) Steps shall be illuminated at tread level and shall have uniform tread widths and risers designed so as to reduce the likelihood of a person stumbling when normal lighting has been lowered.

(8) Where any aisle crosses an auditorium or hall parallel to the rows of chairs and the floor level of such aisle is higher than an adjacent floor level of a row of chairs the edge of such aisle which is higher shall be provided with railings not less than 900 mm in height immediately behind all such chairs and where the floor level of any row of chairs is higher than the floor level of any adjacent cross aisle the edge of the floor level of such row of chairs shall likewise be provided with railings immediately in front of all such chairs.

(9) The area situated outside any direct egress from the confines of an auditorium or hall shall be of such design that the movement of persons is not impeded on making use of such egress and the person immediately in charge of such auditorium or hall shall ensure that any such area is at all times kept free of anything which may cause an impediment of movement of persons making use of such egress.

(10) Where a door is situated in any egress it shall be provided with means of fastening generally known as panic bolts and at no time during occupancy of such auditorium or hall by the public shall such door be so locked or closed as to prevent the egress from such auditorium or hall being used.

(11) Where any such door is so locked the person referred to in subregulation (9) shall be guilty of an offence.

(12) In addition to any general artificial lighting provided in an auditorium or hall, a standby system for emergency lighting shall be provided to afford a level of illumination sufficient to enable persons to

of saal sonder genoemde kunsmatige verligting kan ontruim, en sodanige noodstelsel moet onafhanklik wees van die kragtoevoer vir sodanige kunsmatige verligting.

H15. VLAMSNYWERK EN SWEISWERK

(1) Niemand mag in verband met 'n gebou 'n vlamsny- of sweisapparaat gebruik nie sonder om voldoende voorsorgmaatreëls te tref om te voorkom—

(a) dat vonke afkomstig van sodanige apparaat in 'n openbare straat of plek val;

(b) in die geval van sweiswerk, dat flikkering regstreeks vir lede van die publiek sigbaar is; en

(c) dat vonke veroorsaak deur die gebruik van sodanige apparaat op brandbare materiaal val of dat hitte wat daardeur afgegee word na brandbare materiaal oorgedra word.

(2) *(a)* Indien dit nodig is om 'n houer met saamgeperste gas wat vir snywerk of sweiswerk gebruik word in 'n openbare straat of plek te plaas, moet die persoon wat sodanige houer gebruik toesien dat waar sodanige houer regop of skuins staan, dit so bevestig is dat dit nie kan omval nie.

(b) Indien sodanige houer in 'n openbare straat of plek gebruik word, moet 'n versperring om sodanige houer voorsien word om te voorkom dat die publiek nader as 2 m aan die houer kan kom, en die persoon wat sodanige houer gebruik, moet te alle tye toesien dat sodanige versperring in posisie bly.

(c) (i) Iemand wat sodanige houer in 'n openbare straat of plek gebruik, moet toesien dat dit nie laat val word nie.

(ii) Indien sodanige houer in 'n openbare straat of plek van 'n voertuig afgelaai word deur dit oor 'n skuins oppervlak af te rol, moet die persoon wat met die aflaaiwerk gemoeid is, toesien dat sodanige houer nie onbeheerd oor sodanige skuins oppervlak rol nie.

H16. SWEMBADDENS

(1) Die eienaar van 'n swembad moet toesien dat daar aan die volgende vereistes voldoen word:

(a) Die randstrook moet so gemaak wees dat dit 'n goedgekeurde handgreep hoogstens 150 mm bo die watervlak al langs die omtrek van die swembad voorsien: Met dien verstande dat, in die geval van 'n swembad waar swemwedstryde gehou gaan word, 'n goedgekeurde verwyderbare handgreep in plaas van sodanige randstrook aan die ente van die swembad aangebring kan word: Met dien verstande voorts dat sodanige handgreep te alle tye aan die kante van die swembad by sodanige ente bevestig bly, behalwe wanneer daar 'n swemwedstryd aan die gang is.

(b) Behoudens die bepalings van subregulasie (3), mag die water in enige deel van die swembad nie vlakker as 1 m wees nie, behalwe waar die diepte van die water aan die kant van sodanige swembad verminder word as gevolg van trappe wat van die bodem van die swembad af opgaan.

(c) Die grondvlakstrook al om die swembad moet op so 'n wyse behandel word dat die moontlikheid van gly verminder word.

(d) 'n Reddingstou van goedgekeurde sterkte, waarvan die lengte aan minstens twee maal die breedte van die bad gelyk is en waarvan die een ent bevestig is aan 'n vlotter wat die massa van twee persone in die water kan dra, moet voorsien en in stand gehou word.

(e) 'n Goedgekeurde kennisgewing met leiding oor kunsmatige asemhaling moet by die bad vertoon word.

(2) In die geval van 'n privaatswembad, moet die eienaar daarvan toesien dat daar aan die volgende vereistes voldoen word:

(a) Die swembad moet volkome en afsonderlik omhein word met 'n goedgekeurde heining of ander soortgelyke omheiningsmiddel wat te alle tye in 'n goeie toestand gehou moet word, en geen opening tussen enige regop deel van sodanige heining of ander middel mag 'n komponent bevat wat 'n vastrapplek bied vir klimdoeleindes nie, nog mag sodanige heining of ander middel 'n opening daarin of daaronder hê wat groot genoeg is sodat 'n bal met 'n diameter van 100 mm daardeur kan gaan nie.

(b) Die heining of ander middel wat in paragraaf *(a)* genoem word, moet van die grondvlak af minstens 1,3 m hoog wees en waar sodanige heining of ander middel van 'n ingang voorsien word, moet sodanige ingang voorsien word van 'n hek wat minstens so hoog soos die heining of ander middel is, wat outomaties kan sluit en wat in alle opsigte aan die vereistes in paragraaf *(a)* voldoen.

(c) Sodanige hek moet voorsien word van 'n outmatiese sluittoestel wat op 'n hoogte van minstens 1,25 m van die grondvlak af aan die swembadkant van die hek aangebring is en wat deur geen opening in sodanige heining van die buitekant af bereik kan word nie.

(3) Die water in swembaddens wat as kinderplasdamme bekend staan, mag hoogstens 300 mm diep wees.

leave all parts of such auditorium or hall without such artificial lighting and such system shall be independent of any power supply for such artificial lighting.

H15. FLAME CUTTING AND WELDING

(1) No person shall use in connection with any building any flame cutting or welding apparatus without taking adequate precautions to prevent—

(a) sparks resulting from the use of such apparatus falling into any public street or place;

(b) in the case of welding work any flash being directly visible to any member of the public; and

(c) sparks resulting from the use of any such apparatus falling onto any combustible material or heat resulting from the use of any such apparatus being transmitted to any combustible material.

(2) *(a)* Where it is necessary to place any vessel containing a compressed gaseous substance used for burning or welding in any public street or place the person using such vessel shall ensure that where such vessel stands in the upright or inclined position it is so secured as to prevent it from falling over.

(b) Where such vessel is so used in any public street or place a barrier shall be provided around such vessel to prevent the public from approaching within a distance of less than 2 m therefrom and such barrier shall at all times be maintained in position by the person using such vessel.

(c) (i) Any person so using any such vessel in a public street or place shall ensure that it is not dropped.

(ii) Where any such vessel is unloaded from any vehicle in a public street or place by rolling it down a ramp, the person unloading it shall ensure that it is not permitted to roll down such ramp in an uncontrolled manner.

H16. SWIMMING POOLS

(1) The owner of any swimming pool shall be responsible for compliance with the following requirements:

(a) The surrounding coping shall be constructed so as to provide an approved handhold not more than 150 mm above the water level along the entire perimeter of the pool: Provided that in the case of any pool in which the holding of swimming competitions is contemplated an approved detachable handhold may be installed at the ends of the pool in lieu of such coping: Provided further that such handhold shall at all times remain attached to the sides of the pool at such ends except during the time that a swimming competition is in progress.

(b) Without prejudice to the provisions of subregulation (3) the depth of water shall not be less than 1 m at any part of the pool except where the depth of water at the side of such pool is reduced due to steps rising from the floor of the pool.

(c) The surrounds of the pool at the contiguous ground level shall be treated in such manner as to reduce the possibility of slipping.

(d) There shall be provided and maintained at the pool a rope rescue line of approved strength, equal in length at least to twice the width of the pool and having attached to one end a float capable of sustaining the mass of two persons in the water.

(e) There shall be displayed at the pool an approved notice giving guidance in regard to artificial respiration.

(2) In the case of any private swimming pool the owner thereof shall be responsible for compliance with the following requirements:

(a) The pool shall be completely and individually surrounded by an approved fence or other similar means of enclosure which shall be maintained at all times in a state of good repair and no opening between any upright part of such fence or other means shall contain any component which may give a foothold for climbing purposes nor shall such fence or other means have any opening therin or below it large enough to permit the passage of a 100 mm diameter ball.

(b) The fence or other means referred to in paragraph *(a)* shall not be less than 1,3 m in height from ground level and where such fence or other means is provided with an entrance to the confines thereof such entrance shall be provided with a gate having at least the same height as such fence or other means and which shall be capable of closing automatically and which shall in all respects comply with the requirements prescribed in paragraph *(a)*.

(c) Such gate shall be provided with an automatic locking device which shall be positioned at a height of not less than 1,25 m from ground level on the pool side of the gate and which shall not be accessible through any opening in such gate from the outside.

(3) Pools known as children's paddling pools shall not contain water which exceeds a depth of 300 mm.

CONT

(4) Indien 'n duikplank voorsien word oor enige swembad waartoe die publiek toegang het, moet die posisie en afmetings van sodanige plank en die diepte en oppervlakgrootte van die water onder sodanige plank wees soos die plaaslike owerheid voorskryf.

(4) Where a diving board is provided over any pool to which the public has access, the position and dimensions of such board and the depth and surface area of the water under such board shall be as prescribed by the local authority.

University of Fort Hare
Together in Excellence

INHOUD

Departement van Nywerheidswese, Handel en Toerisme

GOEWERMENTSKENNISGEWING

No.		Bladsy
125	Wet op Standaarde, 1962: Publikasie van Verkorte Kennisgewings ten opsigte van sekere Gebruikskodes en Standaardspesifikasies	1
	Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977)	14

CONTENTS

Department of Industries, Commerce and Tourism

GOVERNMENT NOTICE

No.		Page
125	Standards Act, 1962: Publication of Abbreviated Notices in respect of certain Codes of Practice and Standard Specifications	1
	National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act No. 103 of 1977)	14

University of Pretoria
Together in Excellence

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB2744/12 700
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB2744/12 700

7378

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3129 PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST REGULATION GAZETTE No. 3129

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

Vol. 187] PRETORIA, 23 JANUARIE JANUARY 1981 [No. 7378

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

No. R. 114 23 Januarie 1981

REGULASIES BETREFFENDE DIE BEHEER OOR DIE AANHOU VAN HONDE BINNE DIE REGSGEBIED VAN DIE GEMEENSKAPSRAAD VAN VOLKSRUST

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 11 (1) (fA) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977) maak hierby bekend dat die regulasies in die bygaande Bylae vervat, kragtens 'n besluit deur die Gemeenskapsraad van Volksrust ingevolge artikel 5 (1) (a) (vii) van genoemde Wet geneem, met ingang van die datum van hierdie kennisgewing, op die regsgebied van daardie Raad van toepassing is.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Lêer A2/14/4/V30)

BYLAE

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"eienaar", met betrekking tot 'n hond, iemand wat 'n hond aanhou, en sluit dit enige persoon in aan wie 'n hond toevertrou is of wat beheer oor 'n hond het, asook die persoon aan wie 'n perseel- of woonpermit uitgereik is ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1036 van 1968, ten opsigte van enige perseel binne die raadsgebied waar enige hond aangehou word of toegelaat word om te lewe of te bly, tensy sodanige persoon in staat is om te bewys dat hy nie die eienaar van daardie hond is nie en dat die hond sonder sy goedkeuring of wete toegelaat is om op sodanige perseel aangehou te word of te lewe of te bly;

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

No. R. 114 23 January 1981

REGULATIONS ON THE CONTROL OVER THE KEEPING OF DOGS WITHIN THE AREA OF JURISDICTION OF THE COMMUNITY COUNCIL OF VOLKSRUST

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, on behalf of and by direction of the Minister of Co-operation and Development, by virtue of the powers vested in him by section 11 (1) (fA) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), hereby announce that the regulations contained in the accompanying Schedule are, by virtue of a decision taken by the Community Council of Volksrust in terms of section 5 (1) (a) (vii) of the said Act, applicable to the area of jurisdiction of that Council as from the date of this notice.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A2/14/4/V30)

SCHEDULE

DEFINITIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"area of the Council" means the urban residential area for which the Council was established;

"authorised officer" means any person appointed by the Council in terms of these regulations to exercise the powers or perform the functions granted or imposed on him in terms of these regulations;

"Council" means the Volksrust Community Council established by Government Notice R. 1167 of 1978;

"dog" means both a dog and a bitch;

"levy" means the levy imposed in terms of regulation 6;

"office of the Council" means any office of the Council;

"gemagtigde beampte" enige persoon deur die Raad kragtens hierdie regulasies aangestel om die bevoegdhede en pligte ingevolge hierdie regulasies aan hom verleen of opgelê, uit te oefen of te vervul;

"gesteriliseerde teef" 'n teef ten opsigte waarvan 'n veearts, geregistreer kragtens die Veeartswet, 1933 (Wet 16 van 1933), 'n sertifikaat uitgereik het ten effekte dat sodanige teef gesteriliseer is;

"heffing" die heffing ingevolge regulasie 6 gehef;

"hond" 'n reun sowel as 'n teef;

"jaar" or "jaarliks" onderskeidelik 'n tydperk of betreffende 'n tydperk van 12 maande wat op 31 Desember eindig;

"openbare plek" enige pad, straat, deurgang, brug, duikweg, sypaadjie, oop veld, tuin, park, omheinde gebied of gebou binne die raadsgebied wat vir die publiek toeganklik is;

"Raad" die Gemeenskapsraad van Volksrust ingestel by Goewermentskennisgewing R. 1167 van 1978;

"raadsgebied" die stedelike woongebied waarvoor die Raad ingestel is;

"raadskantoor" enige kantoor van die Raad;

"verwyderingsgelde" die gelde wat betaalbaar is wanneer 'n hond ingevolge die bepalings van hierdie regulasies deur 'n gemagtigde beampte of ander persoon gevang en vervoer is na die skut.

VEREISTES VIR AANHOU VAN HONDE

2. Niemand mag binne die raadsgebied 'n hond wat twee maande oud of ouer is, aanhou nie, tensy hy sodanige hond by die raadskantoor laat registreer het en, op die wyse hierin bepaal, die voorgeskrewe heffing (indien van toepassing) ten opsigte van die hond betaal het.

PERSOON VIR HEFFING AANSPREEKLIK

3. By die toepassing van hierdie regulasies is die eienaar verantwoordelik vir die registrasie van die hond en die betaling van die heffing, en word die persoon onder wie se sorg of toesig of in wie se besit of binne wie se huis of op wie se perseel 'n hond gevind of gesien word, geag die eienaar te wees, tensy hy die teendeel bewys.

REGISTRASIE VAN HONDE

4. (1) Die eienaar doen aansoek om die registrasie van 'n hond binne 30 dae ná die inwerkingtreding van hierdie regulasies of, indien sodanige hond dan nog nie in sy besit of onder sy beheer gekom het nie, binne 30 dae nadat daardie hond in sy besit of onder sy beheer gekom het, en daarna voor of op 31 Januarie van elke daaropvolgende jaar.

(2) Die registrasie van 'n hond word jaarliks gedoen en bly geldig tot en met 31 Desember van die jaar waarin dit gedoen is.

REGISTRASIESERTIFIKAAT

5. (1) 'n Registrasiesertifikaat word op die naam van die eienaar van 'n hond teen betaling van die heffing bedoel in regulasie 6, behoudens die bepalings van regulasie 7, op aansoek uitgereik.

(2) Die eienaar van enige hond ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat uitgereik is, bewaar die sertifikaat te alle tye gedurende die geldigheidsduur daarvan en toon dit op aanvraag van 'n gemagtigde beampte aan hom.

"owner" in relation to a dog means any person who keeps a dog and includes any person to whom a dog has been entrusted or who has control of a dog, and also the person to whom a site or residential permit has been issued in terms of the regulations published under Government Notice R. 1036 of 1968 in respect of any site within the area of the Council where any dog is kept or is permitted to live or remain, unless such person is able to prove that he is not the owner of such dog and that the dog was kept or allowed to live or remain on such site without his knowledge or consent;

"public place" means any road, street, thoroughfare, bridge, subway, sidewalk, open field, garden, park, fenced area or building within the area of the Council which is accessible to the public;

"removal fees" means the fees payable when a dog is caught and transported to the pound by an authorised officer or any other person in terms of the provisions of these regulations;

"spayed bitch" means a bitch in respect of which a veterinarian, registered under the Veterinary Act, 1933 (Act 16 of 1933), has issued a certificate to the effect that such bitch has been spayed;

"year" or "yearly" means or refers to, respectively, a period of 12 months ending on 31 December.

REQUIREMENTS FOR THE KEEPING OF DOGS

2. No person shall, within the area of the Council, keep a dog that is two months old or older, unless he has caused such dog to be registered at the office of the Council and, in the manner hereinafter provided, has paid the prescribed levy (if any) in respect of the dog.

PERSON LIABLE FOR LEVY

3. For the purposes of these regulations the owner shall be responsible for the registration of the dog and the payment of the levy and any person in whose custody, charge or possession, or within whose house or on whose premises any dog is found or seen, shall be deemed to be the owner, until he shall have proved the contrary.

REGISTRATION OF DOGS

4. (1) The owner shall apply for the registration of a dog within 30 days of the commencement of these regulations or, if such dog has then not yet come into his possession or under his control, within 30 days after the dog has come into his possession or under his control, and thereafter on or before 31 January of every ensuing year.

(2) The registration of a dog shall be carried out annually and shall remain valid up to and including 31 December of the year during which it was carried out.

REGISTRATION CERTIFICATE

5. (1) Any registration certificate shall be issued in the name of the owner of a dog on payment of the levy referred to in regulation 6, subject to the provisions of regulation 7, on application.

(2) The owner of any dog in respect of which a registration certificate has been issued shall preserve the certificate at all times for the period of validity thereof and shall produce it to any authorised officer on demand.

(3) Geen registrasiesertifikaat kan van een persoon aan 'n nader persoon oorgedra word nie.

(4) Indien 'n registrasiesertifikaat verlore raak of vernietig word, kan 'n duplikaat daarvan teen betaling van 50c aan die voormalige houer daarvan uitgereik word.

HEFFINGS

6. By registrasie van 'n hond betaal die eienaar, behoudens die bepalings van hierdie regulasies, die jaarlikse heffing ten opsigte van elke hond wat hy binne die raadsgebied aanhou, teen onderstaande tarief:

(a) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef: R2.

(b) Vir 'n tweede of verdere hond van die tipe in paragraaf (a) bedoel: R10.

(c) Vir 'n ongesteriliseerde teef: R10.

(d) Vir 'n tweede of verdere hond van die tipe in paragraaf (c) bedoel: R15.

VRYSTELLING VAN DIE BETALING VAN HEFFINGS

7. (1) Geen heffing is betaalbaar nie ten opsigte van 'n hond—

(a) wat deur 'n blinde persoon as gids gebruik word;

(b) wat jonger as ses maande is; of

(c) wat in die besit of bewaring is van die Dierebeskermingsvereniging of 'n ander soortgelyke liggaam deur die Raad goedgekeur.

(2) Die vrystelling bedoel in subregulasie (1) (a) of (b), onthef nie die eienaar van die hond daarvan om aansoek te doen om die registrasie van die betrokke hond nie.

(3) 'n Registrasiesertifikaat word gratis aan die eienaar van 'n hond bedoel in subregulasie (1) (a) of (b) uitgereik, met vermelding op sodanige sertifikaat van die rede van vrystelling: Met dien verstande dat die eienaar van 'n hond bedoel in subregulasie (1) (a) elke jaar om 'n gratis registrasiesertifikaat aansoek moet doen en die nodige bewys moet lewer dat hy op vrystelling van die betaling van die heffing geregtig is.

BEPERKING OP DIE AANHOU VAN HONDE

8. (1) Tensy die Raad in enige bepaalde geval anders bepaal, word daar op geen enkele perseel meer as een hond aangehou nie: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie betrekking het op 'n teef se werpsel as sodanige werpsel jonger as twee maande oud is nie.

(2) 'n Perseel waarop honde aangehou word, moet só omhein wees dat die honde in die erf gehou kan word, en die heining moet behoorlik in stand gehou word deur die eienaar van die honde.

GEMAGTIGDE BEAMPTES

9. (1) Die Raad kan een of meer persone as gemagtigde beamptes aanstel.

(2) 'n Gemagtigde beampte kan, met die doel om vas te stel of aan die bepalings van hierdie regulasie voldoen word—

(a) op alle redelike tye enige grond of perseel betree;

(3) No registration certificate shall be transferable from one person to any other person.

(4) If any registration certificate is lost or destroyed, a duplicate thereof may be issued to the former holder thereof on payment of 50c.

LEVIES

6. Upon registration of a dog the owner shall pay, subject to the provisions of these regulations, the annual levy in respect of every dog which is kept by him within the area of the Council, at the following rate:

(a) For the first dog or spayed bitch: R2.

(b) For a second or additional dog of the kind contemplated in paragraph (a): R10.

(c) For any unspayed bitch: R10.

(d) For any second or additional dog of the kind contemplated in paragraph (c): R15.

EXEMPTION FROM PAYMENT OF LEVIES

7. (1) No levy shall be payable in respect of any dog—

(a) which is used by a blind person as a guide;

(b) which is younger than six months; or

(c) which is in the possession or under the control of the Society for the Prevention of Cruelty to Animals or any similar body approved by the Council.

(2) The exemption referred to in subregulation (1) (a) or (b) shall not exempt the owner of the dog from applying for the registration of the dog concerned.

(3) A registration certificate shall be issued free of charge to the owner of a dog referred to in subregulation (1) (a) or (b) with a mention on such certificate of the reason for the exemption: Provided that the owner of a dog contemplated in subregulation 1 (a) shall be required to apply every year for a free registration certificate, submitting the necessary proof that he is entitled to be exempted from the payment of the levy.

RESTRICTION ON THE KEEPING OF DOGS

8. (1) Unless the Council in any particular case determines otherwise, not more than one dog may be kept on any single site: Provided that this provision shall not apply to the litter of a bitch when such litter is younger than two months.

(2) Any site where dogs are kept shall be fenced in such a way that the dogs can be kept within the site and the fence shall be kept in good repair by the owner of the dogs.

AUTHORISED OFFICERS

9. (1) The Council may appoint one or more persons as authorised officers.

(2) An authorised officer may, for the purpose of ascertaining whether the provisions of these regulations are being complied with—

(a) at all reasonable times enter upon any land or premises;

(b) op die naam en adres van enige persoon wat die eienaar van 'n hond is of wat oënskynlik in beheer van 'n hond is, aandring en sodanige persoon aansê om die registrasiesertifikaat en die hond ten opsigte waarvan die registrasiesertifikaat uitgereik is, vir inspeksie toon of te laat toon;

(c) enige persoon met betrekking tot enige aangeleentheid wat by so 'n doel ter sake is, ondervra.

(3) Die persoon in beheer van enige grond of perseel tentyde van 'n besoek van 'n gemagtige beampte wat homself behoorlik kan identifiseer, moet, op versoek van die beampte, die beampte toelaat om sodanige perseel te betree en om sy bevoegdhede en pligte ingevolge hierdie regulasies op daardie perseel uit te oefen en te vervul.

(4) 'n Gemagtigde beampte kan, by die uitoefening van 'n bevoegdheid of die vervulling van 'n plig ingevolge hierdie regulasies, vergesel wees deur iemand om hom as tolk of op enige ander wyse te help, en sodanige persoon word, onderwyl hy in opdrag van die gemagtigde beampte optree, geag 'n gemagtigde beampte te wees.

DIE SKUT VAN HONDE

10. (1) Enige gemagtigde beampte of enige ander persoon kan 'n hond wat losloop en skynbaar sonder eienaar is, of wat aangehou word in stryd met enige bepaling van hierdie regulasies, skut in 'n skut van die Raad of in 'n plek wat deur die Raad as skut aangewys is, totdat die persoon wat sodanige hond opeis, 'n registrasiesertifikaat daarvoor aan die skutmeester of persoon in beheer van die plek waar die hond geskut is, getoon het en die gelde by regulasie 13 voorgeskryf, betaal het.

(2) Waar daar op of aan die halsband van 'n hond wat geskut is, die naam en adres van 'n persoon verskyn, tree die skutmeester of persoon in beheer van die plek waar die hond geskut is, onmiddellik met die betrokke persoon in verbinding en 'n skriftelike mededeling, gepos aan die adres wat op of aan die halsband verskyn, word as voldoende mededeling geag vir doeleindes van hierdie regulasie.

(3) Niemand mag enige hond wat wettig geskut is, vrysit of probeer vrysit uit die bewaring van die persoon in beheer van die skut of plek nie.

REGISTER VAN HONDE WAT GESKUT IS

11. Die Raad hou 'n register wat die datum toon waarop elke hond geskut, verkoop of van kant gemaak is, en in die geval van verkoping, die bedrag verkry, welke bedrag aan die Raad toeval.

ONOPGEËISTE HONDE KAN VERKOOP OF VAN KANT GEMAAK WORD

12. (1) Ingeval 'n hond nie binne 'n tydperk van 96 uur na 12h00 van die dag waarop die hond geskut is, deur iemand wat daarop geregtig is, opgeëis word nie, kan 'n gemagtigde beampte die hond laat verkoop of van kant laat maak.

(2) Die Raad is nie aanspreeklik vir skadevergoeding aan enige persoon wat op die hond aanspraak maak ten aansien van enige handeling ingevolge hierdie regulsies nie.

(b) demand the name and address of any person who is the owner of a dog or who is apparently in control of a dog, and require such person to produce or cause to be produced for inspection the registration certificate and the dog in respect of which the registration certificate was issued;

(c) question any person in respect of any matter relevant to any such purpose.

(3) The person in control of any land or premises shall, at the time of the visit of any authorised officer who is able duly to identify himself, upon request of the officer, permit him to enter upon such premises and to exercise his powers and to carry out his duties in terms of these regulations on such premises.

(4) An authorised officer may, in the exercise of a power or the carrying out of a duty under these regulations, be accompanied by a person to assist him as an interpreter or in any other manner and such person shall, while acting under the direction of such authorised officer, be deemed to be an authorised officer.

IMPOUNDING OF DOGS

10. (1) Any authorised officer or any other person may impound any dog which is at large and apparently ownerless, or which is being kept in contravention of any provision of these regulations, in a pound belonging to the Council, or any place designated by the Council as a pound, until the person claiming such dog shall have produced to the poundmaster or person in control of the place where the dog is impounded, a registration certificate in respect thereof, and paid the fees prescribed by regulation 13.

(2) Where there appears on the collar of any dog impounded the name and address of a person, the poundmaster or person in control of the place where the dog is impounded shall immediately communicate with such person and a written communication, posted to the address shown on the collar, shall be deemed sufficient communication for the purposes of this regulation.

(3) No person shall rescue or attempt to rescue any dog lawfully impounded from the custody of the person in charge of the pound of place.

REGISTER OF DOGS IMPOUNDED

11. The Council shall keep a register showing the date on which every dog was impounded, sold or destroyed and, in the case of a sale, the amount realised, which amount shall accrue to the Council.

UNCLAIMED DOGS MAY BE SOLD OR DESTROYED

12. (1) In the event of any dog not being claimed by any person entitled thereto within a period of 96 hours after 12h00 of the day the dog was impounded, an authorised officer may cause the dog to be sold or to be destroyed.

(2) The Council shall not be liable for any compensation to any person entitled to the dog in respect of any action taken in terms of these regulations.

SKUT- EN VERWYDERINGSGELDE

13. Die gelde betaalbaar indien 'n hond ingevolge hierdie regulasies geskut is, is soos volg:

(a) R1 per dag of gedeelte van 'n dag per hond skutgeld; en

(b) R5 vir die vang van sodanige hond en die vervoer daarvan na die skut.

DIE VAN KANT MAAK VAN HONDE

14. (1) Die Raad of sy gemagtigde beampte kan, behoudens die bepalings van regulasies 10 en 12, gelas dat 'n hond van kant gemaak word—

(a) indien dit blyk dat sodanige hond beantwoord aan die beskrywing in regulasie 15 (1), en die persoon wat daarop aanspraak maak, dit nie ingevolge regulasie 15 (3) kan terugkry nie;

(b) indien sodanige hond op 'n openbare plek losloop en skynbaar sonder eienaar is of nie opgeëis word nie; en

(c) indien sodanige hond op 'n openbare plek losloop en die eienaar of persoon wat oor die hond toesig het, weier of in gebreke bly om die heffing wat ingevolge hierdie regulasies ten opsigte van sodanige hond verskuldig is, te betaal.

KWAAI HONDE EN LOOPSE TEWE

15. (1) Niemand mag toelaat dat enige hond wat—

(a) wild of gevaarlik is of kwaai voorkom;

(b) in die gewoonte geraak het om af te storm op enige voertuie, diere, pluimvee, duiwe of persone buite enige perseel waar die hond aangehou word;

(c) persone beseer of skade aan eiendom aanrig; of

Each part contains 10 plates and costs R5 per part (other countries R5,25 per part). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Cloth binding, R30; morocco binding, R35 (other countries, cloth binding R31; morocco binding R36).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

FLORA VAN SUIDELIKE AFRIKA

'n Taksonomiese behandeling van die flora van die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland en Suidwes-Afrika. Sal bestaan uit 33 volumes, nie in numeriese volgorde nie.

Reeds beskikbaar:

Vol. 26 (1963): Prys R4,60. Buitelands R5,75, posvry.

Vol. 1 (1966): Prys R1,75. Buitelands R2,20, posvry.

Vol. 13 (1970): Prys R10. Buitelands R12, posvry.

Vol. 16 Deel 1 (1975): Prys R13,50. Buitelands R16,75, posvry.
Deel 2 (1977): Prys R16. Buitelands R20, posvry.

Vol. 22 (1976): Prys R8,60. Buitelands R10,75, posvry.

Vol. 9 (1978): Prys R4,25. Buitelands R5,30, posvry.

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

FLORA OF SOUTHERN AFRICA

A taxonomic treatment of the flora of the Republic of South Africa, Lesotho, Swaziland and South West Africa. To be completed in 33 volumes, not in numerical sequence.

Now available:

Vol. 26 (1963): Price R4,60. Other countries R5,75, post free.

Vol. 1 (1966): Price R1,75. Other countries R2,20, post free.

Vol. 13 (1970): Price R10. Other countries R12, post free.

Vol. 16 Part 1 (1975): Price R13,50. Other countries R16,75, post free.
Part 2 (1977): Price R16. Other countries R20, post free.

Vol. 22 (1976): Price R8,60. Other countries R10,75, post free.

Vol. 9 (1978): Price R4,25. Other countries R5,30, post free.

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

University of Fort Hare
Together in Excellence

University of Fort Hare
Together in Excellence

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
Nywerheidswese, Handel en Toerisme, Departement van			
Algemene Kennisgewing			
65	Maatskappywet (61/1973): Registrasie van maatskappye.....	1	7383

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
Industries, Commerce and Tourism, Department of			
General Notice			
65	Companies Act (61/1973): Registration of companies.....	1	7383

7384

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

University of Fort Hare
Together in Excellence

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 188] KAAPSTAD, 6 FEBRUARIE 1981 CAPE TOWN, 6 FEBRUARY 1981 [No. 7384

2 3 4

ALGEMENE KENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID, WELSYN EN PENSIOENE

Die onderstaande Wetsontwerp word vir algemene inligting gepubliseer. Enigiemand wat kommentaar wil lewer of vertoë wil rig moet asseblief sodanige kommentaar of vertoë op of voor 20 Februarie 1981 aan die Direkteur-generaal: Gesondheid, Welsyn en Pensioene, Posbus 3879, Kaapstad, 8000, stuur.

Geassosieerde Gesondheidsberoepe Wetsontwerp, 1981.

GENERAL NOTICE

DEPARTMENT OF HEALTH, WELFARE AND PENSIONS

The following Bill is published for general information. Any person desiring to offer any comment on the Bill or to submit representations thereanent, should kindly submit such comment and representations to the Director-General: Health, Welfare and Pensions, P.O. Box 3879, Cape Town, 8000, on or before 27 February 1981.

Associated Health Professions Bill, 1981.

BILL

To provide for the control of the practice of the professions of chiropractor, homeopath, naturopath, osteopath and herbalist, and for that purpose to establish a South African Associated Health Professions Board and to prescribe its powers and functions; and for matters connected therewith.

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

University of Fort Hare
Together in Excellence

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Annual fees" means the fees payable to the board by virtue of any regulation made under section 38 (1) *(r)*; (viii)

(ii) "board" means the South African Associated Health Professions Board established by section 2 (1); (xv)

(iii) "Chiropractic Association" means the Chiropractic Association of South Africa; (ii)

(iv) "Department" means the Department of Health, Welfare and Pensions; (iii)

(v) "herbalist" means any person skilled in the diagnosing of physical defects, illnesses and deficiencies in man and the treatment and prevention thereof by making use of remedies prepared solely from plants or portions of plants; (ix)

(vi) "homeopath" means any person skilled in the diagnosing of physical defects, illnesses and deficiencies in man and the treatment and prevention thereof by remedies which are capable of producing in the healthy, symptoms and signs like those of the defect, illness of deficiency diagnosed and which are administered in minute doses; (vi)

(vii) "Homeopathic Association" means the South African Homeopathic Association; (vii)

(viii) "medical practitioner" means a person registered as a medical practitioner under the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974); (iv)

(ix) "Minister" means the Minister of Health, Welfare and Pensions; (xi)

(x) "naturopath" means any person skilled in the diagnosing of physical defects, illnesses and deficiencies in man and the treatment and prevention thereof by making use of physical forces such as light, water, air and heat, or of methods such as acupuncture,

CONT

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir beheer oor die beoefening van die beroepe van chiropraktisyn, homeopaat, naturopaat, osteopaat en kruiekundige, en om vir daardie doel 'n Suid-Afrikaanse Raad vir Geassosieerde Gesondheidsberoepe in te stel en om sy bevoegdhede en werksaamhede voor te skryf; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken— Woordomskrywing.

University of Fort Hare
Together in Excellence

(i) „beroep" die beroep van chiropraktisyn, homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige; (xiv)

(ii) „Chiropraktiese Vereniging" die Chiropraktiese Vereniging van Suid-Afrika; (iii)

(iii) „Departement" die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene; (iv)

(iv) „geneesheer" 'n persoon wat as geneesheer kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), geregistreer is; (viii)

(v) „hierdie Wet" ook enige regulasie; (xxi)

(vi) „homeopaat" 'n persoon wat bedrewe is in die diagnosering van liggaamlike gebreke, ongesteldhede en tekortkominge by die mens en die behandeling en voorkoming daarvan deur middels wat in staat is om by gesondes, simptome en tekens soos dié van die gediagnoseerde gebrek, ongesteldheid of tekortkoming te veroorsaak en wat in baie klein dosisse toegedien word; (vi)

(vii) „Homeopatiese Vereniging" die Suid-Afrikaanse Homeopatiese Vereniging; (vii)

(viii) „jaarlikse gelde" die gelde aan die raad betaalbaar uit hoofde van 'n regulasie kragtens artikel 38 (1) *(r)* uitgevaardig; (i)

(ix) „kruiekundige" 'n persoon wat bedrewe is in die diagnosering van liggaamlike gebreke, ongesteldhede en tekortkominge by die mens en die behandeling en voorkoming daarvan deur die gebruikmaking van middels wat uitsluitlik van plante of dele van plante voorberei is; (v)

(x) „kwalifikasie" 'n graad, diploma of sertifikaat toegeken na eksaminering van iemand se bekwaamheid in 'n bepaalde vak; (xv)

(xi) „Minister" die Minister van Gesondheid, Welsyn en Pensioene; (ix)

dietotherapy, electrotherapy, massage and exercise therapy; (xii)

(xi) "osteopath" means any person skilled in the diagnosing of physical defects, illnesses and deficiencies in man and the treatment and prevention thereof by means of manipulation, massage and traction which may include the use of eletrotherapy, spondylotherapy, actinotherapy and ultrasonic therapy; (xiii)

(xii) "practitioner" means any person registered as such under section 14 (2); (xiv)

(xiii) "prescribed" means prescribed by regulation; (xxi)

(xiv) "profession" means the profession of chiropractor, homeopath, naturopath, osteopath or herbalist; (i)

(xv) "qualification" means any degree, diploma or certificate awarded after examination of a person's proficiency in a particular subject; (x)

(xvi) "register", as a noun, means a register kept in terms of this Act, and when used in relation to any category or any member of any category of persons in respect of whom a register is kept, the register kept in respect of that category; and as a verb, means to enter in a register under this Act, and the words "registered" and "registration" and all other words derived from the word "register" shall have a corresponding meaning; (xvi)

(xvii) "registrar" means the registrar of practitioners and students, designated under section 11 (1); (xviii)

(xviii) "registration certificate" means a registration certificate issued in terms of any regulation made under section 38 (1) *(g)*; (xvii)

(xix) "regulation" means any regulation made under this Act; (xix)

(xx) "student" any person registered as such in terms of section 18 (1); (xx)

(xxi) "this Act" includes any regulation (v)

University of Fort Hare
Together in Excellence

CHAPTER 1

THE SOUTH AFRICAN ASSOCIATED HEALTH PROFESSIONS BOARD: OBJECTS, FUNCTIONS AND POWERS

Establishment of South African Associated Health Professions Board.

2. (1) There is hereby established a juristic person to be known as the South African Associated Health Professions Board.

(2) The head office of the board shall be situated in Pretoria.

Objects of board.

3. The objects of the board shall be—

(a) to assist in the promotion of the health of the population of the Republic;

(b) to control the practice of the professions and to investigate in accordance with the provisions of this Act complaints relating to the affairs of practitioners and students;

(c) to control the registration of persons in respect of any profession and to set standards for the training of intending practitioners;

(d) to advise the Minister on any matter relating to the professions.

General powers of board.

4. The board may—

(a) cause copies of the registers or of any supplementary lists showing all alterations, additions, revisions, and deletions made since the last publication of the complete registers, to be printed and published;

(b) make extracts from the registers upon payment of the prescribed fees;

(xii) ,,naturopaat'' 'n persoon wat bedrewe is in die diagnosering van liggaamlike gebreke, ongesteldhede en tekortkominge by die mens en die behandeling en voorkoming daarvan deur die gebruikmaking van fisiese kragte soos lig, water, lug en hitte, of van metodes soos akupunktuur, dieetterapie, elektroterapie, massering en oefeningterapie; (x)

(xiii) ,,osteopaat'' 'n persoon wat bedrewe is in die diagnosering van liggaamlike gebreke, ongesteldhede en tekortkominge by die mens en die behandeling en voorkoming daarvan deur middel van manipulasie, massering en traksie wat kan insluit die gebruik van elektroterapie, spondiloterapie, aktinoterapie en ultrasoniese terapie; (xi)

(xiv) ,,praktisyn'' 'n persoon wat as sodanig kragtens artikel 14 (2) geregistreer is; (xii)

(xv) ,,raad'' die Suid-Afrikaanse Raad vir Geassosieerde Gesondheidsberoepe by artikel 2 (1) ingestel; (ii)

(xvi) ,,register'' 'n register ingevolge hierdie Wet gehou, en wanneer gebruik met verwysing na 'n kategorie of 'n lid van 'n kategorie van persone ten opsigte van wie 'n register gehou word, die register wat ten opsigte van daardie kategorie gehou word; en beteken ,,registreer'' in 'n register kragtens hierdie Wet inskryf, en het die woorde ,,geregistreer'' en ,,registrasie'' en alle ander woorde wat van die woord ,,register'' afgelei is, 'n ooreenstemmende betekenis; (xvi)

(xvii) ,,registrasiesertifikaat'' 'n registrasiesertifikaat uitgereik ingevolge 'n regulasie kragtens artikel 38 (1) *(g)* uitgevaardig; (xviii)

(xviii) ,,registrateur'' die registrateur van praktisyns en studente, kragtens artikel 11 (1) aangewys; (xvii)

(xix) ,,regulasie'' 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (xix)

(xx) ,,student'' 'n persoon wat as sodanig kragtens artikel 18 (1) geregistreer is; (xx)

(xxi) ,,voorgeskryf'' of ,,voorgeskrewe'' by regulasie voorgeskryf. (xiii)

HOOFSTUK 1

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Geassosieerde Gesondheidsberoepe: Oogmerke, Werksaamhede en Bevoegdhede

Instelling van Suid-Afrikaanse Raad vir Geassosieerde Gesondheidsberoepe.

2. (1) Hierby word 'n regspersoon met die naam die Suid-Afrikaanse Raad vir Geassosieerde Gesondheidsberoepe ingestel.

(2) Die hoofkantoor van die raad is in Pretoria geleë.

Oogmerke van raad.

3. Die oogmerke van die raad is—

(a) om behulpsaam te wees by die bevordering van die gesondheid van die bevolking van die Republiek;

(b) om die beoefening van die beroepe te beheer en om ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet klagtes betreffende die sake van praktisyns en studente te ondersoek;

(c) om die registrasie van persone ten opsigte van 'n beroep te beheer en om standaarde vir die opleiding van voornemende praktisyns te stel;

(d) om die Minister van advies te dien aangaande enige aangeleentheid betreffende die beroepe.

Algemene bevoegdhede van raad.

4. Die raad kan—

(a) afskrifte van die registers of van enige aanvullende lyste wat enige veranderings, toevoegings, hersienings en skrappings aantoon wat gedoen is sedert die laaste publikasie van die volledige registers, laat druk en uitgee;

(b) uittreksels uit die registers teen betaling van die voorgeskrewe gelde maak;

(c) in accordance with the provisions of this Act, order the removal of any name from a register or, upon payment of the prescribed fees, order the restoration of any such name thereto;

(d) appoint examiners and moderators, conduct examinations and award certificates, and charge the prescribed fees in respect of such examinations and the issue of such certificates;

(e) acquire, hire or dispose of property, borrow money on the security of the assets of the board, accept any donation or accept and administer any trust;

(f) consider any matter affecting the professions and make representations or take such action in connection therewith as the board may deem necessary;

(g) conduct or arrange courses for the supplementary training of practitioners and students and render financial assistance in respect of such courses;

(h) perform such other functions as may be prescribed; and

generally do all such things as it may deem necessary or expedient for the purpose of achieving the objects of this Act.

Constitution of board.

5. (1) The Board shall consist of not less than 12 and not more than 15 members appointed by the Minister, of whom—

(a) one shall be an officer of the Department;

(b) three shall be practitioners whose names appear on a list of names of at least 10 practitioners, submitted by the Chiropractic Association;

(c) six shall be practitioners whose names appear on a list of names of at least 15 practitioners, submitted by the Homeopathic Association.

(2) Subject to the provisions of section 6 a member of the board shall hold office for a period of five years, but shall be eligible for reappointment.

(3) The registrar shall make known by notice in the *Gazette* the appointment of any member of the board, the date of the appointment and the period for which the member has been appointed.

Disqualification for appointment as member, vacation of office by members and filling of vacancies.

6. (1) No person shall be appointed as a member of the board—

(a) who is an unrehabilitated insolvent;

(b) who in terms of this Act or the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), is disqualified from practising his profession;

(c) who is not a South African citizen permanently resident in the Republic.

(2) A member of the board shall vacate his office if—

(a) he becomes subject to any disqualification contemplated in subsection (1);

(b) he ceases to hold any qualification necessary for his appointment;

(c) he has been absent from more than two consecutive ordinary meetings of the board without the board's leave;

(d) he tenders his resignation in writing to the Minister and the Minister accepts his resignation;

(e) he becomes a patient or a President's patient as defined in section 1 of the Mental Health Act, 1973 (Act No. 18 of 1973);

(f) he is convicted of an offence, whether in the Republic or elsewhere, in respect of which he is sentenced to imprisonment without the option of a fine;

(g) the Minister in the public interest terminates his membership.

(3) Any vacancy on the board arising from a circumstance referred to in subsection (2) and every vacancy caused by the death of a member, shall be filled by appointment by the Minister, in the case of a member appointed in accordance with

(c) ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet, 'n naam uit 'n register laat verwyder, of so 'n naam by betaling van die voorgeskrewe gelde daarop laat terugplaas;

(d) eksaminatore en moderatore aanstel, eksamens afneem en sertifikate toeken, en die voorgeskrewe gelde ten opsigte van sodanige eksamens en die uitreiking van sodanige sertifikate vra;

(e) eiendom verkry, huur of daaroor beskik, geld op sekuriteit van die bates van die raad leen, 'n skenking aanvaar of 'n trust aanvaar en administreer;

(f) enige aangeleentheid oorweeg wat die beroepe raak en in verband daarme[illegible] die vertoë rig of die stappe doen wat die raad nodig ag;

(g) kursusse vir die aanvullende opleiding van praktisyns en studente hou of reël en finansiële bystand ten opsigte van sodanige kursusse verleen;

(h) die ander werksaamhede verrig wat voorgeskryf is; en oor die algemeen alles doen wat hy nodig of dienstig ag om die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

Samestelling van raad.

5. (1) Die raad bestaan uit nie minder nie as 12 en nie meer nie as 15 lede deur die Minister aangestel van wie—

(a) een 'n beampte van die Departement moet wees;

(b) drie praktisyns moet wees wie se name verskyn op 'n lys van name van minstens 10 praktisyns, voorgelê deur die Chiropraktiese Vereniging;

(c) ses praktisyns moet wees wie se name verskyn op 'n lys van name van minstens 15 praktisyns, voorgelê deur die Homeopatiese Vereniging.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 6 beklee 'n lid van die raad sy amp vir 'n tydperk van vyf jaar, maar hy kan weer aangestel word.

(3) Die registrateur moet die aanstelling van 'n lid van die raad, die datum van die aanstelling en die tydperk waarvoor die lid aangestel is, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

Onbevoegdheid vir aanstelling as lid, ontruiming van amp deur lede en vul van vakatures.

6. (1) Niemand word as lid van die raad aangestel nie—

(a) wat 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(b) wat ingevolge hierdie Wet of die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), onbevoeg is om sy beroep te beoefen;

(c) wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is wat permanent in die Republiek woonagtig is nie.

(2) 'n Lid van die raad ontruim sy amp indien—

(a) hy aan 'n onbevoegdheid in subartikel (1) beoog onderhewig word;

(b) hy ophou om 'n bevoegdheid te besit wat vir sy aanstelling nodig is;

(c) hy sonder verlof van die raad van meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings van die raad afwesig is;

(d) hy skriftelik sy bedanking by die Minister indien en die Minister sy bedanking aanvaar;

(e) hy 'n pasiënt of 'n Presidentspasiënt word soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973);

(f) hy aan 'n misdryf skuldig bevind word, hetsy in die Republiek of elders, ten opsigte waarvan hy gevonnis word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(g) die Minister sy lidmaatskap in die openbare belang beëindig.

(3) 'n Vakature in die raad wat ontstaan as gevolg van 'n omstandigheid in subartikel (2) vermeld en elke vakature wat veroorsaak word deur die dood van 'n lid, word gevul by wyse van aanstelling deur die Minister, in die geval van 'n lid

section 5 (1) *(b)* or *(c)* with observance *mutatis mutandis* of the provision concerned, and every member so appointed shall hold office for the unexpired portion of the period of office of the vacating member.

Office-bearers.

7. (1) The board shall in the prescribed manner elect a chairman, vice-chairman and secretary.

(2) The chairman, vice-chairman or secretary of the board may vacate his office as chairman, vice-chairman or secretary without terminating his membership of the board.

Meetings of board.

8. (1) The board shall meet at the times and places determined by the board, but shall meet at least twice in every year.

(2) *(a)* The chairman may at any time convene a special meeting of the board, to be held on such date and at such place as he may determine, and he shall, upon a written request by the Minister or a written request signed by a majority of the members of the board, convene a special meeting, to be held within 30 days after the date of receipt of the request, on such date and at such place as he may determine.

(b) Any such written request shall state clearly the purpose for which the meeting is to be convened.

Executive committee of board.

9. (1) There shall be an executive committee of the board, which shall be constituted as prescribed.

(2) The executive committee of the board may, subject to the directions of the board, during periods between meetings of the board exercise all the powers and perform all the functions conferred upon the board, but shall not have the power, except in so far as the board otherwise directs, to set aside or amend any decision of the board, and any act performed or decision taken by the executive committee shall be of force and effect unless it is set aside or amended by the board at its next meeting.

Government Gazette
Together in Excellence

Other committees of board.

10. (1) The board may from time to time establish such other committees, constituted as prescribed, as it may deem necessary, to investigate and report to the board on any matter falling within the scope of the board's functions.

(2) *(a)* Subject to the provisions of subsection (3) the board may delegate to any committee established under subsection (1), in addition to the powers conferred upon any such committee in terms of that subsection, such of its powers as the board may from time to time determine.

(b) The board shall not be divested of any power so delegated, and may amend or withdraw any decision of any such committee.

(3) No penalty imposed by any committee established under subsection (1), other than a caution or a reprimand or a reprimand and a caution, shall be of force and effect until confirmed by the board: Provided that an order made by any such committee under section 30 (2) shall, if the committee so directs in the public interest, come into operation forthwith, but shall lapse after the expiration of a period of six months unless confirmed within that period by the board.

Designation of registrar and appointment of staff.

11. (1) The Minister shall designate an officer of the Department to act as registrar for practitioners and students.

(2) The board—

(a) may appoint, upon such conditions (including the payment of remuneration and allowances) as it may determine, such other persons as it may deem necessary for carrying out its functions; and

(b) may dismiss any person so appointed.

aangestel ooreenkomstig artikel 5 (1) *(b)* of *(c)* met nakoming *mutatis mutandis* van die betrokke bepaling, en elke lid wat aldus aangestel word, beklee sy amp vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid wie se amp vakant geword het.

Ampsdraers.

7. (1) Die raad moet op die voorgeskrewe wyse 'n voorsitter, vise-voorsitter en sekretaris kies.

(2) Die voorsitter, vise-voorsitter of sekretaris van die raad kan sy amp as voorsitter, vise-voorsitter of sekretaris ontruim sonder om sy lidmaatskap van die raad te beëindig.

Vergaderings van raad.

8. (1) Die raad vergader op die tye en plekke deur hom bepaal, maar moet minstens twee keer in elke jaar vergader.

(2) *(a)* Die voorsitter kan te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die raad belê, wat gehou moet word op die datum en plek wat hy bepaal, en hy moet op skriftelike versoek van die Minister of 'n skriftelike versoek wat deur 'n meerderheid van die lede van die raad onderteken is, 'n spesiale vergadering belê, wat binne 30 dae na die datum van ontvangs van die versoek gehou moet word op die datum en plek wat hy bepaal.

(b) So 'n skriftelike versoek moet die doel waarvoor die vergadering belê moet word, duidelik vermeld.

Uitvoerende komitee van raad.

9. (1) Daar is 'n uitvoerende komitee van die raad, wat saamgestel word soos voorgeskryf.

(2) Die uitvoerende komitee kan, onderworpe aan die voorskrifte van die raad, gedurende tydperke tussen vergaderings van die raad al die bevoegdhede van die raad uitoefen, en al sy werksaamhede verrig, maar is nie, behalwe vir sover die raad anders gelas, bevoeg om 'n besluit van die raad tersyde te stel of te wysig nie, en enige handeling verrig of besluit geneem deur die uitvoerende komitee is van krag tensy dit deur die raad by sy eersvolgende vergadering tersyde gestel of gewysig word.

Ander komitees van raad.

10. (1) Die raad kan van tyd tot tyd die ander komitees, saamgestel soos voorgeskryf, instel wat hy nodig ag, om ondersoek in te stel en aan die raad verslag te doen oor enige aangeleentheid wat binne die bestek van sy werksaamhede val.

(2) *(a)* Behoudens die bepalings van subartikel (3) kan die raad aan 'n komitee kragtens subartikel (1) ingestel, benewens die bevoegdhede ingevolge daardie subartikel aan so 'n komitee verleen, sodanige van sy bevoegdhede delegeer as wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

(b) Die raad word nie onthef van 'n bevoegdheid wat aldus gedelegeer is nie, en kan 'n beslissing van so 'n komitee intrek of wysig.

(3) Geen straf opgelê deur 'n komitee kragtens subartikel (1) ingestel, uitgesonderd 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing, is van krag voordat dit deur die raad bekragtig is nie: Met dien verstande dat 'n bevel deur so 'n komitee kragtens artikel 30 (2) gegee, onmiddellik in werking tree indien die komitee in die openbare belang aldus gelas, maar na die verstryking van 'n tydperk van ses maande verval tensy dit binne daardie tydperk deur die raad bekragtig word.

Aanwysing van registrateur en aanstelling van personeel.

11. (1) Die Minister wys 'n beampte van die Departement aan om as registrateur van praktisyns en studente op te tree.

(2) Die raad—

(a) kan die ander persone wat hy nodig ag vir die verrigting van sy werksaamhede, aanstel op die voorwaardes (met inbegrip van die betaling van besoldiging en toelaes) wat hy bepaal; en

(b) kan enige persoon aldus aangestel, ontslaan.

Funds of the board.

12. (1) All fees payable in terms of this Act, shall be paid to the board and shall constitute its funds, and the board shall utilize its funds for defraying expenses incurred in connection with the performance of its functions.

(2) The board may invest any moneys not required for immediate use and may establish such reserve funds, and deposit therein such amounts, as it may deem necessary or expedient.

Rectification of errors and validation of irregular acts.

13. If anything required to be done under this Act in connection with the appointment of any member of the board is omitted or is not done within the time or in the manner required by this Act, the Minister may order the taking of steps required to be taken in order to rectify the omission or error, or may validate anything done in an irregular manner, in order to give effect to the objects of this Act.

CHAPTER 2

Registration of Practitioners and Students

Registration as practitioner

Registers of practitioners.

14. (1) The registrar shall keep separate registers of practitioners in the different professions.

(2) When the board under section 16 so instructs him, the registrar shall enter the name of the person concerned in the appropriate register.

(3) The register shall, in addition to the name of the practitioner and his address, contain such particulars in respect of him as the board may determine.

Application for registration as practitioner.

15. (1) Any person who intends to be registered as a practitioner in terms of this Act, shall apply in writing for registration to the board.

(2) For the purposes of considering any application contemplated in subsection (1), the board may require the applicant to furnish proof in support of the application, either orally, in writing or in the form of an examination, as the board may deem necessary.

Registration of practitioners.

16. The board may instruct the registrar to register a person as a practitioner if he—

(a) has submitted proof to the satisfaction of the board—

(i) in the case of a chiropractor, that on 16 June 1971, and, in the case of a homeopath, naturopath, osteopath or herbalist, that on 2 December 1974, he was a South African citizen;

(ii) that on the appropriate date referred to in subparagraph (i), he was practising the profession concerned for gain elsewhere than in the Republic;

(iii) that he became permanently resident in the Republic since the commencement of this Act;

(iv) that he applied for registration within six months after his return to the Republic;

(v) that his training conforms to the prescribed standards;

(vi) of his identity and good character; and

(vii) that he is proficient in at least one of the official languages of the Republic; or

(b) is a person whose name appears in the register referred to in section 18 (1) and his training conforms to the prescribed standards; or

(c) in the case of a chiropractor, has submitted proof to the satisfaction of the board that on 16 June 1971 he was a South African citizen, was studying elsewhere than in the Republic in order to qualify as a chiropractor and has completed his studies and that his training conforms to the prescribed standards.

Fondse van raad.

12. (1) Alle gelde ingevolge hierdie Wet betaalbaar, word aan die raad betaal en maak sy fondse uit, en die raad wend sy fondse aan ter bestryding van uitgawes aangegaan in verband met die verrigting van sy werksaamhede.

(2) Die raad kan enige gelde wat nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie belê en kan die reserwefondse instel, en die bedrae daarin deponeer, wat hy nodig of wenslik ag.

Herstel van foute en geldigverklaring van onreëlmatige handelinge.

13. Indien enigiets wat ingevolge hierdie Wet in verband met die aanstelling van 'n lid van die raad gedoen moet word, nagelaat word of nie binne die tydperk of op die wyse deur hierdie Wet vereis, gedoen word nie, kan die Minister gelas dat die stappe gedoen word wat nodig is om die versuim of fout te herstel, of kan hy enigiets wat op 'n onreëlmatige wyse gedoen is, geldig verklaar, ten einde aan die oogmerke van hierdie Wet gevolg te gee.

HOOFSTUK 2

REGISTRASIE VAN PRAKTISYNS EN STUDENTE

Registrasie van praktisyns

Registers van praktisyns.

14. (1) Die registrateur hou afsonderlike registers van praktisyns in die onderskeie beroepe.

(2) Wanneer die raad hom kragtens artikel 16 aldus opdrag gee, skryf die registrateur die naam van die betrokke persoon in die register in.

(3) Die register moet, benewens die naam van die betrokke praktisyn en sy adres, die besonderhede ten opsigte van hom bevat wat die raad bepaal.

Aansoek om registrasie as praktisyn.

15. (1) Iemand wat ingevolge hierdie Wet as 'n praktisyn geregistreer wil word, moet skriftelik by die raad om registrasie aansoek doen.

(2) Die raad kan vir doeleindes van die oorweging van 'n aansoek in subartikel (1) beoog, van die aansoeker vereis om bewys te verskaf ter stawing van die aansoek, hetsy mondeling, skriftelik of in die vorm van 'n eksamen, soos die raad nodig ag, te verskaf.

Registrasie van praktisyns.

16. Die raad kan die registrateur opdrag gee om 'n persoon as praktisyn te registreer indien hy—

(a) ten genoeë van die raad bewys voorgelê het—

(i) in die geval van 'n chiropraktisyn, dat hy op 16 Junie 1971, en, in die geval van 'n homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige, dat hy op 2 Desember 1974, 'n Suid-Afrikaanse burger was;

(ii) dat hy die toepaslike datum in subparagraaf (i) vermeld die betrokke beroep vir wins elders as in die Republiek beoefen het;

(iii) dat hy sedert die inwerkingtreding van hierdie wet permanent in die Republiek woonagtig geword het;

(iv) dat hy binne ses maande na sy terugkeer na die Republiek aansoek om registrasie gedoen het;

(v) dat sy opleiding aan die voorgeskrewe standaarde voldoen;

(vi) van sy identiteit en goeie karakter; en

(vii) dat hy bedrewe is in ten minste een van die amptelike tale van die Republiek; of

(b) 'n persoon is wie se naam verskyn in die register in artikel 18 (1) vermeld en sy opleiding aan die voorgeskrewe standaarde voldoen; of

(c) in die geval van 'n chiropraktisyn, ten genoeë van die raad bewys voorgelê het dat hy op 16 Junie 1971 'n Suid-Afrikaanse burger was, besig was om elders as in die Republiek te studeer ten einde hom as chiropraktisyn te bekwaam en sy studies voltooi het en dat sy opleiding aan die voorgeskrewe standaarde voldoen.

University of Fort Hare

Result of registration as practitioner.

17. Subject to the provisions of this Act, registrations confers the right upon a practitioner to practise for gain each profession in respect of which he is registered and in particular to perform for gain any of the acts specially pertaining to each such profession and to indicate each such profession upon his nameplate or in any other manner.

Registration as student

Register of students.

18. (1) The registrar shall keep a register of students in which he shall enter the name of every person who immediately before the commencement of this Act was provisionally registered under section 3 (2) or (3) of the Homeopaths, Naturopaths, Osteopaths and Herbalists Act, 1974 (Act No. 52 of 1974), in respect of any one or more of the professions, as being a student in respect of such profession or professions.

(2) The registrar shall, in addition to the name of the student concerned, his address and the profession or professions in respect of which he is registered, contain such particulars in respect of that student as the board may determine.

Board may amend or set aside certain conditions with regard to former registration of students.

19. The board may in its discretion amend or set aside any condition, determined by the Homeopathic Association under section 3 (2) of the Homeopaths, Naturopaths, Osteopaths and Herbalists Act, 1974 (Act No. 52 of 1974), subject to which a student was provisionally registered under that provision of the Act.

Result of registration as student

20. Subject to the provisions of this Act, registration confers upon a student the right to perform only such acts specially pertaining to each profession in respect of which he is registered as he is authorized under this Act to perform.

Updating, custody and publication of registers

Removal of names from, and restoration thereof to, register.

21. (1) The board may order the registrar to remove the name of any practitioner or student from the register if the board is satisfied that that practitioner or student—

(a) has died;

(b) has left the Republic permanently or was absent from the Republic for a continuous period of more than three years without the board's permission;

(c) has failed to pay any fees, including annual fees, which he owes the board, within three months after the date on which payment became due;

(d) has failed to notify the registrar of any change in his address within three months after any such change;

(e) has requested that his name be removed from the register, in which case he may be required by the registrar to lodge with him an affidavit or affirmation to the effect that no disciplinary or criminal proceedings are being or are likely to be instituted against the first-mentioned.

(2) Notice of the removal by virtue of the provisions of any one of paragraphs *(b)* up to and including *(e)* of subsection (1) of his name from the register, shall be given by the registrar to the person concerned by registered letter sent through the post to his address appearing in the register.

(3) As from the date on which notice has been given in terms of subsection (2)—

(a) any registration certificate issued to the person concerned shall be deemed to be cancelled;

(b) he shall cease to practise any profession in respect of which he was registered as a practitioner or to perform any act specially pertaining to any profession in respect

17. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, verleen registrasie aan 'n praktisyn die reg om elke beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is vir wins te beoefen en in die besonder om vir wins enige van die handelinge wat spesiaal tot elke sodanige beroep tuishoort, te verrig en om elke sodanige beroep op sy naamplaat of op 'n ander wyse aan te dui. Uitwerking van registrasie as praktisyn.

Registrasie as student

18. (1) Die registrateur hou 'n register van studente waarin hy die naam van elke persoon inskryf wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet voorlopig kragtens artikel 3 (2) of (3) van die Wet op Homeopate, Naturopate, Osteopate en Kruiekundiges, 1974 (Wet No. 52 van 1974), ten opsigte van een of meer van die beroepe geregistreer was, as synde 'n student ten opsigte van sodanige beroep of beroepe. Register aan studente.

(2) Die register moet, benewens die naam van die betrokke student, sy adres en die beroep of beroepe ten opsigte waarvan hy geregistreer is, die besonderhede ten opsigte van daardie student bevat wat die raad bepaal.

19. Die raad kan na goeddunke 'n voorwaarde, deur die Homeopatiese Vereniging kragtens artikel 3 (2) van die Wet op Homeopate, Naturopate, Osteopate en Kruiekundiges, 1974 (Wet No. 52 van 1974), bepaal, onderworpe waaraan 'n student voorlopig geregistreer was kragtens daardie bepaling van daardie Wet, wysig of ter syde stel. Raad kan sekere voorwaardes met betrekking tot voormalige registrasie van studente wysig of ter syde stel.

20. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, verleen registrasie aan 'n student die reg om slegs dié handelinge te verrig wat spesiaal tot elke beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is, tuishoort, wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te verrig. Uitwerking van registrasie as student.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Bywerking, bewaring en publikasie van registers

21. (1) Die raad kan die registrateur gelas om die naam van 'n praktisyn of student uit die register te skrap indien die raad oortuig is dat daardie praktisyn of student— Skrapping van name uit, en terugplasing daarvan op, register.

(a) gesterf het;

(b) die Republiek permanent verlaat het of sonder toestemming van die raad vir 'n ononderbroke tydperk van meer as drie jaar uit die Republiek afwesig was;

(c) in gebreke gebly het om enige gelde, insluitende jaarlikse gelde, wat hy aan die raad verskuldig is, te betaal binne drie maande na die datum waarop betaling opeisbaar geword het;

(d) versuim het om die registrateur van 'n verandering van sy adres in kennis te stel binne drie maande na so 'n verandering;

(e) versoek het dat sy naam uit die register geskrap word, in welke geval hy deur die registrateur aangesê kan word om by hom 'n beëdigde verklaring of bevestiging in te dien met die strekking dat geen tug- of strafregtelike stappe teen eersgenoemde gedoen word of waarskynlik gedoen sal word nie.

(2) Kennis van die skrapping uit hoofde van die bepalings van enigeen van paragrawe *(b)* tot en met *(e)* van sub-artikel (1) van sy naam uit die register, moet deur die registrateur aan die betrokke persoon gegee word per aangetekende brief deur die pos versend aan sy adres wat in die register verskyn.

(3) Vanaf die datum waarop kennis ingevolge subartikel (2) gegee is—

(a) word 'n registrasiesertifikaat wat aan die betrokke persoon uitgereik is, geag gekanselleer te wees;

(b) moet hy ophou om 'n beroep ten opsigte waarvan hy as praktisyn geregistreer was, te beoefen of om enige handeling te verrig wat spesiaal tuishoort tot 'n beroep

of which he was registered as a student and which he is under this Act authorized to perform;

(c) he shall, in the case of a person who was registered as a practitioner, cease to indicate any profession of his upon his nameplate or in any other manner,

until his name has been restored to the register by the registrar.

(4) The board shall instruct the registrar to restore to the register a name removed therefrom by virtue of the provisions of any one of paragraphs *(b)* up to and including *(e)* of subsection (1) if the person concerned—

(a) applies on the prescribed form for the restoration of his name to the register;

(b) pays the prescribed fee; and

(c) complies with such other requirements as the board may determine.

Custody and publication of registers

22. The registers shall be kept at the office of the registrar, and the board may at intervals determined by it cause copies of the registers and of any supplementary lists showing any alterations, additions, revisions and deletions made since the last publication of the complete registers, to be printed and published.

CHAPTER 3

Disciplinary Powers of the Board

Inquiry by board into charge of misconduct.

23. (1) The board may institute an inquiry into any complaint, charge or allegation of improper or disgraceful conduct against any practitioner or student and, on finding the practitioner or student concerned guilty of such conduct, may impose any of the penalties referred to in section 24 (1): Provided that in the case of a complaint, charge or allegation which forms or is likely to form the subject of a criminal case in a court of law, the board may postpone the holding of an inquiry until such case has been disposed of.

(2) Whenever the board is in doubt as to whether an inquiry should be held, it may in connection with the complaint, charge or allegation in question consult with, or seek information from, any person, including the practitioner or student against whom the complaint, charge or allegation has been lodged.

Matters for, and procedure at, inquiry by board.

24. (1) Any practitioner or student who, after the holding of an inquiry referred to in section 23 (1), is found guilty of improper or disgraceful conduct, or conduct which, when regard is had to any profession in respect of which that practitioner or student is registered, is improper or disgraceful, shall be liable to one or other of the following penalties, namely—

(a) a caution or a reprimand or a reprimand and a caution; or

(b) suspension for a specified period, in the case of that practitioner, from practising any profession in respect of which he is registered or, in the case of that student, from performing any act specially pertaining to any profession in respect of which he is registered and which he is under this Act authorized to perform; or

(c) removal of his name from the register.

(2) Any practitioner or student whose conduct is being inquired into in terms of section 23 shall be afforded an opportunity of personally or through his legal representative answering the charge and being heard in his defence.

(3) Any penalty imposed under subsection (1) shall be reduced to writing, and shall be signed by the chairman of the board and shall be made known to the registrar and the practitioner or student concerned, and thereafter the registrar shall cause the name of that practitioner or student and the penalty so imposed to be published in the *Gazette*.

ten opsigte waarvan hy as student geregistreer was en wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te verrig; en

(c) moet hy, in die geval van iemand wat as 'n praktisyn geregistreer was, ophou om enige beroep van hom aan te dui op sy naamplaat of op 'n ander wyse,

totdat sy naam deur die registrateur op die register teruggeplaas is.

(4) Die raad gelas die registrateur om 'n naam wat uit hoofde van die bepalings van enigeen van paragrawe *(b)* tot en met *(e)* van subartikel (1) uit die register geskrap is, daarop terug te plaas indien die betrokke persoon—

(a) op die voorgeskrewe vorm om terugplasing van sy naam op die register aansoek doen;

(b) die voorgeskrewe gelde betaal; en

(c) aan die ander vereistes voldoen wat die raad bepaal.

Bewaring en publikasie van registers.

22. Die registers word by die kantoor van die registrateur gehou, en die raad kan, by tussenpose wat hy bepaal, afskrifte van die registers en enige aanvullende lyste wat enige veranderings, toevoegings, hersienings en skrappings aantoon wat gedoen is sedert die laaste publikasie van die volledige registers, laat druk en uitgee.

HOOFSTUK 3

TUGBEVOEGDHEDE VAN DIE RAAD

Ondersoek deur raad na beskuldiging van wangedrag.

23. (1) Die raad kan ondersoek instel na 'n klagte, beskuldiging of bewering van onbetaamlike of skandelike gedrag teen 'n praktisyn of student en kan, by skuldigbevinding van die betrokke praktisyn of student aan sodanige gedrag, enige van die strawwe in artikel 24 (1) vermeld, oplê: Met dien verstande dat in die geval van 'n klagte, beskuldiging of bewering wat die onderwerp van 'n strafsaak in 'n geregshof uitmaak of waarskynlik sal uitmaak, die raad die hou van 'n ondersoek kan uitstel totdat daardie saak afgehandel is.

(2) Wanneer die raad in twyfel verkeer of 'n ondersoek gehou behoort te word, kan hy in verband met die betrokke klagte, beskuldiging of bewering oorleg pleeg met of inligting inwin van enige persoon, met inbegrip van die praktisyn of student teen wie die klagte, beskuldiging of bewering ingedien is.

Aangeleenthede vir, en prosedure by, ondersoek deur raad.

24. (1) 'n Praktisyn of student wat, na die hou van 'n ondersoek in artikel 23 (1) vermeld, skuldig bevind word weens onbetaamlike of skandelike gedrag, of gedrag wat, indien 'n beroep ten opsigte waarvan daardie praktisyn of student geregistreer is in ag geneem word, onbetaamlik of skandelik is, is strafbaar met die een of ander van die volgende strawwe, naamlik—

(a) 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing; of

(b) skorsing vir 'n vasgestelde tydperk, in die geval van daardie praktisyn, in die beoefening van 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is of, in die geval van daardie student, in die verrigting van enige handeling wat spesiaal tuishoort tot 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is en wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te verrig; of

(c) skrapping van sy naam uit die register.

(2) 'n Praktisyn of student wie se gedrag ingevolge artikel 23 ondersoek word, moet die geleentheid gebied word om self of deur sy regsverteenwoordiger op die beskuldiging te antwoord en sy verdediging aan te voer.

(3) 'n Straf kragtens subartikel (1) opgelê, word op skrif gestel, deur die voorsitter van die raad onderteken en aan die registrateur en die betrokke praktisyn of student bekend gemaak, en daarna laat die registrateur die naam van daardie praktisyn of student en die straf aldus opgelê, in die *Staatskoerant* publiseer.

(4) *(a)* The board or any committee of the board, if such powers have been delegated by the board to it, may for the purposes of an inquiry take evidence and may, under the hand of the chairman of the board or the chairman of any such committee or the secretary of the board, summon any witness and require the production of any book, record, document or thing, and may, through the chairman concerned, administer the oath to or accept an affirmation from any witness, and may examine any book, record, document or thing which a witness has been required to produce.

(b) A summons to appear before the board or the committee concerned as a witness or to produce to it any book, record, document or thing, shall, as nearly as practicable, be in the prescribed form and shall be served either by registered letter sent through the post or in the same manner as it would have been served if it had been a subpoena in civil proceedings in a magistrate's court.

(c) Any person who has been duly summoned under this subsection and—

(i) refuses, or without sufficient cause fails, to attend and give evidence relevant to the inquiry at the time and place specified in the summons;

(ii) refuses to take the oath or to make an affirmation when required to do so by the chairman concerned;

(iii) refuses to produce any book, record, document or thing which he has in terms of the summons been required to produce; or

(iv) attends before the board or the committee concerned but refuses to answer, or to answer fully and satisfactorily to the best of his knowledge and belief, any question lawfully put to him,

shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R100: Provided that a person so summoned shall be entitled to all the privileges to which a witness subpoenaed to give evidence before a provincial division of the Supreme Court is entitled.

(5) The chairman of the board, where the board itself holds an inquiry, or the chairman of any committee of the board, where such a committee holds an inquiry under powers delegated to it by the board, may appoint a person with adequate experience in the administration of justice as an assessor at such an inquiry to advise the board or the committee concerned, as the case may be, on matters of law, procedure or evidence.

(6) The board may on such conditions as it may determine—

(a) terminate any suspension imposed under subsection (1) *(b)* before the expiry of the specified period;

(b) on payment of the prescribed fee, restore to the register any name which has been removed therefrom by virtue of a penalty imposed under subsection 1 *(c)*.

(7) In any case where the evidence in support of any complaint, charge or allegation is of a documentary nature, and in any other case which the board may think fit, the secretary of the board may act as *pro forma* complainant in terms of this section.

Postponement of imposition, and suspension of execution, of penalty.

25. (1) Where the board finds any practitioner or student guilty of conduct referred to in section 24 (1), it may—

(a) postpone for such period and on such conditions as it may determine, the imposition of a penalty; or

(b) impose any penalty referred to in section 24 (1) *(b)* or *(c)*, but order the execution of the penalty to be suspended for such period and on such conditions as it may determine.

(4) *(a)* Die raad of 'n komitee van die raad, indien dié bevoegdheid deur die raad aan hom gedelegeer is, kan vir doeleindes van 'n ondersoek getuienis afneem en kan, onder die handtekening van die voorsitter van die raad of die voorsitter van so 'n komitee of die sekretaris van die raad, 'n getuie dagvaar en die voorlegging van enige boek, aantekening, dokument of voorwerp eis, en kan, deur die betrokke voorsitter, 'n getuie die eed oplê of 'n bevestiging van hom afneem, en kan 'n boek, aantekening, dokument of voorwerp ondersoek waarvan die voorlegging van 'n getuie vereis is.

(b) 'n Dagvaarding om as 'n getuie voor die raad of die betrokke komitee te verskyn of om aan hom 'n boek, aantekening, dokument of voorwerp voor te lê, moet so na as moontlik in die voorgeskrewe vorm wees en moet beteken word òf deur versending per pos in 'n aangetekende brief òf op dieselfde wyse as dié waarop dit beteken sou gewees het indien dit 'n getuiedagvaarding was in siviele verrigtinge in 'n landdroshof.

(c) Iemand wat behoorlik ingevolge hierdie subartikel gedagvaar is en wat—

(i) weier, of sonder genoegsame rede versuim, om op die in die dagvaarding vermelde tyd en plek aanwesig te wees en by die ondersoek tersaaklike getuienis te lewer;

(ii) weier om die eed af te lê of om 'n bevestiging te doen wanneer hy deur die betrokke voorsitter daartoe versoek word;

(iii) weier om 'n boek, aantekening, dokument of voorwerp voor te lê wat hy ingevolge die dagvaarding aangesê is om voor te lê; of

(iv) voor die raad of die betrokke komitee verskyn, maar weier om 'n vraag wettiglik aan hom gestel, te beantwoord of volledig en bevredigend na sy beste wete en oortuiging te beantwoord,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100: Met dien verstande dat iemand wat aldus gedagvaar is op al die privilegies geregtig is waarop 'n getuie wat gedagvaar is om voor 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof getuienis af te lê, geregtig is.

(5) Die voorsitter van die raad, waar die raad self 'n ondersoek hou, of die voorsitter van 'n komitee van die raad, waar so 'n komitee 'n ondersoek hou kragtens bevoegdhede wat deur die raad aan hom gedelegeer is, kan iemand met voldoende ondervinding van die regspleging as assessor by so 'n ondersoek aanstel om die raad of die betrokke komitee, na gelang van die geval, in verband met regsvrae, prosedure of bewyslewering van advies te dien.

(6) Die raad kan op die voorwaardes wat hy bepaal—

(a) 'n skorsing kragtens subartikel (1) *(b)* opgelê, voor die verstryking van die vasgestelde tydperk beëindig;

(b) by betaling van die voorgeskrewe gelde 'n naam op die register terugplaas wat daaruit geskrap is uit hoofde van 'n straf kragtens subartikel (1) *(c)* opgelê.

(7) In 'n geval waar die getuienis ter ondersteuning van 'n klagte, beskuldiging of bewering dokumentêr van aard is, en in enige ander geval wat die raad goedvind, kan die sekretaris van die raad as *pro forma*-klaer ingevolge hierdie artikel optree.

Uitstel van oplegging, en opskorting van tenuitvoerlegging, van straf.

25. (1) Waar die raad 'n praktisyn of student skuldig bevind aan gedrag in artikel 24 (1) vermeld, kan hy—

(a) die oplegging van 'n straf uitstel vir die tydperk en op die voorwaardes wat hy bepaal; of

(b) 'n straf vermeld in artikel 24 (1) *(b)* of *(c)* oplê, maar beveel dat die tenuitvoerlegging van die straf opgeskort word vir die tydperk en op die voorwaardes wat hy bepaal.

(2) *(a)* If at the end of the period for which the imposition of a penalty has been postponed in terms of subsection (1) *(a)*, the board is satisfied that the practitioner or student concerned has observed all the relevant conditions, the board shall inform him that no penalty will be imposed upon him.

(b) If the execution of a penalty has been suspended in terms of subsection (1) *(b)* and the board is satisfied that the practitioner or student concerned has observed all the relevant conditions throughout the period of suspension, the board shall inform him that the penalty will not be executed.

(c) If the execution of a penalty has been suspended in terms of subsection (1) *(b)* and the practitioner or student concerned fails to observe any of the conditions of suspension, the board shall execute the penalty unless that practitioner or student satisfies the board that the non-observance of the condition in question was due to circumstances beyond his control.

Effects of suspension or removal of name from register and restoration of name to register.

26. (1) Any practitioner who under this Act has been suspended from the practice of any profession in respect of which he is registered or any former practitioner whose name has been removed from the register by virtue of any penalty imposed under section 24 (1) *(c)* or 32 (3), shall be disqualified from practising any profession in respect of which he is or was registered, as the case may be, or from performing any act specially pertaining to any such profession and any registration certificate issued to him shall be deemed to be cancelled and he shall cease to indicate any profession of his upon his nameplate or in any other manner until—

(a) in the case of a suspension, the period of suspension has expired; or

(b) in the case of a removal of his name from the register, his name has been restored to the register by the registrar.

(2) Any student who has under this Act been suspended from performing any act specially pertaining to any profession in respect of which he is registered and which he is under this Act authorized to perform or any former student whose name has been removed from the register by virtue of any penalty imposed under section 24 (1) *(c)* or 32 (3), shall be disqualified from performing any such act or any act specially pertaining to any profession in respect of which he was registered and which he was under this Act authorized to perform, as the case may be, and any registration certificate issued to him shall be deemed to be cancelled until—

(a) in the case of a suspension, the period of suspension has expired; or

(b) in the case of a removal of his name from the register, his name has been restored to the register by the registrar.

(3) The board may—

(a) after the expiry of such a period as the board may in each case determine;

(b) upon receipt of a written application by a person referred to in subsection (1) or (2) whose name has been removed from the register; and

(c) upon payment of the prescribed fees,

instruct the registrar, subject to such conditions as the board may determine, to restore the name of that person to the register.

Cognizance by council of certain conduct of practitioners and students.

27. (1) Any practitioner or student who, either before or after registration, has been convicted of any offence by a court of law, may be dealt with by the board in terms of the provisions of this Chapter if the board is of the opinion that the offence concerned constitutes conduct which is improper or disgraceful, or which, when regard is had to any profession in respect of which the

(2) *(a)* Indien na afloop van die tydperk waarvoor die oplegging van 'n straf ingevolge subartikel (1) *(a)* uitgestel is, die raad oortuig is dat die betrokke praktisyn of student al die toepaslike voorwaardes nagekom het, moet die raad hom meedeel dat geen straf hom opgelê gaan word nie.

(b) Indien die tenuitvoerlegging van 'n straf ingevolge subartikel (1) *(b)* opgeskort is en die raad oortuig is dat die betrokke praktisyn of student gedurende die hele tydperk van die opskorting al die toepaslike voorwaardes nagekom het, moet die raad hom meedeel dat die straf nie ten uitvoer gelê sal word nie.

(c) Indien die tenuitvoerlegging van 'n straf ingevolge subartikel (1) *(b)* opgeskort is en die betrokke praktisyn of student versuim om enige van die voorwaardes van opskorting na te kom, moet die raad die straf ten uitvoer lê tensy daardie praktisyn of student die raad oortuig dat die nie-nakoming van die betrokke voorwaarde te wyte was aan omstandighede buite sy beheer.

Gevolge van skorsing of van skrapping van naam uit register en terugplasing van naam op register.

26. (1) 'n Praktisyn wat kragtens hierdie Wet geskors is in die beoefening van 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is of 'n voormalige praktisyn wie se naam uit die register geskrap is uit hoofde van 'n straf kragtens artikel 24 (1) *(c)* of 32 (3) opgelê, is onbevoeg om 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is of was, na gelang van die geval, te beoefen of om enige handeling te verrig wat spesiaal tot so 'n beroep tuishoort en 'n registrasiesertifikaat aan hom uitgereik, word geag gekanselleer te wees en hy moet die aanduiding van enige beroep van hom op sy naamplaat of op 'n ander wyse, staak—

(a) in die geval van 'n skorsing, totdat die tydperk van die skorsing verstryk het; of

(b) in die geval van 'n skrapping van sy naam uit die register, totdat sy naam deur die registrateur op die register teruggeplaas is.

(2) 'n Student wat kragtens hierdie Wet geskors is in die verrigting van enige handeling wat spesiaal tuishoort tot 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is en wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te verrig of 'n voormalige student wie se naam uit die register geskrap is uit hoofde van 'n straf kragtens artikel 24 (1) *(c)* of 32 (3) opgelê, is onbevoeg om so 'n handeling of 'n handeling wat spesiaal tuishoort tot 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer was en wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig was om te verrig, na gelang van die geval, en 'n registrasiesertifikaat aan hom uitgereik, word geag gekanselleer te wees—

(a) in die geval van 'n skorsing, totdat die tydperk van die skorsing verstryk het; of

(b) in die geval van 'n skrapping van sy naam uit die register, totdat sy naam deur die registrateur op die register teruggeplaas is.

(3) Die raad kan—

(a) na verloop van die tydperk wat die raad in elke geval bepaal;

(b) by ontvangs van 'n skriftelike aansoek deur 'n persoon in subartikel (1) of (2) vermeld wie se naam uit die register geskrap is; en

(c) by betaling van die voorgeskrewe gelde,

die registrateur gelas om, onderworpe aan die voorwaardes wat die raad bepaal, die naam van daardie persoon op die register terug te plaas.

Kennisname deur raad van sekere gedrag van praktisyns en studente.

27. (1) Daar kan ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk deur die raad opgetree word teen 'n praktisyn of student wat, hetsy voor of na registrasie, deur 'n geregshof in die Republiek of elders aan 'n misdryf skuldig bevind is, indien die raad van oordeel is dat die betrokke misdryf gedrag uitmaak wat onbetaamlik of skandelik is, of wat, indien 'n beroep ten opsigte

practitioner or student concerned is registered, is improper or disgraceful, and that practitioner or student shall, upon proof of the conviction, be liable to one or other of the penalties referred to in section 24 (1): Provided that the said practitioner or student shall, before any penalty is imposed, be afforded an opporunity of tendering an explanation to the board in mitigation of any such penalty.

(2) Whenever in the course of any criminal proceedings it appears to the court that there is *prima facie* proof of conduct contemplated in section 24 (1) on the part of a practitioner or student, the court shall direct that a copy of the record of the proceedings, or such portion thereof as is material to such conduct, be transmitted to the board.

Penalty for false evidence.

28. Any person who gives false evidence on oath or affirmation at an inquiry held in terms of this Chapter, knowing such evidence to be false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties applicable in respect of the crime of perjury.

Acts or omissions in respect of which disciplinary action may be taken.

29. (1) The board shall from time to time make rules specifying the acts or omissions in respect of which the board may take disciplinary action under this Chapter: Provided that the powers of the board to inquire into and deal with any complaint, charge or allegation in terms of this Chapter, shall not be limited to the acts or omissions so specified.

(2) No rule made under subsection (1) shall be of force and effect until approved by the Minister and published in the *Gazette*.

(3) The Minister may, after consultation with the executive committee of the board, if he deems it in the public interest, amend or repeal any rule made under subsection (1).

Government Gazette
Together in Excellence

Restriction in, or suspension from, practice of profession by practitioner or performance of certain acts by student.

30. (1) Whenever it appears to the board that any practitioner or student—

(a) has become mentally or physically disabled to such an extent that it would be detrimental to the public interest to allow him to continue, in the case of that practitioner, to practise any profession in respect of which he is registered, or, in the case of that student, to perform any act specially pertaining to any profession in respect of which he is registered and which he is under this Act authorized to perform; or

(b) has become addicted to the use of any scheduled substance as defined in section 1 (1) of the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (Act No. 101 of 1965),

the board shall cause the matter to be investigated and may, if it deems it necessary, hold an inquiry in respect of that practitioner or student, *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of section 24 and the regulations made under section 38 (1) *(g)*.

(2) If the board, after holding an inquiry under subsection (1), finds that any circumstance referred to in that subsection exists in respect of the practitioner or student concerned, it may by order—

(a) suspend that practitioner or student for a specified period from, in the case of that practitioner, practising any profession in respect of which he is registered, or, in the case of that student, from performing any act specially pertaining to any profession in respect of which he is registered and which he is under this Act authorized to perform; or

(b) impose such conditions as it may deem fit subject to which such practitioner shall be entitled to continue practising any such profession or that student shall be

waarvan die betrokke praktisyn of student geregistreer is in ag geneem word, onbetaamlik of skandelik is, en daardie praktisyn of student is, by bewys van die skuldigbevinding, strafbaar met die een of ander van die strawwe in artikel 24 (1) vermeld: Met dien verstande dat genoemde praktisyn of student voordat 'n straf opgelê word die geleentheid gebied moet word om aan die raad 'n verduideliking te verstrek ter versagting van so 'n straf.

(2) Wanneer dit in die loop van strafregtelike verrigtinge aan die hof blyk dat daar *prima facie*-bewys is van gedrag beoog in artikel 24 (1) aan die kant van 'n praktisyn of student, gelas die hof dat 'n afskrif van die oorkonde van die verrigtinge, of dié gedeelte daarvan wat by sodanige gedrag ter sake is, aan die raad deurgestuur word.

Straf vir valse getuienis.

28. Iemand wat by 'n ondersoek wat ingevolge hierdie Hoofstuk gehou word valse getuienis onder eed of bevestiging aflê met die wete dat daardie getuienis vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat ten opsigte van die misdryf van meineed van toepassing is.

Handelinge of versuime ten opsigte waarvan raad tugstappe kan doen.

29. (1) Die raad moet van tyd tot tyd reëls uitvaardig wat die handelinge of versuime bepaal ten opsigte waarvan die raad tugstappe kragtens hierdie Hoofstuk kan doen: Met dien verstande dat die bevoegdhede van die raad om ingevolge hierdie Hoofstuk ondersoek in te stel na en stappe te doen ten opsigte van 'n klagte, beskuldiging of bewering, nie beperk is tot die handelinge of versuime aldus bepaal nie.

(2) Geen reël uitgevaardig kragtens subartikel (1) is van krag nie alvorens dit deur die Minister goedgekeur en in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

(3) Die Minister kan, na oorlegpleging met die uitvoerende komitee van die raad, indien hy dit in die openbare belang ag, enige reël uitgevaardig kragtens subartikel (1), wysig of herroep.

Beperking van, of skorsing in, beoefening van beroep deur praktisyn of verrigting van sekere handelinge deur student.

30. (1) Wanneer dit aan die raad blyk dat 'n praktisyn of student—

(a) verstandelik of liggaamlik in so'n mate onbekwaam geword het dat dit vir die opbenbare belang nadelig sou wees om hom toe te laat om voort te gaan om, in die geval van daardie praktisyn, 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is, te beoefen, of, in die geval van daardie student, 'n handeling te verrig wat spesiaal tuishoort tot 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is en wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te verrig; of

(b) aan die gebruik van 'n gelyste stof, soos omskryf in artikel 1 (1) die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965), verslaaf geraak het,

moet die raad die saak laat ondersoek en kan hy, indien hy dit nodig ag, *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van artikel 24 en die regulasies kragtens artikel 38 (1) *(q)* uitgevaardig, 'n ondersoek ten opsigte van daardie praktisyn of student hou.

(2) Indien die raad, nadat hy 'n ondersoek kragtens subartikel (1) gehou het, bevind dat enige omstandigheid in daardie subartikel vermeld ten opsigte van die betrokke praktisyn of student bestaan, kan hy by bevel—

(a) daardie praktisyn of student vir 'n vasgestelde tydperk skors, in die geval van daardie praktisyn, in die beoefening van 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is, of, in die geval van daardie student, in die verrigting van 'n handeling wat spesiaal tuishoort tot 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is en wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te verrig; of

(b) die voorwaardes oplê wat hy goedvind onderworpe waaraan daardie praktisyn geregtig sal wees om voort te gaan met die beoefening van so 'n beroep of daardie

entitled to continue with the performance of any such act.

(3) The board may extend for any period the period of operation of any order made under subsection (2), or withdraw or in any other manner amend such order.

(4) The provisions of section 26 shall *mutatis mutandis* apply in respect of any practitioner or student who has been suspended under a provision of subsection (2) of this section.

(5) When the board has made any order under subsection (2), it shall inform the registrar and the practitioner or student concerned thereof in writing.

(6) Any practitioner or student who contravenes or fails to comply with any order made under subsection (2), shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R100.

CHAPTER 4

Offences, Penalties and Other Judicial Matters

Offences by unregistered persons, and penalties.

31. (1) Subject to the provisions of subsection (2) of this section and section 41 any person who is not registered as a practitioner in a particular profession and who—

(a) for gain practises any such profession;

(b) for gain performs any act specially pertaining to any such profession;

(c) pretends, or by any means whatsoever holds himself out to be any such practitioner, whether or not purporting to be registered;

(d) uses the title of chiropractor, homeopath, naturopath, osteopath or herbalist or any name, title, description or symbol indicating, or calculated to lead persons to infer, that he holds any qualification as a chiropractor, homeopath, naturopath, osteopath or herbalist,

shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R500 or to imprisonment for a period not exceeding 12 months or to both such fine and such imprisonment.

(2) The provisions of subsection (1) shall not prohibit—

(a) any person exercising a profession to which the provisions of the Pharmacy Act, 1974 (Act No. 53 of 1974), the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974) or the Nursing Act, 1978 (Act No. 50 of 1978), apply, from performing any act falling within the scope of his profession, as contemplated in the appropriate Act, which may lawfully be performed by him;

(b) a student from performing any act specially pertaining to any profession in respect of which he is registered and which he is under this Act authorized to perform.

Offences by practitioners and students, and penalties.

32. (1) *(a)* A practitioner or a student shall not—

(i) for gain perform any operation on or administer an intravenous injection to any person;

(ii) for gain practise obstetrics or gynaecology;

(iii) withdraw an intravenous blood sample from any person or analyse human blood;

(iv) treat or offer to treat cancer or prescribe a remedy for cancer or pretend that any article, apparatus or substance will be or may be of value for the alleviation of the effects or the curing or treatment of cancer;

(v) perform an act contemplated in section 37 of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974;

student geregtig sal wees om voort te gaan met die verrigting van so 'n handeling.

(3) Die raad kan die geldingsduur van 'n bevel wat hy kragtens subartikel (2) gegee het, vir enige tydperk verleng of so 'n bevel intrek of op enige ander manier wysig.

(4) Die bepalings van artikel 26 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n praktisyn of student wat kragtens 'n bepaling van subartikel (2) van hierdie artikel geskors is.

(5) Wanneer die raad 'n bevel kragtens subartikel (2) gegee het, moet hy die registrateur en die betrokke praktisyn of student skriftelik daarvan in kennis stel.

(6) Praktisyn of student wat 'n bevel wat kragtens subartikel (2) gegee is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100.

HOOFSTUK 4

MISDRYWE, STRAWWE EN ANDER GEREGTELIKE AANGELEENTHEDE

Misdrywe deur ongeregistreerde persone, en strawwe.

31. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel en artikel 41 is iemand wat nie as 'n praktisyn in 'n bepaalde beroep geregistreer is nie en wat—

(a) so 'n beroep vir wins beoefen;

(b) vir wins 'n handeling verrig wat spesiaal tot so 'n beroep tuishoort;

(c) voorgee dat hy 'n praktisyn in so 'n beroep is of op enige wyse hoegenaamd homself as so 'n praktisyn voordoen, hetsy hy voorgee geregistreer te wees al dan nie;

(d) gebruik maak van die titel van chiropraktisyn, homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige of van enige naam, titel, beskrywing of teken wat aandui, of daarop gemik is om persone te laat aflei, dat hy 'n kwalifikasie as 'n chiropraktisyn, homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige besit,

aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(2) Die bepalings van subartikel (1) belet nie—

(a) 'n persoon wat 'n beroep beoefen waarop die bepalings van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet No. 53 van 1974), die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), of die Wet op Verpleging, 1978 (Wet No. 50 van 1978), van toepassing is, om 'n handeling te verrig wat binne die omvang van sy beroep, soos beoog in die toepaslike wet, val en wat wettiglik deur hom verrig mag word nie;

(b) 'n student om 'n handeling te verrig, wat spesiaal tuishoort tot 'n beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is en wat hy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te verrig nie.

Misdrywe deur praktisyns en studente, en strawwe.

32. (1) *(a)* 'n Praktisyn of student mag nie—

(i) vir wins 'n operasie op iemand uitvoer of iemand 'n binneaarse inspuiting toedien nie;

(ii) vir wins verloskunde of ginekologie beoefen nie;

(iii) 'n binneaarse bloedmonster van iemand neem of menslike bloed analiseer nie;

(iv) kanker behandel of aanbied om dit te behandel of 'n middel vir kanker voorskryf of voorgee dat 'n voorwerp, apparaat of stof van nut is of kan wees vir die verligting van die gevolge of die genesing of behandeling van kanker nie;

(v) 'n handeling verrig wat beoog word in artikel 37 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974, nie;

(vi) pretend, or by any means whatsoever hold himself out, to be a medical practitioner, or use the title of medical practitioner or doctor or any name, title, description or symbol indicating, or calculated to lead persons to infer, that he holds the qualifications of a medical practitioner;

(vii) prevent any person from being treated by, or improperly influence any person to abstain from treatment by, a person registered under the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974.

(b) A practitioner in the profession of homeopath, naturopath, osteopath, herbalist or a student who is registered in respect of any such profession shall not—

(i) perform an internal examination on any person;

(ii) for clinical diagnostic procedures regarding any patient of his or the patient of another practitioner—

(aa) use, operate or apply any electronic product, as defined in section 1 of the Hazardous Substances Act, 1973 (Act No. 15 of 1973), declared under section 2 (1) of that Act as a Group III hazardous substance;

(bb) read and interpret Röntgen plates.

(2) A practitioner or a student who contravenes any provision of subsection (1), shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R500 or to imprisonment not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(3) The court convicting any practitioner or student of any offence under subsection (2), shall in addition to or in lieu of any sentence referred to in that subsection, order that the name of the practitioner or student concerned be removed from the register, and the court shall thereafter give notice to the registrar of the order.

(4) For the purposes of subsection (1) "cancer" shall include all neoplasms, irrespective of their origin, including lymphoma and leukemia.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Receipt for annual fees *prima facie* proof of registration of practitioner or student.

33. A receipt purporting to be issued—

(a) within the preceding 12 months;

(b) by or on behalf of the board;

(c) in respect of annual fees; and

(d) to a person of a name substantially corresponding to that of a practitioner or student who is involved in any proceedings in a court of law,

shall on its mere production be *prima facie* proof in those proceedings that that practitioner or student is registered.

Proof of certain facts by certificate.

34. Whenever in any proceedings in a court of law the question arises whether or not a particular person is registered as a practitioner or student in respect of any profession, a document purporting to be a certificate, issued by the registrar in terms of this section, wherein it is certified that a named person is or is not registered as a practitioner or student in respect of a stated profession, shall, if the name of the first-mentioned person is substantially corresponding to the name of the person so named, on its mere production be *prima facie* proof that the first-mentioned person is or is not registered as a practitioner or student in respect of the profession so stated, as the case may be.

Presumptions.

35. (1) In any criminal proceedings against any person appearing upon a charge of having performed any act which constitutes an offence under this Act if performed by a person who is not registered as a practitioner in a particular profession, the accused shall be deemed not to have been so registered at the time of the commission of the alleged offence, unless the accused proves the contrary.

(vi) homself voordoen as, of op welke wyse ook al uitgee vir, 'n geneesheer nie, of gebruik maak van die titel van geneesheer of dokter of enige naam, titel, beskrywing of teken wat aandui, of daarop gemik is om persone te laat aflei, dat hy die kwalifikasies van 'n geneeheer besit nie;

(vii) iemand verhinder nie om behandel te word deur, of iemand op onbehoorlike wyse beïnvloed nie om hom te onthou van behandeling deur, iemand wat geregistreer is kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974.

(b) 'n Praktisyn in die beroep van homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige of 'n student wat ten opsigte van so 'n beroep geregistreer is, mag nie—

(i) 'n inwendige ondersoek op iemand uitvoer nie;

(ii) vir kliniese diagnostiese prosedures betreffende enige pasiënt van hom of die pasiënt van 'n ander praktisyn—

(aa) enige elektroniese produk, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet No. 15 van 1973), wat kragtens artikel 2 (1) van daardie Wet as 'n Groep III-gevaarhoudende stof verklaar is, gebruik, bedien of aanwend nie;

(bb) Röntgenplate lees en interpreteer nie.

(2) 'n Praktisyn of student wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(3) Die hof wat 'n praktisyn of student aan 'n misdryf kragtens subartikel (2) skuldig bevind, moet benewens of in plaas van 'n straf in daardie subartikel vermeld, beveel dat die naam van die betrokke praktisyn of student uit die register geskrap word, en die hof stel daarna die registrateur van die bevel in kennis.

(4) By die toepassing van subartikel (1) beteken „kanker" ook alle neoplasmas, ongeag hulle oorsprong, met inbegrip van limfselgewas en leukemie.

Kwitansie vir jaarlikse gelde *prima facie*-bewys van registrasie van praktisyn of student.

33. 'n Kwitansie wat heet uitgereik te wees—

(a) binne die voorafgaande 12 maande;

(b) deur of namens die raad;

(c) ten opsigte van jaarlikse gelde; en

(d) aan iemand met 'n naam wat wesenlik ooreenstem met dié van 'n praktisyn of student wat by verrigtinge in 'n geregshof betrokke is;

is by blote voorlegging by daardie verrigtinge *prima facie*-bewys dat daardie praktisyn of student geregistreer is.

Bewys van sekere feite deur sertifikaat.

34. Wanneer die vraag in verrigtinge in 'n geregshof ontstaan of 'n bepaalde persoon as 'n praktisyn of student ten opsigte van 'n beroep geregistreer is al dan nie, is 'n dokument wat voorgee 'n sertifikaat, deur die registrateur uitgereik, ingevolge hierdie artikel te wees waarin dit gesertifiseer word dat 'n genoemde persoon as 'n praktisyn of student ten opsigte van 'n vermelde beroep geregistreer is of nie geregistreer is nie, indien die naam van eersgenoemde persoon en die naam van die aldus genoemde persoon wesenlik ooreenstem, by blote voorlegging daarvan *prima facie*-bewys dat eersgenoemde persoon as 'n praktisyn of student ten opsigte van die aldus vermelde beroep geregistreer is of nie geregistreer is nie, na gelang van geval.

Vermoedens.

35. (1) In 'n strafsaak teen iemand wat verskyn op 'n aanklag dat hy 'n handeling verrig het wat 'n misdryf kragtens hierdie Wet uitmaak indien verrig deur iemand wat nie as 'n praktisyn in 'n bepaalde beroep geregistreer is nie, word die beskuldigde geag nie ten tyde van die pleging van die beweerde misdryf aldus geregistreer te gewees het nie, tensy die beskuldigde die teendeel bewys.

(vi) homself voordoen as, of op welke wyse ook al uitgee vir, 'n geneesheer nie, of gebruik maak van die titel van geneesheer of dokter of enige naam, titel, beskrywing of teken wat aandui, of daarop gemik is om persone te laat aflei, dat hy die kwalifikasies van 'n geneeheer besit nie;

(vii) iemand verhinder nie om behandel te word deur, of iemand op onbehoorlike wyse beïnvloed nie om hom te onthou van behandeling deur, iemand wat geregistreer is kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974.

(b) 'n Praktisyn in die beroep van homeopaat, naturopaat, osteopaat of kruiekundige of 'n student wat ten opsigte van so 'n beroep geregistreer is, mag nie—

(i) 'n inwendige ondersoek op iemand uitvoer nie;

(ii) vir kliniese diagnostiese prosedures betreffende enige pasiënt van hom of die pasiënt van 'n ander praktisyn—

(aa) enige elektroniese produk, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet No. 15 van 1973), wat kragtens artikel 2 (1) van daardie Wet as 'n Groep III-gevaarhoudende stof verklaar is, gebruik, bedien of aanwend nie;

(bb) Röntgenplate lees en interpreteer nie.

(2) 'n Praktisyn of student wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(3) Die hof wat 'n praktisyn of student aan 'n misdryf kragtens subartikel (2) skuldig bevind, moet benewens of in plaas van 'n straf in daardie subartikel vermeld, beveel dat die naam van die betrokke praktisyn of student uit die register geskrap word, en die hof stel daarna die registrateur van die bevel in kennis.

(4) By die toepassing van subartikel (1) beteken „kanker" ook alle neoplasmas, ongeag hulle oorsprong, met inbegrip van limfselgewas en leukemie.

Kwitansie vir jaarlikse gelde *prima facie*-bewys van registrasie van praktisyn of student.

33. 'n Kwitansie wat heet uitgereik te wees—

(a) binne die voorafgaande 12 maande;

(b) deur of namens die raad;

(c) ten opsigte van jaarlikse gelde; en

(d) aan iemand met 'n naam wat wesenlik ooreenstem met dié van 'n praktisyn of student wat by verrigtinge in 'n geregshof betrokke is;

is by blote voorlegging by daardie verrigtinge *prima facie*-bewys dat daardie praktisyn of student geregistreer is.

Bewys van sekere feite deur sertifikaat.

34. Wanneer die vraag in verrigtinge in 'n geregshof ontstaan of 'n bepaalde persoon as 'n praktisyn of student ten opsigte van 'n beroep geregistreer is al dan nie, is 'n dokument wat voorgee 'n sertifikaat, deur die registrateur uitgereik, ingevolge hierdie artikel te wees waarin dit gesertifiseer word dat 'n genoemde persoon as 'n praktisyn of student ten opsigte van 'n vermelde beroep geregistreer is of nie geregistreer is nie, indien die naam van eersgenoemde persoon en die naam van die aldus genoemde persoon wesenlik ooreenstem, by blote voorlegging daarvan *prima facie*-bewys dat eersgenoemde persoon as 'n praktisyn of student ten opsigte van die aldus vermelde beroep geregistreer is of nie geregistreer is nie, na gelang van geval.

Vermoedens.

35. (1) In 'n strafsaak teen iemand wat verskyn op 'n aanklag dat hy 'n handeling verrig het wat 'n misdryf kragtens hierdie Wet uitmaak indien verrig deur iemand wat nie as 'n praktisyn in 'n bepaalde beroep geregistreer is nie, word die beskuldigde geag nie ten tyde van die pleging van die beweerde misdryf aldus geregistreer te gewees het nie, tensy die beskuldigde die teendeel bewys.

(2) In any criminal proceedings against any person appearing upon a charge of having performed an act which constitutes an offence under this Act if performed by him for gain, such person shall be deemed to have performed such act for gain if he has accepted any valuable consideration in respect of such act.

(3) When any person is charged with a contravention of any provision of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), and it is alleged that any act was at the commencement of this Act usually performed by persons who practise any of the professions contemplated in this Act in the Republic, the onus of proving it shall be upon the person alleging it.

Limitation of liability.

36. The registrar or the board or a committee of the board or any member or officer of the board or a committee of the board shall not be liable in respect of any act done in good faith or duty performed in accordance with this Act.

No remuneration recoverable by unregistered persons in respect of certain acts performed.

37. No remuneration shall be recoverable in respect of any act specially pertaining to any profession when performed by a person who is not a practitioner in the profession concerned or a student who is authorized under this Act to perform any such act for gain.

CHAPTER 5

General and Supplementary Provisions

Regulations.

38. (1) The Minister may on the recommendation of the board make regulations relating to—

(a) the terms of office of the office-bearers of the board;

(b) the conduct of the business, and the quorum and procedure, at meetings of the board and the executive committee and other committees of the board, and the manner in which minutes of such meetings shall be kept;

(c) the allowance which may be paid to members of the board and the executive committee and other committees of the board when occupied with the affairs of the board: Provided that—

(i) the allowance which may be paid to any such member who is in the full-time service of the State shall not exceed the allowances to which he would be entitled in terms of the laws governing the public service;

(ii) no member referred to in paragraph (i) of this proviso shall be required to pay into the State Revenue Fund any such allowance;

(d) any fees which may be prescribed under any provision of this Act;

(e) the manner in which the accounts of the board shall be kept;

(f) the standards to which the training of any person who in terms of section 15 (1) applies for registration as practitioner, shall conform;

(g) the issue by the registrar of registration certificates and duplicate registration certificates to practitioners and students, the form thereof and the fees payable in respect of such issue;

(h) amendment of the registers;

(i) the acts specially pertaining to any profession;

(j) the conditions subject to which practitioners may practise the professions in respect of which they have been registered;

(k) the tariff of fees which may be charged in respect of professional services rendered by a practitioner;

(l) subject to the provisions of the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (Act No. 101 of 1965), and after consultation with the Medicines Control Council established by the said Act, the remedies which a practitioner may in the practice of any profession in respect of which he is registered, pre-

(2) In 'n strafsaak teen iemand wat verskyn op 'n aanklag dat hy 'n handeling verrig het wat 'n misdryf kragtens hierdie wet uitmaak indien deur hom vir wins verrig, word daardie persoon geag daardie handeling vir wins te verrig het indien hy enige teenprestasie ten opsigte van daardie handeling aanvaar het.

(3) Wanneer iemand aangekla word weens 'n oortreding van 'n bepaling van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en daar beweer word dat 'n handeling by die inwerkingtreding van hierdie wet gewoonlik verrig is deur persone wat enigeen van die beroepe in hierdie Wet beoog in die Republiek beoefen, rus die las om dit te bewys op die persoon wat dit beweer.

Beperking van aanspreeklikheid.

36. Die registrateur of die raad of 'n komitee van die raad of 'n lid of beampte van die raad of 'n komitee van die raad is nie aanspreeklik ten opsigte van 'n handeling te goedertrou verrig of plig uitgevoer ooreenkomstig hierdie Wet nie.

Vergoeding nie verhaalbaar nie deur ongeregistreerde persone ten opsigte van sekere handelinge verrig.

37. Geen vergoeding kan ten opsigte van 'n handeling wat spesiaal tot 'n beroep tuishoort, verhaal word nie indien dit verrig word deur iemand wat nie 'n praktisyn in die betrokke beroep of 'n student wat kragtens hierdie Wet gemagtig is om so 'n handeling vir wins te verrig, is nie.

HOOFSTUK 5

Algemeen en Aanvullende Bepalings

Regulasies.

38. (1) Die Minister kan op aanbeveling van die raad regulasies uitvaardig betreffende—

(a) die duur van die ampstermyne van die ampsdraers van die raad;

(b) die verrigting van die sake, en die kworum en prosedure, by vergaderings van die raad en die uitvoerende komitee en ander komitees van die raad, en die wyse waarop notule van sodanige vergaderings gehou moet word;

(c) die toelae wat aan lede van die raad en die uitvoerende komitee en ander komitees van die raad betaal kan word wanneer hulle met sake van die raad besig is: Met dien verstande dat—

(i) die toelae wat betaal mag word aan so 'n lid wat in die heeltydse diens van die Staat is, nie die toelae mag oorskry waarop hy ingevolge die wette op die staatsdiens geregtig sou wees nie;

(ii) 'n lid in paragraaf (i) van hierdie voorbehoud vermeld nie verplig is om enige sodanige toelae in die Staatsinkomstefonds te stort nie;

(d) enige gelde wat kragtens 'n bepaling van hierdie Wet voorgeskryf kan word;

(e) die wyse waarop die rekeninge van die raad gehou moet word;

(f) die standaarde waaraan die opleiding van 'n persoon wat ingevolge artikel 15 (1) om registrasie as praktisyn aansoek doen, moet voldoen;

(g) die uitreiking deur die registrateur van registrasiesertifikate en duplikate van registrasiesertifikate aan praktisyns en studente, die vorm daarvan en die gelde betaalbaar ten opsigte van sodanige uitreiking;

(h) wysiging van die registers;

(i) die handelinge wat spesiaal tot 'n beroep tuishoort;

(j) die voorwaardes waarop praktisyns die beroepe ten opsigte waarvan hulle geregistreer is, mag beoefen;

(k) die tarief van gelde wat gehef kan word ten opsigte van professionele dienste deur 'n praktisyn gelewer;

(l) behoudens die bepalings van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965), en na oorlegpleging met die Medisynebeheerraad ingestel deur daardie Wet, die middels wat 'n praktisyn by die beoefening van enige beroep ten opsigte waarvan hy geregistreer is vir 'n pasiënt

scribe, prepare for or supply to a patient of his, or may have in his possession or under his control for the purposes of the practice by him of any such profession;

(m) the exemption from the provisions of any regulation made under paragraph *(l)* of a practitioner who was at the commencement of the Homeopaths, Naturopaths, Osteopaths and Herbalists Amendment Act, 1980 (Act No. 40 of 1980), in the practice of his profession lawfully making use of any remedy not mentioned in any such regulation, with regard to that remedy;

(n) the tariff of fees which may be charged by a practitioner in respect of remedies supplied by him in the practice of his profession;

(o) the acts specially pertaining to a profession which may be performed for gain or otherwise by students registered in respect of any such profession concerned, and the conditions subject to which they may perform those acts;

(p) the employment, including the conditions for such employment, of students by practitioners;

(q) the institution of an inquiry in terms of Chapter 3, including—

(i) the manner in which a complaint, charge or allegation against a practitioner or student shall be lodged;

(ii) the form of a summons or subpoena for the attendance of the registered person whose conduct is being investigated;

(iii) the manner of conducting an inquiry, the procedures to be followed at any such inquiry and any other matter connected with the institution or conducting of any such inquiry.

(r) the determination and payment of annual fees by a practitioner or student to the board, and exemption from such payment or reduction of such fees: Provided that where annual fees are payable by virtue of this paragraph, a receipt shall not be issued in respect of such fees payable for a current year unless all arrear fees, if any, are paid together with such fees for any such year;

(s) any matter which in terms of any provision of this Act is required to be or may be prescribed by regulation; and

(t) generally, all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved.

(2) The Minister may, after consultation with the executive committee of the board, if he deems it in the public interest, without the recommendation of the board, make regulations relating to any of the matters referred to in subsection (1) or amend or repeal any regulation made under that subsection.

(3) Any regulation made under this section may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, not exceeding a fine of R100.

(4) Different regulations may be made under this section in respect of different categories of practitioners and students.

Unregistered persons not eligible for or entitled to hold certain appointments.

39. No person, except a practitioner in the profession concerned, shall be eligible for or entitled to hold any office which involves the performance by him of any act specially pertaining to a profession, which he may not perform for gain: Provided that nothing in this subsection contained shall be construed as prohibiting the education and training of any student to the prescribed conditions of any student by a practitioner.

van hom kan voorskryf, voorberei of verskaf of vir die doeleindes van die beoefening deur hom van so 'n beroep in sy besit of onder sy beheer kan hê;

(m) die vrystelling van die bepalings van 'n regulasie kragtens paragraaf (1) uitgevaardig van 'n praktisyn wat by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Homeopate, Naturopate, Osteopate en Kruiekundiges, 1980 (Wet No. 40 van 1980), by die beoefening van sy beroep wettiglik gebruik gemaak het van 'n middel wat nie in so 'n regulasie vermeld word nie, met betrekking tot daardie middel;

(n) die tarief van gelde wat deur 'n praktisyn gehef kan word ten opsigte van middels deur hom verskaf by die beoefening van sy beroep;

(o) die handelinge wat spesiaal tot 'n beroep tuishoort wat vir wins of andersins verrig mag word deur studente wat ten opsigte van so 'n beroep geregistreer is, en die voorwaardes onderworpe waaraan hulle daardie handelinge mag verrig;

(p) die indiensneming, ingeslote die voorwaardes vir sodanige indiensneming, van studente deur praktisyns;

(q) die instelling van 'n ondersoek ingevolge Hoofstuk 3, met inbegrip van—

(i) die wyse waarop 'n klagte, beskuldiging of bewering teen 'n praktisyn of student ingedien moet word;

(ii) die vorm van 'n dagvaarding of getuiedagvaarding vir die verskyning van die praktisyn of student wie se gedrag ondersoek word;

(iii) die wyse waarop 'n ondersoek gevoer moet word, die prosedure wat by so 'n ondersoek gevolg moet word en enige ander aangeleentheid wat met die instelling of voer van so 'n ondersoek in verband staan;

(r) die bepaling en betaling van jaarlikse gelde deur 'n praktisyn of student aan die raad, en vrystelling van sodanige betaling of vermindering van sodanige gelde: Met dien verstande dat waar jaarlikse gelde uit hoofde van hierdie paragraaf betaalbaar is, 'n kwitansie nie uitgereik word ten opsigte van sodanige gelde wat vir 'n lopende jaar betaalbaar is nie, tensy alle agterstallige gelde, as daar is, saam met sodanige gelde vir so 'n jaar betaal word;

(s) enige aangeleentheid wat ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word; en

(t) oor die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik.

